

**BALANS EN PERSPEKTIEF:
KERNMOTIEWE VAN
KORPORATIEWE AANBIDDING?**

NEILLE VAN ASWEGEN

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

BALANS EN PERSPEKTIEF: KERNMOMENTE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING 1

1.1. INLEIDEND	1
1.2. PROBLEEMSTELLING	5
1.3. HIPOTEESES	14
1.4. DOELWITSTELLING	15
1.4.1. Samevatting van die navorsingsprobleem en doelwit	16
1.5. NAVORSINGSMETODOLOGIE	17
1.6. SKEDULERING VAN DIE STUDIE	20

HOOFSTUK 2

ANTROPOLOGIESE VERKENNING 22

2.1. INLEIDEND	22
2.2. DIE MENS AS VERBONDSWESE	27
2.3. DIE MENS AS BEELD VAN GOD	30
2.4. DIE INHOUD VAN DIE BEELD	30
2.4.1. Wie is die beeld?	30
2.4.2. Wat is die beeld?	31
2.5. DIE MENS IS STEEDS VERBONDSMENS	34
2.5.1. Liefde	38
2.5.2. Vryheid	38
2.5.3. Dankbaarheid	39
2.5.4. Vreugde	39
2.5.6. Hoop	40
2.6. SAMEVATTEND	40

HOOFSTUK 3

VERSKILLENDE DENKRIGTINGS	45
3.1. INLEIDEND	45
3.1.1. Die verwerpers	46
3.1.2. Die neutrals	46
3.1.3. Die ondervraers	47
3.1.4. Die vasbyters	47
3.1.5. Die eksperimenteerders	48
3.1.6. Die toegewydes	48
3.2. VERNUWING? NODIG OF NIE?	48
3.3. DENKRIGTINGS	49
3.3.1. Subjektiwisme	50
3.3.1.1. Metafisiese subjektiwisme	51
3.3.1.2. Subjektiwisme en Pan-psigisme	51
3.3.1.3. Etiese subjektiwisme	51
3.3.1.4. Radikale subjektiwisme	52
3.3.2. Emotiwisme	52
3.3.3. Positiwisme	53
3.3.4. Relatiwisme	53
3.3.5. Dekonstruksie	54
3.3.6. Transendentale Perspektiwisme	54
3.3.7. Fundamentalisme	56
3.3.8. Piëtisme	56
3.3.9. Modernisme	57
3.3.10. Postmodernisme	58
3.3.11. Rasionalisme	59
3.3.12. Pluralisme	60
3.3.13. Feminisme	60
3.3.14. Semiotiek	60
3.4. SAMEVATTEND	61

HOOFSTUK 4

BEOORDELING VAN DIE UITWERKING VAN POSTMODERNISME OP KORPORATIEWE AAN- BIDDING

68

4.1. PREMODERNISME	68
4.2. MODERNISME	69
4.3. POSTMODERNISME	70
4.3.1. Kenmerke van 'n postmodernistiese lewenshouding	72
4.3.2. Submoderniteit	73
4.3.3. Gelyktydigheid van modernisme en postmodernisme	74
4.3.4. Globalisering	74
4.3.5. Morele krisis?	75
4.4. POSTMODERNISME EN DIE GEMEENSKAP	75
4.5. POSTMODERNISME EN POSTDENOMINASIONEEL	76
4.6. POSTMODERNISME EN DIE KERK	76
4.7. GEVOEL-GEBASEERDE EVANGELIE	77
4.8. INKLUSIVISME	77
4.9. MISTIEKE EN PRAGMATIESE GELOOF	78
4.10. AANBIDDINGSGELEENTHEDE	78
4.11. INVLOED OP DIE PREDIKING	78
4.12. HOMILETIESE KLIMAAT	79
4.13. POSTMODERNISME AS TIPERING VAN 'N HOMILETIESE KLIMAAT	80
4.13.1. Motief van 'n terreur-vrye ruimte	80
4.13.2. Motief van openheid	81
4.13.3. Motief van die oop spasies op die bladsy van die teks	81
4.13.4. Motief van die verbeelding	82
4.14. DIE UITDAGING VIR DIE PREDIKING	83
4.15. "EMERGING CHURCH MOVEMENT"	83
4.15.1. Missionêre leefwyse	84
4.15.2. Ekklesiologie	84
4.15.3. Postmoderne aanslag	85
4.16. KORPORATIEWE AANBIDDING IN 'N POSTMODERNE KONTEKS?	88
4.17. WAARNEEMBARE TENDENSE IN DIE KERK	89
4.17.1. Tradisionalistiese sirkel	91
4.17.2. Charismatiese beweging	91
4.17.3. Rasionalistiese kring	92
4.17.4. Mistiese beweging	94
4.17.5. Sinkretistiese beweging	95
4.18. PARADIGMASKUIWE?	96
4.19. SAMEVATTEND	97

HOOFSTUK 5

EMOSIE EN DIE BYBEL	101
5.1. ALGEMENE OPMERKINGS	101
5.2. EMOSIE	103
5.2.1. Positiewe emosies	104
5.2.2. Negatiewe emosies	104
5.2.3. Die betekenis van emosie	105
5.3. DIE DRIE-EENHEID --- BRON EN OORSPRONG VAN MENSLIKE EMOSIE	106
5.4. DIE EMOSIONELE LEWE VAN DIE GEES VAN GOD	108
5.5. DIE HEILIGE GEES EN DIE EMOSIE VAN DIE MENS	110
5.6. GEVOLGTREKKINGS	111
5.7. VERDUIDELIKING	111
5.8. EMOSIE EN DIE BYBEL	112
5.8.1. Goddelike emosie	113
5.8.2. Menslike emosie	114
5.9. RASIONELE DENKE	114
5.10. HEELBREINDENKE	115
5.11. EMOSIE IN DIE OU TESTAMENT	116
5.11.1. Berou	116
5.11.2. Wat behels berou?	117
5.11.3. Psigologiese elemente	119
5.11.3.1. 'n Intellektuele element	119
5.11.3.2. 'n Emosionele element	119
5.11.3.3. 'n Konatiewe element	119
5.12. WAT BEHEL DIE EMOSIE VAN VREUGDE IN DIE OU TESTAMENT?	120
5.13. EMOSIE VAN VREDE IN DIE OU TESTAMENT	121
5.13.1. God gee sjalom	122
5.13.2. Die profete verkondig sjalom	122
5.13.3. Sjalom is geen innerlike vrede nie	123
5.14. EMOSIE IN DIE NUWE TESTAMENT	123
5.14.1. Berou in die Nuwe Testament	124
5.14.2. Psigologiese elemente by berou in die Nuwe Testament	125
5.15. VREUGDE IN DIE NUWE TESTAMENT	127
5.16. VREDE IN DIE NUWE TESTAMENT	129
5.16.1. Vrede met God	130
5.16.2. Vrede tussen mense onderling	130
5.16.3. Vrede in die binneste	130
5.17. GEVOLGTREKKING	131

HOOFSTUK 6

DIE ROL VAN SPIRITUALITEIT BY KORPORATIEWE AANBIDDING

	133
6.1. WAT IS SPIRITUALITEIT?	133
6.2. DIE DEDUKTIEWE BENADERING	146
6.3. DIE INDUKTIEWE BENADERING	147
6.4. KONFORMITEIT MET CHRISTUS	149
6.4.1. Transformasie	149
6.4.2. Transformasie ten opsigte van die skepping van die mens	150
6.4.3. Transformasie ten opsigte van herskepping	150
6.4.4. Transformasie na konformasie	151
6.4.5. Transformasie in liefde	151
6.4.6. Transformasie in verband met vreugde en verwagting ten opsigte van die hiernamaals	152
6.4.7. Transformasie in Christus	152
6.5. KONFORMASIE	152
6.6. DE-FORMASIE	153
6.6.1. De-formasie van die intellek	153
6.6.2. De-formasie van die wil	154
6.6.3. De-formasie van die geheue	154
6.7. GEVOLGTREKKING	154
6.8. SPIRITUALITEIT AS ALGEMEEN MENSLIKE VERSKYNSEL	155
6.9. SPIRITUALITEIT EN INNERLIKHEID	155
6.10. SPIRITUALITEIT EN DISSIPLINE	156
6.10.1. Askese	157
6.10.2. Meditasie	157
6.10.3. Ministerium	158
6.11. SPIRITUALITEIT IN DIE MODERNE WÊRELD	158
6.11.1. Ontwikkeling van nuwe vorme	159
6.11.2. Nuwe selfbesinning	159
6.11.3. Nuwe self-herkenning by die mens	160
6.11.4. Selfwaardering by die mens	161
6.11.5. Gevolge vir kerklike spiritualiteit	162

6.12. SPIRITUALITEIT IN 'N GESEKULARISEERDE SAMELEWING	163
6.12.1. Toewending tot die wêreld	163
6.12.2. Mondigheid van die mens	164
6.12.3. 'n Nuwe dimensie	164
6.12.4. Problematiek van kontinuïteit	165
6.12.5. Disciplina moderna	165
6.12.5.1. Praktiese aanwysers vir 'n disciplina moderna	166
6.12.5.1.1. Beoefening van stilte	166
6.12.5.1.2. Ontdekking van vryheid	166
6.12.5.1.3. Dankbaarheid	166
6.12.5.1.4. Beoefening van werklikheidskennis	166
6.12.5.1.5. Gebedsbeoefening	166
6.13. GODSDIENSOEFENING	167
6.14. SPIRITUALITEIT EN GODSKENNIS (MISTIEK)	167
6.15. SPIRITUALITEIT EN DIE KEN VAN CHRISTUS	169
6.15.1. Om 'n geliefde te wees	170
6.15.2. Om 'n geliefde te word	170
6.15.2.1. Om geneem te wees	170
6.15.2.2. Om geseënd te wees	170
6.15.2.3. Persoonlike gebrokenheid	170
6.15.2.4. Om te ontvang	171
6.15.3. Om te leef as 'n geliefde	171
6.16. LITURGIESE SPIRITUALITEIT	171
6.16.1. Tempel liturgie	171
6.17. INTERDISSIPLINÊRE GESIGSPUNTE	172
6.18. SPIRITUALITEIT AS ONDER-AFDELING VAN DIE MORELE TEOLOGIE	172
6.19. SPIRITUALITEIT: 'N ASPEK VAN DIE DOGMATIEK	173
6.20. TEOLOGIE AS 'N VORM VAN SPIRITUALITEIT	173
6.21. SPIRITUALITEIT AS 'N FUNKSIE VAN DIE TEOLOGIE	173
6.22. SPIRITUALITEIT AS 'N ONAFHANKLIKE DISSIPLINE	173
6.23. FILOSOFIESE REFLEKSIE	174
6.24. OMSKRYWING VAN SPIRITUALITEIT DEUR LITERÊRE WETENSKAPPE	174
6.25. PSIGOLOGIESE GESIGSPUNTE VAN SPIRITUALITEIT	174

6.26. SOSIOLOGIESE GESIGSPUNT	175
6.27. GODDELIK-MENSLIKE VERHOUDINGE	175
6.28. TEÏSME	175
6.29. PERSOONLIK	175
6.30. TEOLOGIES OF NIE?	175
6.31. TEENWOORDIGHEID	176
6.32. DIE MENS AS BESTAANSWERKLIKHEID	176
6.33. SIELBEWEGINGS	177
6.34. DIE MOMENT VAN DIE GOD-MENS VERHOUDING	178
6.35. TRANSFORMASIEPROSESSE	178
6.36. SAMEVATTENDE OPMERKINGS	180
6.36.1. Dit gaan oor God	180
6.36.2. God se Woord en sy beloftes	181
6.36.3. Lewe uit die genade	181
6.36.4. Lewe deur geloof	183
6.36.5. 'n Lewe van heiligmaking	183
6.36.6. Liefde vir die wet	183
6.36.7. Konseptuele raamwerk: Corrine Ware	184

HOOFSTUK 7

WAT IS AANBIDDING? 196

7.1. SLEUTELWOORDE TEN OPSIGTE VAN CHRISTELIKE AAN- BIDDING	198
7.2. ONDERSKEID TUSSEN VORME VAN AANBIDDING	198
7.3. INKLUSIEWE AANBIDDING	199
7.4. EKSKLUSIEWE AANBIDDING	199
7.5. VIERING	199
7.6. RITUEEL	200
7.7. KONSTANTES EN DIVERSITEITE	200
7.7.1. Konstantes	200
7.7.2. Die taal van die tyd	201
7.7.3. Die taal van die ruimte	202
7.7.4. Die gesproke word	202
7.7.5. Tekens en Simbole	203
7.7.6. Eucharistie	203
7.7.7. Aansluiting van die alledaagse lewe by aanbidding	204
7.8. DIE IMPLIKASIE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING	207
7.9. SPONTANE OF PROFETIESE AANBIDDING	209
7.10. ALTERNATIEWE AANBIDDING	209

7.11. REGULATIEWE BEGINSEL VAN AANBIDDING	209
7.12. DIE VERHOUDING TUSSEN TEOLOGIE EN AANBIDDING	210
7.13. LEIDING TEN OPSIGTE VAN AANBIDDING	210
7.14. KORPORATIEWE AANBIDDING IN DIE OU TESTAMENT	211
7.14.1. Die begin van die offerande	212
7.14.2. Aanbidding na afloop van die sondvloed	212
7.14.3. Aanbidding voor die eksodus	212
7.14.4. Aanbidding in die Mosaise tyd	213
7.14.5. Aanbidding en attribute van God	214
7.14.6. Die tabernakel en die offersistees	214
7.14.7. Aanbidding in die tempel	216
7.14.8. Die Sinagoge	217
7.14.9. Feesgeleenthede	218
7.15. SAMEVATTEND	218
7.16. AANBIDDING IN DIE NUWE TESTAMENT	218
7.16.1. Die grondslag van Nuwe Testamentiese aanbidding	219
7.16.2. Jesus se houding ten opsigte van aanbidding	219
7.16.3. Die Christusgebeure	220
7.17. BESKRYWINGS VAN AANBIDDING	220
7.17.1. Aramese Christelike aanbidding	220
7.17.2. Hellenistiese Christelike aanbidding	220
7.17.3. Aanbidding onder Christene uit 'n heidense agtergrond	220
7.17.4. Die sub-apostoliese tydperk	221
7.17.5. Die plek van die sakramente	222
7.18. VROEË CHRISTELIKE AANBIDDING	222
7.18.1. Die skrywe van Plinius	223
7.18.2. Die Didaché	223
7.18.3. Justinus die Martelaar	223
7.19. SAMEVATTEND	223
7.20. DIE WESE VAN WARE AANBIDDING	224
7.21. AANBIDDING DEUR DIE GEES	224
7.22. AANBIDDING IS 'N GEESTELIKE AKTIWITEIT	227
7.23. AANBIDDING DEUR DIE WAARHEID	228
7.24. DIE BETEKENIS VAN CHRISTO-SENTRIESE AANBIDDING	230
7.25. AANBIDDING SOM DIE CHRISTUSGEBEURE OP	230
7.26. AANBIDDING AKTUALISEER DIE KERK	230
7.27. ANTISIPASIE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD	231
7.28. AANBIDDING IN VERHOUDING MET DIE OPENBARING	231
7.29. AANBIDDING MOET OP 'N GELOOFWAARDIGE WYSE GESKIED	232
7.30. DIE KWESSIE VAN ORDE	234

7.31. AANBIDDING AS DIALOOG	234
7.32. AANBIDDING AS 'N OFFER	235
7.33. KREATIEWE AANBIDDING	238
7.34. AANBIDDING AS PASTORALE VERSORGING	239
7.35. AANBIDDING EN DIE WÊRELD	243
7.35.1. Aanbidning identifiseer met die wêreld	244
7.35.2. Aanbidning staan teenoor die wêreld	245
7.35.3. Aanbidning transformeer die wêreld	246
7.36. KONKLUSIE	246
7.37. SAMEVATTEND	247

HOOFSTUK 8

EMOSIE / DENKE IN EN BY DIE VERSKILLENDE LITURGIESE MOMENTE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING

8.1. VERNUWINGSPOGINGS	251
8.1.1. Vorms waarin vernuwing gestalte kry	252
8.1.1.1. Washou aan bestaande vorms asof niks gebeur het nie	252
8.1.1.2. Teruggryping na die ou klassieke vorms	252
8.1.1.3. Hersiening van bestaande vorms	252
8.1.1.4. Eredienste in die klein groep	252
8.1.1.5. Ekumeniese dienste	253
8.1.1.6. Kreatiewe dienste	253
8.1.1.7. Betrokkenheid, bevryding, ekstase	254
8.1.1.8. In plaas van verkondiging, diskussie en dialoog	254
8.1.1.9. Veranderde sang en musiek	254
8.1.1.10. Sosiale betrokkenheid	256
8.1.1.11. Korrelasie in plaas van teksprediking	256
8.1.1.12. Verset teen die bestaande	256
8.1.1.13. Die ervaring-, emosioneel georiënteerde dienste	257
8.2. TEOLOGIESE BEGINSELS VIR VERNUWING	257
8.2.1. Die Pragmatiese beginsel	257
8.2.2. Die Tradisionalistiese beginsel	258
8.2.3. Die Empiriese beginsel	258
8.2.4. Die Teologiese beginsel	259
8.3. GEVARE WAARTEEN GEWAAK MOET WORD	259
8.4. VERNUWING: TERUGKEER NA DIE WESE VAN DIE EREDIENS	259
8.4.1. Die erediens as 'n saamkom van die gemeente	260
8.4.2. Eksistensiële ontmoeting	260

8.4.3. Erediens as 'n gesprek	260
8.4.4. Erediens as heilsbemiddelende gebeurtenis	260
8.4.5. Erediens as 'n beleving van gemeenskap met Christus	260
8.4.6. Erediens as herstel van onderlinge gemeenskap	261
8.4.7. Erediens as toerustingsgeleentheid	261
8.4.8. Erediens as versameling en wegsending	261
8.5. DIE EREDIENS: 'N MOONTLIKE OMSKRYWING DAARVAN	262
8.6. LIGGAAMLIKHEID IN DIE EREDIENS	267
8.7. SANG IN DIE EREDIENS	268
8.8. RITUEEL EN SIMBOOL IN DIE EREDIENS	268
8.8.1. Simbooltaal en handeling	270
8.8.2. Moontlike kenmerke van rituele	271
8.8.3. Die waarde van simbole en rituele binne die erediens	271
8.8.4. Voorwaardes vir die sinvolle gebruik van simbool en ritueel binne die erediens	272
8.9. KONKLUSIE	273
8.10. LITURGIESE PASTORAAT	274
8.11. LITURGIESE ESTETIKA EN ETIEK	275
8.12. DIE EREDIENS AS 'N PAD WAAROP MET GOD SAAMGELOOP WORD	277
8.13. AANKONDIGINGE	277
8.14. INTROÏTUS OF TOETREDINGSLIED	278
8.15. VOTUM	280
8.16. SEËNGROET	283
8.17. LOFSANG	287
8.18. SKULDBELYDENIS EN VERROOTMOEDIGING	292
8.19. GENADEVERKONDIGING	294
8.20. DEKALOOG	296
8.21. GELOOFSBELYDENIS	305
8.21.1. Die aard van 'n belydenis	307
8.21.2. Funksies van die belydenis	308
8.21.1.1. Polemies	308
8.21.1.2. Opbouend	308
8.21.1.3. Weerspieëlend	308
8.21.1.4. Luisterend	309
8.21.1.5. Ekumenies	309
8.21.1.6. Eietydse geloofsbelydenisse	309
8.21.1.7. Aanwending van die belydenis tydens die erediens	309
8.22. GEBED IN DIE EREDIENS	311
8.22.1. Gebed is antwoord op God se selfopenbaring	312
8.22.2. Eenheid tussen gebed en Woordbediening	312
8.22.3. Gebed geskied volgens die wil van God	312
8.22.4. Gebed verander die biddende gemeente	313
8.22.5. Gebed in die erediens is uitdrukking van geloofsgemeenskap	313
8.22.6. Gebed is viering van die heil in Christus	314
8.22.7. Gebed is voorbereiding	314

8.22.8. Epiklese	315
8.22.9. Aanbidding as deel van gebed	316
8.22.10. Stilgebed	316
8.22.11. Gebedshouding	317
8.23. OFFERGAWES	318
8.24. PREDIKING	318
8.24.1. Doel van Prediking	319
8.24.2. Prediking bring ontmoeting	319
8.24.3. Subjek van Prediking	320
8.24.4. Prediking is kommunikasie	320
8.24.5. Prediking bou op metaforiese taal	320
8.24.6. Prediking is middel tot genade	321
8.24.7. Deduktief of induktief	321
8.24.8. Sosiaal konstruktief	321
8.24.9. Prediking is om te laat “sien”	322
8.24.10. Taak van die prediking	322
8.24.11. Prediking en Spiritualiteit	323
8.24.12. Primêre doelstelling	323
8.25. SEËN	324
8.26. SANG TYDENS DIE EREDIENS	325
8.26.1. Aard en funksie van liturgiese sang	325
8.26.2. Liturgiese sang is verkondiging	325
8.26.3. Liturgiese sang is geloofsantwoord	326
8.26.4. Liturgiese sang het ‘n pastorale funksie	326
8.26.5. Die missionêre funksie van sang in die erediens	326
8.26.6. Sang en die enkeling	326
8.26.7. Hoeveel keer sing tydens die erediens?	327
8.26.8. Voorafsang	327
8.27. BEELD EN SIMBOLIEK	328
8.28. LIGGAAMLIKHEID IN DIE EREDIENS	331
8.29. SAMEVATTEND	335

HOOFSTUK 9

IS BALANS EN PERSPEKTIEF HAALBAAR BY EN TYDENS KORPORATIEWE AANBIDDING? 338

9.1. ERVARING IN DIE EREDIENS	340
9.2. STILTE TYDENS DIE EREDIENS	343
9.3. TRANSENDERING VAN DIE ALLEDAAGSE	344
9.4. DIE ONGELYKTYDIGHEID VAN DIE EREDIENS	345
9.5. DIE TEOLOGIE VAN DIE EREDIENS	346

9.6. 'N GEKONTEKSTUALISEERDE KONTEMPORÊRE LITURGIE	346
9.7. GEES EN ATMOSFEER IN DIE EREDIENS	347
9.8. MENSVRIENDELIKER EREDIENSTE	349
9.9. RITUELE EN SEREMONIES	349
9.9.1. Kommunikatiewe en performatiewe funksies van rituele	350
9.10. SIMBOLIEK	352
9.11. ESTETIKA AS DEEL VAN KORPORATIEWE AANBIDDING	354
9.11.1. Observasie	354
9.11.2. Interpretasie	355
9.11.3. Antisipasie	355
9.11.4. Transformasie	356
9.12. LITURGIESE ESTETIKA	356
9.13. VERANTWOORDELIKHEID EN OMSIGTIGHEID	358
9.14. PRAKTIESE OORWEGINGS	358
9.15. WAAROM GAAN ONS KERK TOE?	359
9.16. BELEWING VAN DIE LITURGIESE GEBEURE EN VERSIERING	360
9.17. LEWENDE EREDIENSTE	361
9.17.1. Ervaar God se teenwoordigheid	361
9.17.2. Gasvryheid	361
9.18. DIE KRAG VAN DIE EVANGELIE	362
9.19. KINDERTYD	362
9.20. RUIMTE EN OMGEWING	363
9.21. MISSIONÊRE ROEPING	363
9.22. VASTE DIENSORDE	363
9.23. LOF EN VIERING	363
9.24. ENERGIEPUNT VAN DIE LITURGIE	364
9.25. VERRUIMING VAN DIE EREDIENS	364
9.26. DIE BASIS VAN LITURGIESE VERKEER	365
9.26.1. Trinitariese karakter van die basis	365
9.27. DIE AFGRENSING VAN DIE LITURGIESE VERGADERING	366
9.28. DIE EIESOORTIGHEID VAN DIE VERBONDSVERKEER	367
9.29. VERBONDSWHEELDE	367
9.29.1. Onaanvaarbare variasies	367
9.29.2. Aanvaarbare variasies	368
9.30. BEOORDELING	368
9.31. BALANS EN PERSPEKTIEF	372
9.32. DIE EREDIENS IS DAAR VIR DIE EER VAN GOD	373
OPSOMMING	375
SUMMARY	379
LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE EN WEBADRESSE	383

HOOFSTUK 1

BALANS EN PERSPEKTIEF: KERNMOMENTE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING?

“Phrases like Worship Service or Service of Worship are tautologies. To worship God means to serve him. Basically there are two ways to do it. One way is to do things for him that he needs to have done --- run errands for him, carry messages for him, fight on his side, feed his lambs, and so on.

The other way is to do things for him that you need to do --- sing songs for him, create beautiful things for him, give things up for him, tell him what’s on your mind and in your heart, in general rejoice in him and make a fool of yourself for him the way lovers have always made fools of themselves for the one they love.”

(Frederick Buechner)

1.1. INLEIDEND

In hierdie eerste hoofstuk word ‘n probleem aangaande die belewenis van God in en tydens die erediens aangetoon en omlyn. Die navorsing blyk aktueel te wees in die lig van statistiek dat die Christelike godsdiens al hoe minder begin figureer in die lewe van die moderne mens. Biggs en Coffey (2001: 21) toon byvoorbeeld aan dat kerkbywoning in Engeland tussen die jare 1979 en 1998 as volg afgeneem het:

- 11.7 %
- 9.9 %
- 7.5 %

Meer resente statistiek toon aan dat hierdie persentasies tans nog veel laer is en in die omgewing van 3% kan draai. In Suid-Afrika toon Sinodale verslae weliswaar dat die persentasie-bywoning van lidmate by oggenderedienste nog heelwat hoër is as bogenoemde statistiek en dit word aangedui as ongeveer 35% (Kerkspieël 2001). Dieselfde tendens is egter duidelik waarneembaar, naamlik dat belangstelling in korporatiewe aanbidding by die sogenaamde hoofstroomkerke beslis besig is om te taan. Ongekontroleerde inligting wil daarop dui dat daar groter belangstelling sou wees in die styl van aanbidding soos aangetref by charismaties geörienteerde groepe. Volgens Botha

wat die redaksionele versorging gedoen het van die boek “Ja vir Jesus, Nee vir die Kerk”, is daar egter ‘n groterwordende groep wat nie meer deel wil wees van korporatiewe aanbidding nie en ander weë begin volg, weg van die kerk (2001: 8 – 9).

Dit blyk almeer dat lidmate iets totaal anders verwag van die kerk in die 21ste eeu. Dit lê nie binne die veld van hierdie navorsing om vas te stel wat die kerkbegrip van die moderne mens is nie. Navorsing deur George Barnia in Amerika dui op ‘n paar interessante en waarskynlik baie belangrike waarnemings (Botha e.a 2001:147).

1.1.1. Die grootste klag is dat mense die kerk as irrelevant beleef vir hulle daaglikse lewe. Baie mense wat daaglik bid en ervaar dat God betrokke is in hulle lewe, beleef dat die boodskappe in die kerk nie ingestel is op die sleurgang van hulle lewe nie. Prediking word beleef as irrelevante sedelesse en te preskriptief. In besigheidstaal sou gesê kon word dat die erediens geen waarde toevoeg tot die daaglikse lewe nie. Derhalwe begin mense almeer NEE sê vir die kerk alhoewel hulle tog wel nog tot ‘n mate JA wil sê vir Christus.

1.1.2. Terwyl daar nog in sekere kringe gedebatteer word oor wat die postmodernisme is en beteken, word die lewe reeds oorspoel deur ‘n beskouing van relativisme. Die kerk, met sy aanspraak op absolute waarheid, het veral kwesbaar begin raak vir hierdie nuwe en veranderde lewensbeskouing.

1.1.3. In Suider Afrika wil dit voorkom of die loop van die geskiedenis ook ‘n rol speel in die afkeer wat mense begin koester ten opsigte van die histories-gevestigde kerke. In Namibië het die onafhanklikheidswording ‘n groot uitvloei uit die kerk tot gevolg gehad. In Suid-Afrika was die uitvloei dusver minder onmiddellik, maar dit is onmiskenbaar merkbaar. Daar is ontevredenheid en ontugtering met die geestelike leiding wat mense in die verlede van die kerk ontvang het (2001:148).

1.1.4. Onder die jonger garde is daar meermale ook ‘n frustrasie met die kommunikasie-styl van die kerk. Eenrigting monoloë vind tans nêrens meer plaas nie behalwe in die

kerk.

1.5. Die erediens, en met name die prediking, figureer telkens in die besware wat geopper word. Eredienste word as koud en formeel bestempel en die prediking as sou dit geensins die mens begelei om vanuit die Woord van God vir Christus in die daaglikse realiteite van die lewe raak te sien nie (2001:149).

Daar is DRIE STERK BASIESE BEHOEFTEs by die mens wat deur godsdienstige aktiwiteite geraak word, naamlik ‘n soeke na gemeenskap, na sin en betekenis en dan ook na bemagtiging.

As ‘n mens dan sou vra waar hierdie basiese behoeftes ten beste aangespreek sou kon word, dan is dit ongetwyfeld in en tydens die erediens, daar waar korporatiewe aanbidding plaasvind.

Piet Naudé (2004:22) kom tot die gevolgtrekking dat die historiese kerke, met hulle sterk Europese oriëntasie, gedurende die laaste dekade die eerste werklike impak van die modernisme begin beleef het. Met modernisme verwys hy dan spesifiek na die geestesstroming wat in Europa ontstaan het uit die rasionalistiese filosofie van Descartes, Kant en andere. Naudé wil dié geestesstroming in DRIE FASES verdeel, naamlik: rasionalisme, historisme en individualisme.

Rasionalisme verhef die rede tot die hoogste outoriteit en maatstaf vir die waarheid. Die gesag van die kerk of kerklike vergaderinge of selfs die Bybel word dus nie meer *per se* aanvaar nie.

Historisme verklaar ‘n matelose vertrouwe in histories-kritiese metodes om met die verlede om te gaan. Die verlede, as saamgebundelde tradisie en die noodsaak om hierdie tradisie voort te sit, word nou net minder belangrik. Naudé (2004:22) wys voorts daarop dat dit onder andere só is omdat “tradisie” as ‘n menslik-historiese konstruksie met ideologiese ondertone beskou word. Daar kan dus nou nie meer van lojaliteit teenoor die tradisie

sprake wees nie.

Individualisme beskou die vryheid van die individu --- veral die vryheid van keuse en assosiasie --- as 'n fundamentele reg wat verskans moet word. Die gevolg hiervan is 'n verlies aan gemeenskap of die soeke na alternatiewe gemeenskappe wat dan nie noodwendig die kerk of die erediens hoef te beteken nie. Die rasionele, denkende mens staan nou in die middelpunt en vanuit hierdie posisie vind beoordeling van die lewe plaas. Dit het 'n aantal konsekwensies:

- EK DINK VIR MYSELF: Die kerk het dus geen outoriteit om aan my voor te skryf nie.
- Ek is nie lojaal teenoor die verlede nie. Hoekom moet ek aan die gereformeerde tradisie vashou net omdat my ouers my daarin grootgemaak het?
- EK LEEF VIR MYSELF: Ek het nie tyd vir genuanseerde godsdiens nie.

Hierdie navorsing handel oor die noodsaaklikheid, al dan nie, van balans en perspektief in die wyse waarop die gelowige se aanbidding van God tot uitdrukking kom. Rayburn (1982:11) wys daarop dat die aanbidding van God die ernstige gelowige se mees belangrike aktiwiteit is, maar terseldertyd is dit ook een van die mees verwaarloosde aktiwiteite. Daarnewens kan die moderne mens (wanneer en as hy/sy vir die kerk van Christus behoue kan bly) se persoonlike, emosionele en sosiale behoeftes en omstandighede nie geïgnoreer word nie. Dit gaan immers om die heil van die mens en die feit dat God se betrokkenheid in sy/haar lewe só gekommunikeer behoort te word dat sin en betekenis ervaar word en geloof in die trou van God versterk word.

Inleidend word gepoog om oorsigtelik aan te toon watter aspekte belang sal moet word teneinde 'n bydrae te probeer lewer daartoe dat die aanbidding van God Drie-enig op korporatiewe wyse steeds integraal kan bly in die lewe van die moderne mens.

1.2. PROBLEEMSTELLING

Aanbidding val op twee vlakke uiteen. Persoonlike aanbidding, dit wil sê 'n deurleefde “binnekamer-praktyk” en dan ook op die vlak van korporatiewe aanbidding, dit wil sê dáár waar God se kinders bymekaar kom in Sy naam en in Sy teenwoordigheid. Ten opsigte van hierdie twee vlakke van aanbidding sê Rayburn dat “Worship is the activity of the new life of a believer in which, recognizing the fullness of the Godhead as it is revealed in the person of Jesus Christ and His mighty redemptive acts, he seeks by the power of the Holy Spirit to render to the living God the glory, honor, and submission which are His due” (1982:20).

In hierdie studie sal daar gekonsentreer word op korporatiewe aanbidding. Die wyse waarop korporatiewe aanbidding plaasvind en ontplooi, hou verreikende implikasies in vir die gelowige se persoonlike geloofslewe.

Die meer algemene term vir korporatiewe aanbidding is die erediens. Meer as ooit tevore staan die erediens in hierdie tydsgewrig in die gedrang. Erediensbywoning laat veel te wense oor. In tipies postmodernistiese gees word gedink en geredeneer oor die erediens. Die noodsaaklikheid daarvan word bevraagteken. Die betekenis en noodsaaklikheid van aanbidding het in die gedrang begin kom.

Die uitgangspunt van hierdie studie behels onder andere dat die erediens, die geleentheid van korporatiewe aanbidding, by uitstek ook 'n geleentheid van pastorale ontmoeting en pastorale gesprek is.

Louw (1997:151) voer aan dat die pastorale ontmoeting “inwoning” (inhabitasie) van God by mense behels. In die lig hiervan wil Louw dan ook 'n antropologie ontwikkel waarvolgens die mens in verhouding teenoor God staan en wesenlik van God afhanklik is. Die oorhoofse doelwit van so 'n antropologie sou dan wees die ontwikkeling en vestiging van geloofsvolwassenheid. Met “geloofs-volwassenheid” (mature faith) word bedoel die kwaliteit van die nuwe mens se status voor God. Die nuwe mens is 'n verlose

en, as skepsel van God, ook ‘n sedelike wese met verantwoordelikheid, aldus Louw (1997:152).

- Louw maak voorts ‘n deurslaggewende stelling, naamlik: “ ‘n Pastorale teologie sonder ‘n duidelik omlynde teologiese antropologie loop gevaar om ‘dokteries’ (lewensvreemd) te raak sonder om met die konkrete mens in sy/haar historiese konteks rekening te hou” (1997:153).
- Sisteemdenke speel ‘n beslissende rol in die verstaan van ‘n pastorale antropologie. Die mens moenie as ‘n geslote individu benader word nie, maar as ‘n ope sisteem (1997:104). Die “self” is nie net ‘n netwerk van konneksies nie, maar dit is ‘n wordende realiteit wat uit hierdie konneksies te voorskyn tree (Graham 1992:78).
- ‘n Teologiese antropologie is ‘n poging om ‘n stelsel vir die beskrywing en verklaring van die mens as persoon te ontwikkel. Dit skenk aandag aan ‘n model van die mens se funksionering, en is gebaseer op sekere aannames oor die aard van die mens en die oorkoepelende doel van sy lewe (2001:15).

‘n Teologiese antropologie verskil in belangrike opsigte van ‘n fenomenologiese antropologie. Die fenomenologie stel hoofsaaklik in die mens as verskynsel belang. Dit soek na die persoon se dinamika in terme van eienskappe, trekke, moontlikhede en gedragssuitinge. Hierteenoor stel die teologiese antropologie belang in die mens se verhouding tot God en die implikasies daarvan as ‘n antwoord op die vraag na die sin van die lewe (Van Jaarsveld 2001:15).

Die navorser maak in hierdie studie ‘n keuse vir ‘n diakoniologiese epistemologie. Dit impliseer ‘n hoofsaaklik deduktiewe uitgangspunt. Gevolglik sal ook vir ‘n dogmatiese vertrekpunt by die antropologiese verkenning gekies word.

Aanbidding het te make met die beweging in die rigting van geestelike- of geloofsvolwassenheid. Barnard gee toe dat die bestaande vorms van die erediens onbevredigend is en vernuwe moet word (1981:25). Die bestaande kan nie noodwendig verwerp word nie, maar moet grondig hersien word.

Kreatiewe dienste of te wel eredienste in 'n nuwe gestalte sal meer aandag moet begin kry (Barnard 1981:27). Dit sou dan eredienste wees waar in ruimer mate gebruik gemaak sou word van die multi-media. Beelde, voorstellings, drama, mimiek, kunsvorme, liggaamsbeweging, dans, grafika en selfs die aanwending van klank, kleur en lig sou in ag geneem moet word. Die herontdekking van die liggaam van die mens in en tydens die erediens word al hoe meer beklemtoon.

In noue samehang met dit wat hierbo genoem is, moet in die erediens ernstig daarna gestrewe word om die mens met liggaam en siel te betrek. 'n Besondere gees en atmosfeer moet geskep word waarvan die mens (erediensganger) deel kan voel en wees. Die oorkoepelende doel van die erediens (korporatiewe aanbidding) moet wees om die mens te bring na beleving en ervaring; na ekstase en begeestering.

Barnard (1981:28) lig die volgende uit: “Indeed, to us the celebration of worship is involvement --- involvement in and through every area, event, talent and feeling that life offers ... to be free to be oneself, to give, to take, to be ...that is worship. To be aware, totally aware, ‘of one’s total being’ --- that is celebration”.

Meer klem moet gelê word op die sosiale betrokkenheid van die mens. Die realisering van die waarheid word omgekeer en nou gaan dit om die aktualisering van die waarheid. Die erediens moet daartoe lei dat deel gekry kan word aan God se aksie in die wêreld. Die fokus moet geplaas word op die sosiale toepassing van die geloof.

Aansluitend hierby dan ook die sterk gedagterigting dat nie uitgegaan moet word van die Bybel of van 'n spesifieke teksgedeelte nie, maar vanuit die lewe, vanuit die konkrete situasie van die mens (1981:29) Veel meer 'n induktiewe benadering as om deduktief te

werk te gaan.

Emosie word sterk op die voorgrond gestel. Dit gaan daaroor dat die erediens beleef moet word, die godsdienstige dinge moet gevoel word. Om hierdie verskillende stemminge te bewerkstellig word dan van anderssoortige musiek en instrumente as slegs die aanvaarde kerklied en die orrel as begeleidingsinstrument gebruik gemaak. Die gevoel en ervaring word versterk deur aanraking: aanwesiges vat mekaar se hande, kyk mekaar in die oë, sê aan mekaar iets. Volgens Barnard (1981:33) moet die “verbum audibile” oorgaan in die “verbum sensibile”.

Die dekades 1940 tot 1980 word aangetoon as die tydperk toe die kultuur van modernisme sy piek beleef het (Biggs en Coffey 2001:127). Sekularisme het onbetwisbaar geraak en aanbidding in kerke was steeds toegegooi met allerlei vreemde tradisionalisme, argaïese taalgebruik, liturgiese aksie en beelde wat struikelblokke geword het in plaas van kanale van kommunikasie. Hierteenoor het sterk reaksie opgevlam by die sogenaamde “Generasie X’ers”, soos Biggs en Coffey hulle bestempel, wat dan hulle spiritualiteit soek by die gedagte van God-geïnspireerde diens aan medemens.

Dit word dan duidelik dat daar ‘n paradigmaskuif nodig is ten opsigte van die wyse waarop korporatiewe aanbidding tans plaasvind om daardeur dan die moderne mens betrokke te kry en te behou. ‘n Aspek wat ook nooit uit die oog verloor sal kan word nie is die Bybelse eis ten opsigte van die dien van die Here God. Jesus vat die Wet van die Here duidelik saam in Matteus 22 :34 – 40 en Markus 12:28 – 34 deur daarop te wys dat die mens God moet liefhê met die hele hart, siel en verstand, ja, selfs alle liggaamskragte is daarby betrokke. Diens aan God (liefde vir God) gaan dus onmiskenbaar gepaard met die totale menswees, of te wel die kognitiewe sowel as die affektiewe. Die vraag wat aandag verdien is of hierdie skema wel tot sy reg kom by korporatiewe aanbidding soos tans by die geweldige diverse liturgiese hantering van die erediens soos veral aangetref by die Ned Geref Kerk.

Aanbidding word altyd gereguleer deur die geloof. Die mens se aanbidding van God word beheers deur dit wat hy/sy inderdaad glo ten opsigte van God en daarby dan ook die belewenis en ervaring van God in die persoonlike en gemeentelike lewe. Hughes verwys daarna as “meaningful worship” (2003:11).

Evelyn Underhill voeg hieraan toe: “Worship in all its grades and kinds is the response of the creature to the Eternal” (1936:3).

‘n Ander aspek wat groot belangrikheid verleen aan korporatiewe aanbidding en wat dit ten diepste onderskei van persoonlike aanbidding, is die feit dat elke gelowige deel is van die liggaam van Christus (die gemeente van Christus). Geen mens is uitsluitlik individu nie. Elke gelowige mens vorm, willens en wetens, deel van die gemeenskap van gelowiges. Omdat hy/sy kind van God geword het, het hulle ook deel geword van die huisgesin van God. Die gelowige funksioneer eers na behore wanneer en indien hy/sy verantwoordelikhede as deel van die liggaam van Christus begin besef en nakom. Korporatiewe aanbidding kan egter nooit losgemaak word van ‘n eg persoonlike verhouding tussen God en mens nie. Die een lei na die ander.

Ten opsigte hiervan maak Rayburn (1982:30) die stelling dat God die mens só geskape het dat daar dieper vreugdes en meer intense inspirasie te vinde is saam met die aanbiddende gemeenskap van gelowiges as in die persoonlike toewyding aan God.

Dit dien egter daarop gewys te word dat aanbidding as ‘n “werkwoord” beskou moet word. Só stel Webber dit (1985:12). Om korporatiewe aanbidding tot sy reg te laat kom sal die plek van die kognitiewe, die affektiewe asook die konatiewe aspekte van menswees omskryf en uitgespel moet word. Voldoende ruimte moet geskep word vir hierdie verskillende aspekte.

Die moderne mens is dan ook iemand wat sterker op die voorgrond begin tree het as ‘n wese met gevoelens en wat uitdrukking aan hierdie gevoelens wil gee. Louw (1997:242) sê dat die menslike persoon en sy psige verstaan moet word as ‘n dinamiese geheel wat

uit die komponente gevoel, denke, wil, gewete en liggaam bestaan. Hierdie eenheid word aangedui deurdat die mens nie net 'n liggaam het nie, maar sy liggaam is. In die menslike liggaamlikheid is hy/sy 'n beliggaamde siel en 'n besielde liggaam. Ons emosies en ons denke is deel van hierdie “besieling” en “beliggaming”. Denke en emosies beïnvloed mekaar dan ook oor en weer. Hierdie studie word deur die hipotese gerig dat die kognitiewe, affektiewe sowel as die konatiewe drie verskillende aspekte is van een en dieselfde mens waaraan uiting gegee kan en behoort te word by geleentheid van korporatiewe aanbidding, mits die noodsaaklike balans en perspektief tussen die verskillende aspekte gesoek en gevind word. Die een sou dan ook nooit die ander mag oorheers nie. Die vermoede bestaan egter dat hierdie bogenoemde drie aspekte meermale van mekaar losgemaak word tydens korporatiewe aanbidding en dat die een dan ten koste van die ander oorbeklemtoon word.

Daar is almeer openlike meningsverskil ten opsigte van wat aanbidding werklik behels en ook die verskillende style van aanbidding. Sommige beweer dat eredienste leeg loop as gevolg van die styfheid, koudheid en die te streng formele karakter daarvan. Ander protesteer deur te sê dat die “praise and worship” te erg is; sommige voel eenvoudig verleë om hande in die lug op te steek en verkies 'n sogenaamd ordelike erediens en behoorlike Woordverkondiging. Waar trek 'n mens die streep? Dit lyk egter onafwendbaar dat daar aanpassings en verskuiwings sal moet wees. Die vraag is na watter kant toe. Die spiritualiteit van 'n bepaalde groep of denominasie sal hier 'n bepalende rol speel.

Daar kom verskillende “kulture” in die Bybel voor waarmee rekening gehou behoort te word (König 1998:82). Dié kulture het 'n beduidende invloed op die Bybel gehad en daar moet versigtigheid aan die dag gelê word dat hierdie kulture, of sommige daarvan, nie verabsoluteer word nie. Die tipe musiekinstrumente, sang en die algemene inhoud van die erediens kan veral beduidend wees. Die Ou Testament is sterk deur die kultuur van die destydse Nabye Ooste beïnvloed. Dit was 'n “opgewonde” kultuur met sterk emosie wat maklik kon opvlam, met 'n groot behoefte aan harde geluid en met 'n sterk sangelement.

Die Ou Testament is vol van 'n magdom musiekinstrumente. Psalm 150 is sprekende getuigenis daarvan. Die sogenaamde “orkes” moet die Here juis in sy heiligdom loof en prys. En asof die lys van instrumente nie voldoende is nie, selfs galmende simbale, moet daar ook nog koordanse toegevoeg word.

Hiermee kom die hele kwessie van liggaamlike beweging in en tydens die erediens ook in die gedrang. Die Ou Testament getuig ook daarvan. Toe Esra die wet weer vir die eerste keer ná die ballingskap aan die volk voorgelees het, het die hele gemeente opgestaan en met hande omhoog uitgeroep: “Amen! Amen!” (Nehemia 8). Vervolgens het hulle gekniel en gebuig voor die Here. Hulle het ook gehuil by die aanhoor van die wet. 'n Mens kan nie anders nie as om op te merk dat hierdie “kerkgangers” dit geniet het om só lof en aanbidding aan die Here toe te bring.

Psalm 47 verse 2 en 3 kan ook hierby as illustrasie gebruik word:

*Al julle volke, klap julle hande;
juig tot eer van God
met 'n jubelende stem,
want aan die Here, die Allerhoogste,
kom eerbied toe.*

König maak die gevolgtrekking dat dit skynbaar vir die psalmdigter juis “eerbiedig” is om vir God hande te klap en luidkeels te jubel (1998:85).

Aan die ander kant is daar ook die uitspraak van Paulus teenoor die Korintiërs (1 Korintiërs 14) dat alles juis ordelik moet wees in en tydens die erediens of by hulle manier van aanbidding. God is heilig en 'n God van orde en dat dit benede die waardigheid van God kan wees om Hom met “armgeswaai” en allerlei minderwaardige musiekinstrumente te probeer vereer.

Die feit van al hierdie sake is dat die diversiteit nou van so 'n omvang is dat aan die saak

van aanbidding opnuut dringend aandag gegee moet word.

Webber (1985:17) plaas vyf interessante insigte op die tafel. Daarmee wil hy poog om 'n nuwe insig en vars benadering tot die belangrike saak van korporatiewe aanbidding te maak.

- Allereers moet rekening gehou word daarmee dat aanbidding die primêre taak van die kerk is. Die kerk is en moet 'n aanbiddende gemeenskap wees. Aanbidding moet sentraal staan in die kerk.
- Aanbidding is daarbenewens die bron van geestelike vernuwing en verdieping. Aanbidding word 'n ervaring van God wat aan die werk is in die lewe van die mens.
- Derdens moet dit dan so wees dat aanbidding motivering bewerk tot persoonlike aksie. Wanneer God ervaar word as aan die werk in die lewe van die mens, breek dit deur die passiwiteit by die mens en bring noodwendig 'n respons mee.
- Webber (1985:21) ervaar in hierdie proses ook 'n beter balans tussen die gepredikte Woord en die tafel van die Here. Die simboliek van die brood en wyn kring só ver uit dat dit ook wil herinner aan sovele wat nie voldoende voeding, klere en heenkome geniet nie.
- Laastens ook die aspek van die erkenning van kuns in die erediens. Hy verwys na die kunstenaar Alva Steffler wat daarop staan dat “art in worship should be totally functional. It should not be independent or have a free life. Art is always the servant of worship, an assist.” Na aanleiding hiervan getuig Webber dat musiek, opskrifte, liturgiese of koordanse, drama, kleur, selfs die simboliese gebruik van spatialiteit die kwaliteit van aanbidding verhoog. Eindelik kom daarmee ook 'n beter balans tot stand tussen hart en verstand, gedagte en emosie, intellek en gevoel.

Hiermee is die vraag van simboliek of die veld van die semiotiek aan die orde gestel. Semiotiek is die studie van simbole en tekens. In die semiotiek as akademiese dissipline het daar 'n verskuiwing plaasgevind vanaf die meer taalgebaseerde teorie van tekens en simbole na 'n meer algemene teorie waar taal steeds 'n integrale deel uitmaak van die dissipline, maar wel nou as 'n ondergeskikte deel, volgens Hughes (2003:118). Dit is dan duidelik dat 'n groot deel van “signifikasie” in aanbidding gebeur in ander vorme as deur middel van taal. Op hierdie wyse word direkte aandag gevra vir die manier waarop die liturgie van die erediens dan sou kon dien as instrument om betekenis en belewenis oor te dra aan die persoon wat gekom het om te aanbid. Hughes (2003:122) verwys na die onderskeiding wat CS Peirce (Collected Papers, 1958) maak om drie basiese teken-tipes aan te dui, naamlik ikone, indekse en simbole.

Nie-verbale optrede tydens die aanbiddingsgeleentheid het 'n belangrike uitwerking op die belewenis en die betekenis wat die aanbidder ervaar.

By alles moet daar natuurlik deeglik rekening gehou word met die aanhaling wat Müller doen (1990: 1), naamlik:

“The pleasure of worship has changed for the worship of pleasure.”

Dit is reeds in 1968 gedoen deur die Londonse Rabbyn, Jakobovits. Müller gaan voort in sy verantwoording ten opsigte van die erediens as 'n feestelike geleentheid deur te verwys na die Westminster Confession wat, as die hoogste doel van die mens, die volgende stel: “to glorify God and fully to enjoy Him forever” (1990:1). Dit behoort elke gelowige se belewenis van die erediens te wees en integraal aan die aanbidding van God.

Die saak van transendentale perspektiwisme neig ook almeer na die voorgrond. Hiervolgens, in kort gesê, moet die grense van die self oorskry kan word. Dit is die diepe begeerte van die “self” om die “ander” te begryp, aansluiting te vind en “saam” te wees. In die proses van die oorskryding van die grense van die “self” en dan die aansluiting by die “ander”, sal die sogenaamde transendentale perspektiwisme 'n belangstelling

aanwakker vir die antieke sjamanistiese tradisies. Die sjamanisme verteenwoordig ‘n “godsdienst” waarin die mistieke en genietinge sterk op die voorgrond gedwing word. Transendentale perspektiwisme sou dan ‘n dieper begrip meebring van die wêreld waarin die mens leef. Dit wil lei na ‘n sintese van die gedagte, gees en liggaam.

Friedrich Nietzsche (1844 – 1900) het tot ‘n groot mate die grondslag vir die saak van perspektiwisme gelê. Nietzsche het die tydperk van die Verligting beskou as dialekties omdat dit enersyds groot verwagtinge geskep het, maar andersyds tog nie aan die verwagtinge voldoen het nie (Janse van Rensburg (2000:14). As die gevolg hiervan beleef die mens ‘n lugleegte, ‘n gevoel van nihilisme. Die modernisme veroorsaak dat die mens ‘n gevoel van leegheid ervaar, ‘n belewenis van ontnugtering met die lewe.

Nietzsche verwerp die moontlikheid dat die realiteit van die lewe omskryf sou kon word deur middel van logika (2000:15). Dit is as gevolg daarvan dat die reële wêreld in ‘n staat van wording verkeer. ‘n Kennisleer is onnodig aangesien kennis en waarheid nie is wat dit voorgee om te wees volgens die mens se interpretasie van die realiteit nie. Die perspektiwisme in Nietzsche se benadeing kom dan neer op ‘n vrugtelose soektog na die waarheid.

1.3. HIPOTEESES

In die proses van die soeke na balans en perspektief as kermomente by korporatiewe aanbidding, blyk die volgende hipoteses van belang te wees:

1.3.1. Oorkoepelende hipotese

Die vermoede bestaan dat ‘n verskuiwing begin plaasvind het by die moderne mens van ‘n sterk rasioneel-geörienteerde Godsbelewenis na ‘n meer gevoelsgebaseerde godsdienst en Godsbelewenis.

1.3.2. Subhipoteses

1.3.2.1. Daar word vermoed dat 'n erediens wat nie die behoefte aan beleving by die erediensganger na behore fasiliteer nie, al hoe minder belangstelling sal begin wek.

1.3.2.2. Die vermoede bestaan verder dat die behoefte aan belewenis in die erediens tog duidelik versoenbaar kan wees met 'n gereformeerde spiritualiteit.

1.3.2.3. Die vermoede bestaan egter ook dat oormatige belewenis of die te sterk stimulering daarvan tydens die erediens kan lei tot oppervlakkigheid by korporatiewe aanbidding.

1.3.2.4. Verder bestaan die vermoede ook dat Godskonsepte 'n integrale rol kan speel in die vorming van 'n ewewig tussen die kognitiewe en affektiewe aspekte van die Christelike godsdiens en met name die erediens.

1.3.2.5. Laastens bestaan die vermoede ook dat balans en perspektief ten opsigte van die kognitiewe en affektiewe aspekte van korporatiewe aanbidding noodsaaklik kan wees teneinde geloofsgroei tot 'n meer volwasse geloof te laat realiseer wat nie noodwendig subjektiwisties van aard sal wees nie.

1.4. DOELWITSTELLING

Oorkoepelend is dit die doelwit van hierdie navorsing om 'n weg te probeer vind waarlangs die moderne mens begelei sou kon word tot 'n groter en sterker werklikheidsbesef van God in sy/haar lewe wat in die proses dan ook sou kon lei tot meer gemotiveerde en toegewyde dienslewering en betrokkenheid by die koninkryk van God.

Die aspekte van leitourgia en diakonia sou hierby verreken moet word. Die erediens (korporatiewe aanbidding) is die beginpunt van alles. Dit is die hartklop van die gemeentelike godsdiensbeoefening sowel as van persoonlike godsdiensbeoefening. Hier staan of val alles. Daar is reeds in die inleiding verwys na die boek van Webber, naamlik

“Worship is a Verb”. Die erediensganger moet besef dat aanbidding van God neerkom op aksie in die koninkryk van God.

1.4.1. SAMEVATTING VAN DIE NAVORSINGSPROBLEEM EN DOELWIT

Die tragedie van die gereformeerde erediens kan nie ongemerk verby gaan nie. Daar is te min ruimte vir lof en aanbidding (Strydom 1994). Calvyn weer, was van mening dat niks in die erediens sou kon gebeur alvorens daar werklike skuldbelydenis en verootmoediging plaasgevind het nie.

Die Nederlander, H Jonker (1986:139-149), het in die vorige eeu alreeds gepleit dat daar in die erediens meer ruimte aan die gemeente gegee moet word vir die uitdrukking van haar geloof en vir die deelname in die viering van die heil. Dit gaan immers in die Christelike geloof nie maar net om die aanvaarding van geloofswaarhede nie, maar om die lewe wat in Christus ontvang is. Hierdie moment van geloofsbeleving moet dan in die erediens tot uitdrukking kom. Jonker het jare gelede reeds die aanname gemaak dat die gemeente se geloofsbeleving en lofprysing oorwoeker word deur die “oppermagtige stem van die alleenspreker --- selfs die instemmende amen is die gemeente ontnem”. Dit was nie die geval in die vroeë Christelike kerk nie, maar die gevolg van ‘n misverstand in die ontwikkeling van die reformatoriese protestantisme in die laaste vier eeue onder invloed van die rasionalisme. Weliswaar is die Woord sentraal geplaas, maar verskraal tot die preek deur “die predikheer daar hoog in de lucht”. Jonker praat in sy boek, Liturgiese Oriëntasie, selfs daarvan as die tirannie van die kansel. Daarom pleit Jonker vir meer geloofsbeleving in die erediens as ‘n eeue-oue reg van die gemeente.

Daar moenie weggeskram word van lofprysing en aanbidding wat mense tot emosionele beleving kan beweeg nie, omdat die mens in sy totaliteit aangespreek moet word. ‘n Mens is ook emosionele wese en godsdiensbeleving moet beleef word en nie slegs verstaan word nie.

Met die voorafgaande hipoteses as uitgangspunte sal gepoog word om antwoorde te vind op die volgende vrae deur middel van hierdie navorsing:

1. Wat is die effek op die erediensganger se beleving van die erediens as sy/haar behoefte aan beleving nie na behore gefasiliteer word nie?
2. Hoe word hierdie “belewenis” wel gefasiliteer sonder om in subjektiwisme en/of oppervlakkigheid te verval?
3. Hoe word ‘n balans tussen gereformeerde spiritualiteit en liturgie andersyds en die behoefte aan beleving andersyds gefasiliteer sonder om die wesenlike van gereformeerdeheid prys te gee?
4. Watter rol sou Godskonsepte kon speel in die vorming van ‘n ewewig tussen die kognitiewe en die affektiewe aspekte van die Christelike godsdiens?
5. Watter verband bestaan daar tussen sogenaamde volwasse geloof (mature faith) en belewenis?
6. Watter bydrae kan simboliek (semiotiek) lewer tot bereiking van balans en perspektief in die belewenis van God?

In die lig van bostaande bespreking en uiteensetting word die navorsingsvoorstel as volg geformuleer:

BALANS EN PERSPEKTIEF: KERNMOMENTE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING?

1.5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

In die proses van hierdie studie en navorsing sal hoofsaaklik van literatuurondersoek gebruik gemaak word. Die uitgangspunt is sterk diakoniologies.

Die Christelike kerk bevind homself almeer in die greep van sekularisme en dat ‘n teenvoeter vir hierdie problematiek gevind moet word, lyk al hoe meer dringend. Die waarde van hierdie studie moet gesoek word in die feit dat dit wil aantoon dat ‘n gebalanseerde kombinasie van rede en gevoel in die godsdiensbeleving noodsaaklik is. Daardeur sal die korporatiewe aanbidding hom meer voordoen as iets onmisbaars in die

lewe van die moderne mens en moontlik gehandhaaf kan bly as die hart van die Christelike godsdiens.

Die belangrikheid en betekenisvolheid van korporatiewe aanbidding kan en mag nooit uit die oog verloor of misken word nie. Rayburn (1982:33) sê in hierdie verband dat elke Christen, wat strewe daarna om die grootste mate van seën te put uit aanbidding van die drie-enige God, bereid moet wees om tot 'n beplande self-identifikasie toe te tree met mede-gelowiges wanneer hulle saam verkeer in die huis van God.

König (1998:116) stel 'n indringende vraag aan die orde, naamlik: Hoe gaan ons die nuwe eeu in? In sy voorwoord (1998) spreek König die vertroue uit dat daar 'n groot toekoms wag op kerke wat bereid sou wees om te vernuwe. Die begrip "vernuwe" is nie vir die navorser 'n ongekwalfiseerde begrip nie. Tereg is dit wel so dat mense se behoefte en noodsaak aan die evangelie nie verander nie. En die evangelie sal ook in die nuwe eeu die diepste behoeftes van mense kan bevredig. Gelowiges (kerke) sal dan moet leer om ruimte te maak vir dinge wat anders is as dit waaraan hulle al die jare gewoond was. Om ruimte te maak, om wyer te kan sien en leef, is 'n onontbeerlike vereiste om oorwinnend die nuwe eeu binne te gaan.

Wolf (1993), wys daarop dat een van die betekenisvolle bydraes van die Reformasie is dat die monastiese begrip van die verhouding tussen 'n lewe van kontemplasie (vita contemplativa) en 'n lewe van aksie (vita activa) oorkom is (1993:203). Kontemplasie is beskou as die hoogste vorm van menslike aktiwiteit. Praktiese betrokkenheid by medemens en wêreld is as totaal ondergeskik beskou. Praktiese betrokkenheid by die wêreld is iets met geen intrinsieke waarde. Verwysings na die lewens van die twee susters Martha en Maria word gemaak en die feit dat Maria die beter weg van kontemplasie gekies het in teenstelling met Martha wat met allerlei ander dinge besig was.

Die wanbalans word verbreek deur die tweërlei roeping van die gelowige, naamlik sowel spiritueel as ekstern. By die spirituele gaan dit om die verdieping van die verhouding met God en by die eksterne oor die sigbaarmaking van God in die wêreld.

Wolf (1993: 206 – 207) illustreer hiermee dat dit die wesenlike van alle aanbidding behoort te wees. Adorasie sowel as aksie. Christelike aanbidding bestaan uit gehoorsame diens aan God sowel as die vreugdevolle lofprysing van die Here. Weereens: Die een kan nie sonder die ander nie. Christelike aanbidding is tweeledig van aard.

Louw se opmerkings oor die wese van die pastoraat het betrekking op die beter verstaan van die verhoudingsaspek in die konteks van aanbidding (1997:1). Die erediens sou beskou kon word as ‘n pastorale aangeleentheid.

Gaan dit in die pastoraat om die mens se verhouding met God, met ander woorde, gaan dit op die een of ander wyse in die kommunikasie met mense om hulle soeke na iets of iemand wat die grense van die sigbare oorstyg en “meer” is as dit wat ervaar kan word? Of gaan dit in die pastoraat om die verstaan van mense se emosionele, persoonlike en sosiale behoeftes met die oog op selfverstaan, selfstandigheid en die samelewingsproblematiek?

Louw gaan voort deur daarop te wys dat die antwoord op dié vrae nie simplisties is nie (1997:1). Hy sê dat nóg ‘n dualistiese skeiding, nóg ‘n parallelle saambestaan van die twee moontlikhede onbevredigend is. Daar moet veeleer deurgaans gedink en geredeneer word vanuit die gedagte van ‘n ontmoeting tussen God en mens. Dit plaas die denker dan onmiddellik terug binne die spanningsveld van die teologie: die verhouding tussen openbaring en eksistensie; transendensie en immanensie; vertikaal en horisontaal. Die keuse vir die pastoraat kan dan ‘n “perspektiwiese” een wees, naamlik ‘n besluit vanuit watter perspektief hierdie ontmoeting benader moet word.

Hierdie studie en navorsing gaan daarvoor of telkens albei kante van dieselfde munt in ag geneem moet kan word. Die rasonale en die emosionele; die kognitiewe en die affektiewe wanneer God aanbid word en wanneer daar vir God geleef word. Dit begin alles by ‘n deurleefde “binnekamer-praktyk”, maar moet deurgevoer word na die geleentheid waar die gelowige nie alleen in verhouding met sy/haar God staan nie, maar

voor God ook in verhouding met mede-gelowiges staan. Korporatiewe aanbidding.

Eindelik is die telos van hierdie ontmoetingsgeleentheid (korporatiewe aanbidding of erediens) die verandering en verdieping van die gelowige mens se geestelike lewe. Die totale mens moet hierby betrokke wees. Dit is die navorser se oogmerk om aan te toon dat hierdie verandering en verdieping gepaard moet gaan met balans en vanuit die regte perspektief en dat hierdie twee sake, balans en perspektief, onmisbare komponente behoort te wees by alle korporatiewe aanbidding.

1.6. SKEDULERING VAN HIERDIE STUDIE

Die ondergenoemde dui 'n indeling van die verskillende hoofstukke aan en watter aspekte in elke hoofstuk aandag sal geniet:

HOOFSTUK 1: INLEIDEND, PROBLEEMSTELLINGS EN HIPOTESEVORMING

HOOFSTUK 2: ANTROPOLOGIESE VERKENNING

HOOFSTUK 3: VERSKILLENDE DENKRIGTINGS, met verwysing na
subjektiwisme, perspektiwisme, konstruksionisme, piëtisme,
rasionalisme en relatiwisme.

HOOFSTUK 4: BEOORDELING VAN DIE INVLOED VAN POSTMODERNISME
KORPORATIEWE AANBIDDING

HOOFSTUK 5: EMOSIE IN DIE BYBEL

HOOFSTUK 6: DIE ROL VAN SPIRITUALITEIT BY KORPORATIEWE AAN-
BIDDING

HOOFSTUK 7: WAT IS AANBIDDING?

HOOFSTUK 8: EMOSIE/DENKE IN EN BY DIE VERSKILLENDEN LITURGIESE
MOMENTE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING

HOOFSTUK 9: IS BALANS EN PERSPEKTIEF HAALBAAR BY KORPORATIEWE
AANBIDDING?

OPSOMMING

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE EN WEBADRESSE

HOOFSTUK 2

ANTROPOLOGIESE VERKENNING

2.1. INLEIDEND

Ouweneel (1986:13) maak die stelling dat een van die mees fundamentele vrae in die hedendaagse Westerse denke die volgende is, naamlik: WAT IS DIE MENS? Dit het byna soos 'n noodkreet geword. Die ondergang van die menslike persoonlikheid en die opkoms van die massamens sou hiertoe bydra. Die moderne tegniek en tegnologie sou ook 'n de-personalisasie by die mens in die hand werk.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing gaan hoofsaaklik gekonsentreer word op insigte vanuit die Skrif ten opsigte van menswees. 'n Verdere uitgangspunt wat in hierdie hoofstuk aan die orde gestel sal word is hoedat hierdie antropologiese insigte, waartoe geraak mag word, aangewend kan word ter verryking en uitbouing van die korporatiewe aanbiddingsgeleentheid. Korporatiewe aanbidding (erediens) word dan hiermee ook beskou as 'n pastorale geleentheid.

Die skepping van die mens was nie 'n noodoplossing vir 'n probleem wat in die proses van die skeppingsgebeure ondervind is nie. Die skepping van die mens was 'n rigtinggewende voorgedagte: alles wat op die eerste en daaropvolgende dae geskape is, is aangelê op en wys heen na die skepping van die mens (Heyns 1981: 119).

Nêrens handel die Skrif ook sistematies en geordend oor die mens nie. Geen definisie word oor die menslike natuur gegee nie. Slegs fragmentaries en soms selfs onduidelik word die Bybelleser bewus van 'n komplekse wese wat in 'n veelheid van situasies en omstandighede handelend en besluitnemend moet optree.

Die digter van Psalm 8 verwoord die problematiek rondom die verstaan van die mens op sprekende wyse (verse 5 – 7):

*“ Wat is die mens dan
dat U aan hom dink,
die mensekind dat U na hom omsien?
U het hom skaars ‘n bietjie minder
As ‘n hemelse wese gemaak
en hom met aansien en eer gekroon,
U laat hom heers
oor die werk van u hande
U het alles aan hom onderwerp”*

- Die Bybel werp allereers ‘n vertikale blik op die mens, met ‘n tweerigting verkeer tussen God en mens. Die mens wat ons in die Bybel ontmoet is God se mens: dié mens met wie Hy besig was, besig is en altyd besig sal wees. Hierdie mens is op God aangewese; aan God gehoorsaam of ongehoorsaam; hy/sy het God lief of nie (Heyns 1981:119).
- Vervolgens vind ons in die Skrif ‘n totale blik op die mens. Heyns toon die mens aan, in ‘n veelheid van verbande: die mens is siel en liggaam; daar word gewag gemaak van die ou en die nuwe mens; die inwendige sowel as die uitwendige mens; van die mens se vlees sowel as sy gees. Die essensie daarvan is dat menswees opgemerk moet word in al die verbande waarvolgens dit veronderstel is om te ontplooi.
- Ten derde bied die Skrif ook ‘n realistiese blik op die mens. Die mens word nie geteken asof hy/sy slegs goed en reg optree nie en mooi en edel is nie. Net so min word die mens voorgestel asof hy altyd en oral op die bose ingestel is. Inteendeel, aldus Heyns (1981:120), word die mens uitgebeeld as die kroon van God se skepping met ‘n lied van die ewigheid in sy hart. Naas die grootheid van die mens word egter tegelyk ook melding gemaak van sy verloreheid en sy sondigheid word in felle kleure geteken.

- Laastens handel die Skrif ook oor 'n tydsbepaalde blik op die mens. Die Bybelskrywers het oor die mens geskrywe in die taal en idioom van hulle dag. Ons sou kon sê dat die Bybel ons tot 'n groot mate 'n raamwerk gee van 'n voorwetenskaplike, nie-moderne lewens- en wêreldbeskouing.

In hierdie studie moet rekening gehou word met menswees, die skepsels van dieselfde God, wat moes leef in verskillende tydperke: pre-modern, modern sowel as postmodern. Uit die aard van die saak maak dit die begryp van menswees nog meer ingewikkeld en bly die vraag van die digter in Psalm 8 steeds relevant.

Die mens is 'n buitengewoon komplekse wese wat van verskillende kante bekyk kan word. Vanaf fisiologiese kant, psigologiese en ook sosiologiese kant en selfs van regs-wetenskaplike kant kan die mens besien word as iemand wat sekere basiese regte in die lewe het.

Adams (1979:96) wys daarop dat die mens tegelyk as 'n materiële wese en spirituele wese beskou met word. Die Bybel stel dit dat Adam “uit die stof van die aarde gevorm is” (Genesis 2:7). Dit is bevestiging van Adam se materiële aard, Hy is “aards”. Dit was eers toe God die “lewensasem” in Adam geblaas het dat sy bestaan as mens tot afronding begin kom het. Beide die materiële en spirituele aspekte is belangrik. Dit kom albei van God. Die inblaas van die lewensasem dui daarop dat die mens se liggaam nie alles is nie. Die mens is meer as net 'n liggaam. Daar is ook 'n innerlikheid verbonde aan menswees.

Adams wil ook geen onderskeid tref tussen die siel en die gees van die mens nie. Volgens hom is hierdie twee sinoniem (1979:114). Hy maak ook geen onderskeid tussen die hart en die verstand nie. Volgens Adams sluit die hart die intellektuele sy van die mens in. Die Bybel sê dan ook, by wyse van spreke, dat die mens praat, dink, beplan, twyfel, fouteer in sy/haar hart (1979:115).

Heyns brei op hierdie gedagtes uit met sy stelling dat die mens 'n eenheidswese is (1981:120). Die mens is 'n persoon en beskik oor 'n persoonlikheid. Hy/sy het

intellektuele en ander gawes. Die mens is 'n iemand en 'n ek. As sodanig beskik hierdie mens oor talle eienskappe wat sy iemandwees kwalifiseer.

Hoe dit ookal sy, omdat die mens dan die enigste denkende skepsel van God is en wat in staat is om waarde-oordele te vel, keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar, sal daar sekerlik uitsluitel gekry moet word ten opsigte van aangeleenthede soos die volgende:

- Waarvandaan kom hierdie mens en waarheen is hy op pad?
- Waarom lewe ons?
- Wat is 'n sinvolle lewe?
- Hoe kan 'n mens gelukkig lewe?

Die eerste Sondagafdeling van die Heidelbergse Kategismus (Vraag 2) raak hierdie sake grotendeels aan. Dis nodig vir die mens om te weet hoe groot sy/haar sonde en ellende is; hoe verlossing daarvan moontlik is en hoedat God vir sodanige verlossing gedank behoort te word. In 'n teologiese antropologie gaan dit oor die mens voor God.

König (1991:2) wil waarsku daarteen dat die mens nie as eksklusief voor God gestel moet word nie. Die mens se hele lewe moet ter sprake kom en nie slegs sy/haar verhouding tot God nie. Tog sou dit seker korrek wees om daarby te sê dat die mens se verhouding tot en met God alle ander verhoudings insluit en impliseer.

König gaan voort deur daarop te wys dat God die God van die mense is, en die Skepper van die wêreld en dat die mens slegs in die regte verhouding met God kan staan indien hy/sy ook in 'n regte verhouding met ander mense staan en tot die wêreld (natuur). 'n Mens wat nét 'Boontoe' leef, leef nie reg 'Boontoe' nie. Hy wat daar Bo woon, is tegelyk ook by die nederiges en die verdruktes, aldus Jesaja 57:15.

Voortspruitend uit die verstaan van die mens as 'n verhoudingswese is die feit dat hierdie mens ook kan praat. Dit onderskei die mens nog verder van al die ander skepsels van

God. Die feit dat die mens kan dink en praat bind hom/haar nog verder aan God en maak die verantwoordelikheid van menswees groter.

H Berkhof (1985:182) sien hierin iets van die uniekheid van die mens: die mens is 'n antwoordende wese. God is die groot inisiatiefnemer. Deur sy woorde het Hy alles geskep, sodat die mens se eerste reaksie net 'n antwoord kan wees. Die mens is nie die eerste of die belangrikste nie. Hy/sy is ook 'n skepsel van God.

Die wonderlike van hierdie verhouding tot en met God is verder dat dit ook tot uitdrukking kom in die verbond wat God met Abraham gesluit het (Genesis 17) en gevolglik dan ook só met elke gelowige mens. God wil vir die mens 'n God wees en hierdie mens word die geleentheid gebied om God se kind te wees. 'n Nuwe faset van die verhouding tussen God en mens word by implikasie hierdeur ontsluit en dit is die feit dat hier 'n Vader/kind verhouding tot stand kom.

JJ de Klerk maak die stelling dat hierdie verbondsverhouding al die ander verhoudinge waarin die gelowige hom/haar mag bevind omsluit (1985:26). Omdat die verlore mens nou in die groot genade-ooreenkoms deel gekry het aan die koninkryk van die hemel, moet al sy/haar optredes en denke deur hierdie grondhouding ingekleur word.

Die vermoë by die mens om te reageer op God se liefde is integraal aan die Bybelse voorstelling van menswees. Die feit dat die mens geskape is volgens die beeld van God impliseer verantwoordelikheidsbesef en antwoord. Die Engelse begrippe 'responsibility' en 'responsability' gee beskrywend uitdrukking hieraan (1998:156).

Die twee begrippe VERBOND en BEELD bring 'n mens eintlik by beslissende insigte ten opsigte van die Bybelse mensbeeld. Daar is reeds gewys op die feit dat die wese van menswees ons verhouding tot en met God is. Alle ander verhoudinge vloei hieruit voort. Die mens-voor-God, dit is die mens, volgens König (1991:14).

Die twee begrippe, verbond en beeld, sê niks anders nie. Dit omskryf slegs die verhouding met God van naderby en vul dit met inhoud.

2.2. DIE MENS AS VERBONDSWESE

Onder die verbond word 'n verhouding verstaan soos wat God bedoel het dat dit behoort te wees. "Ek sal vir julle 'n God wees, en julle sal my volk wees." Hierdie vers is inderdaad besonder insiggewend oor die verhouding tussen God en mens. Dit beteken, enersyds, dat God volle verantwoordelikheid vir ons aanvaar én volle gesag en seggenskap oor ons het. Andersyds behels dit ook dat ons as mense volkome van God afhanklik is en Hom onvoorwaardelik gehoorsaam behoort te wees. Afhanklikheid en gehoorsaamheid is twee aspekte wat wesenlik deel behoort te wees van elke korporatiewe aanbiddingsgeleentheid.

Duideliksheidshalwe word enkele punte hier aangestip om die belangrikheid van die verbondsverhouding te illustreer. König (1991:15 e.v.) slaag, myns insiens, daarin om 'n verhelderende uiteensetting te gee:

- Die verbond is 'n historiese verhouding tussen God en mens. God is nie 'n starre wese wat net 'n ewige plan voor oë het nie. God het werklik in die geskiedenis van die mens ingedaal, selfs nog lank voor die geboorte van Christus. God het werklik deel geword van die geskiedenis van die mens en oplaas die totale gang van die geskiedenis bepaal deur 'n ingrypende wending daaraan te gee met die geboorte van Christus. Van die begin van Abraham se pad met die Here; van die eerste treë wat die volk Israel saam met die Here begin gee het, was dit duidelik dat God beleef en ervaar kan word as die Begin en die Einde en dat uit Hom, deur Hom en tot Hom alle dinge sou wees. Die pad saam met hierdie Verbondsgod sou gerig wees op die toekoms. In sy omgang met die mens open hierdie God telkens nuwe perspektiewe. Die verbond is aanvanklik gesluit en telkens, langs die pad van die geskiedenis, weer vernuwe, soveelso dat later selfs van 'n nuwe verbond sprake sou wees. König (1991:16) maak ook die opmerking dat selfs van 'n

eskatologiese verbond gepraat sou kon word. Feit is, hierdie God is deur die geskiedenis heen met sy mense op pad om dan eindelijk hierdie verbondsverhouding in absolute sin te laat realiseer, naamlik dat Hy alles vir en in almal sou kon wees (1 Korintiërs 15:28).

- In die tweede plek moet hierdie verbondsverhouding raakgesien word as ‘n ongelyke verhouding. Die bondgenote, God en mens, verkeer nie op gelyke voet nie; hulle het nie gelyke verpligtinge nie en van die mens se kant besien, is die mens nie in staat om ‘n gelyke bydrae tot die uitvoering van hierdie verbondsverhouding te lewer nie. God neem allereers altyd die inisiatief in die verbond, in die totstandkoming daarvan sowel as in die handhawing en deurvoer daarvan. König (1991:16) wys daarop dat as Israel op gelyke voet met God in hierdie verbondsverhouding betrokke was, dan sou Israel se herhaalde verbondsverbreking summier die einde van die verbond beteken het. Omdat God egter die inisieerder van die verbond is, kon Hy telkens die beëindiging van die verbond weier en dit selfs vernuwe met ander inisiatiewe. Vir korporatiewe aanbidding bied dit die insig dat God die mens eenvoudig nooit aan homself oorlaat nie.
- Alhoewel die verbondsverhouding ongelyk van aard is, behels dit tog ook ‘n wedersydse verhouding. Dit is ‘n verhouding waarin albei partye verantwoordelikhede het. God se verbondsverantwoordelikheid word meermale uitgedruk in terme van beloftes, trouens die totstandkomingswoorde van die verbond, impliseer alreeds ‘n belofte van God se kant af. Tog bied God aan die mens voldoende ruimte om in vryheid van keuse en verantwoordelikheid deel te neem aan die realisering van die verbond. Die aspekte van keuse en verantwoordelikheid is integraal deel van sinvolle deelname en belewenis (ervaring) van God se teenwoordigheid by ‘n geleentheid van korporatiewe aanbidding.

- Die verbond is vervolgens ook duidelik 'n genadeverhouding. Dit word later in die Skrif ook uitgewys as 'n genadeverbond. Daar is reeds uitgewys dat God en mens wel albei verantwoordelikhede het in hierdie verhouding, maar nie op gelyke vlak nie. God is die genadige God wat aan die mens gee wat hy nie het nie en self ook nie kan laat realiseer nie en waarsonder hy ook nie kan regkom nie. God is die Een wat omgee, wat versoening bewerkstellig, wat vergewe en versorg. Hy gee selfs beloftes van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat dan ook sy guns en genade onmeetlik groot maak. Ons is dus begenadigde mense, mense wat van en uit God se guns lewe. Om tydens die erediens (korporatiewe aanbidding) weer bewus te raak van God se onbegryplike genade, dit is op sig self alreeds genade.
- Die verbond impliseer ook 'n vaste verhouding juis op grond van God se getrouheid en geduld met die mens. Ons leef nie net vandag uit God se guns en genade nie. Ons leef elke dag daaruit. König wys daarop (1991:17) dat God nie op die ingewing van die oomblik besluit het om genadig te wees nie. Dit vloei uit sy wese voort. God is so. God is liefde. Wie Hom leer ken, weet dat dit ook so van Hom verwag kan word, nie as 'n reg nie, maar as 'n voorreg.
- Die verbond moet ook bestempel word as 'n korporatiewe verhouding waarin mense gesamentlik opgeneem is. Die verhouding is nie slegs afgestem op die individu nie, maar ook op God se volk, op sy kerk. So het Adam se sonde ons korporatief ingesluit sodat almal onder die oordeel van God te staan gekom het. Die nageslag van Abraham is, by die sluiting van die verbond, korporatief daarby ingesluit. Só het Christus ons korporatief ingesluit in sy gehoorsame lewe en kruisdood sodat ons wat glo, almal vrygespreek word deur God, volgens Romeine 5. Ons is dus in die verbond met God ook aan mekaar verbonde. Ons verhouding met ander mense is reeds gegee saam met ons verhouding met God. Vir die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding is hierdie insig baie belangrik.

Uit die verbondsverhouding tussen God en mens en daarby die verbondsbestemdheid van die mens, vloei die gedagte voort dat hierdie mens sin en betekenis in die lewe kan ervaar. God het dit vir hom/haar binne bereik laat kom deur en in hierdie verbondsverhouding. Dit sou ook alreeds as antwoord aanvaar kon word op die indringende vraag wat ter inleiding gestel is, naamlik: WAT IS DIE MENS?

2.3. DIE MENS AS BEELD VAN GOD

Daar is geen begrip wat in die geskiedenis van die Christelike mensbeskouing naasteby so 'n belangrike rol gespeel het nie as dié uitdrukking uit Genesis 1:26 en 28, naamlik dat die mens as die beeld van God geskape is. Oorwegend word dit in die omvangryke literatuur beskikbaar beskou as 'n sleuteluitspraak ten opsigte van die verstaan van wie en wat die mens is.

Die Ou Testament gebruik die terminologie nie dikwels nie en die Nuwe Testament bring dit in belangrike verbande na vore soos byvoorbeeld as aanduiding van Jesus self. Verder funksioneer die gedagte van die beeld in 'n belangrike verband, naamlik die wyse waarop daar meermale in die Bybel mensvormig oor God gepraat word (antropomorfisties).

Die betekenis daarvan word in verskeie dele van die Skrif beklemtoon. Die mens staan in 'n unieke verhouding teenoor God, in 'n verhouding waarin geen ander skepsel staan nie. König sê (1991:23) ons is nie net bedoel om naby God, verbonde aan God te wees nie (in 'n verbond), maar in 'n sekere sin eintlik nog nader aan Hom. Ons moet soos Hy wees, Hom verteenwoordig en Hom sigbaar maak.

2.4. DIE INHOUD VAN DIE BEELD

2.4.1. WIE IS DIE BEELD?

In die loop van die geskiedenis was hieroor nogal heelwat meningsverskil. Dit was destyds redelik algemeen onder Israel se buurvolke dat die koning beskou is as die beeld

van God. Dit het dan ook beteken dat niemand iets aan die woorde van die koning kon verander nie, net so min as aan die woorde van God (König:1991:24).

Hierteenoor het die Griekse filosoof Plato weer geleer dat die hele wêreld 'n beeld van God is en vol is van goddelike idees.

'n Mens hoef egter nie onnodig verwar te word deur hierdie verskillende uitgangspunte nie. Daar is sterk genoeg getuienis dat die enkeling die beeld van God is. Daarom kan Jesus ook as enkeling in die Nuwe Testament die beeld van God genoem word, en is die belofte en vermanings dat ons na die beeld van God vernuwe moet word en 'soos' God en Christus moet optree ook op die mens as enkeling en individu gerig. Dit is tog hier ook belangrik om te onthou dat, net soos by die gedagte dat die verbond 'n korporatiewe verhouding impliseer, die Bybel die enkeling hoegenaamd ook nie los wil sien van die mense-gemeenskap nie. Die mens is 'n verhoudingswese wat alleen in verhoudinge volledig mens kan word en wees. König beklemtoon in hierdie verband dat die mens net beeld kan wees in gemeenskap met ander mense.

Hierby sou dan aansluit dat die mens, as beeld van God, verteenwoordigend van God moet optree. God moet sigbaar gemaak word teenoor ander mense. Dit sou dan alleen moontlik wees in gemeenskaplike verbande.

2.4.2. WAT IS DIE BEELD?

Deur die loop van die geskiedenis is hierdie vraag op minstens twee maniere verstaan. Eerstens is gevra wat in die mens, watter deel van die mens, is die beeld van God. Daarnaas is ook gevra in watter sin is die mens (die hele mens) die beeld van God of anders gestel: Wat is die inhoud van die beeld?

Die meeste teoloë het die beeld van God in die siel van die mens gaan soek. Die liggaam van die mens is as minderwaardig beskou. Die vroeë Griekse gedagtes oor die

onsterflikheid van die siel het hierdie gedagte, naamlik dat die beeld van God in die siel van die mens geleë sou wees verder versterk.

Daar was ook 'n groep wat die beeld in die verstand van die mens gaan soek het. Meestal is die verstand nie teenoor die siel geplaas nie. Augustinus was selfs van mening dat die mens 'n drieërlei beeld moet vertoon juis omdat God drie-enig is. Na aanleiding hiervan het hy die siel in drie funksies verdeel, naamlik die geheue, intellek en die wil.

Naas die siel en die verstand het ook die wil van die mens aan die beurt gekom, veral dan in die sin van wilsvryheid. Hierdie meer geestelike dele van die mens (siel, verstand, wil) is dan gewoonlik skerp teenoor die liggaam afgespeel, volgens König (1991:27).

'n Meer moderne gedagte naamlik dat die mens inderdaad liggaamlik na die beeld van God geskape is, of dat die hele mens dan, ingeslote die liggaam, die beeld van God is, kan waarskynlik beskou word as 'n polemiese reaksie teen die wyse waarop die menslike liggaam dan deur die loop van die eeue gedegradeer is.

Heyns argumenteer daarvoor dat die hele mens na die beeld van God geskape is en grond sy argumente op Genesis 1:26 (1981:124). Hy wys daarop dat die Skrif duidelik sê dat die ganse mens, siel en liggaam, die beeld van God vorm. Volgens Heyns wil dit egter nie enige liggaamlikheid aan God toedig nie.

König betwis hierdie bogenoemde argumente deur daarop te wys dat dit in die genoemde teksvers uitsluitlik gaan oor die mens se heerskappy oor die visse, voëls en diere. In dié opsig is die mens, volgens hierdie vers, God se verteenwoordiger (1991:29).

Heyns gaan voort deur daarop te wys dat die beeld van God daarin geleë sou wees dat die mens nou God se verteenwoordiger op aarde geword het (1981:125). Natuurlik sou dit vir geen oomblik kon beteken dat God afwesig is nie. God bly teenwoordig --- handelend teenwoordig, maar op onsigbare wyse. Deur die mens na sy beeld en gelykenis te skape, word God in en deur die mens sigbaar gemaak op aarde. Wie dan na hierdie mens kyk, sy

handelinge sien en hoor, kyk dan as't ware DEUR die mens en kyk vas in en word herinner aan 'n ander en groter werklikheid naamlik God.

As beeld van God het die mens nou 'n status en 'n bestemming in die wêreld. Uiteraard is dit nie 'n statiese toestand nie, maar wel 'n dinamiese proses. Die mens moet word wat hy reeds is. Volgens Heyns (1981:125) is die dringende vraag egter nou: Waarin, of hoe, is die mens nou God se sigbare verteenwoordiger op aarde?

Heyns kom tot die gevolgtrekking dat die hele mens, sowel in sy bestaanswyse as in sy handelingswyse die beeld van God is. In wat hy is en in wat hy doen, bied hy 'n uitsig op God (1981:126).

Bogenoemde tegniese uiteensetting is weliswaar vir die doeleindes van hierdie studie nie noodsaaklik nie, maar volledigheidshalwe wel nodig. Hieruit kom weereens die belangrike perspektief na vore dat die mens 'n verhoudingswese is en vir die spiritualiteit van die mens is juis dit van kardinale belang.

Die argument is ook geldig dat as die mens dan God se verteenwoordiger is, as hierdie mens God moet sigbaar maak in die wêreld, dan sou dit juis ook moet gebeur tydens die momente van korporatiewe aanbidding. Nie alleen sal die wêreld daarvan kennis neem dat daar 'n verlange by hierdie mens bestaan om saam met medemense in die huis van die Here te wees nie, maar die wêreld sal ook kan hoor hoedat hierdie mens in gemeenskap met ander mense die grootheid en die majesteit van die Almagtige God besing en Hom op hierdie wyse sigbaar maak.

Aangesien die hele mens beskou word as die beeld en verteenwoordiging van God, sou die afleiding daaruit gemaak kon word dat hierdie mens in dié opsig ook eiendom van God is. In Christus word hierdie mens dan ook, in die woorde van Paulus (2 Korintiërs 5:17), 'n nuwe mens. Van hierdie 'nuutheid' moet daar sigbare sprake wees. Die vermaning om soos Christus op te tree kom dikwels in die Skrif voor. Om soos God op te tree beteken om God sigbaar te maak. Ons moet soos Hy vergewe; soos Hy heilig wees;

soos Hy barmhartig wees; soos Hy in die lig lewe, ja, selfs soos Hy volmaak wees. (Vgl. Kol 3:13; Ef.4:32; 1 Petr 1:15; Luk 6:36; 1 Joh 1:5-7; Mat 5:48).

En om soos Christus op te tree behels dat mense mekaar in die algemeen soos Christus moet liefhê; ons moet in die liefde lewe; ons moet ons rein hou soos Christus dit is; so regverdig wees soos Hy. Ons is ook gestuur soos Hy (Vgl. Joh 13:34; Ef 5:2,25; 1 Joh 3:3,7; Joh 20:21) (König:1991:33).

Op hierdie wyse word die mens aan Christus gelykvormig --- die ryker en voller beeld van God en eindelijk die verheerlikte mens.

2.5. DIE MENS IS STEEDS VERBONDSMENS

De Klerk (1985:41) maak veel van die verbondsgedagte as integrale deel van die erediens. Die erediens handel ten diepste oor die saamkom van Christus se gemeente om in 'n besondere vorm van diens te deel. Dié diens beskik oor 'n uitsonderlike karakter.

- Allereers word daar diens aan die mens verrig. Christus bedien deur sy Heilige Gees aan ons die versoening, wat in en deur die Woord en sakramente aan ons verkondig word.
- Vervolgens word in die kerk diens deur die mens verrig. Dit is die diens van die gebede, offers en ook dié van lofprysing.
- Derdens word daar ook diens aan mekaar verrig. Mense beoefen gemeenskap met mekaar, bid saam, luister saam, sing saam.

Bogenoemde sou, uit die aard van die saak dat die mens antropologies beskou kan word as 'n verbondsmens, op 'n veel meer intense vlak beleef en ervaar kan word. Wie van die verbond praat, praat tegelyk van die genade van God. De Klerk wys daarop dat dit trouens die karakter van die verbond is dat dit die genadige, behoudende en verlossende manier is waarop die Heilige God met onverdienstelike mense omgaan (1985:42).

Waar die sogenaamde postmoderne mens meer ingestel is op die belewenis en ervaring en gevoel, sou deur die intieme en persoonlike verhouding tussen God en mens, besliste wispunte gevind kon word ten opsigte van die prioriteit wat deur die moderne mens aan die erediens verleen word.

Die erediensgebeure is dinamies, “want van begin tot einde is dit ‘n opeenvolging van handeling op handeling, van woord en weerwoord, van item op item, van beweging”. Só sê Barnard (1981: 426). Die erediens as dinamiese gebeure is dus ‘n geleentheid waar die mens in ‘n omvattende sin betrokke is --- dit wil sê met sy emosies, verstand, liggaam, geestelike gawes en talente (Laubscher: 1988:58).

Die erediensgebeure is natuurlik nie slegs dinamies vanuit die gesigspunt van die mens nie. Die dinamiek van die erediens lê nie in die eerste plek by die mens en sy aksies nie, maar by God.

“In die handeling van God sentreer alles om die grondliggende verlossing deur Jesus Christus. Wat Hy eenmaal en plaasvervangend gedoen het, is van beslissende betekenis vir die handeling, aksie en beweging in die erediens” (Barnard:1981:456).

God is dus geen passiewe toeskouer by die erediensgebeure nie, maar handelend teenwoordig --- en juis dit bepaal en rig die mens (erediensganger) se handeling as reaksie daarop. Die gemeente verkeer gedurig in ‘n groeiproses, naamlik in die rigting van volwassenheid in Christus. Die gemeente, en elke individuele lidmaat, moet word wat hy in Christus eintlik reeds is (1988:59).

De Klerk pleit vir ‘n deurlopende besef dat die trinitariese karakter as basis van die erediens behou moet word (1985:42). Hy wys daarop dat God altyd die inisiatief bly neem tot die kom na Hom en tot die saamkom van die gemeente. Die gemeente, sy volk, is die voorwerp van sy liefde.

Die verbond en daarmee saam die besondere verhouding waarin gelowiges (geredde sondaars) tot die Vader staan, kan nooit begryp word buite Jesus Christus om nie en dit is die Heilige Gees wat die ervaring daarvan verwesenlik.

As De Klerk dan illustreer hoedat die verbondsgenade as basis vir die liturgiese verkeer in die erediens gestel word, gebruik hy twee modelle om dit te doen (1985:43-44):

- **Die didakties-simboliese model:** Die ordelike verbondsverkeer in die erediens van die volk van God het volgens die liturgiese voorskrifte by Sinai via die tabernakel- en tempeldiens 'n sterk onderrigende karakter aan die hand van simboliese gebruike (wassinge ensovoorts) en simboliese apparaat (altare, kandelare, die verbondsark) gehad. Wat baie duidelik is, só sê De Klerk, is dat die Here self sy verbondsvolk vergader het; dat Hy hulle as sy volk (qahal Jahwe) in 'n besondere verbond met sy beloftes en eise geplaas het; dat Hy toegang tot sy troonsetel (verbondsark) langs die weg van die bloed van die versoening gee; dat Hy as antwoord op sy genade gehoorsaamheid aan die verbondswet vra (die wet is onder die versoendeksel ; en dat Hy op 'n besondere wyse met hulle wou verkeer. Die kern en die hart agter hierdie verbondsverkeer en die basis daarvan moet egter gesoek word in die verbondsgenade wat uitdrukking gevind het in die offerdiens. Met groot wysheid en geduld het die Here dit aan die hand van “die didakties-simboliese” model laat tuiskom.
- **Die visioenêr-simboliese model:** Teen die simboliese agtergrond van die hemelse liturgie val die fokus van die apokaliptiese visioen op die oorwinning van Jesus Christus. Hy het as die Lam van God gesterf, maar heerlik as die Leeu uit Juda oorwin.

By albei hierdie modelle met die simboliese verkondiging teen die liturgiese agtergronde en dekor blyk dit dat:

- Dit in die verbondsverkeer gaan om Hom wat op die troon sit en sy gemeente

- Dat die verbondsverkeer moontlik is deur die bloed van die versoening, met ander woorde deur die genade in Jesus Christus
- En dat die verbondsverkeer op ordelike wyse volgens die styl van die hemelse koninkryk ingerig word; en dat die verbondsverkeer heiligend inwerk op die hele lewe.

Onvermydelik moet dan ook gepraat word van 'n verbondsweelde wat 'n nuwe openheid skep vir liturgiese variasie. In elke element van die liturgie moet die rykdom van die verbondsweelde waarmee die Ewige God in Christus en deur die Heilige gees sy gemeente in die erediens ontmoet en met hulle verkeer, skitter en blink (1985:54).

De Klerk toon ook uitvoerig aan hoedat die verbondsgedagte konstruktief ingespan kan word ten opsigte van gemeentebou (1985:55). Wanneer gemeentebepanning en gemeente-administrasie vanuit die konteks van die verbond geskied, wanneer die saak van korporatiewe aanbidding aandag geniet vanuit hierdie konteks, word nie alleen 'n ontsluitingsprinsipe in die veelkantige bediening van die viering, verkondiging, onderrig en bewaring van die verbond in die uitoefening van die kerk se funksies gegee nie. Die normerende riglyne van die Skrif word daarmee saam gegee. Die organiese eenheid van die bediening word gewaarborg sonder dat die heil gesoek word in allerlei bykomstighede en losstaande plaasvervangers, wat die gemeente devalueer of tot 'n gewone groep of tot bloot 'n sosiale groep (1985:83).

König wil sy mensbeskouing fundeer in God as Verbondsgod en daarmee gepaardgaande die feit dat die mens as beeld van God geskape is (1991:63). Dit is, volgens hom, beslissend vir menswees, dat die mens in 'n gegewe verhouding tot God staan. Die mens is God se bondgenoot en sy beeld. Die mens se verhouding met God het twee kante: Ons is soos Hy en ons is ook anders as Hy.

Die mens beskik oor eienskappe wat analoog aan sekere van God se eienskappe is en dan ook ander eienskappe wat aanvullend tot sekere van God se eienskappe is. Die mens se wese bestaan dan daarin dat hy/sy God verteenwoordig en komplementeer.

Voortvloeiend uit die verbondsbelewenis by die mens sal gevolglik sekere eienskappe by hierdie mens na vore moet kom wat illustreer dat God hierdie mens se God geword het en dat hy/sy inderdaad gehoorsame kinders van God geword het.

2.5.1. LIEFDE

Die verlose mens is 'n mens. God verlos en red die mens om 'n bepaalde doel in en deur hierdie mens se lewe te bereik. Daardie doel is om in 'n liefdesgemeenskap met ander mense te leef. As God self liefde is en die mens in 'n verbondsverhouding met God leef waarin die mens by God moet pas en Hom moet verteenwoordig en sigbaar maak, dan is dit logies dat God se wil ten opsigte van hierdie mens se lewe in twee liefdesgebooe saamgevat word. "God is liefde" is die hart van die Bybelse boodskap oor God. En net so is die "mens se liefde" die hart van die Bybelse boodskap oor die mens. Mense moet in liefde lewe omdat hulle die God van liefde verteenwoordig en sigbaar moet maak.

God se liefde vir die mens is skeppend. Deur Homself uit liefde aan die mens te verbind skep Hy die ruimte waarbinne hierdie mens volledig mens kan word (König 1991:68). Die mens raak vry om ook te kan liefhê. Bybelse liefde, die liefde wat die Verbondsgod vra, is 'n liefde weg van jouself af en in die rigting van die ander en ter wille van die ander.

2.5.2. VRYHEID

Vryheid is een van die belangrikste begrippe wat in moderne nadenke vir en oor die mens gebruik word. Vryheid hoort skynbaar tot die wese van die mens (1991:74). Dit moet hier kategoriees gestel word dat vir die doeleindes van hierdie studie vryheid geensins verstaan word in 'n politieke sin van die woord nie.

Vir die mens as verbondskind beteken hierdie vryheid dat hy losgemaak is van die verlede waarin die sonde aan hom/haar gekleef het en 'n kniehaltering veroorsaak het. Tegelyk het dit ook die implikasie dat nou in die hede geleef kan word in 'n nuwe

verhouding met die Verbondsgod en met mede-verbondsmense. Die vryheid sou ook impliseer dat die pad oopgemaak is na die toekoms.

Hierbenewens beskik die mens ook nog altyd oor keuse-vryheid. Die verbondsverhouding waarin die mens teenoor God staan ontnem hom/haar nie van die “voorreg” om self keuses te doen en besluite te neem nie.

2.5.3. DANKBAARHEID

In die verbondsluiting neem God die inisiatief en die mens moet reageer. Die mens is die sekondêre bondgenoot en dankbaarheid vorm een van die sleutelreaksies op die goddelike inisiatief. In dankbaarheid antwoord die mens op die genade van God (1991:86). God se genade is onbetaalbaar duur. God het in Jesus Christus self onder sy toorn en oordeel oor ons sonde kom staan. Só duur is sy genade.

As dit is hoe genadig God is, dan sê dit veel oor hoe dankbaar die mens moet wees. En dankbaarheid wat nie blydskap ken nie en nooit opgewonde is nie, dankbaarheid wat God en sy verbond nie geniet nie, is blinde dankbaarheid. König sê sodanige dankbaarheid het nog nooit oog gekry vir die sukses van God se verbondsgenade in mense se lewens nie (1991:92).

2.5.4. VREUGDE

Vreugde sou bestempel kon word as ‘n uitvloeiing van dankbaarheid. Dis ook merkwaardig hoe vol die Bybel is van die gedagte van blydskap. Paulus roep sy lesers in Filippi daartoe op om altyd en in alles bly te wees.

Daar mag verskillende soorte vreugde wees asook uiteenlopende dinge waarvoor mense bly is, maar ten grondslag van almal se vreugde lê ‘n basiese lewenshouding. Dis ook belangrik dat Paulus die vreugde bestempel as ‘n vrug van die Heilige Gees in die mens

se lewe. Die vrug van die Heilige Gees in die mens se lewe is nie insidentele ervarings of deugde nie. Dit is ‘n lewenshouding (1991:95).

Die diepste sin van die mens se lewe is sy/haar verbondenheid aan God sodat God se teenwoordigheid in hierdie mens se lewe ten volle geniet kan word. God gee dus aan die mens ‘n basiese lewenshouding van ‘n blye, gelukkige mens. König maak na aanleiding hiervan die stelling dat vreugdeloosheid en ‘n gebrek aan vreugde dan net sowel sonde is as liefdeloosheid en ‘n gebrek aan liefde (1991:95).

Die blye lewenshouding sal natuurlik manifesteer in verskillende vorme wat saamhang met die geaardheid en persoonlikheid van die bepaalde mens. Van die diepste vreugdegevoelens kan soms op ‘n baie stil en onopvallende wyse beleef word.

2.5.5. HOOP

Sonder hoop is sinvolle lewe onmoontlik. Die mens is ‘n wese wat hoop en wat uitsien na ‘n toekoms, wat selfs volkome afhanklik is van ‘n sinvolle toekoms. Hoop gee lewenslus. Omdat mense wesens is wat hoop, raak hulle toekomsgerig. Die Christelike hoop is natuurlik gebou op sekerheid.

Die hoop is gebaseer op die beloftes van God. Ons sou die verbondsbelofte, “Ek sal vir julle ‘n God wees....” , kon bestempel as die kern van al God se beloftes. En dit gee hoop. Die unieke wyse waarop God sy verbondsbelofte vervul het is in en deur die koms van die Messias, Jesus Christus. Sy eerste koms en sy wederkoms is die omvattende vervulling van die mens se hoop (1991:107). In hierdie sin van die woord word die mens ‘n eskatologiese verbondswese.

2.6. SAMEVATTEND

Daar is in hierdie hoofstuk doelbewus gekies vir ‘n bepaalde antropologiese uitgangspunt. Die bedoeling van hierdie antropologiese verkenning is geensins om volledig te wees nie.

Daar is egter gepoog om deur middel van hierdie bepaalde antropologiese vertrekpunt aan te toon hoedat menswees in die korporatiewe aanbiddingsgeleentheid meer tot sy reg kan kom. In 'n postmoderne era en omgewing kan dit nie misgekyk word dat die mens soek na belewenis en ervaring nie. Die starheid van die dogma spreek hierdie mense nie langer aan nie; godsdiens moet geaktualiseer kan word. In die woorde van Nicol (2000:7), "Godsdiens moet kan werk".

Godsdiens is nie 'n doel op sigself nie, dis 'n middel tot 'n doel. In die postmoderne era word die klem veel meer geplaas op die intuïtiewe en die emosionele. In die postmoderne lewenshouding is daar ook meer ruimte vir diversiteit, sodat gelowiges vryer voel om die godsdiens elkeen op sy eie wyse te beleef.

Omdat daar groot gevaar opgesluit lê in die gedagte dat elke mens maar sy/haar godsdiens kan beoefen volgens persoonlike gevoel, is daar gepoog om langs die weg van die verbond aan te toon dat die ou, ou tyding van God se Woord in die 21ste eeu steeds nuut en vars kan klink.

Die verbondsgedagte hou vir die moderne mens die rasionele besef en sekerheid in dat die Skeppergod van die hemel en die aarde dieselfde Een is wat op direkte, en miskien selfs emosionele wyse, tot hierdie mens se hart spreek.

Uit een perspektief sou gesê kon word dat 'n bepaalde vorm van godsdiens volgens 'n tradisionele patroon ontplooi. Ons voorgeslagte het God op baie maniere leer ken en groot persoonlike ervarings oor en met Hom opgedoen. Die voorgeslagte het hierdie belewenisse ook nie vir hulleself gehou nie. Saam met die Bybel, die Woord van God, is dit aangegee aan die volgende geslag. Hoe ons vandag bid, die Bybel lees, die erediens beleef, in moeilike tye reageer, God se hand in die verloop van sake raaksien --- die meeste van hierdie dinge is deur woord en voorbeeld aan ons oorgedra.

Godsdiens kan net bly leef as dit loop of beweeg. Die wyse waarop aanhangers van godsdiens dit ervaar en beleef, verander gedurig. Nicol sê (2000:9) dat die wyse waarop godsdiens beleef is, het geskuif van Isak na Dawid, en van Markus na Paulus, na Augustinus en tot by Calvyn --- en in die proses tot by ons vandag.

God is vir mense die lig in spesifieke omstandighede en omdat omstandighede steeds ontwikkel en verander, verander die belewenis van God daarmee saam.

Die gevolgtrekking uit bogenoemde is dat die mens asof in 'n godsdienstige laboratorium aan die werk is. 'n Stroom van skatte vloei voort uit die Bybel uit en daarmee saam loop die pad van die tradisie. Ons moet mekaar in hierdie godsdiens-laboratorium help om uit te vind wat die beste gaan werk --- vir die individu en ook vir die groep wat korporatief die Here aanbid (Nicol 2000:13). Die een kan nie losgemaak word van die ander nie.

Die kern van die saak is dat God as teenwoordig ervaar kan word en 'n werklikheid sal kan wees in al die gange van ook die postmoderne mens se lewe.

Die verbondsgedagte knoop sterk by hierdie behoeftes aan. Soos van ouds is God nog steeds beskikbaar om ook die postmoderne mens se God te wees net soos wat Hy dit vir 'n pre-moderne mens was. En die God van die verbond belowe nie slegs nie, Hy stel ook in staat. Om hierdie bemagtiging te kan belewe, moet die mens besef dat sy menswees veral tweeledig van aard is, naamlik verbondsmens en beeld van God. Dis tegelyk besef en ervaring; kennis en gevoel; belofte en eis; genade en gehoorsaamheid. Daarnaas staan dit dus voorop dat elke verbondsmens nie slegs moet "aanbid" nie, maar ook moet "aanbied".

Ter afsluiting die volgende (Nicol 2000:40-41):

'n Mens kan jou 'n godsdiens voorstel wat meer kulties is as eties, waarin dit meer oor die godsdiens in die eng sin van die woord gaan as oor die lewe; waarin lofprysing,

aanbidding, skuldvergifenis, gebed, Skrifmeditasie en dergelike dinge 'n groter rol speel as deugde. Maar dit is glad nie hoe die godsdiens van die Jode en Christene van die Bybeltyd was nie.

In die Joodse godsdiens was die tempel belangrik, maar die 'allerheiligste' was die belangrikste vertrek in die tempel, daar waar die heiligste voorwerp was: die ark, en dáárvan was die enigste inhoud die twee plat klippe met die tien gebooie daarop. En ses van die tien gebooie is eties van aard ; dit handel oor die praktiese lewe. Want in die hart van die godsdiens lê die uitleef van jou geloof in die doodgewone lewe. 'n Mens kan tog nie glo dat jy in 'n verbond met God staan sonder om ook te glo dat Hy jou lewe stuur nie. Geen wonder dat die Ou Testament vol is van etiese onderrig en vermaning nie.

Die Nuwe Testament word ingelui deur die Man van Nasaret wat nie sy volgelinge die kultus geleer het nie, maar die lewe. As jy vra hoe om te bid (kultus), kry jy die 5 verse van die Onse Vader, maar as jy vra hoe om te lewe (praktyk), kry jy die 105 verse van die Bergpredikasie.

Die lakmoestoets van die egtheid van jou godsdiens is nie hoe jy dit beleef nie, maar hoe jy dit uitleef. Al kan jy vir Christus sê dat jy duiwels in sy Naam uitgedryf het en baie wonders gedoen het, sal Hy jou wegwys as jy die "wet van God oortree" (Matt 7:23). En dié wet vra praktiese liefde vir God en jou naaste. Vroomheid wat nie prakties uitgeleef word nie, is bedrog.

Daar word vandag so op die individuele lidmaat gekonsentreer en gefokus, dat die eenheid en die betekenis van die liggaam van Christus geen of nie voldoende aandag ontvang nie. 'n Benadering vanuit die verbondsperspektief kan 'n welkome korrektief bied.

Dit is goed om De Klerk hier 'n laaste woord te laat spreek (1985:13). In alle verbonde is daar twee dele. Die volk wat genadiglik opgeneem is in die verbond moet, soos by alle ooreenkomste, aan sekere bepalings voldoen. Liefde vra wederliefde. Die wederliefde

van die verbondsvolk sal bewys word deur die dien van en die soek na die eer van die Verbondsgod.

Die verbondsgawes en beloftes gaan aan die opdragte en eise vooraf. Die verlossing deur die bloed van Christus en die vervulling daarvan deur die Heilige Gees maak dat die opdragte van die verbond binne die kader van dankbaarheid geplaas word.

Daarom sal daar in die verbondsprediking wat binne die ruimte van korporatiewe aanbidding plaasvind, steeds gevra moet word na die gehoorsaamheid aan die verbondswet. Deel van dankbare gehoorsaamheid lê in die diens aan die Koning deur sy Verbondswoord uit te dra.

Korporatiewe aanbidding kan opnuut die belewenis word en wees wat dit behoort te wees wanneer en as die postmoderne mens besef en beleef wie en wat hy/sy is: verbondskind en beeld van God.

Die erediens is 'n bepaalde en eiesoortige koninkryksgebeurtenis binne die gemeente as 'n liturgiese vergadering. Die samekomste van die gemeente is noodsaaklik vanweë die verbond van God (De Klerk 1985:48).

In die verbondsverkeer is die individuele beslissing en betrokkenheid binne die korporatiewe opset van die allergrootste belang, maar dan wel op só 'n wyse dat die beginsel van gemeenskaplikheid nie in die gedrang kom nie.

Genoemde antropologiese vertrekpunte word ingedra by die bespreking van die rol van spiritualiteit by korporatiewe aanbidding.

HOOFSTUK 3

VERSKILLENDE DENKRIGTINGS

3.1. INLEIDEND

Sonder dat die moderne mens daarvan bewus is openbaar sy/haar gesindheid en optrede dikwels trekke van bepaalde denkrigtings. De Klerk (1998:18) wil praat van duidelike godsdienstige grondhoudinge by mense.

De Klerk beweer voorts dat as daar in Suid-afrika 'n wetenskaplik-verantwoordbare meningsopname gemaak sou word, daar waarskynlik ses soorte 'Christene' geïdentifiseer sou kon word. Hy sê daarmee saam dat die getalle wat elk van dié ses groepe sou verteenwoordig, onbetroubaar sal wees aangesien mense geneig is om die oneerlikste te wees as hulle kruisies moes trek oor godsdienstige sake.

Hy identifiseer die volgende groepe:

- Die verwerpers
- Die neutrales
- Die ondervraers
- Die vasbyters
- Die eksperimenteerders
- Die toegewydes

Die eerste drie groepe --- verwerpers, neutrales, ondervraers --- só loop De Klerk se raaiskoot (1998:19) --- sal die beduidende meerderheid uitmaak. Elk van dié ses groepe is baie vaag oor hulle opvattinge oor die godsdienste. As 'n mens egter goed luister, sal jy 'n teologie (opvatting oor God) of teorie by elkeen raak hoor,

3.1.1. DIE VERWERPERS

Hulle maak meesal aggressiewe stellings. Daar is geen sogenaamde bewyse vir dit wat die Christendom leer nie. Die beroep op die Bybel is ongeldig, want die Bybel is mities en vol bygelowe en selfs teenstrydighede.

Die Christusfiguur wat God en mens tegelyk is, is 'n absurditeit en daarmee saam is sake soos die maagdelike geboorte en die opstanding uit die dood wetenskaplik onaanvaarbaar. Die Bybelse God moet met agterdog bejeën word. In godsiens is daar altyd iets naïefs, primitief en selfs manipulerend. Dis 'n aantasting van die mens se vryheid en sy bevoegdheid om self te besluit en te kies.

Vir hierdie groep kom godsiens neer op projeksie. Dit beteken dat die mens vir homself/haarself 'n god skep. Dit kom ook neer op 'n verplasing van innerlike emosies na buite. Dikwels word emosies wat as kind ervaar is, geprojekteer op 'n allesversorgende god wat na hom/haar as mens kan kyk. Godsiens is skielik nodig om alles waarna die mens verlang op 'n fopmanier beskikbaar te maak. Dinge soos vrede, geborgenheid, versorging, afhanklikheid en voltooidheid.

3.1.2. DIE NEUTRALES

Hulle gesprekke oor die godsiens is eerder afsydig en skepties as aggressief. Argumente word gewoonlik gekwalifiseer met 'n "miskien". Dat daar 'n godheid sou bestaan is 'n interessante moontlikheid.

Ek glo --- so sal die neutrale sê --- dat elkeen op sy eie manier moet kan glo. Die teologie van die neutrals beweeg in die klimaat van die agnostiek. Dit is 'n ou denkskool wat sê dat alles wat nie sintuiglik of met die verstand verklaar kan word nie, onkenbaar is. Die onkenbare bonatuurlike wêreld is 'n moontlikheid, dog 'n onwaarskynlik, en beslis nie 'n feitlikheid nie. Hierdie mense sou selfs nog aan 'n kerk wou behoort omdat hulle glo dat

dit hulle kinders en hulleself blootstelling gee aan al die verskillende standpunte oor die godsdiens.

3.1.3. DIE ONDERVRAERS

Hierdie groep is 'n maklik herkenbare groep in die kerk. Daar is ook baie soorte ondervraers: afgewaterde gelowiges; protesterende twyfelaars; opregsoekende gelowiges wat vrede met God begeer en dieper in die Woord wil delf; vervreemde gelowiges wat hulle al hoe meer afsluit en hulle geleidelik onttrek omdat hulle nie bevredigende antwoorde kry nie.

Daar is 'n verskil tussen twyfel en ongeloof. Die opregte twyfelaar soek begrip sodat sy/haar geloof opgebou kan word. Egte twyfel sou positiewe waarde kon hê. Die teologie van diésulkes sou tot 'n mate as relativisties bestempel kon word. Relatiwisme wil alles op losse skroewe plaas.

3.1.4. DIE VASBYTERS

Hulle vererg hulle gou vir kritiek en bestempel dit vinnig as dwaling en verset teen die suiwer leer. Die teologie van die vasbyters is gewortel in 'n inspirasieleer wat elke jota en tittel van die Bybel as geïnspireerde Goddelike waarheid beskou. Dis amper 'n fundamentalistiese benadering.

Hierdie groep word die ruggraat van die kerk genoem --- die behoudendes. Die gevaar van 'n benouende beheptheid met geykte tradisie. Dikwels is hulle ook skepties oor die innerlike ervaringslewe in die godsdiens. Die rasonele is veel veiliger. Die gewone en die alledaagse van die godsdiens is die maatstawwe vir die mens se geloofslewe.

3.1.5. DIE EKSPERIMENTEERDERS

Daar is lidmate in die hoofstroomkerke wat die begeerte het na nuwe innerlike godsdienstervaringe. Tradisionele kerkwees het vir hulle muf en passief geraak. Hulle ervaar nie meer geestelike opwinding nie. Eksperimentering met allerlei alternatiewe godsdienstryke word 'n uitdaging.

3.1.6. DIE TOEGEWYDES

Hulle beskik oor min of meer dieselfde leerstellige ingesteldheid as die vasbyters. Tog is daar 'n verskil. Die toegewydes het 'n suiwer eenvoud en oorgawe. In hulle teologie is daar tog 'n gevaar van dwepery, moralisme, oorentoesiasme en selfs 'n geforseerde vorm van vroomheid. Dit sou egter 'n fout wees om te veralgemeen.

3.2. VERNUWING: NODIG OF NIE?

Al bogenoemde groepe se beskouinge begin uit die aard van die saak by die eredienservaringe. Korporatiewe aanbidding het in die jongste tyd al meer in die spervuur begin kom. Die erediens was tradisioneel die hartklop van die gemeente, maar op vele plekke het hierdie al flouër begin klop. Barnard het reeds in 1981 (4) daarop gewys dat die erediens in die brandpunt van kritiek te staan gekom het. Daar word al meer beweer dat die erediens in die kleed van die verlede kom wat net nie meer in die hede pas nie. Die verlange word uitgespreek dat daar 'n tipe erediens moet wees wat elke groep in die samelewing se behoeftes op direkte wyse sal aanspreek. Vandaar dat ons alreeds in sommige gemeentes verskillende tipes erediens kry, sommige dan meer tradisioneel en ander meer loslit-agtig.

Allerlei vernuwingspogings ten opsigte van die erediens word aangewend. Barnard praat van 'n vernuwingsrewolusie (1981:19). Multi-media het algemeen begin raak in die erediens; beweging en liggaamlike aksie word gesoek. 'n Herontdekking van die liggaam het plaasgevind. Betrokkenheid, vryheid, ekstase en belewenis is woorde wat

algemeen gehoor en gebruik word (1981:28). Die oorkoepelende doel van korporatiewe aanbidding sou dan moet wees om mense te bring na ervaring en begeestering. Die toets vir 'n geslaagde erediens sou dan wees of die regte emosie beleef is.

Tereg beweer König (1998:66) dat dit nie nodig behoort te wees om die tradisionele erediens in die historiese kerke passief te beleef nie. Dit hang grootliks van die erediensganger se ingesteldheid af. 'n Persoon kan selfs ten aanhore van die Woordverkondiging baie aktief wees deur te konsentreer en mee te leef met wat daar gesê word.

Janse van Rensburg (2005:435) toon aan hoedat daar vanuit die Ou Testament liturgiese verryking aangewend kan word ten einde die saak van vernuwing aan te spreek. Hy wil pleit vir 'n herwaardering van Bybelse grondmotiewe soos die verbond en die koninkrykgedagte. Strydom sou aanvullend hierby aangehaal kon word as hy sê (1994:186): “ Hierdie Verbondsgod --- die majesteitlike Koning van die heelal; die Skepper en Onderhouer van alle dinge; die inisiatiefnemende Verlosser-God, wat mense in liefde en genade tegemoet tree in hulle ellende en nood; die Vader, Seun en Heilige Gees --- vind vreugde in die liturgiese verbondsontmoeting met sy gemeente”.

3.3. DENKRIGTINGS

Hieronder volg nou 'n klompie verskillende denkrigtings, wat na die mening van die navorser, beduidende invloed kan uitoefen op die siening en belewenisse van korporatiewe aanbidding. Soos ook reeds opgemerk: In meeste gevalle sou 'n persoon nie eers bewus wees daarvan dat hy/sy 'n bepaalde denkpatroon navolg nie en wanneer die denkpatroon by dié persoon getipeer sou word sou dit dalk ook ten sterkste ontken word.

Die bedoeling van hierdie studie is ook nie om aandag te gee aan elke denkpatroon nie. Slegs dié wat na alle waarskynlikheid die meeste invloed sou kon uitoefen op die belewenis en behoefte van die moderne mens word hier aangestip.

3.3.1. SUBJEKTIVISME

Subjektivisme sou bestempel kon word as 'n epistemologiese teorie. Dit is 'n teorie van kennis en hoe hierdie kennis verkry word. Subjektivisme gaan egter van die standpunt uit dat hierdie kennis deur die verstand gegenerer word maar sonder enige verwysing na die realiteit (Landauer: www.importanceofphilosophy.com 2001:1).

Dit beweer dat die bekom van kennis van die wêreld deur introspeksie geskied. Op metafisiese wyse word die wêreld 'n figmentasie van menslike verbeelding. Die uitgangspunt word gehandhaaf dat aangesien die realiteit 'n aspek is van die mens se gedagtes, word die realiteit dan ook beïnvloed deur die gedagtes.

Hierdie teorie word nooit op 'n konstante basis gehandhaaf nie. Die voorstanders daarvan handhaaf dit slegs in sekere aspekte. Dit kom neer op 'n aksie van vermyding. 'n Poging om die feite van die realiteit te ignoreer. Dit wil aanspraak maak daarop dat die menslike gedagte sekere aspekte van die realiteit beheer, of dat bepaalde feite van die werklikheid nie bestaan nie en ander weer kan bestaan juis omdat die gedagte dit so wil hê.

'n Algemene gebruik, aldus Landauer (2001:1), van subjektivisme is op die gebied van die etiek. 'n Subjektiewis vermy die objektiewe aard van die etiek en gee voor dat hy mag optree soos hy verkies, sonder enige aanspreeklikheid of gevolg.

Subjektivisme is grootliks ontkenning van die werklikheid. Dit kom neer op die aanvaarding van die primaat van selfbewussyn. Dit maak die blatante stelling dat enigiets aanvaarbaar is, en dit gee vrye teuels aan persoonlike begeertes en emosies word toegelaat om te seëvier.

Subjektivisme is 'n filosofiese benadering waarvolgens die individu se persoonlike voorkeure altyd eerste geplaas word ten spyte daarvan dat die teendeel waar mag wees en ten spyte van die feit dat genoemde individu bes moontlik veel sou kon leer uit bepaalde

omstandighede. Subjektiviste neem nie ag hoedat hulle gevoelens tot stand gekom het nie (www.etext.org/subjectivism).

Subjektivisme kom voor by alle mense, in mindere of meerdere mate, As hipotese is ter inleiding gestel dat subjektivisme na alle waarskynlikheid 'n groot rol te speel het by die benadering en verwagting van die moderne mens ten opsigte van korporatiewe aanbidding. Bostaande uiteensetting van die basiese beginsels van die subjektivisme onderstreep hierdie kommer.

3.3.1.1. METAFISIESE SUBJEKTIVISME

Die teorie word gehandhaaf dat persepsie die werklikheid bepaal. Daar bestaan eintlik geen onderliggende realiteit onafhanklik van menslike persepsie nie. Hierdie uitgangspunt staan in direkte kontras met die metafisiese objektiwisme wat sê dat daar altyd 'n objektiewe werklikheid bestaan wat op verskillende maniere waargeneem word (www.wikipedia.org/subjectivism).

3.3.1.2. SUBJEKTIVISME EN PAN-PSIGISME

'n Negatiewe verlengstuk van die subjektivisme is dat bewustelike ervaring beskikbaar sou wees vir alle objektiewe substrate. Hiervolgens gaan die subjektivisme op in 'n ander sogenaamde dissipline, naamlik pan-psigisme. Dit is die seining dat elke objektiewe feit sy eie innerlike subjektiewe aspek het. Hierin mag iets van die okkultisme teruggevind word.

3.3.1.3. ETIESE SUBJEKTIVISME

Etiese subjektivisme is die meta-etiese standpunt dat etiese stellings gereduseer word tot feitelike stellings aangaande gesindhede en/of oortuigings van individuele persone. As praktiese voorbeeld sou 'n etiese subjektiewis hiervolgens kon voorstel dat vir 'n bepaalde saak om as moreel reg beskou te word, dit gewoon daarop neerkom dat dit aanvaar moet word.

3.3.1.4. RADIKALE SUBJEKTIVISME

'n Ekstreme vorm van die etiese subjektiwisme. Hiervolgens is niks inherent goed of sleg nie of werklik net reg of verkeerd nie. Radikale subjektiwisme sou anders opgesom kon word deur te sê hiervolgens is enigiets aanvaarbaar (www.wikipedia.org/subjectivism).

3.3.1.5. SUBJEKTIEWE WAARSKYNLIKHEID

Subjektiwisme gaan van die standpunt uit dat waarskynlikhede gewoon net grade van aanvaarding kan wees by wyse van rasonele benadering ten opsigte van 'n bepaalde proposisie. Daar hoef geen noodwendigheid te wees van 'n objektiewe realiteit in sigself nie (www.wikipedia.org/subjectivism).

3.3.2. EMOTIWISME

Emotiwisme word soms bestempel as 'n alternatiewe vorm van subjektiwisme. Emotiwisme is nie 'n metodologie waarvolgens 'n goeie en morele lewe geleef sou kon word nie. Die emotiewe teorie aangaande die etiek spruit grootliks voort uit die skool van die logiese positiwisme wat kennis aangaande 'n bepaalde saak wil fundeer in die ervaring of belewenis daarvan (www.faiethnet.org.uk/emotivism).

Enige saak wat nie deur logiese analise of deur ervaring (belewenis) geverifieer kan word nie, is onaanvaarbaar. Emotiwisme verwyder enige feitlike inhoud van etiese taalgebruik. Ten spyte van die emotiwistiese uitgangspunt dat etiese taal nie-feitlik is, tree mense tog nie werklik daarvolgens op nie. Dit sou onwys wees om sekere aksies in die lewe te onderneem gewoon net omdat dit gebaseer sou moet kan word op die emosionele reaksie binne in die bepaalde persoon.

As een persoon sê die doodstraf is aanvaarbaar terwyl die volgende persoon dit onaanvaarbaar vind, verskil hulle, volgens die teorie van die emotiwisme, inderwaarheid nie van mekaar nie. Die rede hiervoor is dat geneen eintlik 'n feitlike stelling maak

het nie, maar slegs uitdrukking gegee het aan emosie. Die enigste verskil tussen hierdie genoemde twee persone se uitsprake lê in die gesindheid wat hulle openbaar ten opsigte van die saak van die doodstraf.

3.3.3. POSITIWISME

Janse van Rensburg (2000:3) wys August Comte uit as die filosoof wat die term positiwisme onder die aandag laat kom het. Dit verwys na 'n ideologie wat voortvloei uit die tydperk van die Rasionalisme.

Hiervolgens sou die mens deur middel van sy/haar rede (verstand) en inteltek die wêreld kon beheer en oorwin. Alles kulmineer voorts in die idealisering van die wetenskap waarvolgens die wetenskaplike bewys en feite die enigste aanvaarbare norm vir kennis sou wees.

Alleen dit wat bewysbaar sou wees, kan aanvaar word as waarheid. Dit impliseer dat kennis alleen maar ware kennis sou wees as dit op objektiewe wyse bekom is. Geen subjektiewe gedagte, oortuiging of gevoel (emosie) mag toegelaat word om die kliniese observasie van die wetenskap te belemmer nie.

3.3.4. RELATIWISME

Die verhouding tussen relatief en absoluut is hier van belang. Absolute kennis ten opsigte van enige saak is nie bereikbaar nie. Janse van Rensburg (2000:11) het geen probleem daarmee dat geen absolute kennis haalbaar is in enige konstruk of realiteit nie, solank as wat met "relatief" bedoel word die onmoontlikheid om oor absolute kennis te beskik.

Wanneer "relatief" egter geïnterpreteer word as deel van die sogenaamde dekonstruksieproses en ook die oorhand kry, soos by die post-strukturalisme, dan begin 'n rooi lig te flikker. Dan tree die relativisme op die voorgrond wat suggereer dat geen waarheid, geen norm en geen sisteem enigsins absoluut kan wees nie.

Die basiese waarhede van die Christelike geloof kom dan hiermee in die gedrang. Norme soos: jy mag nie steel of moor of egbreuk pleeg nie, wat immers vir Christene fundamenteel is, mag nie universeel geldend gemaak word nie. Dit kan nie beskou word as absolutes nie. Die konstruktivisme stel hiermee saam dat die waarheid alleen te vinde sou wees in die konstruksie van die realiteit. Soms word die term “relatiewisme” as ‘n wisselterm vir die postmodernisme gebruik.

3.3.5. DEKONSTRUKSIE

Dekonstruksie het die konsep van die hedendaagse geword (Janse van Rensburg 2000:9). Dit is ‘n postmoderne uitgangspunt. Waarskynlik die mees deursigtige beskrywing van die beginsel van dekonstruksie is dié waarna Janse van Rensburg verwys (2000:9) as hy sê dat dekonstruksie bygedra het tot die ineenstorting van eenheid deur die uitdaging van die logosentriese tradisie van Westerse denke. Logosentrisme dui op ‘n moderne metode of interpretasie van ‘n teks deur middel van die rede en konsep.

Dekonstruksie staan daarvoor dat ‘n teks beskou sal word vanuit die perspektief van die taal. Taal sou dan nie beskou kan word as die voortsetting van betekenis nie, veral nie as aanvaar moet word dat die betekenis van woorde nie in alle omstandighede dieselfde sou bly nie. Volgens die beginsel van dekonstruksie sou die betekenis van alle woorde onderworpe wees aan konstante verandering. Betekenis word ‘n instrument van verandering.

Dekonstruksie is die algemene strategie wat die sogenaamde mite van vaste, tydlose, noodsaaklike en ook toeganklike strukture van onafhanklike waarhede wat deur die menslike vermoëns daargestel is, wil ontmasker en afbreek (2000:10).

3.3.6. TRANSENDENTALE PERSPEKTIEWISME

Teen die einde van die twintigste eeu is 'n nuwe perspektief ontwikkel wat objektiwiteit in die skadu stel. Dit het nou belangrik begin word om die eng grense van die "self" te kan oorskry. Dit is die begeerte om met die "ander" te kan skakel en met hom/haar een te wees ("connectedness").

In die proses van om die grense van die self te kan oorskry en met die ander te wees, toon die transendentale perspektiwisme 'n belangstelling in die antieke sjamanistiese tradisies. Terselfdertyd word die lig van die rede ook gewerp op al die donker areas van menswees. In hierdie proses moet die mensdom bewus gemaak word van die verantwoordelike gebruik van spiritualiteit en ook die magiese. Die transendentale perspektiwisme wil inspireer tot 'n sintese van rede, liggaam en gees (www.perspectivism.com).

Op 'n pragmatiese wyse maak die transendentale perspektiwisme gebruik van die beste van rasionele denke, wetenskaplike metodologie en ook antieke spiritualiteit teneinde 'n nuwe sintese te bewerkstellig tussen oos en wes, noord en suid, bo en onder, hier en anderkant. Dit maak daarop aanspraak om die filosofie te wees van die sogenaamde "global village".

Transendentale perspektiwisme wil die mens se verhouding tot die natuurlike wêreld transformeer; die omgee vir omgewing en ekologie bevorder. Dit wil 'n dieper verstaan bied vir die wêreld waarin die mens moet leef.

Transendentale perspektiwisme wil die mens meeneem op 'n pad na 'n totaal nuwe vorm van wetenskap. Dit sal 'n wetenskap wees wat nie langer manlik of feministies sal wees nie, nie Amerikaans of Duits of Brits nie. Dit sal 'n universele wetenskap wees wat meervoudige perspektiewe sal open. Wanneer die mens tot 'n besef kom van die perspektief verbonde aan alle sake, sal die beskeie menslike rede eindelijk begin leer om van perspektief tot nuwe perspektief te beweeg, van waarheid tot waarheid, van dimensie tot dimensie, van objek tot volgende objek en om dan ook 'n tuiste te vind in elkeen van hierdie dinge.

3.3.7. FUNDAMENTALISME

Die fundamentalisme aanvaar dat die Bybel die Woord van God is en daarom ook as onfeilbaar beskou moet word. God is immers onfeilbaar, daarom behoort sy Woord dit ook te wees. As daar 'n enkele fout in die Bybel sou wees, word alles onseker; dan kan enige ander deel ook foute hê en dan is ons van niks meer seker nie en kan ons God ook nie vertrou nie, aldus König (2006:172).

Hierdie rigting stel hom dan ten doel om alles in die Bybel wat na foute of moontlike teenstrydighede mag lyk, te verduidelik en weg te verklaar. Vir sommige sogenaamde verskille vind hulle wel verklarings. Volgens Matteus genees Jesus 'n blinde as Hy uit Jerigo gaan, maar volgens Lukas as Hy naby Jerigo kom. Die verklaring hiervoor sou wees dat daar 'n ou stad sowel as 'n nuwe stad is. As jy by die oue uitgaan is jy naby die nuwe.

Fundamentaliste het ernstige probleme wanneer en as hulle die Bybel letterlik wil interpreteer. Tog bevorder hierdie standpunt eerbied vir die Bybel by diegene wat dit aanvaar en dit wil beskou as die gesagvolle Woord van God.

3.3.8. PIËTISME

Die Piëtisme het in Duitsland in die Lutherse Kerk ontstaan aan die begin van die agtiende eeu. Hulle het persoonlike bekering voorgestaan en daarby 'n lewe van heiligheid, oorgawe en toewyding beklemtoon teenoor die bloot formele aanvaarding van die leer van die kerk wat hulle op daardie stadium as dooie ortodoksie bestempel het (König 2006:360). Jakob Spener word as die vader van die Piëtisme beskou.

In Suid-Afrika is daar steeds reste van die piëtistiese beskouing, veral ook so in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die invloed van 'n groep Skotse predikante is nog merkbaar. Die waarde van 'n piëtistiese benadering mag ook nie misgekyk word nie. In die huidige tydsgewrig sou sterk klem op 'n heilige en toegewyde persoonlik lewe

(verhouding met God) geensins onvanpas wees nie. Kombinase met perspektiewe op die verbond en die koninkryk van God sou ook hier te pas kon kom. Werkheiligheid moet egter total buite rekening gelaat word sodat die streng gereformeerde beginsels (die vier “sola’s”) tot hulle reg sou kom.

In dieselfde asem sou hier ook melding gemaak moes word van die Puriteine. Hulle het hulle daarvoor beywer om na die Kerkhervorming die Church of England te reinig (purify).

Hulle het die reiniging of heiliging van sowel individu as die samelewing nagestreef. Hulle het ‘n eie verbondsteologie gehad en die kerk en staat in terme van Bybelse beginsels probeer hervorm. Hulle het baie streng lewensreëls gehad, en was veral streng ten opsigte van die viering van die Sondag (König 2006:367).

Die Piëtisme het hom, as spiritualistiese vroomheidsbeweging, beywer vir die individuele godsdienstige ervaring teenoor die verstandelike denke. Die klem is verskuif van die geloofsgemeenskap (kerk) na die vroom enkeling; van die objektiewe Skrifwoord na die subjektiewe, eie belewenis. Daar is eensydig gekonsentreer op bekerings- en heiligingservarings. Dit was ook ‘n dualistiese lewenshouding wat enersyds negatief teenoor die aardse en die stoflike gestaan het, en andersyds gekenmerk is deur ‘n eensydige hemelverlange en ook ‘n beheptheid met sterfbedervarings (Strydom 1994:96)

3.3.9. MODERNISME

Die modernisme staan tussen die vroeëre antieke tye en die hedendaagse Postmodernisme. In die antieke tye het mense in bonatuurlike dinge geglo, soos die wonderwerke deur Christus en ook die opstanding van Christus. In die moderne tye het die mens slegs dit wat bewys kan word as geldig aanvaar. Die natuurwetenskappe met hulle duidelikheid en eksaktheid was die ideaal.

Teenoor die onderdanigheid aan gesag wat kenmerkend was van die antieke mens, staan nou die moderne mens wat volwasse (mondig) geword het. Hy kan self dink en besluite neem; dinge uitredeneer en selfs bewys (König 2006:327).

Ongelukkig het die modernisme ook lelike modderspore gelaat van gesagloosheid, gebrekkige dissipline en tot 'n groot mate 'n bandelose samelewing.

3.3.10. POSTMODERNISME

Postmodernisme is die versamelnaam van 'n hele aantal strominge in die Westerse wêreld sedert veral die laaste kwart van die vorige eeu. Dit is 'n grootskaalse reaksie teen die sekerhede wat die Modernisme gestel het, naamlik dat net dit wat gemeet, geweeg en bewys kan word, geldig is.

Daar is nou by sekere groepe die oortuiging dat daar nie net een waarheid is nie, maar waarheid inderdaad 'n subjektiewe begrip is. Wat vir die een persoon waar en aanvaarbaar is, hoef nie noodwendig vir die volgende persoon ook so te wees. Albei persone kan dan inderdaad ook korrek wees in hulle aanvaardings (König 2006:362). Postmodernisme wil alle waarheid relativeer.

Hierdie uitgangspunte raak natuurlik die evangelie van Christus op direkte wyse. As Jesus die waarheid is (en Hy maak aanspraak daarop), en as Christene geroep is om alle mense na hierdie Christus te nooi, dan is daar slegs een geldige waarheid vir almal.

Hiermee het die Postmodernisme ernstige probleme en volgens die beginsels van dekonstruksie en post-strukturalisme word hierdie waarheid afgetakel.

3.3.11. RASIONALISME

Volgens die rasionalisme word die teorie gehandhaaf dat die mens alleenlik deur middel van die gesonde rede by die waarheid aangaande die wêreld kan uitkom. Ervaring of belewenis speel hierin geen rol nie.

In verskeie kontekste word hierdie appél op die rede alleenlik gekontrasteer met openbaring by die godsdiens; emosie en gevoel by die etiek; by die filosofie word die redelike dikwels gekontrasteer met die sintuiglike.

Die naamwoord “rasionalisme” sou op drieërlei wyse opgesom kan word:

- Dat dit dui op die leer dat kennis bekom word deur die rede sonder enige verwysing na ervaring
- Dat die teologie leer dat die menslike rede eerder as goddelike openbaring verantwoordelik is vir die bepaling van die waarheid
- En dan die leer dat die rede die korrekte basis vorm vir die regulering van gedragpatrone.

Die rasionalisme aanvaar dan ook ten opsigte van die geloof slegs dit wat ‘n appél sou maak op die rede van die mens (www.answers.com/rationalism).

Die vernaamste voorstanders van die rasionalisme is Descartes, Spinoza en Leibnitz. Descartes het die sinsnede “cogito ergo sum” (ek dink en daarom is ek) die lig laat sien wat tot vandag toe nog sprekend is van die rasionalisme (www.answers.com/rationalism).

Die Rasionalisme as filosofiese lewensingesteldheid het gekulmineer in die “Aufklärung”, waarin die menslike verstand (rede) verabsoluteer is as die enigste betroubare bron van kennis. Vir die “Aufklärung-mens” moes die godsdiens strook met die rede (die verstandelik-logiese vermoë (Strydom 1994:96).

3.3.12. PLURALISME

Pluralisme is in essensie die bekragtiging en aanvaarding van diversiteit. Die konsep word algemeen gebruik in 'n wye reeks van sake: politiek, in die wetenskap asook ten opsigte van die godsdiens en filosofie.

Volgens die pluralisme moet individue oor die reg beskik om self oor waardes en waarhede te besluit in plaas daarvan dat dit op hulle afgedwing word om die weg van die gemeenskap te volg (www.wikipedia.org/pluralism).

Religieuse pluralisme wil handhaaf dat alle godsdiens legitiem is, geldig en waar is en ook eie kan wees aan 'n bepaalde kulturele verband. Religieuse pluralisme is dubbelsinnig. Religieuse pluralisme staan direk teenoor religieuse eksklusivisme. Religieuse eksklusivisme kom daarop neer dat verteenwoordigers van 'n bepaalde godsdiens hulle godsdiens beskou as die enigste complete godsdiens.

3.3.13. FEMINISME

As definisie van feminisme: 'n Persoon (manlik of vroulik) wat die geldigheid van vroue se eie interpretasie van hulle deureleefde ervarings en behoeftes erken, protesteer teen die geïnstitusioneerde onreg gepleeg deur mans as 'n groep teen vroue as 'n groep, en wat die eliminasië van daardie onreg voorstaan deur die uitdaging van strukture van gesag of mag wat die manlike prerogatief in die samelewing sanksioneer (Forrester e.a.1988:152)

3.3.14. SEMIOTIEK

Dit is die studie van tekens en simbole, beide individueel as gegroepeer in tekensisteme. Die semiotiek sou dan nuttig kon wees vir die openbaarmaking van verskillende vlakke van betekenis.

Vos wys daarop (2001:141) dat die krag van simbole op verskillende vlakke gevind kan word. Dit is altyd meerduidelik, ambivalent en intransitief. Die krag van 'n simbool lê onder meer in die onthulling van meervoudige betekenis waaruit verbeelding kan groei. Dit moet in gedagte gehou word dat ritueel en simbool 'n simbiotiese verhouding het. Die een groei op die ander. Die gelowige ontmoet God in die godsdienstige ritueel en stel hom/haar dan oop vir God se teenwoordigheid en invloed. Rituele en simbole behoort in diens te staan van die kommunikasie met God en as gelowiges met mekaar.

'n Era is betree waarin die Woord begin plek maak het vir prentjies. Mense is nie langer gediend met abstrakte leerstellige formuleringe nie. Hulle is ingestel op boodskappe wat hulle sensitiwiteit roer, wat tot hulle harte spreek en hulle begeertes aanwakker (2001:129).

Die tyd waarin ons leef roep daarom dat dogma moet plek maak vir beleving. Formuleer en belydenisse roep om sigbaarwording in simbole. Rituele gebruik die gevoelswaarde en ritualiste duld geen kognitiewe bevraagtekening nie (Müller 1990:35).

3.4. SAMEVATTEND

Soos ontwikkeling teen 'n steeds toenemende tempo voortgaan en alle projeksies daarop dui dat dit steeds die geval sal wees, kom die vraag telkens na vore: Hoe moet die mens van hierdie 21ste eeu dink en doen om die spoedgolwe met gemak en waardigheid te kan bestuur?

Daar kan geen twyfel bestaan nie dat rigtingwysers dringend gevind moet word. Na aanleiding van die uiteensettings van verskillende denkrigtings, soos hierbo aangedui, blyk dit telkens dat die mens 'n "soeker" is. Die mens soek daarna en begeer om vir homself/haarself die hoogste mate van sin en betekenis in die lewe te vind. Die instrumente wat deur die verskillende denkers in die uiteenlopende rigtings aangewend word, bereik klaarblyklik nie die gewenste uitwerking en doel nie. Daarom dat weer telkens van voor af gedink en gesoek word.

Vanuit 'n ander hoek, hoewel nie heeltemal nuut nie, sal die saak van belewenis van die werklikheid van God in die lewe van die mens benader en ondersoek moet word. Wat die mens dink en hoe hierdie mens dink, bepaal wat die mens uiteindelik word. Die denke van geboorte af tot nou toe het bepaal wat 'n bepaalde mens vandag is. Jou denke vandag en môre sal bepaal wat jy in die toekoms sal wees. Wat by die mond uitkom het eers 'n pad deur die brein geloop.

Omdat die denke as die sentrale vertrekpunt in die mens se lewe beskou kan word, is dit juis ook hier waar die vernuwingsproses sal moet begin. Die Bybel spreek hom op verskeie plekke onomwonde uit oor die denke van die mens as die sentrale vernuwingsbron.

- Romeine 12:2 --- “ Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe “.
- 1 Korintiërs 14:20 --- “ Broers, moenie in julle denke kinders wees nie. Wees onvolwasse in die slegte dinge, maar in julle denke volwasse”.
- 1 Petrus 1:13 (OAV) --- “... omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus”.

As 'n mens op 'n nuwe manier begin dink, begin jy ook op 'n nuwe manier doen. As 'n mens God toelaat om jou denke te vernuwe sal die gevolg daarvan noodwendig wees dat 'n mens God ook op 'n nuwe manier ontdek en beleef. Die vernuwing by die mens vind plaas deur die inwerking van die Heilige Gees.

Bohren wys op twee uiterstes waarin verval kan word wanneer daar, met die oog op die sogenaamde “ praktisch-werden Gottes” in die lewe van die mens, gepoog word om in die lig van die pneumatologie uitdrukking te gee aan die verhouding tussen die werk van die Gees en die handeling van die mens (1971:21).

Aan die een kant: God kan “prakties” word in soverre ek Hom prakties “maak”; wanneer ek God prakties maak, maak ek vir my ‘n God wat wesenlik daarin bestaan om my God te wees. Ek maak dus vir my ‘n God wat ek kan gebruik.

Aan die ander kant: Die verhouding tussen die Goddelike en die menslike in hierdie praktieswording van God kan ook só bepaal word dat die praktieswording van God op die menswording sentreer, en die praxis van die kerk en die Christendom as refleksie op hierdie enige en eenmalige praxis sien. Die mens het dan as’t ware niks meer te doen nie, omdat God alles vir die mens doen (Bohren 1971:22).

Die balans of die ewewig tussen hierdie twee afwykende sienings lê in ‘n teonome wederkerigheid. Laubscher (1986: 15 – 27) toon aan dat die kenmerkende van die Heilige Gees dit is naamlik dat Hy die mens aan die werk sit in die koninkryk van God. Dit kom neer op inskakeling en nie uitskakeling nie. Die mens word in sy/haar totaliteit ingeskakel by God se werk en hoef nie gedepersonaliseer te voel nie.

Hiermee saam loop ‘n ander gedagte en dit is dat die rasionalistiese invloed deur die jare waarskynlik te sterk deurgekom het by korporatiewe aanbidding. Korporatiewe geleenthede is as’t ware bestuur vanuit die eksakte denke van die logika en die rasidele.

Neethling en ander (2001: 67) pleit daarvoor dat heelbreindenke toegepas moet word deur en by die mens om God optimaal te kan ervaar en beleef. Dit kom neer op integrasie van analitiese, verbeeldingryke, gestruktureerde en ook ‘n sensitiewe benadering. Hiervolgens kan kombinasie gevind word tussen die rasidele en die emotiewe.

Verskillende aspekte word uitgelig waarvolgens hierdie kombinasie kan realiseer om God dan as ‘n groter werklikheid te leer ken en ervaar.

- Intuisie omskryf ‘n noodsaaklike deel van die denkproses. Dit is die vermoë om regstreeks iets te weet sonder ‘n voorafgaande analitiese proses. Wanner ‘n mens

‘n besluit neem wat slegs op die analitiese, die logiese en die rasonale berus, is die besluitnemingsproses op vandag en gister se inligting gebaseer. Intuïsie is nie-analitiese informasie en is uitsluitlik ‘n regterbreinproses wat unieke dimensies tot die prosesse van die linkerein toevoeg. Gedurende hierdie intuïtiewe prosesse word data ontvang sonder dat die mens presies weet waarvandaan dit kom. Intuïsie is vir baie mense ‘n prentbelewens. Vir ander kom dit voor in die vorm van ‘n stemmetjie wat binne-in jou praat (‘n soort “inner-voice” ervaring) en ‘n gevoel van opgewondenheid wat hierdie sien- en hoorbelewens vergesel. Intuïsie sou ook ‘n groot rol kon speel by emosionele intelligensie.

- Beeldstroming is ‘n ander proses wat moontlik die werklikheidservaring van God kan vergroot in die mens se lewe. Wanneer ‘n mens vir jouself ‘n situasie of voorwerp beskryf, dan kom daar in die proses meer en meer detail na vore hoe meer jy fokus op dit wat jy beskryf. Hoewel hierdie saak by en tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding nie heeltemal prakties toepasbaar sou wees nie, aangesien dit die erediensganger se aandag sou weglei van die weselike van die geleentheid, sou dit tog toegepas kon word na afloop van die erediens en gegrond wees op die inligting ontvang tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding.
- Sisteemdenke behels om verder en dieper te sien as die oënskynlike geïsoleerdheid van dinge en sowel voor die handliggende as verskuilde patrone raak te sien.
- Die paradigma stel die grense vas waarbinne die mens dink of optree. Daarvolgens word dan ook gedragspatrone ontwikkel wat die mens in staat stel om binne die grense te funksioneer. Wat egter dikwels gebeur is dat ‘n mens so kan vaskyk teen jou begrensing dat jy blind word vir dit wat moontlik buitekant die grense kan plaasvind. Dit veroorsaak rigiditeit en ‘n ontkenning van ander werklikhede. Alle mense trap maklik in hierdie strik. Neethling (2001:106) meen dat sprongdenke nodig is om uit ‘n groep uit te kan kom en ander werklikhede raak te sien en te ervaar.

- Elke mens se dinkvoorkeure dui aan hoe hy/sy verkies om himself en ander te hanteer, probleme aan te pak, die toekoms te benader, besluite te neem en uitdagings aan te spreek. Hierdie dinkvoorkeure bepaal eindelijk ook hoe die mens die werklikheid van God in sy/haar persoonlike lewe ervaar.

Janse van Rensburg (1998:65) sluit aan by die gedagte van heelbreindenke deur te wys op die rol van inbeelding in die perseptualisering van die werklikheid. Die rol van die verbeelding is onder meer om die intellektuele persepsie van die werklikheid (linkerbrein) en die abstrakte beleving van die werklikheid (regterbrein) tot 'n geheelindruk te verenig.

Die verbeelding is in staat om die werklikheid te transendeer. Die verbeelding sou ook ingespan kon word om positiewe emosies te presipiteer.

Die prediking was nog maar altyd die hart van die Gereformeerde erediens. Dikwels sal lidmate reageer na afloop van 'n erediens deur daarop te wys dat die Woordverkondiging hulle op direkte wyse aangespreek het. Selde gebeur dit egter dat iemand met emosie sou verwys na enige ander element van die erediens en hoe dit hom/haar geraak het en nuwe perspektief gegee het op die werklikheid van God in 'n mens se lewe.

Die feit dat die Woord ook op ander maniere na die gemeente toe kan en behoort deur te kom, byvoorbeeld deur simbole, sigbare voorstellings of selfs beweging, het nog nie goed ingang in ons eredienste gevind nie. Hieroor moet ernstig nagedink word sodat dit dan nie verder gebeur dat 'n sekere element van die liturgie in die proses van toepassing weer andere oorheers nie. Die ideaal sou wees dat God as werklikheid in elke element van die erediens beleef sou word.

Dis nodig dat hier ook verwys sal word na komplementerende koinonia-verbande wat veral tydens korporatiewe aanbidding beleef behoort te kan word. Hendriks (1990:99) wys daarop dat koinonia nie in die mens sy oorsprong het nie, maar by God.

Koinonia druk iets nuuts en dinamies in die Christelike gemeente uit. Dit vertolk die eenheid tussen gelowiges wat deur die Gees bewerk is. Die individu het volledig opgegaan in hierdie gemeenskap van gelowiges. Die gemeenskap van die gelowiges is geaktualiseer.

Die erediens word 'n vergadering van hulle wat deur God byeen geroep is tot koinonia met Homself deur sy Seun en met mekaar. God roep die mens, gee aan hom/haar lewe en laat hulle lewe deur deelhebbing aan Homself en met mekaar deur koinonia. Hierdie warmte tydens korporatiewe aanbidding dui aan dat God 'n werklikheid is. Hy word as sodanig beleef en ervaar.

Die postmodernisme bied ook nuwe insigte ten opsigte van belewenis tydens korporatiewe aanbidding. Sekerlik hou dit die bedreiging van subjektiwisme, pluralisme en relativisme in, maar dit sou dwaas wees om nie ook daarvan bewus te wees dat dit ook 'n bewusmaking meebring het van die individu en die besondere konteks waarin hy/sy geroepe is om te leef nie.

Daarmee saam het die postmodernisme ook as resultaat dat by die toegewyde gelowige, die soeker na God in Sy Woord en om "coram Deo" te lewe, 'n nuwe waardering posgevat het vir die kosbaarheid van die Woord van God. Dit sou daartoe aanleiding kon gee dat die saak van korporatiewe aanbidding by sommige veel hoër prioriteit sou kon geniet. Dit is immers 'n bewese feit dat 'n mens iets eers na behore begin waardeer as die moontlikheid bestaan dat jy dit kan verloor. Die dekonstruksie-beginsels van die postmodernisme sal daartoe bydra dat die gelowige God se Woord in 'n nuwe lig begin beskou.

Uit al die verskillende denkpatrone en sisteme waarna in hierdie afdeling verwys is, kan sekerlik veel insig verkry word. Die grootste winspunt is sekerlik dat dit 'n mens self aan die dink sit. Dit veroorsaak duidelike beweging in die rigting van 'n omlýnde Godsbesef. Dit aktiveer godsdienstige sensitiwiteit. Dit skep raamwerke waarbinne die mens kan bepeins WIE en HOE God is, Hom sodanig kan beleef en dan ook uitleef (1998:38e.v.)

- Die raamwerk van die mens as beelddraer van God
- Die raamwerk van die oorweldigende majesteit van God
- Die raamwerk van die solidariteit en samehang van alles
- Die raamwerk van die onvoltooidheid van alles.

Gelowiges sou dan, teen die agtergrond van hulle geloofskennis, godsdienstige sensitiwiteit kon bewerk tot 'n wonderlike emosionele ervaring, sowel in individuele as in korporatiewe verband.

HOOFSTUK 4

BEOORDELING VAN DIE UITWERKING VAN DIE POSTMODERNISME OP KORPORATIEWE AANBIDDING

Iemand skryf:

A great enemy has died --- but few heard about the funeral. As a matter of fact many deny that she is dead at all. She was too tough, too mean; we fought her too long. But the evidence is in: Secular Humanism, which thrived under the shadow of modernity, and whom for decades we blamed for all the ills of society and church, has apparently passed away. Funerals are usually solemn occasions, but in this case we should rather rejoice. The “mean old witch, the wicked witch is dead.” But before we start doing cartwheels, we had better look over our shoulder --- her sister has shown up and things have just gone from bad to worse.

Humanism’s evil sister flies under the handle of postmodernism, and everywhere one turns these days she shows her ugly face. Both in the secular and religious media and literature the word postmodernism is bandied about, and the party has just started. Soon the word, if not the concept of postmodernism, will be as familiar to us as humanism has been in the past. So what is postmodernism, and how has it, and how will it, affect our lives, our culture and our churches? (Anoniem).

4.1. PREMODERNISME

Gedurende die premoderne era, wat strek min of meer vanaf die Middeleeue tot by die Franse Rewolusie van 1789, het die Westerse wêreld geglo in die bo-natuurlike. Niemand het die bestaan van God in twyfel getrek nie. Geeste, duiwels en ander wesens het bestaan anderkant die waarneembare werklikheid. Op verskillende wyses is aanvaar dat hierdie geesteswêreld beheer uitoefen oor die fisieke wêreld.

Animisme, mitologie, Griekse filosofie en ook die Christendom het in hierdie wêreld gefloreer en so divers as wat die verskillende uitgangspunte was, het elkeen vasgehou aan een of ander vorm van 'n bo-natuurlike bestaanswerklikheid.

Bybelse Christendom was in sy wese premodern. By die aanbidding van die evangelie was dit nie nodig om iemand te oortuig daarvan dat God bestaan nie; almal het dit aanvaar. Die uitdaging was om die mens te oortuig dat daar maar net een ware God was, wat sy Seun na die wêreld toe gestuur het om vir die sonde van mens en wêreld met sy lewe te betaal. In baie opsigte was die premoderne wêreldbeskouing 'n meer vrugbare teelaarde vir die verspreiding van die evangelie-boodskap as die modernisme of postmodernisme. Een van die sterkste punte van kritiek ten op sigte van die Christendom is steeds dat dit te sterk gewortel lê in die premodernisme en dit word bestempel as primitief en gek. Die bo-natuurlike vind geen plek in moderne denke nie.

4.2. MODERNISME

Die fondasies van die premodernisme het begin skud met die opkoms van die vroeë Renaissance en later die Reformasie, maar dit was eintlik die Verligting (Aufklärung) wat die fundamente laat kraak het. Invloedryke filosowe soos byvoorbeeld Immanuel Kant (1724 – 1804) het dogmas begin bevraagteken en bronne van gesag in twyfel begin trek.

Op hierdie tydstip was die Westerse wêreld se gesag alleen te vinde in die kerk (Rooms Katolisisme) of in die Skrif (Protestantisme), en in sommige opsigte miskien die Islam (Koran).

Die argitekte van die Verligting het hierdie gesagstrukture begin uitdaag en ook die geloof wat daarin gegrondves was en in die plek daarvan die menslike rede geplaas (Rasionalisme). Die doel van die Verligting was om die mensdom te bevry van “bygeloof” (bo-natuurlike) en 'n filosofie en gemeenskap te vestig op rasonele denke, empiriese waarneming en wetenskaplike feite (www.inplainsite.org: 2). Met die opkoms van die Verligting het 'n nuwe beskermengel van die waarheid op die horison verskyn

wat die kerk vervang het, naamlik die wetenskap. Laasgenoemde (die advokate daarvan) het Christene beskou en bestempel as grootliks naïef en vasgevang in mites.

Modernisme het homself aangebied as die oplossing vir die mensdom om onbeperkte vordering te maak in die rigting van 'n beter lewe. In sy wese sou die Modernisme dan bestempel kon word as “human autonomy”.

Of die Modernisme in 1973 of dalk in 1989 te sterwe gekom het is debatteerbaar. Of dit wel ook dood is, is nog 'n ander vraag! 'n Opsigtelike paradigma skuif het egter plaasgevind ten opsigte van die wêreldbeskouing in Westerse kringe. Die nuwe beskouing is postmodernisties.

4.3. POSTMODERNISME

Postmodernisme is relatief ingewikkeld om te omskryf. Die tentakels daarvan is op baie plekke en op verskillende maniere ingeslaan. Ten grondslag van die postmodernistiese uitgangspunt lê die saak van “waarheid”. Vir die premodernis was die waarheid te vinde in die openbaring. By die modernisme vind ons dat waarheid allen te vinde kan wees by die rede en die wetenskap. Die postmodernistiese beskouing van die waarheid is dat dit geskep word.

Absolute waarheid is 'n fabel. Dit is vir elke individu moontlik om sy/haar eie waarheid daar te stel; vir kulture en subkulture om 'n eie waarheid te skep, maar dit is onmoontlik om 'n universele waarheid te vind wat van toepassing sou kon wees op alle mense en omstandighede. So 'n waarheid bestaan nie en hoef ook nie gesoek te word nie. Diegene wat aanspraak maak op die waarheid doen dit alleenlik om mag te verkry oor andere.

Volgens Kruger (www.inplainsite.org:3) verwerp die Postmodernisme, in teenstelling met die modernisme, enige aanduiding van absolute waarheid en dring daarop aan dat die enigste vorm van absoluutheid in die heelal die feit is dat daar geen absolutes is nie. Verdraagsaamheid is hier die hoogste deug en eksklusiwiteit die grootste ondeug.

Waarheid is nie gesetel in die werklikheid of in enige vorm van gesaghebbende teks nie, dit word gewoon gekonstrueer in die gedagte van die individu of dit kan ook sosiaal gekonstrueer word.

Groothuis (www.inplainsite.org:3) brei hierop uit deur by te voeg dat vir die postmoderne denker die idee van waarheid gedisintegreer het. Dit is nie langer kenbaar nie. Uiteindelik is die waarheid gewoon maar wat ons, as individue, daarvan wil maak.

Die kriteria wat deur die postmodernisme aangewend word waarvolgens die mens dan besluite sou kon neem en 'n waardesisteem kon opbou, is gewoon dat dit wat werk as die gangbare aanvaar word.

- Wat laat my goed voel?
- Wat los my probleem op?
- Wat lyk vir my aantreklik?

Die interessante of skokkende hiervan is dat verreweg die meeste mense waarskynlik nog nooit enige postmoderne literatuur of standpunte onder oë gehad het nie, en tog tree hulle postmodernisties op.

Volgens die Barna Navorsingsgroep in Amerika (www.inplainsite.org:4) in 2001 het geloof in absolute waarheid gedraai rondom 38% van alle Amerikaners. Dit beteken dat nagenoeg twee uit elke drie persone die bestaan van absolute waarheid ontken het. Teen die einde van 2001, na die September terreur aanvalle in New York, het die persentasie gedaal tot slegs 22%. Ons leef dus nie slegs in 'n postmoderne tyd nie; baie mense het reeds begin om postmodernisties te leef en te dink. Baie van hierdie mense maak steeds daarop aanspraak dat hulle Christene is.

Postmodernisme beteken verskillende dinge vir verskillende mense.

- Dit sou kon dui op 'n uitgangspunt wat te koop loop met die gedagte van “wat pas by wat...”
- Dit beteken die werksaamheid van die verbeelding wat die verskil tussen skilder en beeldhou uitdaag; styl en genre, gallerye en strate. Dit veronderstel 'n lisensie om te doen wat jou hart begeer en 'n stuk advies om nie enigiets wat iemand ander doen in te 'n ernstige lig te beskou nie.
- Dit verdeel die aandag in alle rigtings tegelyk sodat dit nie kan vashaak by een saak nie en dat die aandag nie lank genoeg op een plek gefokus kan wees om iets regtig van naderby te beskou nie.
- Dis soos 'n inkopiesentrum wat oorloop van goedere waarvan die hoofgebruik die plesier van die koop daarvan sou wees.
- Dit dui op 'n opvrolikende vryheid om enigiets op te volg en 'n verstommende onsekerheid ten opsigte van wat werklik die moeite werd is om op te volg en waarvolgens dit gedoen kan word. (Koopmans/Vosloo 2002:29)

Postmodernisme is al hierdie dinge en nog meer. Dit word die lewenshouding van diegene wat die obsessie ontwikkel het om oor hulleself te reflekteer. Hierdie houding van refleksie word gekenmerk deur “its all-deriding, all-eroding, all-dissolving destructiveness” (Koopmans en Vosloo: 2002:29).

4.3.1. KENMERKE VAN 'N POSTMODERNE LEWENSHOUDING

Ietwat vereenvoudig sou dit as volg gestel kon word (2002:29-30):

- Daar is die verlies aan kultuuroptimisme en 'n skeptisisme teenoor vooruitgang.
- Waar moderne mense die waarde van onafhanklikheid beklemtoon het, sien ons in 'n postmoderne lewenshouding 'n klem op die verweefdheid van netwerke.
- Waar kennis binne die modernisme as inherent goed beskou is, is daar 'n groeiende agterdog teenoor kennis. Weens mens se ervaring van die misbruik van

kennis en kennisteorieë word daar dikwels gevra wie by die kennis baat. Daar is die gevoel dat kennis nie iets ‘suiwer’ is nie, maar nou verweef is met mag en ‘n magspel. Foucault sou die verweefdheid van mag en kennis deeglik uitwerk (Janse van Rensburg: 2002:19).

- Die modernisme se klem op die rede sou toenemend onder kritiek kom as ‘n te eng verstaan van rasionaliteit. ‘n Postmoderne lewenshouding sou ‘n breër verstaan van rasionaliteit bepleit, waarin die emosies en die liggaamlike ‘n groter rol moet speel.
- Waar modernisme die klem op produksie laat val het, lyk dit of postmodernisme eerder deur reproduksie gestempel kan word. Dit gaan nie soseer oor die oorspronklikheid nie as oor die eklektiese gebruik van woorde en beelde.
- Waar die modernisme in die lig van die skouspelagtige sukses van die wetenskap objektiewe kennis as ideaal gestel het, is daar groeiende agterdog oor die subjek-objek-skeiding van die Verligting. Dit gaan meer oor geloofwaardige lewens as geabstraheerde waarhede.

Daar is ‘n verlies aan vertroue in die groot sisteme en omvattende stories. Dekonstruksie word die enigste vorm van konstruksie (Koopmans en Vosloo: 2002:30). Daar is die gevoel dat dit beter is om duursame voorwerpe te vervang met weggooibares. Daar is die verskriklike gevoel dat elke nuwe konstruksie waarskynlik tevergeefs sal wees. Al wat ‘n mens het is die hier en die nou.

4.3.2. SUBMODERNITEIT

In die praat van die oorgang van moderniteit na postmoderniteit moet nie vergeet word van die sogenaamde slagoffers van moderniteit wat leef in wat Bonhoeffer noem ‘submoderniteit’ (Koopmans en Vosloo: 2002:32).

Die suksesstorie van Eerste Wêreldlande is verweef met die lyding van sogenaamde Derde Wêreldlande. Die moderne era het dus sowel moderniteit as submoderniteit

meegebring. Daar moet dus nie te haastig gepraat word van oorgang van moderniteit na postmoderniteit toe nie.

4.3.3. GELYKTYDIGHEID VAN MODERNISME EN POSTMODERNISME

Een van die insigte wat deurkom as 'n mens vanuit die Suid-Afrikaanse situasie dink oor die invloed van modernisme op ons lewe, is dat die prosesse hier grootliks verskil van dié in Europa (Koopmans en Vosloo: 2002:33).

Dáár (Europa) het eeue verloop waarin die modernisme 'n sekere impak op die samelewing gelaat het. Baie van die meer positiewe waardes van die Verligting --- byvoorbeeld die fokus op die vryheid van die individu, die klem op menswaardigheid en menseregte, 'n demokratiese etos --- al hierdie dinge het oor 'n redelike lang tydperk die Europese kultuur deursyfer. Dieselfde geld seker vir die skadukant van hierdie waardes. Die vraag is of ons in Suid-Afrika (weens die invloed van submoderniteit) nie 'n gelyktydige afspeel van die prosesse van modernisme en postmodernisme beleef nie.

4.3.4. GLOBALISERING

Globalisering het die wêreld en die lewe as't ware herskep. Die wêreld het skielik al hoe kleiner geword en in vele opsigte tot in 'n mens se private leefwêreld ingekom; deur middel van die televisie tot in 'n mens se sitkamer.

Globalisering het nie slegs te make met ekonomiese sisteme nie. Dit beïnvloed ook die lewe op politieke, tegnologiese en kulturele vlak. Dit raak beskouings oor die gesin, huwelik, en seksualiteit. Wat die godsdienstige dinge betref, kan die opbloeï van neo-fundamentalisme en liberalisme en sekularisme nie losgemaak word van globaliseringsproesse nie (Koopmans en Vosloo: 2002:35).

4.3.5. MORELE KRISIS?

Die bewering bestaan dat die beskrywing van die hedendaagse situasie met woorde soos “laatmodern” , “postmodern” of “globalisering” is eintlik ‘n tipe teologiese “so what?”. Christene word immers nie geroep om ‘n moderne of ‘n postmoderne teologie of etiek te hê nie, maar wel ‘n Christelike. Hierdie Christelike etiek moet egter nog steeds binne ‘n bepaalde konteks uitgeleef word.

4.4. POSTMODERNISME EN DIE GEMEENSKAP

Dit is reeds vroeër aangestip dat die postmodernisme absolute en universele waarheid verwerp. Alle standaarde van die waarheid word egter nie summier daarmee saam verwerp nie. Postmodernisme aanvaar wel ‘n gemeenskaplike waarheid. Daarmee word gesê dat elke kultuur sy eie waarheid skep en die verteenwoordigers van daardie bepaalde kultuur word daarmee beskou as uitdraers van die gemeenskaplike waarheid met gepaardgaande waardes en norme.

Die problematiek hiermee is egter dat indien ‘n menigte van gemeenskappe elkeen oor ‘n eie waarheid sou beskik en hierdie onderskeie waarhede kom grootliks in botsing met mekaar, dan kan daar steeds geen sprake wees van waarheid nie. Die postmodernisme erken hierdie probleem en verklaar dit weg met die stelling dat daar geen finale waarheid kan wees nie, alleenlik maar narratiewe. Reg of verkeerd kan dus nie bepaal word nie.

Die postmodernisme knoop sterk aan by die pluralisme. Die mens leef in ‘n pluralistiese samelewing of gemeenskap en derhalwe moet die mens leef en ook laat leef. Om aanspraak te maak daarop dat jy oor die waarheid beskik, sou gewoon aanstoot gee aan die volgende persoon. Geen godsdiens of gemeenskap mag aanspraak maak daarop dat dit reg is en by implikasie dat ‘n ander verkeerd is nie. Die enigste absolute belydenis is die belydenis van pluralisme.

4.5. POSTMODERN EN POSTDENOMINASIONEEL

Denominasionalisme het sterk ontwikkel gedurende die era van die Verligting (www.lighthouse-trailresearch.com/emergingchurch). Postdenominasionalisme is grootliks die resultaat van die invloed van postmodernisme se beklemtoning van die sogenaamde “web van verhoudinge” wat weereens lei tot ‘n pluralistiese begrip van die lewe. Die klem is nou nie meer op lojaliteit aan ‘n naam, struktuur of groep nie, maar intendeel aan ‘n ideaal of ook nog anders gesê, aan die gemeenskaplikheid van mense. Gekoppel aan die toenemende mobiliteit van die mens en ‘n verbruikersmentaliteit, lei hierdie pluralistiese beskouing na die era van “Church shopping” en “Church hopping”. Sodoende word die sogenaamde “felt needs” van die postmoderne mens bevredig. Uit die aard van die saak beteken dit ‘n baie negatiewe uitwerking op die plaaslike gemeente se korporatiewe aanbidding.

4.6. POSTMODERNISME EN DIE KERK

Op sekere tye in die geskiedenis het die kerk gedien as ‘n teenvoeter vir die sekulêre ontwikkeling van die gemeenskap. By sulke tye was Christene bereid om die bedreiging van die kerk aan te spreek en te weerspreek en dit te ontmasker as “waterbakke wat gebars is en nie water hou nie” (Jeremia 2:13).

Volgens Gilley (www.inplainsite.org_postmodernism) is die huidige tyd nie so ‘n tyd nie. Dit wil voorkom of die Christelike gemeenskap begin inkoop het in die hedendaagse wêreldstelsel. Wat die wêreld te koop aanbied word deur Christene gekoop. Eerder as om die kragte van die postmodernisme weg te stoot, word hulle verwelkom in eie geleedere.

Janse van Rensburg (2002:62) benadruk dat die verleiding (mislleiding?) van die postmodernisme nie onderskat moet word nie.

Kultuur het nog altyd 'n bepalende rol in die kerk gespeel. Die postmoderne kultuur dreig egter om die kerk te oorspoel. Wat is aan die gebeur? Gegewe die postmodernisme se miskenning van die waarheid, het die postmoderne kerk begin toegee dat die mens nie bereik sal word deur die aanbidding van 'n outoritiewe waarheid nie.

4.7. GEVOEL-GEBASEERDE EVANGELIE

Om die hedendaagse mens te bereik moet aan hom/haar gebied word wat hulle soek (Gilley:www.inplainsite.org_postmodernism). Die postmoderne mens wil ervaar dat sy/haar behoeftes aangespreek word en dat hy/sy godsdienstige ervaring kan beleef. Hierdie postmoderne mens se gedagtegang moet reg gelees word.

In sommige kringe word die postmodernisme begroet as die beweging wat die kerk weer interessant sal maak asook opwindend. Christene moet 'n denkskuif maak van die klem op die objektiewe waarheid na die gemeenskaplike ervaring; vanaf die rasonele argumentasie na subjektiewe aantrekkingskrag; van leerstellige ortodoksie na relevante praktyke. Dit sou 'n positiewe uitwerking op korporatiewe aanbidding hê.

In plaas daarvan dat die boodskap van die kerk sou lei na sondebeseft en verlossing deur die kruis van Christus, word “goed-voel” boodskappe gebring wat mense kan opbeur. Die postmoderne kultuur word in hierdie opsig beskryf as 'n terapeutiese kultuur waarvolgens die welsyn van die mens belangriker geword het as die waarheid van die evangelie.

4.8. INKLUSIVISME

Hiervolgens bestaan die gedagte onder postmoderniste dat God ook “skape het in 'n ander kraal”. Inklusivisme leer dat gelowiges van ander godsdienste gewoon gered staan as goeie verteenwoordigers van hulle eie godsdienste. Dit hou ook verband met pluralisme.

4.9. MISTIEKE/PRAGMATIESE GELOOF

Indien die waarheid nie bestaan nie, dan is al wat oorbly religieuse ervaringe, ontleen aan alle objektiewe inhoud, en ook pragmatisme. Postmoderne Christene evalueer die waarheid en die dogma volgens persoonlike ervaring.

Wanneer ervaring (belewenis) en mistiek die maatstaf word vir die waarheid in die persoonlike lewe van die mens, dan is dit te verwagte dat dit korporatiewe aanbidding 'n ander kleur en gestalte sal begin gee.

4.10. AANBIDDINGSGELEENTHEDE

Indien ervaring die hoofmerk word van persoonlike spiritualiteit, dan is dit te verwagte dat ervaring ook die hoofmerk van korporatiewe aanbidding sal word. Gilley (www.inplainsite.org_postmodernism) maak beswaar daarteen dat te dikwels die musiek, gebede en selfs ook die prediking daarop gemik is om emosies te roer en 'n ervaring te voorsien eerder as om die goddelike waarheid oor te dra. Korporatiewe aanbidding word dan gedefinieer in terme van die individuele ervaring. Aanbidding is dan nie gerig op God nie, maar draai om die koestering van godsdienstige belewenis. Die aanbieder word in soveel woorde die voorwerp van aanbidding.

4.11. INVLOED OP DIE PREDIKING

Vanaf die Reformasie en deurgaans in die periode van die Modernisme is die preek beskou as die sentrum van die erediens in gereformeerde kringe. In die jongste tyd het die prediking kwaai in die spervuur begin kom.

Daar word vroege gevra rondom die gehalte van die prediking. Prediking word bestempel as monologies en 'n swak vorm van kommunikasie. Natuurlik word vanuit postmoderne

kring ook gekla dat prediking as sodanig preskriptief is en ‘n oorblyfsel van die soeke daarna om steeds, gegrond op die beginsel van absolute waarheid, gesag en mag sentraal te hou in die kerklike opset.

Die prediking verloor ook om ‘n ander rede krag en inslag. Al hoe minder mense onderskryf steeds die kardinale Christelike leerstellings en al hoe minder jongmense voel hulleself aangespreek deur die geloofswêreld van die Bybel en die Christelike kerk (Altema 2003:8).

Daar is talle pogings aan die gang rondom erediensvernuwing wat die fokus ietwat van die prediking sou afneem en die geleentheid sou kon bied vir hernieude en indringende besinning ten opsigte van die posisie van die Woordverkondiging tydens die erediens.

Vanuit die postmodernistiese uitgangspunt word die boodskap sterk gehoor dat daar net nie meer ruimte bestaan vir die sogenaamde ‘groot verhale’ (grand narratives) van die Bybel nie. Altema (2003:8) vra dan ook tereg die vraag, naamlik dat as ons samelewing en kultuur gekenmerk word deur die einde van hierdie sogenaamde ‘groot verhale’, sal daar dan nog plek wees vir die prediking.

Die mens van die postmodernisme kan beskryf word as ‘n gesekulariseerde, ‘n mens-vir-die-oomblik individu. Sy/haar eie verhaal het sentraal kom staan. Op hierdie wyse het hierdie mens se eie wêreld baie klein geword.

4.12. HOMILETIESE KLIMAAT

‘n Gesonde wêreldse gerigtheid is nodig indien die erediens (prediking) nog relevant en sinvol vir die gemeente en vir die wêreld moet wees (Nel 1990:187). Die gemeente moet sy identiteit in die wêreld ken en handhaaf, maar moet ook die wêreld waaruit die lidmate van die gemeente vir ‘n erediens bymekaarkom, ken en hulle omstandighede verreken.

Daarom is kulturele waardes, gebruike en sisteme belangrik. Die erediens vind immers nie in isolasie plaas nie (Nel 1990:179). Pieterse (1990:23) praat van ‘n sogenaamde “empiriese gemeente” en Nel voeg daaraan toe dat die kerk die wêreld ook in empiriese sin van die woord ernstig moet opneem (1990:180).

Janse van Rensburg maak die stelling (2004:7) dat kultuur in die breedste sin van die woord verstaan moet word. Die feit van globalisering veronderstel voorts dat die liturgie (prediking) binne ‘n gesekulariseerde wêreld en ‘n postmoderne tyd relevant gemaak moet word. Alle kultuurgoedere en faktore moet verreken word.

Altema (2003:16) plaas die prediking binne die kader van die (kultuur) filosofiese konteks. Daarmee saam loop dan die gedagte dat die postmoderne denke nie slegs die dekor vorm waarteen die prediking in hierdie tyd noodwendig plaasvind nie, maar dat vorme van die postmoderne denke ook tot ‘n kreatiewe verryking van die homiletiek kan lei. Daardeur sou die kommunikatiewe krag van die preek voor die postmoderne mens vergroot en die prediking steeds ‘n sinvolle aangeleentheid kan bly.

4.13. POSTMODERNE MOTIEWE AS TIPERING VAN ‘N HOMILETIESE KLIMAAT

Die postmoderne denke stel die homiletiek voor ‘n groot uitdaging. Verskillende motiewe is ontwerp wat dien as tipering van ‘n homiletiese klimaat. Hierdie motiewe word ontleen aan Lyotard (wat die groot verhale krities beoordeel en die geloofwaardigheid daarvan afwys) en ook Derrida (wie se denke van dekonstruksie die fenomeen ‘betekenis’ kompliseer) se denke (Altema 2003:45).

4.13.1. MOTIEF VAN ‘N TERREURVRYE RUIMTE

Lyotard se kritiek op die preek behels dat die Christelike preek altyd daarop uit is om die onsigbare sigbaar te probeer maak (Altema 2003:46-48).

Teenoor die Christelike prediking staan die Joodse vertelkuns. Die Christelike prediking vind sy fundering in die verkondiging van die verlossing deur Jesus Christus en om die onsigbare sigbaar voor te stel.

Die Joodse vertelkuns respekteer die nie-representeerbare deur liever die kwessie van verwagting lewend te hou. Die aksent word op die verhaal geplaas en dat die verhaal voldoende is. Die vraag wat hiermee aan die orde gestel word is of dit moontlik is om só te preek dat die onsigbare daarmee gerespekteer word en die werklikheid oopgehou word sodat daarin 'n belofte van verwagting lewend bly. Hiermee word die preek beskou as 'n "terreurvrye ruimte" waarin alle deelnemers aan die preekgebeure gesien, erken en gevrywaar word van 'n sogenaamde terreur van eliminasië.

4.13.2. MOTIEF VAN OPENHEID

Derrida werk sterk met die beginsel van dekonstruksie om by betekenis uit te kom. Elke teks kan op meer as een manier uitgelê word. In die moderne hermeneutiek sou hierdie beginsel geredelik aanvaar kon word. Derrida loop egter effe verder op hierdie spoor as hy dan ook vra na die legitimiteit van die interpretasie wat gegee word. Nog die oorspronklike outeur, nog die leser kan 'n beslissing hier forseer. Die outeur is "dood". Slegs die teks is daar om interpretasie te toets (Small:2004:80).

'n Teks is nie iets wat vasgepen kan word nie. Dit is lewend en daarom moet dit ook met openheid tegemoet gegaan word. Die eietydse preek sal dus 'n oop verhaal moet wees waarin die proses van betekenisverlening nie afgerond staan nie, maar telkens weer opgeskort word.

4.13.3. MOTIEF VAN DIE OOP SPASIES OP DIE BLADSY VAN DIE TEKS

Derrida toon voorts besondere belangstelling vir die sogenaamde "oop spasies" wat op 'n bladsy van 'n teks voorkom. Die manier waarop hy dan 'n teks lees is marginaal in dié

sin dat hy nie veel meer doen as om opmerkings, vrae, verbindings in die oop spasies op die bladsy van die teks te plaas nie.

Die gevolg hiervan is dat wanneer daar met 'n bepaalde teks omgegaan word daar telkens in die oop spasies tussen woorde en sinne weer 'n nuwe teks ontstaan. Tussen die bestaande teks en die nuwe teks is nou voortdurende wisselwerking. Die oop spasies word die plek waar die spesifieke karakter van die teks na vore kom. Dit is ook dié plek waar die leser inval by die teks. Daar kan geen ander produktiewe omgang met die teks plaasvind nie as juis hier by die sogenaamde oop spasies op die bladsy van die teks.

Volgens Altema (2003:50) is hierdie benadeing van Derrida van uiterste belang vir die homiletiek. By die oop spasies word die geskrewe teks die gesproke teks. By die prediking sou dit nooit kon gaan om 'n eensydige proses van informasie deurgee vanaf prediker na hoorder toe nie. Dit moet gaan om die respons wat deur die preek by die hoorder losgemaak word. Die sukses van die preek word bepaal deur die hoorder se reaksie.

Hierdie benadering lyk egter na niks anders nie as bloot onverantwoordelike omgang met die teks om daardeur subjektiewe gedagtes in die teks in te dra wat nooit die bedoeling van die teks sou wees nie. Dit beteken dat totaal weg beweeg word van die deduktiewe beginsel en dat slegs 'n induktiewe uitgangspunt omhels word. Die beginsel van die logosentrisme sou gehandhaaf moet word dat alleen woorde en taal betekenis dra en kan kommunikeer. Hierby sou Skrifbeskouing ook 'n deurslaggewende rol speel. Die sukses van die prediking kan ook nie gekoppel word aan die reaksie van die hoorder nie, maar eerder aan die feit dat die verkondigde Woord die Woord van God is. Eindelik bly die Skrif sy eie interpreteerder onder die begeleiding van die Heilige Gees.

4.13.4. DIE MOTIEF VAN DIE VERBEELDING

Hierdie aspek is ontleen aan Lyotard se gedagtes rondom die kuns (estetika)(Small 2005:59). Elke kunswerk het sy eie en unieke karakter en vorm op sigself 'n gebeurtenis.

Die betekenis van die kunswerk kan in die eerste instansie nie onbepaald in woorde vasgevang word nie. In die ontmoeting met en belewenis van die kunswerk is daar die ervaring van 'n vreemde bekoring van die onbekende en miskien selfs die mistieke.

Die estetiese beskouing van Lyotard voed sy uiters kritiese beskouing van een rasionaliteit waarin probeer word om die werklikheid vas te vang in 'n bepaalde omlýning. Kuns het, volgens Lyotard, die vermoë om teen die tendens in te gaan. Die verbeelding van die kuns maak iets wat as vanselfsprekend beskou word weer betekenisvol; dit skep 'n nuwe gevoeligheid; bring die verborge dimensie van die werklikheid na die oppervlakte.

Die preek as "kunswerk" behoort dieselfde ervaringe op te roep en sodoende estetiese inwerking te verkry. Die preek moet toespeling word op dit wat nie in woorde gesê kan word nie. Hulpmateriaal hierby is simbole, rituele, gelykenisse en metafore.

Deur blootstelling aan die postmoderne denke word die homiletiek gedaag om te werk aan die prediking as plek van verbeelding, waar die ervaring van die "sublieme" bewaar sal kan bly. Hiermee kom die surpluskarakter van die werklikheid aan die lig en derhalwe is die ervaringsmoment van groot religieuse belang (Altema 2003:54).

4.14. DIE UITDAGING VIR DIE PREDIKING

Die uitdaging vir die prediking in die postmoderne klimaat is dat dit 'n kommunikasieproses sal wees waarby die postmoderne mens betrek sou kon word, maar terselfdertyd ook oopgestel bly vir die belewenis van God en sy heilshandeling.

4.15. "EMERGING CHURCH MOVEMENT"

Hierdie beweging is 'n kontroversiële 21ste eeu se Christelike beweging wat poog om mense te bereik wat in 'n postmoderne klimaat lewe. Karakteristiek van hierdie beweging

is dat dit 'n missionêre lewenswyse voorstaan waar Christene uitgestuur word in die wêreld in om daar tot seën van andere te wees.

Narratiewe aanbiedinge van die geloof en die Bybel asook die gebruik van multimedia is populêr by hierdie oorwegend jonger geslag Christene. Beklemtoning val op dialoog wat dan ruimte moet bied vir 'n openheid tot pluraliteit van bybelse interpretasie met vermyding van dogmatiese beginsels eie aan die historiese Christendom.

4.15.1. MISSIONÊRE LEEFWYSE

Alle gelowiges is sendelinge wat gestuur word om tot seën te wees van die kultuur rondom hulle deur middel van 'n leefstyl wat God se koninkryk hier op aarde naboots. Soos God in Christus die wêreld in menslike gestalte betree het, só moet lede van hierdie beweging (individueel en gesamentlik) die konteks rondom hulle betree met die doel van transformasie. Dit kan volgens uiteenlopende metodes geskied: verbale evangelisasie, sosiale aktivisme, daade van dienswerk en gewone gasvryheid. Hierdie "missionaliteit" impliseer 'n sogenaamde "holistiese" evangelie. Dit benadruk die noodsaaklikheid van die behoefte aan 'n evangelie wat die lewens van mense en gemeenskappe aanraak sonder inagneming van kultuur en geloof. Sosiale aksie en gemeenskapsbetrokkenheid is net so belangrik soos prediking en onderrig. Narratiewe aanbiedinge van die geloof en die Bybel word beklemtoon bokant eksegetiese Bybeluitleg en Woordverkondiging. Laasgenoemde word bestempel as reduksionisties. Uit die aard van die saak het dit verreikende implikasies vir korporatiewe aanbidding.

4.15.2. EKKLESIOLOGIE

Die "emerging church movement" is hoogs gedentraliseer met min institusionele koördinasie. Dit verkies om deur middel van vloeibare en oop netwerke te funksioneer. Voorstanders daarvan en deelnemers daaraan verkies die gedagtes van 'being a local community of people on a journey' and not 'a corporate church'. Die tradisionele kerklike strukture en instellings word uitgedaag (www.wikipedia.org).

4.15.3. POSTMODERNE AANSLAG

Die kerk word bestempel as te verbonde aan die modernisme en te rasionalisties van aard. Die sistematiese teologie kom in die spervuur, die onderrigmetodes van die kerk (prediking) is nie langer aanvaarbaar nie, die belang wat die kerk heg aan 'n gebou as aanbiddingsplek, die grootliks uniforme wyse van gemeentelike aanbidding en die gedagte dat die Christendom homself beskou as die enigste saligmakende geloof word uitgewys as onaanvaarbare absolutismes.

In plaas daarvan word 'n postmoderne epistemologie omhels en daarmee saam postmoderne waardes. Daar word gepoog om te “dekonstrueer” en ook te “rekonstrueer” met die doel om deel te wees van die Westerse gemeenskap wat nou grootliks post-Christelik begin word het.

Volgens Carson (www.modernreformation.org) is die fundamentele aspek ter sprake by hierdie beweging epistemologies van aard. Hoe weet ons dinge of hoe dink ons ons weet dinge? Modernisme word bestempel as op soek na die feitelike waarheid, absolutisties, liniêre denke, rasionalisme, linker- teenoor regterbreinaktiwiteit, onbuigsaam, die begeerte om altyd reg te wees en om in beheer te wees.

Postmodernisme beteken vir hulle om te erken hoedat die mens gevorm word deur die kultuur waarvan hy/sy deel is en beheer word deur emosie en estetika en erfenis; hierdie mens kan alleen intelligent deel wees van 'n gemeenskap wanneer daar nie vasgehou word aan die beginsels van reg en verkeerd nie.

Modernisme poog om onbevraagtekenbare fondasies daar te stel terwyl die postmoderne aanslag uitgaan van die standpunt dat sodanige fondasies nie bestaan nie, 'n sogenaamde “anti-foundational” of selfs “post-foundational” vertrekpunt.

Carson gee ook 'n uiteensetting van agt perspektiewe in David Bosch se *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology and Mission* (www.modernreformation.org). Hierdie beginsels word grootliks nagestreef deur een van die grootste proponente van die “emerging Church Movement, Brian McLaren, as sou daarmee die pad van die Christendom duidelik aangedui staan:

- Aanvaar die naasbestaan van verskillende gelowe geredelik. Dit is nie hulle skuld dat hulle bestaan nie.
- Dialoog veronderstel verbintenis tot 'n mens se eie posisie en standpunt, daarom is dit 'n goeie beginsel om deeglik te luister. Dialoog behoort integraal te wees met vertroue in die evangelie.
- Daar word allerweë aanvaar dat dialoog plaasvind in die teenwoordigheid van God, alhoewel Hy die Onsienlike is.
- Missionêre dialoog vereis nederigheid en broosheid. Dit behoort ons egter nie af te skrik nie, want juis wanneer ons swak is dan is ons sterk. Dit is 'n vereiste dat vroeëre wandade deur Christene gepleeg erken sal word, alhoewel versigtigheid aan die dag gelê moet word om nie daardie vroeëre Christene te diskrediteer nie.
- Elke godsdiens fungeer binne sy eie wêreld en ruimte en vra daarom verskillende reaksies van Christene.
- Christelike getuienis sluit nie dialoog uit nie.
- Die “ou, ou tyding” is nie noodwendig die “ware en egte tyding” nie, want die mens hou immers aan om te groei. Diskussie en dialoog dra by tot hierdie groei. Die vrae wat deur die postmodernisme gevra word dra by tot hierdie groei.
- Leef saam met die paradoks: Ons ken geen ander weg tot die saligheid los van Jesus Christus nie, maar ons kan nie antisipeer wat God van plan is om met andere te doen nie. Ons moet eenvoudig binne hierdie spanningsveld leef.

Hiervolgens stuur die “emerging church movement” op 'n veilige manier tussen absolutisme en relativisme deur.

In die postmoderne “Emerging Church” is die preek slegs ‘n onderafdeling van die ervaring van korporatiewe aanbidding. Meeste van die prediking moet egter plaasvind buitekant die kerkgebou binne die konteks van die gemeenskap en die verskillende verhoudinge waarin mense te staan kom. Op die oog af sou ‘n mens gemaklik hiermee kon saamgaan, veral in die lig van die feit dat die prediking, onder invloed van die rasionalisme, ietwat oorbeklemtoon is in die liturgie van die erediens. Gesien in die lig van die feit dat die geleentheid van die aanbidding egter “multi-sensories” moet wees, moet daar tog met voorbehoude bly kyk word, veral as gewag gemaak word van die globale, die belewenis van die mistieke en die beklemtoning van die visuele. Nie een van laasgenoemde aspekte mag geïgnoreer word nie, maar dan mag die verskillende elemente van die liturgie ook nie teenoor mekaar gestel word nie (Carson:www.modernreformation.org).

Ten opsigte van die “Emerging Church Movement sou ook van die volgende aspekte kennis geneem moet word soos aangedui in die sogenaamde Lighthouse Trails Research Project (www.lighthousetrailresearch.com).

- The Emerging Church is readily compatible with an abstract, irrational, illogical and illusionary religion such as Yoism. It is hostile to revelatory truth on its face. This extreme egalitarianism, which invites every person to give input into this “open source” religion, is pure chaos and biblical anarchy.
- Christianity is too limiting --- interspirituality should be sought.
- Emergent church folks are impatient with rigid megachurch formulas and noisy doctrinal in-fighting ... They’re hammering out a theology that’s friendly to ancient faith practices (contemplative prayer, labyrinths, hospitality) in a postmodern world of quantum physics, 24/7 media and coffee-house culture.
- Congegations blend ancient worship practices, using meditation, candles and incense, with rock music.

Dit is nie oorvereenvoudiging nie om te beweer dat postmodernisme in wese vyandig staan teenoor die objektiewe en eksklusiewe aansprake van ‘n bybelse Christendom. Terwyl Christene sensitief moet wees ten opsigte van die kultuur waarin hulle hulleself

bevind, en terwyl alle pogings in werking gestel moet word om hierdie waarhede te kontekstualiseer, mag die evangelie self nooit verander of aangepas word by 'n heersende kultuur nie. Die orde is andersom. Postmoderne Christendom is 'n ernstig gekompromiteerde Christendom.

In die Christelike era het die kerk mense se private lewens versterk in ooreenstemming met die waardes wat ook in die samelewing gegeld het (Dreyer 2003:47). In die kerklike kultuur was daar gevolglik weinig dissonansie tussen die toepassing van Skriftuurlike en kulturele waardes. Dit het verander. Die hedendaagse mens raak vervreem van die kultuur waarin hy/sy leef en raak opgeneem in 'n globale kultuur. Hulle ervaar nie meer die omringende kultuur as die enigste nie en nog minder die etos waarin die samelewing gegiet was.

Met die verval van die samelewingsetos het ook die betekenis van die Skrif in baie opsigte vir die postmoderne mens verval.

4.16. KORPORATIEWE AANBIDDING IN 'N POSTMODERNE KONTEKS?

Die kerk se lidmate in 'n postmoderne konteks vertoon 'n groot verskeidenheid (Dreyer 2003:50). Daar is die suksesvolle aandeel-makelaar wat Maandagoggend kom asem skep in die koffiekroeg. Hy en sy vrou lei 'n besige lewe. Hulle sien tuis self om na hulle geestelike lewe. As hulle 'n erediens bywoon, is dit 'n bonus. Die kerk is nie noodsaaklik vir hulle geestelike groei nie.

Daar is die aantreklike, suksesvolle professionele sakevrou, 'n enkelouer met een kind van tien jaar. Tipies postmodernisties, en tot 'n groot mate onseker oor wie sy regtig is.

Daar is lidmate wat Bybelstudie doen oor Genesis 1 – 11. In die lig van die verhaal, wat waarskynlik eers na die ballingskap opgeteken is, vra hulle wat dit tog beteken om God se volk te wees in 'n multi-etniese samelewing. Hulle glo die Genesisverhaal is geskryf om mense te help om hulle identiteit in hulle spesifieke konteks te vind. Postmoderne

mense ondervind die behoefte om hulle weer te verbind aan hulle wortels, aan 'n bonatuurlike Oorsprong.

Die boodskap van Bob Dylan se liedjie "The times they are a-changin'" weerspieël die postmoderne ervaring. Dinge het verander. Die oplossing lê in die nuwe en in die toekoms.

Die stukrag van die postmoderne kultuur gaan in twee rigtings: Aan die een kant is dit gewortel in die modernistiese ideaal van individue om te emansipeer van enige konvensies.

Aan die ander kant draai dit na die nuwe --- die volgende --- waar mense die geleentheid kry om te reflekteer en om hulle identiteit telkens te rekonstrueer soos hulle wil. Die wenners in hierdie nuwe postmoderne kultuur is diegene wat telkens vir die "soekers" nuwe, kreatiewe moontlikhede kan bied om hulle identiteit te herontdek. Dit is die groot gemeentes of megakerke.

Daarom is woorde soos hereniging en terugstigting op baie mense se lippe. Hierin sou die identiteit van die kerk en die mens te vinde wees. Megakerke wat in hulle aanbiddingstyl by hierdie postmoderne lewenstyl aansluit, staan ook bekend as die "next church". Daar bestaan 'n rustelose kreatiwiteit wat betref die ontwikkeling van aanbiddingsvorme en programme.

4.17. WAARNEEMBARE TENDENSE IN DIE KERK

Huidiglik is daar, veral wat die Nederduitse Gereformeerde Kerk betref, verskeie tendense waarneembaar. Steyn (2006:661) bestempel dit as 'n identiteitskrisis wat kulmineer in bewegings, tendense of mutasies.

Wethmar (2002:251) sê tereg dat daar nie slegs een gestalte van Gereformeerd-wees kan bestaan nie, maar dat in verskillende omstandighede verskillende variante van Gereformeerd-wees na vore tree.

Steyn (2006:661) toon aan dat daar waarskynlik vyf groot basiese bewegings in die NG Kerk geïdentifiseer sou kon word: 'n rasionalistiese, 'n charismatiese, 'n tradisionalistiese, 'n mistiese en ook 'n sinkretistiese beweging. As die kern waarvandaan hierdie verskillende bewegings uitgroeï beskou kan word as die tradisionele (onderskei van tradisionalisties), wat aanleiding sou gee tot 'n tradisionalistiese groepering, dan sou die charismatiese beweging 'n tendens verteenwoordig wat teenoor en in reaksie teen 'n rasionalistiese beweging verder terug beweeg na 'n meer gevoelsmatige godsdiens. Dieselfde sou omgekeerd aangedui kon word.

Volgens Wethmar (2002:251) staan hierdie twee tendense teenoor mekaar en het ontwikkel uit enersyds, die spanning van die “verintellektualisering in die na-reformatoriese ortodoksie van die sewentiende eeu” en andersyds, uit die “veremosionalisering in die Piëtisme van die agtiende eeu”.

Soortgelyke tendense sou aangetoon kon word ten opsigte van die mistiese en sinkretistiese denkrigtings. By die mistiese tendens word aksent gelê op mistieke kommunikasie tussen God en die gelowige, veral op 'n individualistiese wyse en dikwels met verskraling van die behoefte aan medegelowiges. Dit neig selfs weer na 'n vorm van asketisme.

Daarteenoor staan die sinkretistiese beweging wat weer hulle eie god en godsdienssiening konstrueer, veral uit elemente van ander godsdienste soos onder andere die Boeddhisme. Volgens Wethmar (2002:251) verteenwoordig dit 'n radikale reduksie vanweë die invloed van die modernisme en die postmodernisme.

4.17.1. TRADISIONALISTIESE SIRKEL

Die aanvanklike hoofstroom van die NG Kerk se denke, geloofsformulerings en liturgiese handeling bly steeds voortbestaan in 'n tradisionele kerngroep wat nadruk plaas op 'n tradisionele vorm van gereformeerde identiteit. Hieruit ontwikkel 'n soort oordrewe tradisionalisme. 'n Houding van "ek beskerm my eie en daarom glo ek" word ingeneem.

- Die liturgie van die erediens het verval in leë rituele handeling en die erediensbywoning is ritualisties met 'n passiewe betrokkenheid van lidmate. Gevoelens word nie aangeraak nie en dit wil voorkom of die gang van die erediens geensins mense se harte aanraak of die koers van hulle lewe beïnvloed nie.
- Sakramente neem die nodige plek in en word deurgaans drie-maandeliks bedien, terwyl die nagmaal oorwegend belangriker geag word as die doop.
- Gebede kom oor die algemeen stereotiep voor.
- Groot klem word gelê op die normatiewiteit van die Bybel en dat dit die kanon vorm en 'n sentrale plek in die erediens en kerklike bediening moet beklee.
- Die literêre vorm van die preek is steeds gegiet in die vorm van 'n teologiese lesing wat dikwels min aanvoeling toon vir die eietydse lewenssituasie.

4.17.2. CHARISMATIESE BEWEGING

Vir 'n geruime tyd reeds bestaan daar 'n vervaging van die grenslyne tussen sekere NG gemeentes en lidmate, aan die een kant, en charismatiese groepe aan die ander kant. 'n Charismatiese spiritualiteit het sy stempel duidelik begin afdruk in sekere kringe.

Hierdie charismatiese groepering ontwikkel grotendeels vanuit die neo-Pentakostalisme en as 'n reaksie teen die tradisionalisme. Dit word ook gevoed vanuit Amerikaanse pragmatiese literatuur en gemeente-vorme en het steeds ook 'n basis vanuit die vroeëre Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis van die Skotse piëtisme.

Dit impliseer 'n belangrike verskuiwing van die sentraliteit van die Skrif na die sentraliteit van die menslike en persoonlike ervaring. Vir alle praktiese doeleindes sou “charismaties” hier verstaan moet word as 'n versamelterm vir meer gevoelsmatige spiritualiteite.

- Groter klem word geplaas op die emotiewe as op die kognitiewe. Emosie, ervaring en belewenis speel 'n groot rol. Gebore uit die behoefte aan troos, terapie en aanvaarding vind mense met seer, vrees en bedreiging aanklank by hierdie soort bediening as 'n ontvlugting en emosionele sekuriteit.
- Daar word grotendeels weggedoen met 'n vaste vorm van die liturgie. Musiek staan in die sentrum en fokus van die erediensgebeure.
- Die preek sou eerder beskryf kon word as 'n emosioneel-gelaaide motiverende praatjie as dat dit verantwoordelike Skrifuitleg is \wat op grondige eksegetiese gebaseer is.
- 'n Nuwe soort wettisisme (moralisme) ontwikkel rondom bepaalde godsdienstige reëls en regulasies. Sonde-lyste word nie-amptelik opgestel.
- Sukses binne gemeente-verband word gemeet aan getalle en emosionele betrokkenheid en ekonomiese voorspoed.
- Die kerkmodel word gebaseer op 'n Amerikaanse pragmatiese benadering.
- Klem word gelê op die outonomie van die plaaslike kerk as op die breër kerkverband en 'n grootliks kongregasionalistiese kerkregeringstelsel word nagestreef.
- Die kleingroep word gedryf en elke individuele lidmaat moet by een of ander vorm van bediening ingeskakel word.
- Belydenisskrifte is nie eintlik meer relevant nie en 'n nuwe belydenis word deur elke individu persoonlik gemaak.

4.17.3. RASIONALISTIESE KRING

Een van die nuwer bewegings in die NG Kerk is die sterker ontwikkeling in die rigting van die rasionalistiese of intellektuele. Dit ontwikkel grotendeels as teenvoeter vir die

tradisionele stroming wat as huigelary afgemaak word en die charismatiese stroming wat as emosionele manipulasie bestempel word.

- Die kognitiewe staan lynreg teenoor die emotiewe van die charismatiese beweging. As “kinders van die Aufklärung” word die mens toenemend gekonfronteer met inligting en insigte wat dit moeilik maak om die Bybel gladweg na te spreek. Baie van wat ons nou in die Bybel aantref, het gewoon weggeraak agter mense se intellektuele horizon (Van Zyl 2003:186). In hierdie nuwe vorm van gnostisisme word die menslike verstand, logika en rede tot die finale kriterium vir persoonlike geloof verhef. Historiese geloofsbakens soos die Bybel, belydenisskrifte en liturgiese praktyke word bevraagteken.
- Die Bybel moet histories verstaan word. Die kanon kan alleen deur historiese rekonstruksies hanteer word en groot klem word op veral historiese gedeeltes gelê. Die sentrum van hierdie denkrigting wentel rondom die werk van die “Jesus Seminar”.
- God het weliswaar nog “oorgebly” vir hierdie andersdenkendes. Daar kan egter hoogstens gepraat word van ‘n vorm van teologie, maar geensins van enige vorm van Christologie nie. ‘n Skuif het plaasgevind terug na ‘n monoteïsties-trinitariese Godsleer. Weinig het oorgebly van die Jesus van die kerk.
- Belydenisskrifte word gewoon aanvaar as ‘n destydse formulering van die kerk se sieninge binne ‘n bepaalde konteks. Geloof moet nou eietydse bely word deur elke individu en sover moontlik gestroop wees van kerklike leerstellings.
- Die eietydse tydsgees is normaalweg die outoritêre vertrekpunt vir wat aanvaarbaar is en nie die Bybel of die kerkleer nie. God moet op ‘n eietydse manier herontdek word. Volgens Spangenberg (2003:151-155) kom daar krake of skeure voor in die sogenaamde “meesterverhaal” van die Bybel.
- Die preek neig weer in die rigting van ‘n lesing. Gebede word tot God gerig met noukeurige vermyding van die naam van Jesus.
- Geen kerkgeboue word benodig nie. Die gedagte aan ‘n “huis van God” is afwesig. ‘n Lokaal word beskou as ‘n praktiese “ontmoetingsruimte”.

- Dié beweging vind veral verteenwoordiging by middeljariges, die sogenaamde generasie van die “boomers” (35 tot 55 jariges). Daar is ook verteenwoordiging by die groep van die “yuppies” en die sogenaamde intelligentsia.
- Op etiese terrein word daarteen gewaak om nie in enige moralistiese denkwysse te verval nie.

4.17.4. MISTIESE BEWEGING

Invloede van die Calvinistiese en neo-Pentakostalistiese tradisies is merkbaar in die NG Kerk en so ook almeer modernistiese en postmodernistiese tendense (Steyn 2006:669). So tref ons dit hedendaags ook aan dat daar invloede merkbaar is vanuit meer ortodoks-georiënteerde groeperinge. Hierdie mistiese beweging vertoon ooreenkoms met ‘n asketiese spiritualiteit.

- Waar die kansel sentraal geplaas staan by die tradisionele beweging, die orkes by die gevoelsmatige of charismatiese, die menslike rede by die rasionalistiese, staan die kontemplatiewe sentraal by die mistiese beweging. Barnard (1981:210) verwys na die “somber verwondering” by die Oosterse kerk. Retraites, meditasie, gebed, simboliek, goeddeurdagte en vasgestelde liturgieë en eeue-oue himnes vorm die onderbou van hierdie beweging.
- Die liturgie en die liturgiese ruimte speel ‘n belangrike rol by hierdie beweging. Dis die fokuspunt van die nagmaal en van simbole soos veral kerse (Barnard 1981: 212-213). Musiek word nie deur orkes of instrument begelei nie, maar deur die menslike stem.
- Gebede het ‘n sentrale en uiters belangrike rol. Formule-gebede wat gesamentlik gebid word, word naas die individuele gebed deur die liturgie geplaas.
- Die plek van stilte in die erediens word beklemtoon. Daar moet eerder geluister word as wat daar gevra of gepraat word.
- Preke is grootliks meditatief van aard en daar word sterk gefokus op die innerlike opregtheid en die suiwerheid van die individu. Daar is “sakralisering” van die

- erediens en die gemeente word “passiewe toeskouers wat moet sien en ervaar (Barnard 1981:213).
- Belydenisskrifte, kerkgeskiedenis en kerklike tradisie weeg swaar by hierdie groep.
 - Hierdie beweging is teologies oorwegend monoteïsties en teosentrië van aard. Waar die charismatiese groepering byvoorbeeld sterk fokus op die immanensie van God, lê die konsentrasiepunt by hierdie groep hoofsaaklik op die transendensie van God. Daar word sterk klem geplaas op God as die Almagtige en die vertikale verhouding tussen God en mens word uitgelig (Barnard 1981:210).
 - Op etiese terrein word aksent gelê op ‘n individuele vorm van etiek eerder as op die sosiale etiek. ‘n Anderssoortige wettisisme funksioneer hier.

4.17.5. SINKRETISTIESE BEWEGING

Waar die charismatiese en die rasionalistiese bewegings in opposisie teenoor mekaar staan, posisioneer die sinkretistiese beweging homself weer sterk teenoor die mistieke beweging (Steyn 2006:671).

By die sinkretisme versmelt en vermeng verskeie aspekte uit talle godsdienste, filosofieë en ideologieë in een “nuwe” godsdienst wat “panteïsties plooibaar van aard is (Naudé 2004:166).

Die ondersteuningsbasis van hierdie groep is hoofsaaklik in die denkstruktuur van die postmoderne “millennium generasie” en die “yuppie-kultuur” geleë. Lidmate (predikante) se denke word gevoed vanuit ‘n beskouing van die wêreld as ‘n “global village”, die nuutste tegnologie en die kompleksiteit van sosiale vraagstukke.

- Daar bestaan geen nodigheid aan ‘n kerkgebou nie. Annis Nel (2003:26) wys daarop dat hier hoogstens gepraat kan word van ‘n mate van godsdienstbewussyn, maar weliswaar van geen fisiese geloofsgemeenskap nie. Die Here kan op vele ander maniere gedien word as om Sondag in die kerk te sit of deel te wees van

- enige groep. Hierdie groep is grootliks naturiste en pendel met hulle geloofsbewussyn tussen die natuur en die internet.
- Daar word dikwels gesê en ook geglo dat daar maar net een God is met verskillende name in verskillende godsdienste. Nel (2003:142) skryf dat daar soms verwys word na God as “something there”.
 - Elke “gelowige” tree op volgens ‘n sogenaamde “do-it-yourself” godsdienstering en word ‘n spesialis in eie reg.
 - Die Bybel word beskou as maar een uitdrukkingswyse van ‘n geloofsboek. Hiernaas staan ook die geloofsboeke van alle ander godsdienste op dieselfde vlak vir raadpleging (Nel 2003:120).
 - Op etiese terrein is daar helaas nie meer duidelike etiese reëls nie, alhoewel die ekologiese etiek sterker beklemtoon word. Alles mag, sodat homoseksualiteit, voorhuwelikse seks, saamwoon en genadedood, om maar enkele aspekte uit te lig, eintlik geen probleem vorm nie.

4.18. PARADIGMASKUIWE?

Nie een van die bogenoemde bewegings of tendense sou werklik daarop kon aanspraak maak dat hulle ‘n paradigmaskuif verteenwoordig nie. Wat wel verontrustend is by elkeen is die groot mate van eensydigheid (eksklusivisme) wat voorkom. Nietemin sal die tipiese karaktereenskappe van al hierdie bewegings verdiskonteer moet word.

Predikante en lidmate van die kerk (NG Kerk?) sal moet leer om soos ‘n eg Nuwe Testamentiese kerk akkommoderend en insluitend te wees --- natuurlik binne die kernwaarhede van die Skrif. Du Toit (2000:114) pleit daarvoor dat daar binne die spirituele denkwêreld inklusief en holisties gedink moet word in die intellektuele raamwerk van die postmoderne tyd. Groter pluraliteit is nodig en ruimte moet vir mekaar geskep word. Mooi woorde, maar hoe dit gedoen word in die praktyk is ‘n totaal ander kwessie!

Daar behoort rekening gehou te word met die verskeidenheid van religieuse behoeftes van mense, soos dit gevorm word uit kondisionering deur die tradisie waarin ons grootword, maar ook deur die feit van verskillende persoonlikheidstipes wat vra om alternatiewe belewingskontekste (Du Toit 2000:171).

4.19. SAMEVATTEND

“If you have the Spirit without the Word, you blow up; if you have the Word without the Spirit, you dry up; if you have both the Spirit and the Word, you grow up!” (Van der Watt 2002:80).

In hierdie bogenoemde aanhaling lê ‘n groot stuk waarheid opgesluit. Hierdie stuk navorsing is daarop gemik om juis die belangrikheid en noodsaaklikheid van balans en perspektief uit te wys in die soeke van die mens (gelowige) om God as werklikheid in die persoonlike lewe te ken (rede) en te ervaar (emosie). Oorbeklemtoning of onderbeklemtoning van enige van die aspekte lei tot redusionisme en dra nie by tot die volwasse-wording van die mens in sy/haar persoonlike geloofslawe nie.

Dit is Louw (1998:198) wat tereg daarop wys dat gevoelens en emosies ‘n kardinale rol speel in die mens se persoonlikheid. Emosie en gevoel voorsien ook ‘n beter verstaan van die dinamiek tussen die “ek” en die “self”, en bevorder daarmee saam die begrip vir ander mense. Emosie is deel van die realiteit van menswees.

Die emosionele (affektiewe) en die denkproses (kognitiewe) beïnvloed mekaar oor en weer. Wanneer een van hierdie prosesse onderspeel of oorspeel word, beïnvloed dit die volwasse-wording van die mens in die geloof op ‘n negatiewe wyse.

Volwassenheid in die geloof is ook nie haalbaar wanneer die gelowige as individu probeer funksioneer nie, maar moet nagestreef word deur elke individu as deel van die groter geheel, of anders gesê, in die opbouing wat voortspruit as deel van die korporatiewe geheel.

Die noodsaaklikheid van korporatiewe aanbidding kan gevolglik nie genoegsaam beklemtoon word nie. Volwasse-wording in die geloof word veronderstel deur die gemeenskap van gelowiges (koinonia). Geestelik volwasse mense word gevorm deur wedersydse opbouing van mekaar rondom die Woord van God en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir mekaar (Louw 1998:188).

Die postmodernistiese invloed op korporatiewe aanbidding is duidelik waarneembaar. Dit sal verreken moet word.

Schulze (1998:10) vra 'n interessante vraag, naamlik: Hoe postmodern is die postmodernisme? Hy gaan dan voort om te probeer aantoon dat die postmodernisme reeds wortels vertoon in die vyfde eeu voor Christus in die opvattinge van die Sofiste. Hy betoog ook daarvoor (1998:17) dat met die uitbreiding en verowering van die destydse wêreld deur Alexander die Grote (356-323 v.C) 'n sogenaamde "global village" reeds ontstaan het. Dit lê nie binne die skopus van hierdie navorsing om waarde-oordele oor hierdie standpunte uit te spreek nie.

Die punt wat Schulze (1998:22) egter wil maak is belangrik en dit naamlik dat die invloed van die postmodernisme nie oorskakel moet word nie. Die frekwensie waarmee daar met die postmodernisme omgegaan word, dui egter, volgens Schulze, op 'n "verkoopsdruk" van die term omdat dit nou inherent waardevol moet wees.

Uit die uiteensetting van tendense hierbo gedoen, blyk dit egter baie duidelik dat die postmodernistiese invloed in vele opsigte merkbaar is en ook 'n negatiewe sowel as positiewe uitwerking op korporatiewe aanbidding kan uitoefen.

As oorkoepelende doelwit van hierdie studie is in die inleidende hoofstuk gestel dat 'n weg gevind moet word waarlangs die mens begelei kan word tot 'n groter en sterker werklikheidsbesef van God in sy/haar lewe wat in dieselfde proses dan ook sou kon lei tot meer gemotiveerde en toegewyde dienslewering, gehoorsaamheid en betrokkenheid

by die koninkryk van God. Hierdie drie aspekte moet gestimuleer word vanuit die geleentheid van korporatiewe aanbidding. Die mens as eenheidswese moet bereik word. Dit is daarom onvermydelik dat van die insigte van die postmodernisme kennis geneem sal moet word. Dit beteken egter hoegenaamd nie dat met alles akkoord gegaan kan word en die verskuilde gevare daarvan misgekyk word nie.

Is die mens van die 21ste eeu modernisties of postmodernisties (Janse van Rensburg 2002:40)? Die postmoderne mens word geprofileer volgens verskillende kategorieë(2002:46-54):

Hierdie mens is onseker. Die gevoel van hopeloosheid en verlies aan singewing wat deur die postmodernisme geskep is, beklemtoon die nutteloosheid van alles. Hierdie wesenlike behoefte aan lewensin bied aan die prediking 'n uitstekende geleentheid om die mens in sy diepste nood aan te spreek.

Die postmoderne mens is vitaal. Uit hoofde van 'n obsessie met die lewe is hierdie mens se musiek hard en polsend, die kuns uitdagend en die lewenspel opwindend-gevaarlik. Hierdie vitale ingesteldheid word ook op die erediens en die prediking oorgedra. Die erediens moet beleef en ervaar word en die prediking moet lewendig wees met deelname as 'n vereiste.

Dié mens is krities. Alles word bevraagteken. Omdat die werklikheid gerelativeer is, word alles, ook die prediking, met 'n knippie sout geneem.

Die postmoderne mens is globalisties-holisties en tegelyk kontekstueel-individualisties ingestel. Die kommunikasiemedia stel die mens bloot aan wat in die res van die wêreld gebeur en hoe ander mense lewe. Hierdeur ontstaan maklik obsessies om ook só te lewe. Tegelyk het 'n sterk individualisme begin posvat wat meebring dat gesagstrukture bevraagteken word en dat die prediking meermale as te preskriptief ervaar word.

Die postmoderne mens is heelbrein-georiënteerd. Daar bestaan steeds sterk verwagtinge ten opsigte van 'n linkerbrein-georiënteerdheid by die prediking. Almeer kom dit egter ook na vore dat daar 'n behoefte aan kreatiwiteit by die prediking ontstaan deur 'n regterbrein-georiënteerdheid by die mens. Nel (2001:92-93) verbind kreatiwiteit aan openheid en onderskeidingsvermoë.

Die behoefte aan kreatiwiteit lei tot 'n ander behoefte en dit is visueel-aanskoulike aanbiedings in die erediens. Hieruit vloei voort, volgens die regterbrein-oriëntering, dat daar nou 'n sterk behoefte is aan belewenis in die erediens.

Die postmoderne mens is ook seksueel-ongebonde. Die opkoms van die feminisme en die al groter wordende stryd om die regte van die homoseksueel-georiënteerde mense kan direk gewyt word aan die postmodernisme.

Tereg merk Janse van Rensburg (2002:56) op dat die prediking in die postmoderne tyd, wat inhoud en styl, vormgewing en kommunikasie betref, met hierdie kenmerke rekening sal moet hou.

HOOFSTUK 5

EMOSIE EN DIE BYBEL

“ Emotions are an ignored reality in much of the Evangelical Church, but it is not so in the Bible. Within the Bible’s pages the Trinity manifests a rich emotionality. Within the New Testament the Person of the Holy Spirit not only manifests rich emotion Himself, but is given to the believer to profoundly influence her or his emotional life. As we cooperate with the Spirit and sound spiritual principles, we shall experience an increasingly rich emotional life. The health of our emotions is a critical category of our spiritual life.” (David Eckman)

5.1. ALGEMENE OPMERKINGS

Emosie en gevoel sou nooit losgemaak kon word van die godsdiens nie. Dis egter ‘n feit dat dit baie noodsaaklik is om ‘n gesonde balans te vind tussen die rasonele en die emosionele of dan ook gesê: die kognitiewe en die affektiewe.

Net so speel die teenwoordigheid van die rasonele ook ‘n deurslaggewende rol in die godsdienstige belewenis en oortuiging.

Die Bybel is dan ook heel eksplisiet daaroor dat die mens God behoort lief te hê met die hele hart, die hele verstand, die hele liggaam en selfs met alle krag. Om in God te glo en om in ‘n verhouding met God te leef is dus sonder twyfel ‘n saak van die hele mens.

Willem Nicol (2000:174) sê ons moet verstaan in hoe ‘n mate God en die taal bo ons verstand uitgaan. Die feit dat ‘n mens God nie fisies kan waarneem nie, is ‘n teken daarvan. God se grootsheid lê in sy onbegrypbaarheid; sy geheimnisvolheid en misterie.

Ons het in die geloof met 'n misterie te doen wat ons nie kan vashou nie, maar deur Wie ons vasgehou word en dit roer die mens se emosies.

Ons kan maar min van Hom verstaan, maar Hy gee aan ons weerkaatsings van Homself waardeur ons sy nabyheid kan ervaar en waarmee ons Hom kan beleef.

Nicol (2000:174) gaan verder deur daarop te wys dat dit wat ons in die Bybel oor God het is nie verslae oor hoe Hy presies is nie, maar wel “taal” waarmee Hy ons harte en verstand aanraak sodat die mens 'n keuse vir Hom kan maak en leer om Hom lief te kry. In die geloof kan en mag die rasonele nooit oor die emosionele heers nie en andersom.

De Klerk (1998:55) noem die Bybel 'n “loergaaitjie” op God. Daarin openbaar God Homself duidelik as die onbegryplike God.

- God is onsigbaar
- Hy is bo-natuurlik
- Hy is ondefinieerbaar
- Hy is die totaal Andere

Mense moet weer en weer peins en praat oor God. Mense moet weet dat ons net in menslike beelde van Hom kan praat, maar ons kan Hom nie “uitspel” of “uitsê” nie. En daarom kan ons Hom ook nie met die verstandelike of met die emosionele bewys dat Hy bestaan of Hom verstaan nie. Ons kan dit selfs nie vermag met 'n kombinasie van die twee aspekte nie. Alleen deur die geloof raak Hy ons aan en alleen deur die geloof raak ons iets van Hom aan. En alleen deur die verkondiging en lees van die Woord gaan iets van God vir die mens oop.

Neethling (2000:46) maak melding van metaforiese denke wat tweeledig van aard is:

- Intellektuele verheldering en ook
- Emosionele opgewondenheid

Dit kom daarop neer dat 'n beeld of prent in die brein geskep word wat dan lei tot 'n gevoel (emosie) van opgewondenheid.

Annie Coetzee (1998:43) maak veel van die gedagte van emosionele intelligensie en maak 'n kategoriese stelling dat wanneer daar slegs met die "kop" 'n besluit geneem word, ware intelligensie eintlik nie regtig ontgin word nie. Die invloed van die menslike hart (emosie) mag nie uitgesluit word nie.

5.2. EMOSIE

Emosie word vir eeue reeds beskryf as iets met definitiewe diepte en krag in die mens. In die Latyn word daarna verwys as "motus anima", wat as dit letterlik vertaal word, beteken "die gees wat ons tot beweging bring".

Daarom is taalkundiges dit ook eens dat die woord "emosie" omskryf kan word as: die benutting of die toevoeging van beweging, het sy figuurlik gesproke of letterlik, tot die kern van ons diepste gevoelens.

Emosie word dan ook spesifiek gestimuleer deur prikkels van buite of ondervindinge wat bepaalde indrukke kan laat. Die Bybel wil die hart van die mens voorstel as die sentrum van emosie teenoor die verstand as die sentrum vir die rasionele.

Navorsers en sielkundiges wat daaglik met mense werk, identifiseer dan ook verskillende soorte emosies en het vasgestel dat daar sekere primêre emosies by mense teenwoordig kan wees. Volgens Daniel Goleman (1995) sou sommige emosies beskou kon word as die hoofemosies van menswees, maar voeg by dat dit gevaarlik kan wees om emosies net te begin kategoriseer.

Daar bestaan immers dimensies van emosie wat elkeen kan lei tot verskillende reaksies by mense. Woede sou byvoorbeeld stadiger by een persoon oorgaan in 'n reaksie van haat as by 'n volgende persoon. By 'n bepaalde persoon, wat al aangeleer het om woede

kreatief te hanteer, kan dit benut word as aktiewe energie, byvoorbeeld deur nog tien kilometer verder te draf as normaalweg.

5.2.1. POSITIEWE EMOSIES

- Genot --- vreugde, geluk, tevredenheid, plesier, ontroering, blydskap, ekstase
- Liefde --- aanvaarding, vertrouwe, teerheid, toewyding, vriendelikheid, empatie
- Verwondering --- belangstelling, opgewondenheid, verstomming, intensiteit

5.2.2. NEGATIEWE EMOSIES

- Vrees --- angstigheid, bekommernis, besorgdheid, moegheid, versigtigheid
- Hartseer --- droewigheid, ongelukkigheid, smart, gekrenktheid, treurigheid, somberheid, eensaamheid, selfbejammering, wanhopigheid, vertwyfeling
- Woede --- driftigheid, verwyf, onstuimigheid, ergerlikheid, vyandigheid, irritasie, verbittering, onstigtelikheid

Weerskante van die bepaalde hoofemosie kan verskeie variasies of afgeleide emosies voorkom. Uiteindelik kan negatiewe emosie lei tot verstourings wat langdurige gevolge kan meebring, byvoorbeeld kliniese depressie en chroniese angstoestande (Coetzee 1998:54).

‘n Belangrike aspek wat hier ter sprake gebring moet word is die kwessie van selfkennis. Dit is noodsaaklik om jouself te ken en dan in dié proses situasies en omstandighede sover moontlik te vermy wat aanleiding kan gee tot negatiewe emosies. Selfkennis word ook opgedoen wanneer ‘n mens begin werk met daardie emosies wat pla.

Donald Capps se werk “Reframing – A new method in pastoral care” moet hier vermeld word (1990). Capps stel voor dat ‘n mens moet aanleer om omstandighede in jou lewe in ‘n nuwe raamwerk te plaas. Om die mens daarmee, en met homself/haarself, te help, is

een van die oogmerke van die pastorale ontmoeting waarvan die erediens een van die belangrikste vorm.

5.2.3. DIE BETEKENIS VAN EMOSIE

- Emosie is 'n immers teenwoordige werklikheid. Emosie kan gedefinieer word as die mens se innerlike wêreld en word hy/sy op so 'n wyse in staat gestel om persoonlike belewenis van die uiterlike wêreld te ervaar. Die lewe vereis dan ook begrip van emosies (www.bible.org).
- Emosie kan gepaard gaan met groot intensiteit. Mense kan soms worstel met emosies. Emosie kan daartoe lei dat 'n bepaalde persoon gepre-okkupeerd lewe. Die mens kan nie wegvlug van emosie af nie. Emosie moet gehanteer word.
- Emosie kan bes moontlik die mees verwaarloosde aspek van spiritualiteit wees. Daar is ook ingrypende verskil in benadering tussen charismatiese groepe en die tradisionele gereformeerde of evangeliese benadering. Charismatiese groepe verhef emosie dikwels tot die vlak van besliste spiritualiteit. Duidelikheid hieroor sal verkry moet word.
- Vervolgens blyk dit dat emosie 'n besliste plek en rol te speel het in die Skrif. Begrip vir die rol wat die Heilige Gees speel ten opsigte van die bestuur van die mens se emosies mag lei tot 'n beter begrip van die spirituele lewe.
- Omlynde begrip van emosies sou ook uiters waardevol kon wees ten opsigte van pastorale berading.
- Effektiewe prediking vereis ook 'n duidelike begrip en hantering van emosie. 'n Misvatting mag bestaan dat emosie in die prediking met te veel voorbehoud benader moet word. Emosie mag egter teenwoordig wees juis omdat prediker en gemeente die eksistensiële werklikheid van dit wat verkondig is aangevoel en begryp het.
- Dit moet aanvaar word dat emosie nie die waarheid sou kon bekragtig nie. Emosie kan byvoorbeeld nie die feit en historisiteit van Christus se opstanding bekragtig nie. Emosie bekragtig egter wel die mens se begrip en belewenis van die waarheid. 'n Gelukkige hart (innerlike lewe) sou sekerlik kon dien as die beste

bewys daarvan dat die mens se spirituele lewe gestimuleer is. 'n Bybelse waarheid sou immers daarop gemik wees om die mens se lewe te raak met sterk emosionele uitwerking. Waarheid sonder effek of uitwerking moet bevraagteken word.

Gegewe dan die betekenis van emosie is dit duidelik dat die Heilige Gees 'n fundamentele rol te speel het in en by die emosionele lewe van die Christengelowige. Hy begroond sy aanname grotendeels op die uitgangspunt:

- Die mens is geskape volgens die beeld van God. Die rede waarom die mens oor emosie beskik sou geleë wees in die feit dat God ook self oor emosie beskik. Wanneer daar oor God gedink en gepraat word in terme daarvan dat God oor emosie beskik, dan is dit geensins antropopatiese taalgebruik nie. Daarmee word nie gesê dat die mens God vir homself inbeeld nie, maar juis beklemtoon dat die mens volgens die beeld van God leef en beweeg. Hierdie mens het gevoelens en behoeftes omdat God ook daarvoor beskik.

5.3. DIE DRIE-EENHEID --- BRON EN OORSPRONG VAN MENSLIKE EMOSIE?

Waar kom emosie vandaan? Op gesette tye en by omstandighede pas emosie aan by die vreugdes en/of teleurstellings van die lewe. Die vermoë om te kan “voel” moet terughertel word na die feit dat die mens volgens die beeld van God geskape is (www.bible.org). Wat waar is ten opsigte van die menslike liggaam, naamlik dat dit deur God geskape is, is ook waar ten opsigte van menslike gevoelens. God self beskik nie alleen oor die vermoë om te dink en te wil nie, maar tegelyk daarby om te voel. Die taal waarin die Bybel dit stel, is as volg: “ God is Gees....” (Johannes 4:24). Die oorspronklike Griekse woordjie is “anarthrous” en sou onder andere verstaan kan word dat dit gees beskryf as 'n kwaliteit.

Die Gees impliseer dan onder andere self-bewustheid, refleksie en konatiewe aspekte. Die Hebreeuse sowel as die Griekse woorde vir “gees” word algemeen gebruik in terme van refleksie, intellek en intensie (www.bible.org).

God word in die Skrif ook beskryf in terme daarvan dat Hy ook oor ‘n “siel” sou beskik. Die siel impliseer sensasie, gevoelens en voorkeure.

- Jeremia 15 vers 1 lui: “ Die Here het vir my gesê: Al het Moses en Samuel self by My gepleit, sou Ek geen gevoel vir die volk gehad het nie” (NAV). Die OAV gebruik die woordjie “siel” waar die NAV praat van die gevoel van God.
- Volgens Jesaja 1:14 staan daar: “ Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir my ‘n las, Ek is moeg daarvoor” (NAV). As weereens verwys word na die OAV, dan is dit opmerklik dat hier ook die woordjie “siel” gebruik word soos dit in die oorspronklike voorkom.
- En volgens Jesaja 42:1: “ Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom.....” (NAV). Die OAV stel dit dat die “siel” van God ‘n welbehag het in die Denaar, die Uitverkorene.

Dis opvallend hoedat die woord “siel” hier dan gebruik word rondom emosionele uitdrukkings van vreugde, haat en selfs oorlas. Die “gees” en die “siel” van God word gebruik in verband met die ervaring van behoeftes en gevoelens.

Christene beskou en ervaar God meesal as “incorporeal”, dit wil sê as nie-liggaamlik. Tog is daar die substansie van “gees” en “siel” in die wese en persoon van God wat meebring dat die Here in sy Persoon beskik oor emosie en as Persoon ook reflekteer en self-waarnemend optree.

God word dan getipeer as die bron en oorsprong van emosie. In die middelpunt van alle realiteit staan ‘n Wese wat “voel” en “dink”. Die mens is op sy/haar beurt ‘n refleksie van hierdie diep Realiteit. Omdat die mens na die beeld van God geskape is, kan die

mens ook “voel” en “dink”. Die emosionaliteit van God is egter geensins ‘n aantasting van ander goddelike eienskappe, kwaliteite en attribute soos die almag van God, sy alwetendheid of sy majesteit nie. Dit sou alleen neerkom op ‘n verryking en verruiming daarvan.

Omdat die Godheid oor emosie beskik, is dit logies om af te lei dat dit waar is van die Vader en die Seun sowel as die Heilige Gees. Jesus het kwaad geword oor die praktyk van handeldryf in die tempel; Hy het ook emosioneel geraak oor Lasarus se dood.

Die Heilige Gees sou, op sy beurt, beskou kon word as die emosioneelryke Persoon van die Drie-eenheid in soverre dat juis Hy die primêre Agent van persoonlike interaksie met die mens is. Hy lei die mens in die volle waarheid van God, aldus die evangelie van Johannes, Hoofstuk 16 (NAV).

5.4. DIE EMOSIONELE LEWE (KWALITEIT) VAN DIE GEES VAN GOD

Die emosies wat in die innerlike van die mens bestaan en voorkom, volg grotendeels die patroon van die emosies van God. Dis egter belangrik om te onthou dat God ook veel meer is as net emosie.

God is liefde en hierdie liefde van God het Hom daartoe gedwing om sy Seun te laat sterf vir die sonde van die mensdom. Die mens word geroep om in verhouding met die Drie-enige God te staan: God as versorgende Vader; die Seun wat vanuit die hemel na die aarde gestuur is as Verlosser, en ná die hemelvaart van Christus, die Heilige Gees as Trooster vir die gelowige.

Die eerste twee Persone, Vader en Seun, sou, volgens Eckman (2006:5), beskryf kon word as “ekstern” aan die lewe van die gelowige. Die derde Persoon, die Heilige Gees, moet gesien word as “intern” aan die lewe van die gelowige.

Dit is die Heilige Gees wat op direkte wyse die innerlike lewe van die mens beïnvloed. Christus “buitekant” die gelowige het nie soveel inwerking op die lewe van die gelowige as die Gees “binnekant” dieselfde gelowige nie. Dit is die Gees wat die lewe van dié mens transformeer wat homself/haarself aan Christus oorgegee het.

Die ervaring van die Heilige Gees se werksaamheid in die gelowige is emosioneel. Die Skrif beklemtoon daarbenewens die emosies van die Heilige Gees:

- In Efesiërs 4:25-32 word diepe teleustelling of droefheid van die Heilige Gees uitgewys as ‘n sterk emosie. Die waarskuwing loop daarmee saam dat die Gees nie bedroef moet word deur die onbedagsame optrede van die mens nie. Die Gees word diep seergemaak wanneer en as gelowiges op ‘n negatiewe wyse met mekaar kommunikeer,
- Jakobus 4:1-10 bied ‘n ander voorbeeld met die kontras wat daar bestaan tussen ‘n lewe in wêreldse gesindheid en ‘n lewe vir God. Vers 4 meld dat ‘n lewe van vriendskap met die wêreld neerkom op vyandskap met God. Volgens vers 5 is dit die oorweldigende begeerte van die Gees wat God in die mens laat woon, om hierdie mens heeltemal vir Homself te hê. Positiewe begeerte is ‘n emosie van die Gees.
- Hoofstuk 8 van die Romeinebrief, veral verse 1-30, gee ‘n weerspieëling van die Gees se inwerking op die lewe van dié gelowige wat dikwels uitgelewer staan aan sy/haar eie sondige natuur. Vers 14 dui aan wat dit beteken om ‘n Gees-begeleide individu te wees. Die volwasse-geworde gelowige is daardie een wat die vermoë toon om te reageer op die inwerking van die Gees. Die Gees wil die mens begelei tot volwasse-wording in die geloof (maturity). Hierdie volwasse-wording word bedreig deur uiteenlopende omstandighede wat in die lewe van die gelowige mag voorkom. Paulus beskryf eindelijk hoedat die Gees vir die gelowige pleit met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie. Met groot emosie is die Gees in en by die mens teenwoordig.

5.5. DIE HEILIGE GEES EN DIE EMOSIE VAN DIE MENS

Aangesien die werk van die Gees innerlik is, is die werk van die Gees tegelyk ook emosioneel. Soos wat die gelowige in die proses is daarvan om sy/haar geloof daagliks uit te leef, is dit die Gees wat vreugde en vrede verskaf. Trouens, vanuit Romeine 15:13 blyk dit selfs dat twee van die drie Persone in die Drie-eenheid hierby betrokke is. God is die bron van hoop.

Galasiërs 5 is 'n ander veelseggende voorbeeld van hoe die Gees betrokke is by die emosie van die gelowige. Die oproep aan die gelowige is duidelik, naamlik dat hy/sy nooit hulle lewe deur sondige begeertes moet laat beheers nie, maar inteendeel, deur die Gees.

Wanneer en as hierdie beheersing van die Gees plaasvind, lei dit eindelik tot die verskillende vrugte van die Gees (Galasiërs 5:22) wat beskryf sou kon word as positiewe emosie en innerlike vermoëns.

Spiritualiteit behels 'n lewe wat oorheers word deur primêre emosies. Hierdie primêre emosies vorm die fondasie van Christelike eksistensie (www.bible.org).

Die vrugte van die Gees word sterk gekontrasteer met die werke van die vlees (Galasiërs 5:19-21). Die kontras met die vrug van die Gees mag negatief en sondig wees, maar dit is tegelyk ook sterk emosioneel.

Bogenoemde bied uitvoerige getuienis daarvan dat die Heilige Gees op direkte wyse betrokke is by die emosionele lewe van die gelowige. Die Gees is inderdaad die Begeleier en die Trooster soos deur die Skrif uitgewys.

Die bestuur van menslike emosies behels die instelling van die mens teenoor die lewe (Romeine 6:11), naamlik om te onthou dat 'n mens as gelowige nou vir die sonde dood is, en vir God moet lewe.

Daarbenewens behels die bestuur van menslike emosies ook die mens se gedagtes (Romeine 8:5-7) en helaas ook die ego van die mens in dié sin dat uitsluitel gevind is oor die verhouding waarin die mens teenoor God en medemens behoort te staan.

5.6. GEVOLGTREKKINGS

As dit waar is dat die Heilige Gees betrokke is by menslike emosie, dan word dit 'n vraag of die werk van die Gees in die mens nie as psigologies bestempel sou kon word nie. Alhoewel die Gees 'n goddelike en misterieuse teenwoordig in die lewe van die mens vorm, beklee die Gees van God tegelyk ook 'n strategiese posisie in die lewe van die mens. Die Gees funksioneer sterk by die samevloeiing van die mens se verbeelding, perspektief op die lewe, ego sowel as emosies. By hierdie punt van samevloeiing werk die Gees sinergisties met die mens. Soos wat die mens in verhouding tree met die Vader deurdat 'n nuwe identiteit in Christus verkry is, vind diepgaande verandering in die lewe van hierdie mens plaas deur die inwerking van die Gees.

Dit vorm spirituele realiteite en sodanige spirituele realiteite is emosionele realiteite. Die belangrikheid van emosie sou dus nie onderskat mag word nie. Die werk van die Heilige Gees is sterk emosioneel in die lewe van die gelowige.

5.7. VERDUIDELIKING

Die rol van emosie by korporatiewe aanbidding word vir die doeleindes van hierdie studie nou verder vanuit 'n spesifieke hoek benader. Die navorser is van mening dat gekonsentreer behoort te word op enkele spesifieke emosies wat integraal staan aan die belewenis en ervaaring van die teenwoordigheid en die werklikheid van God in die mens se lewe. Hierdie emosies behoort tot 'n mindere of meerdere mate ervaar te word in en

tydens die proses van korporatiewe aanbidding. Dit sou daartoe kon bydra dat spirituele groei plaasvind.

Vir dié doel is enkele spesifieke emosies geïdentifiseer, naamlik berou, vrede en vreugde en ontledings gedoen van hoe hierdie emosies in die Ou en Nuwe Testament onderskeidelik aangetref word.

5.8. EMOSIE IN DIE BYBEL

Die tema van emosie geniet nie baie hoë prioriteit by teoloë nie. Die redenasie bestaan bes moontlik dat dit in die Bybel oor ander dinge gaan as hierdie eg menslike aangeleentheid. Emosie is egter 'n fundamentele aspek van menswees.

Kruger (2003:89) meen dat die rede waarom emosie in die verskillende menswetenskappe, waaronder die teologie dan ook, nie die aandag gekry het wat dit moontlik verdien nie, was omdat die gevoelensfeer gesien is as deel van die mens se irrasionele, onkontroleerbare sy, wat nie waardig is om bestudeer te word nie.

Emosie sou egter uit verskillende hoeke benader kon word:

- Evolusionisties --- Hiervolgens word emosie verstaan as menslike response op herhaalde uitdagings vanuit die omgewing waarin hierdie bepaalde mens 'n stryd voer om te oorleef. Emosie het dan ook 'n kommunikatiewe funksie.
- Fisiologies --- Die liggaamlike beleving van emosie wil aan die lig bring dat emosie ten beste begryp kan word in samehang met biologiese prosesse.
- Kognitief --- Volgens die teorie van kennis bestaan daar duidelike tekens dat die metafore en metonimië, met betrekking tot sekere emosie-woorde in die taal-/ literêre skat van gegewe kulture, fisiologiese beleving van daardie spesifieke emosie getrou reflekteer (Kruger 2003:91).

Sover dit die Bybel betref, moet daar ook onderskei word tussen Goddelike emosie en menslike emosie.

5.8.1. GODDELIKE EMOSIE

Een van die heel eerste voorbeelde in die Ou Testament in verband met goddelike emosie, vind ons in Genesis 6:6 waar God, ná die sondeval, te kenne gee dat dit Hom “berou” dat Hy die mens geskape het (Hebreeus: nhm).

Dieselfde woord word ook in Hosea 11:8 gebruik waar ‘n aangrypende blik gegee word tot in die hart van God. God bedwing Homself om Efraim/Israel te vernietig. Sy liefde/medelye brand te sterk daarvoor.

God kan egter ook lag. Die genoegdoening oor die val van die goddelose is duidelik in Psalm 2:4. Daar is ook talle bewyse van God se toorn oor die sonde.

Daar bestaan emosies of gemoedstoestande wat nie met God geassosieer kan word nie. God kan nie verval in wanhoop en rou nie. Vrees word ook nie by die God van Israel aangetref nie (Kruger 2003:92).

5.8.2. MENSLIKE EMOSIE

- Skaamte --- Dit is ‘n emosie wat ‘n sterk sosiale funksie dra. Skaamte was in die kultus van die Ou Testament ‘n sterk maatreël om mense te dwing om binne sosiale kodes te beweeg, ten einde nie beskaamd te staan nie.
- Depressie --- ‘n Emosie wat manifesteer as gevolg van eksterne faktore. Dit word ook duidelik waarneembaar in liggaamshoudings en bewegings. Dit manifesteer in ‘n negatiewe oordeel oor die lewe. Klassieke voorbeelde hiervan kom uit die lewe en optrede van Ou Testamentiese figure soos Jeremia, Job en Jona.

- Angs/vrees/skuld --- Kruger (2003:97) doen verskeie verwysings na die uitwerking van ang en vrees as emosie by die mens. Reaksie word geïllustreer in beeldryke taal. Geen mens kan leef en optree sonder gevoelens nie.

5.9. RASIONELE DENKE

Die geykte uitdrukking “’n mens is wat jy dink” is steeds geldig. Denksigte is essensieel ten einde meer lewenskwaliteit te bekom. Dit is ook ‘n bewese feit dat as ‘n mens insig in die denkprosesse kan bekom, dit beslis lei tot nuwe lig op die kreatiewe oplossing van probleemomstandighede.

Die Bybel dui duidelik aan dat die mens se vernuwing (om ‘n ander mens te word met nuwe insigte en perspektiewe) in die denke geskied en nêrens elders nie.

Inderdaad, wat ‘n mens dink en hoe jy dink, bepaal eindelijk hoe jy is en wat jy word. Jou denke vandag en môre sal bepaal waar jy in die toekoms gaan wees. Wat by jou mond uitkom, het eers ‘n pad deur jou brein geloop. Omdat ons denke as die sentrale vertrekpunt beskou word om gedrag en optrede te bepaal, moet ‘n mens raaksien hoedat die Bybel fokus op die denke as die sentrale vernuwingsbron.

- Romeine 12:2 --- “ Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe ...”
- 1 Korintiërs 14:20 --- “ Broers, moenie in julle denke kinders wees nie. Wees onvolwasse in die slegte dinge, maar in julle denke volwasse”.
- 1 Petrus 1:13 (OAV) --- “... omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel geword het by die openbaring van Jesus Christus”.

Daar is positiewe sowel as negatiewe fasette verbonde aan hierdie Skrifgedeeltes. Om ‘n totaal nuwe koers in die lewe te vind, geskied slegs op een manier en dit is om anders en volwasse oor omstandighede te begin dink. Onvolwasse en negatiewe denke is slegs die begin van ‘n vreugdelose en passielose toekoms (Neethling e.a . 2001:15).

5.10. HEELBREINDENKE

Neethling e.a. (2001:129) wys daarop dat die 21ste eeu se mens begrippe soos individualisme, eiesoortigheid en ook diversiteit begin proe het. Die begrip “heelbreindenke” omvat al hierdie aspekte. Genoemde skrywers is van mening dat die omvang en toepassingsmoontlikhede daarvan feitlik onbeperk is. Heelbreindenke hou grenslose moontlikhede in.

Die predikant wat besef dat die gemeente bestaan uit verskillende breinvoorkeure, behoort preke só voor te berei dat almal bereik sou kon word. Heelbreindenke, en die toepassing daarvan, beteken uitreik na ander, al verskil daardie persoon se denke en benadering drasties van die eie. Dit leer verdraagsaamheid en ‘n begrip vir ander, maar terselfdertyd ook waardering vir die bydrae van wat ‘n ander dink en doen.

Heelbreindenke lewer ‘n bydrae tot emosionele volwassenheid. Daar is reeds voorheen verwys na die begrip “emosionele intelligensie”. Laasgenoemde is onontbeerlik in enige verhouding. Dit is by uitstek belangrik by die mens se denke oor God en belewenis van God en kan direk daartoe aanleiding begin gee dat ‘n mens begin dink soos God. Hiermee sou die geskiedenis van die mens volgens die beeld van God, soos dit elders in hierdie studie aan die orde kom, in verband gebring kan word.

Janse van Rensburg (1998:65 e.v.) wil ook die belangrikheid van beide linker- en regterbreinstrategieë onderstreep. Die twee breinhemisfere moet nie as teenoorstaande beskou word nie. Clinebell (1987:27) werk met die gedagte van “holistiese denke”, hoewel hy nie werklik by die benutting van die regterbrein uitkom nie.

Janse van Rensburg (1998:66) maak 'n belangrike konklusie, naamlik dat geen deel of hemisfeer van die menslike brein in staat is om alle inligting te versamel en onafhanklik van ander dele van die brein 'n volledige interpretasie van die werklikheid te gee nie.

Onder invloed van die modernisme het 'n oordrewe aksent te rus gekom op die rasoniele en 'n miskenning ingetree van die affektiewe. 'n Kombinasie van die rasoniele en die emotiewe is essensieel in die pastorale ontmoeting en ook vir geloofsvorming en geloofsopbou.

Linkerbreinwerking moet deur regterbrein-aktiwiteit aangevul word. Die afleiding is dus duidelik dat die benutting van beide breinhemisfere groter moontlikhede vir die identifikasie en oplossing van probleme bied en daarmee saam ook die moontlikheid inhou van balans en perspektief in die lewe, nie slegs ten opsigte van korporatiewe aanbidding nie, maar ook en veral tydens die sogenaamde erediens van die lewe.

5.11. EMOSIE IN DIE OU TESTAMENT

5.11.1. BEROU

Janse van Rensburg stel die hipotese dat die Ou Testament inderdaad veel bied waarmee die gereformeerde liturgie by korporatiewe aanbidding verryk kan word (2005:445). Hy benader die erediens dan vanuit die gedagte van 'n verbondsmatige ontmoetingsgebeure.

Aanbidding van God in beide die Ou en Nuwe Testament is sterk gewortel in die teenwoordigheid en die werklikheid van God. Rayburn (1980:51) bestempel dit dan ook as die grondslag van ware aanbidding.

Dit is juis dan ook hierdie oorweldigende teenwoordigheid van God wat daartoe moet lei dat die mens sou besef dat hy /sy 'n sondige wese is.

Op 'n heel besondere wyse het God se werk tot uitdrukking gekom in die verbond wat Hy met Israel gesluit het. Dit was nie op 'n losse voet nie, maar 'n blywende verbintenis tot in die verre toekoms. Die wonderlikste was dat God vir Israel God geword het en Israel sy volk kon wees.

Barnard sê (1981:68) die sleutel tot die verstaan van die Ou Testamentiese kultus God self is. Hy begin en neem telkens die inisiatief. Hy staan in alles sentraal. Hy loop sy volk tegemoet met die kragtigste woorde van selfopenbaring, naamlik: “Ek is die Here, jou God”. Daarmee eis Hy dan ook dat Israel geen ander gode voor sy aangesig mag hê nie.

Die probleem het egter telkens opgeduik dat Israel verbondsbreuk gepleeg het. Die verskillende Ou Testamentiese profete is byna almal daartoe geroep om te preek teen die goddeloosheid van hulle dag. Hulle woorde moes die immoraliteit, ongeregtigheid en pluralistiese vorms van aanbidding aanspreek. Die primêre doel van die profete se prediking was om opregte berou te ontlok by die volk en 'n terugkeer daarna om God se volk te wees soos die verbondsooreenkoms dit bepaal het.

Met groot hartseer gooi Jeremia op 'n stadium die handdoek in ten opsigte van die hardnekkigheid van die volk wat nie berou toon nie en, volgens Jeremia 29, verkondig hy aan hulle dat hulle God se oordeel sal beleef en moet aanvaar.

5.11.2. WAT BEHEL'S BEROU?

Om 'n redelik akkurate idee te vorm van wat die begrip berou behels sou dit nodig wees om te kyk na die twee Hebreeuse woorde wat in hoofsaak gebruik word om die reaksie en handeling van berou uit te druk.

- Die Hebreeuse woord “nhm” dra verskillende betekenisse. Dit sou kon beteken om te “sug” en hiervandaan dan ook om te “kla” of te “rou” oor omstandighede en wanneer 'n element van emosie bykom wat geïnspireer sou wees deur die begeerte om net die goeie by 'n ander persoon te sien, het dit oorbeweeg in

deernis en medelye. Wanneer ernstige nadenke sou plaasvind ten opsigte van die eie persoon behels dit dat daar tot “inkeer” en “ander insigte” gekom word. Die woord is ook van toepassing op God self. God se optrede en handelswyse word uitgedruk deur die woord wanneer die Here berou kry oor straf en oordeel wat Hy oor sy volk uitgespreek het en op hulle laat neerkom het (vgl. Genesis 6:6 en Jona 3:10). Die woord “naham” word nagenoeg 40 keer in die Ou Testament gebruik om “berou” of “inkeer” aan te dui en ook so vertaal. (Koehler e.a.1958:608). In byna al die gevalle is dit van toepassing op God self. God se hart is vol van hartseer oor die mens se ontrou. Die woord dui dan ook op die emosie by God wat Hom daartoe bring om op ‘n ander wyse met sy volk te begin omgaan.

- Die woord “shubh” word meer algemeen gebruik om die Skriftuurlike gedagte van opregte berou uit te druk. Dit word ook uitvoerig deur die verskillende profete gebruik en lê pertinente klem op die gedagte van ‘n radikale verandering ten opsigte van die houding van die mens teenoor sonde en teenoor God self. Dit impliseer ‘n bewustelike, morele afskeiding van die sonde en ‘n persoonlike beslissing om daarvan af te sien en in ‘n nuwe gemeenskap met God te tree. Of ook anders gesê, in die verbondsverhouding met God te bly staan en volk van God te wees. Dit word redelik ekstensief gebruik om die mens se aksie aan te dui weg van die sonde af en in die rigting van geregtigheid (Deut 4:30; Psalm 7:12). Dit word ook gebruik om spirituele verandering uit te wys soos wat God alleen dit kan bewerkstellig (Koehler e.a.1958:951).

Dit is duidelik dat emosie ‘n pertinente rol speel. As Dawid, volgens Psalm 51, die omvang van sy sonde besef, besef hy tegelyk dat hy God leed aangedoen het en sy berou gryp hom diep in die hart aan.

Volgens Webster (2006:1) behels hierdie berou ‘n verandering van gedagte. Die woord impliseer ‘n “spyt wees” oor wat gebeur het of gedoen is. Dit dui op die regte gesindheid teenoor God asook teenoor die self. Daarbenewens dan ook die regte houding en verhouding teenoor ander mense.

5.11.3. PSIGOLOGIESE ELEMENTE

5.11.3.1. 'N INTELLEKTUELE ELEMENT

Hierdie berou is daardie omkering van gedagte wat die sondaar lei om hom af te wend van sy/haar verkeerde manier van leef en doen. Dit affekteer voorts die totale spiritualiteit van hierdie persoon en dit sluit die hele persoonlikheid daarby in.

Die intellek moet funksioneer, die emosies moet geroer word en die wil moet gestimuleer word. Die intellektuele element word gemanifesteer vanuit die natuur van die mens, naamlik dat hy/sy 'n intelligente wese is en geskape met vryheid van keuse, en vanuit die feit dat God ook rasonale diens aan Hom vereis. Die mens moet sonde as onaanvaarbaar beoordeel, die Wet van God as volmaak en homself sien as iemand wat te kort skiet aan die vereistes daarvan.

5.11.3.2. 'N EMOSIONELE ELEMENT

Daar mag kennis en besef van sonde wees sonder om 'n afkeer daarvan te ontwikkel en dit te beskou as onaanvaarbaar en aaklig en tot oneer van God en persoonlike vernietiging. 'n Emosionele element is nodig om werklike spyt en berou uit te druk. Hiervan is daar voldoende illustrasie in die Ou Testament waar berouvolle persone, as demonstrasie van spyt en berou, hulle klere geskeur het, as op hulle koppe uitgestrooi het en selfs op die ashoop gaan sit het. Gevoel of emosie is weliswaar nie gelykstaande aan berou nie, maar dit is tog 'n sterk dryfveer tot opregte berou.

5.11.3.3. 'N KONATIEWE ELEMENT

Die mees prominente element by die psigologie van berou is die wil. Hierdie aspek word veral uitgedruk deur die betekenis van die woord "naham" wat dui op "wegdraai". Waar die wil daartoe ontbreek, sal die aksie nie deurgevoer kan word nie.

5.12. WAT BEHELST DIE EMOSIE VAN VREUGDE IN DIE OU TESTAMENT?

Daar is nie minder nie as 15 verskillende woorde in die Hebreeus wat die emosie van vreugde wil aandui en tot uitdrukking laat kom. Die gedagte van vreugde as deel van die godsdienstbeoefening word aangedui deur 'n menigte van sinonieme terme waarvan die mees algemene sekerlik die woordjie “simchah” is (vgl 1 Samuel 18:6)(Koehler e.a.1958:986).

Behalwe daarvoor dat die begrip “vreugde” in die algemeen gebruik word daarvoor om die reaksie van die mens se gedagte op 'n aangename gebeurtenis of ervaring aan te dui, kom “vreugde” as 'n religieuse emosie ook dikwels voor in die Ou Testament. Godsdienst het te make met die aanraking van die diepste emosies insluitende dan die uitdrukking van diepgaande vreugde en blydschap. Vreugde word dan ook meermale uitgewys as die natuurlike voortvloeiende van 'n innige verhouding met God (vgl Psalm 16:11).

God is met eens die bron (vgl Psalm 4:7; 51:12) sowel as die voorwerp van vreugde (vgl Jesaja 29:19). Baie aspekte van die goddelike karakter roep die emosie van vreugde na vore, byvoorbeeld sy versorging en nabyheid (vgl Psalm 21); sy uitredding (vgl Habakuk 3:18); sy regverdige oordele (vgl Psalms 48 en 119); asook sy woorde van troos in donker tye (vgl Jeremia 15:15-16).

Vreugde word uitgedruk in die siel en liggaam van die mens. Vreugde kom tot uitdrukking in aanbidding (vgl 1 Kronieke 15:16) sowel as in die binnekamer (vgl Psalm 63:7).

Dit is duidelik dat die element van “vreugde” voortspruit uit 'n teosentriese beskouing van die godsdienst. Vind 'n verskuiwing plaas van teosentries na antroposentries, kom die vreugde-element onmiddellik daarmee in die gedrang.

5.13. EMOSIE VAN VREDE IN DIE OU TESTAMENT

‘n Doelbewuste keuse vir die drie emosies van berou, vreugde en vrede is gemaak. In die erediens verloop emosie grootliks in hierdie volgorde: Met die skuldbelydenis en verootmoediging gaan berou gepaard; met die genadeverkondiging en retensie ontstaan grootskaalse vreugde oor die verlossing en die heil van God in Jesus Christus. ‘n Gevoel van vrede en kalmte tree dan in wat uitloop op die motivering om, na afloop van die korporatiewe aanbidding in die huis van die Here, nou in die erediens van die lewe “coram Deo” te gaan lewe.

Die Hebreeuse woord vir vrede is sjalom. Die grondbetekenis van die woord het te make met die algemene welsyn van die mens. Wanneer die Ou Testamentiese mense bymekaar gekom het, het hulle mekaar begroet met hierdie woord en daarmee na mekaar se welstand verneem.

Die welstand het dan ook nie slegs die enkeling geraak nie, maar uitkering om die hele volk en gemeenskap daarby in te sluit. Die resultaat sou dan wees gestabiliseerde verhoudinge op godsdienstige, politieke sowel as sosiale gebied. Selfs die tye waar die verhoudinge tussen Israel en sy buurvolke bestendig was word met die woordjie sjalom beskryf. Die volk bevind hulle in ‘n posisie waar gesaai kan word, geoes word, rustig gelewe kon word en op die wyse welvaart (sjalom) geniet.

So ‘n situasie berus op bestendige en hegte verhoudinge; op orde en bestendigheid (1 Konings 5:26; Rigters 4:17). As die orde enigins versteur raak kan daar geen sjalom meer wees nie. Die verhoudinge tussen mense onderling is dikwels ook vasgelê in ooreenkomste of, anders gesê, verbonde (Pop 1964:547).

God het ook met sy volk Israel ‘n verbond gesluit (Genesis 17). Sjalom en verbond hoort gevolglik onlosmaaklik bymekaar. Sonder die verbondsverhouding, ook tussen God en mens, en sonder dat daar stip aan die bepalinge van die verbond voldoen word, kan daar geen sprake van sjalom wees nie.

5.13.1. GOD GEE SJALOM

Israel is vir sy welsyn totaal op die Here aangewese. Dit blyk mooi uit die oeroue belydenis van Gideon (Rigters 6:24): “Die Here gee rus!” (NAV). Duidelik kom die implikasie na vore dat as die volk in gehoorsaamheid en diensbaarheid voor die Here leef, dan skenk God aan hulle welvaart en welsyn (sjalom).

Daarom word sjalom oor Jerusalem ook van God afgebid (Psalm 122:6). Die heil wat God gee, bestaan in die sjalom. Sjalom word dus een van die sleutelbegrippe in die Ou Testamentiese heilsterminologie (Pop 1964:548).

5.13.2. DIE PROFETE VERKONDIG SJALOM

Sowel die valse as die egte profete verkondig sjalom. Eersgenoemde doen dit sonder enige begroning (Jeremia 6:14; Esegiël 13:16). Daarom word hulle profesieë bestempel as leuens en bedrog. JHWH sal die teendeel van sjalom gee (Jeremia 16:5). Sjalom en sonde kan nie hand aan hand met mekaar loop nie.

Ten tye van die ballingskapsperiode vind ‘n wending plaas. Beide Jeremia en Esegiël verkondig nou aan die volk sjalom in hulle moeilike omstandighede (Jeremia 29 en Esegiël 34). Pop (1964:548) sowel as Sperna Weiland (1970: 72) wys daarop dat dit ontoereikend is om nou steeds nog die woordjie sjalom as vrede te vertaal en te verstaan omdat dit nou in hierdie konteks soveel as vreugde en hemelse heerlikheid begin aandui. ‘n Eskatologiese perspektief loop nou daarmee saam. Die vrede bestaan en tog is dit ook nog nie ‘n werklikheid nie.

Die Ou Testamentiese heilsverwagting is verwagting van die sjalom. Jesaja verbind hierdie vrede aan ‘n toekomstige Redder-Koning (Jesaja 9:5). Aan die vrede wat met hierdie komende Messiaanse ryk gepaard gaan sal daar geen einde wees nie.

5.13.3. SJALOM IS GEEN INNERLIKE VREDE NIE

Nêrens in die Ou Testament egter beteken die woord sjalom noodwendig innerlike vrede nie (Pop 1964:548). Steeds gaan dit oor 'n toestand, 'n toedrag van sake, wat die enkeling en veel meer nog so die volk, ervaar as 'n polities-sosiaal-godsdienstige belewenis. Dit word veral in korporatiewe verband beleef.

Sjalom is grotendeels iets wat ervaar word as 'n vrug op arbeid en toewyding aan die Here en as die resultaat van die wyse waarop mense tot mekaar in verhouding staan. Sjalom spruit primêr voort uit die verhouding waarin die volk teenoor God staan. Geregtigheid en vrede loop hand aan hand.

Sjalom is nie soseer, Ou Testamenties gesproke, 'n gevoel nie, maar 'n situasie. In hierdie situasie kan die gewone daaglikse lewe geleef word. Die Ou Testamentiese mens het die sjalom nie as iets tasbaars ervaar nie, maar dit tog wel beleef in sy hele eksistensie, na liggaam en siel. Derhalwe is die teenstelling van sjalom in die Ou Testament nie allereers oorlog nie, maar wel rampspoed, ongeluk, onvrede, ellende en in die uiterste geval, oorlog.

By die korporatiewe aanbidding van die gemeente van die Here Jesus is hierdie Ou Testamentiese perspektiewe ten opsigte van die vrede (sjalom) van kardinale belang. Die belewenis van innerlike vrede is 'n gevoel (emosie) wat noodwendig voorspruit uit 'n posisie van welsyn, welvaart en sekuriteit. Welvaart word hier nie geïnterpreteer as materieel nie, maar streng in die sin van 'n openhartige en toegewyde verbondsverhouding met God.

5.14. EMOSIE IN DIE NUWE TESTAMENT

Nuwe Testamenties gesproke moet allereers daarvan kennis geneem word dat dit die Heilige Gees is wat ten nouste gemoed is met die emosies van berou, vreugde en vrede wat mense beleef en die intensiteit waarmee God as werklik en teenwoordig ervaar word.

Dit is die Gees wat die mens in die volle waarheid wil lei en oortuig van sonde (Johannes 16); dieselfde Gees is ook die Bron en Oorsprong van emosies soos vreugde en vrede in die mens se lewe. Trouens, laasgenoemde twee emosies word juis ook bestempel as vrugte van die Gees se inwerking en inwoning in die lewe van die gelowige mens (Galasiërs 5).

Die werk van die Heilige Gees is sinergisties. Die werksaamheid van die Gees vind plaas in koördinasie met die Vader en die Seun. Wanneer die gelowige in verhouding tree met die Vader geskied dit op grond van 'n nuwe identiteit in Christus en verandering (verdieping) vind plaas deur die inwerking van die Heilige Gees. Die Gees funksioneer volgens 'n samevloeiing van perspektief, die menslike ego, verbeelding en emosie.

Die Gees wil begelei tot volwassenheid in die geloof. Volgens Louw (1998:198) is die mens eers werklik sy/haar ware self in en deur emosie. Emosie en gevoel voorsien 'n beter begrip van die dinamiek tussen die ek en die self, en daarvandaan ook 'n beter begrip vir die ander. Emosie sou raak beskryf kon word as die loergat wat insig verleen in die innerlike ervaring van die menslike "ek" en siel. Emosie is wesenlik deel van die mens se persoonlikheid.

Genoemde opmerkings is belangrik by die beoordeling van spesifieke emosies wat tydens die erediens ervaar kan word, veral wanneer die persoonlike waarde van abstrakte konsepte bepaal en geassesseer word. Emosionele assosiasie mag ook 'n pertinente rol speel by die bepaling en formulering van Godskonsepte (Louw 1998:190).

5.14.1. BEROU IN DIE NUWE TESTAMENT

Om 'n meer duidelike begrip te kan vorm van die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord "berou", moet die verskillende betekenis van die woord kortliks aangestip word. Daarnaas moet die psigologiese elemente van berou ook in ag geneem word.

- Die term “metamelomai” dui op ‘n gevoel van omgee, bekommernis of spyt. Dit druk die emosionele aspek van berou uit. Die gevoel wat deur die woord beskryf word mag dui op opregte berou of dit mag aan die ander kant ook aanduiding wees van selfverwyt (Matteus 21:29,32;27:3)(Kittel 1969 vol iv; 999).
- Die woord “metanoeo” se primêre betekenis is om berou te hê in die mate dat daar dan ook verandering van gedagte en instelling tot gevolg sal wees. Dit hou veral die gedagte in van ‘n ommekeer in die mens se gedagtegang met ‘n gepaardgaande terugkeer na God. Dit behels ook ‘n verandering ten opsigte van sonde. Genoemde betekenisgebruik van die woord vind ons veral by Johannes die Doper en ook by Jesus en die apostels (Matteus 3:1; Markus 1:15 en Handeling 2:38). Die woord dui ook op ‘n spirituele transformasie wat volg op die ervaring van sondevergifnis en die genade van God, of anders gesê op die bekering van die mens.
- ‘n Ander woord “epistrepho” word soms gebruik om daarmee die opregtheid van die berou uit te wys. Die woord word elders verskillend gebruik byvoorbeeld om daarmee te sê dat ‘n spirituele oorgang van sonde na God plaasvind (Handeling 9:35); die versterking van die geloof (Handeling 11:21) en ook om die verandering by die mens te beklemtoon as ‘n duidelike gevolg van berou oor sonde (Handeling 26:20). Daar is ook noue verband op te merk tussen die woorde “repentance, penitence en penance”. In alle gevalle is daar elemente van pyn, ontugtering, berou en verwyt ter sprake.

5.14.2. PSIGOLOGIESE ELEMENTE BY BEROU

- Intellektuele element: Berou is daardie verandering in die mense se gedagtegang wat hom/haar daartoe motiveer om af te sien van verkeerde dinge, van sonde in die lewe. Die verandering moet so ingrypend van aard wees dat dit die mens se totale geestelike lewe en persoonlikheid sal beïnvloed (www.bible-history.com). Die intellektuele element word gemanifesteer by die mens as ‘n intelligente en denkende wese en spruit

voort uit die eis van God ten opsigte van gehoorsaamheid en rasionele diens aan God.

- Emosionele element: Daar mag 'n besef van sonde ontstaan sonder die pertinente wegdraai van die sonde as gevolg van 'n afkeer daarin as iets wat tot oneer van God strek en die lewe van die mens kan vernietig. In sommige gevalle mag die wegdraai slegs gebaseer wees op die vrees vir straf (Matteus 27:4). 'n Emosionele element is nodig by berou oor sonde. Hoewel emosie en gevoel nie gelykstaande is aan opregte berou nie, vorm dit nogtans 'n sterk impuls tot 'n opregte wegdraai van die sonde. Om opregt spyt te wees oor sonde kan nie sonder emosie gepaard gaan nie, selfs in sekere gevalle sou daar tranes gestort moes word.
- Element van wilskrag: 'n Prominente element by die opregte berou oor sonde is die daadwerklike wil om daarvan af te sien. Die saak en die oproep tot berou en bekering berus op die vrye wil van die mens en sy/haar individuele verantwoordelikheid.

Samevattend gesê gaan dit by die Nuwe Testamentiese berou oor sonde oor 'n duidelike besef van geestelike armoede as gevolg van die sonde; persoonlike onwaardigheid voor God en bereidwilligheid tot oorgawe aan God en nederige afhanklikheid. Hieruit vloei voort diens aan God.

As die resultaat van opregte berou oor sonde ontvang die gelowige die gawe van die Heilige Gees, vergifnis van sonde, die genade en aanvaarding van God as 'n mede-erfgenaar met Christus.

Berou is nie slegs individueel van aard nie, maar ook korporatief. In en tydens die erediens staan elke man en vrou en kind afsonderlik voor die Here en elkeen deel ook afsonderlik in die genade van die Here. Tog werk God nie slegs met die mens as individu nie, want hierdie mens is deel van die liggaam van Christus op aarde. In hierdie liggaam

bestaan daar ook 'n inter-afhanklikheid. Die oog kan nie vir die oor sê “ek het jou nie nodig nie.”

Al word woorde van berou in individuele harte uitgespreek, al val besluite in afsonderlike gemoedere, vorm dit alles 'n gesamentlike pleitrede na die troon van God. En al hoor elke persoon in die erediens in sy/haar persoonlike gemoed die genade-stem van God, spreek die Here voor alles sy genade uit oor die gemeente.

5.15. VREUGDE IN DIE NUWE TESTAMENT

Die Christelike vreugde sou in die algemeen beskryf kon word, volgens William Barclay (www.bible.org), as iets wat volkome onafhanklik is van enigiets op aarde omdat die bron daarvan die onafgebroke teenwoordigheid van Christus is. Twee mense wat mekaar liefhet, is altyd gelukkig as hulle net bymekaar kan wees; dit maak nie saak waar hulle is nie. Net so is dit met Christene: hulle kan in elke omstandigheid gelukkig wees omdat hulle nooit sonder Christus --- die bron van hulle vreugde --- is nie.

Dat vreugde deel uitmaak van die Christen se daaglikse lewe omdat hy/sy 'n verlore mens is, is 'n heerlike waarheid. Dat vreugde veral deel uitmaak van die belewenis van die mens gedurende die erediens is 'n gelykstaande waarheid. Die verskillende elemente van die erediens dui op die ingrypende bemoeienis van die allerhoogste God met mense, individueel en as gemeente van Jesus Christus. Ook hier kan die bron en oorsprong van die vreugde alleen maar gevind word in die versoenende werksaamheid van Jesus Christus.

Die erediens as verbondsgebeure moet hier in gedagte gehou word. Deurgaans tree God op die voorgrond om op verskillende maniere te demonstreer watter verskil dit in die lewe van die mens maak as God toegelaat word om hierdie mens se God te wees en die mens van sy/haar kant af poog en streef daarna om kind van God/volk van God te wees. Dit is die bron en aanleiding van en tot vreugde.

Verskillende woorde word in die Nuwe Testament gebruik om die gedagte van vreugde na vore te laat kom. Daarmee saam word ook verskillende reaksies geskets:

- “agalliasis” --- (5 keer gebruik) --- uitermate blydschap, vreugde, om verheug te wees
- “euphrosune” --- (2 keer gebruik) --- goeie luim; blydschap
- “kauchaomai” --- (38 keer gebruik) --- om eer toe te bring na aanleiding van ‘n ervaring of belewenis
- “oninemi” --- (1 keer gebruik) --- te baat; gehelp te word; blydschap te ervaar
- “skirtao” --- (3 keer gebruik) --- te spring van vreugde
- “chairo” --- (74 keer gebruik) --- verbly wees; vreugde ondervind; gesond te wees; as ‘n groet
- “chara” --- (59 keer gebruik) --- vreugde, blydschap; dui op oorsaak van vreugde

Uit bogenoemde verwysing blyk dit dat die mees algemene woord vir “vreugde, blydschap” in die Nuwe Testament die verskillende verbuigings van die woordjie “chara” is. Vreugde en blydschap word sinoniem gebruik.

In Johannes 15:11 blyk dit dat die blydschap (vreugde) sy oorsprong het by die teenwoordigheid van Christus in die mens se lewe. Christus se teenwoordigheid maak die verskil.

Filippense 4:4 behels Paulus se oproep tot volhoudende en langdurige blydschap. Hier gaan dit oor die Christelike lewenswandel.

Die vreugde is, volgens Galasieërs 5:22 ‘n vrug van die Heilige Gees. Vroeër is die opmerking reeds gemaak dat die Heilige Gees gemoeid is met die emosies van die mens. Emosies bekragtig weliswaar nie die waarheid nie. Emosie kan byvoorbeeld nie die kruis van Christus se betekenis bekragtig of die opstanding van Christus verifieer nie, maar emosie is die ervaar en die beleef daarvan. ‘n Hart en gemoed vol van blydschap en vreugde dui op die begrip en verstaan van die omvang van God se liefde wat hy teenoor

die mens bewys het in en deur sy Seun, Jesus Christus. In die erediens loop dit uit op blydskap en vreugde oor die grootste geestelike waarheid: So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Johannes 3:16).

5.16. VREDE IN DIE NUWE TESTAMENT

Die apostel Paulus skrywe op 'n baie direkte manier aan die gemeente in Korinte dat God nie 'n God van wanorde is nie, maar 'n God van "eirené", 'n God van vrede. Hier het die woordjie "eirené" (vrede) die betekenis van orde. Waar vrede begin heers, kom alle dinge in plek en funksioneer dit volgens God se bedoeling. So was die bedoeling van Paulus ten opsigte van die erediens in die gemeente van Korinte; so is die neerslag daarvan ook in die persoonlike lewe van die gelowige.

Die vrede kom tot stand deur die Messias Jesus Christus (Hebreërs 7:2); dit kom tot stand deur die werksaamheid, teenwoordigheid en voorbeeld van Christus. Jesaja het Hom bestempel as die Vredevors (Jesaja 9). Christus heers oor die vrede.

Die vrede heers eindelijk in die hart van die mens (Kolossense 3:15) en vorm 'n mag wat die mens(e) bewaar (Filippense 4:7); dit is selfs onvoorstelbaar omdat dit eintlik alle verstand te bowe gaan (Filippense 4:7).

Na sy spesifieke inhoud en betekenis is "eirené" (vrede) dié toestand waarin en waarvolgens God en mens elkeen op sy eie en normale plek te staan gekom het (Pop 1969:550), sodat die regte orde in die wêreld herstel word en die mense dan kan wees wat God bedoel het dat hulle as mense van God sou wees.

Negatief is dit die afwesigheid van die kwaad (Romeine 16:20); positief beteken dit om tuis te gekom het; eindelijk lewe in die volle sin van die woord; voluit mens-wees.

Die wêreld ken nie hierdie vrede nie en kan dit ook nie bied nie (Johannes 14:27). Dié vrede beteken heil vir die hele mens, na siel, liggaam en gees (1 Tessalonisense 5:23). Dit is aan die Christen beloof en word in Christus die gelowige se deel.

5.16.1. VREDE MET GOD

God het 'n einde gemaak aan die vyandskap tussen mens en God (Efesiërs 2:14 – 17). Die vrede is in Jesus Christus beliggaam.

5.16.2. VREDE TUSSEN MENSE ONDERLING

Paulus wys nadruklik daarop dat die koninkryk van God nie bestaan uit eet en drink nie, maar uit gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees aan die mens gee (Romeine 14:17). Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van mense. Elders maan Paulus sy lesers om, vir sover dit enigsins moontlik is, in vrede met alle mense te lewe.

5.16.3. VREDE IN DIE BINNESTE

Hier word alleenlik na Romeine 15:13 verwys. Dis die apostel se gebed dat die gelowiges (in Rome) deur God, die bron van alle hoop, vervul sal word met alle vreugde en vrede, sodat hulle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees.

Die vrede waarna hier verwys word (Pop 1969:551) beteken dat die gelowige van “binne” af in orde sal kom; dat alle dinge op hulle plek sal wees sodat hy/sy nie die prooi sal wees van verwarring nie. Dit vorm ook 'n voorsmaak van die eskatologiese vreugde en vrede.

5.17. GEVOLGTREKKING

Die erediens is en bly 'n unieke ontmoetingsgeleentheid tussen God en mens. Die emosies van berou, vreugde en vrede lê ten grondslag van hierdie ontmoeting. Wanneer die Heilige Gees die emosies “bestuur” kan daar nie na enige kant oorboord gegaan word nie.

Die korporatiewe aard van die erediens skep ook verdere openhartigheid tussen broers en susters in die geloof om “saam” sonde te bely in opregte berou, verlossing en die gepaardgaande vreugde daarvoor te beleef en die wonderlike emosie van vrede onderling en in die self te ervaar. Hierin staan die grootheid van God onmiskenbaar op die voorgrond.

Die Gees maak die “geestelike oë” van die gelowige oop sodat hy/sy kan sien wat gesien moet word in die persoonlike sowel as die gemeentelike lewe. Derhalwe kan dit nie anders nie as dat daar balans en perspektief sal intree tussen denke en gevoel.

Binne die erediens is daar die geleentheid en die ruimte vir die ervaring van God se teenwoordigheid en misterie. Die erediens is die plek waarin en waartydens mense beleef en weet dat die lewende God --- Vader, Seun en Heilige Gees --- werklik teenwoordig is en waarheen hulle kan kom met die verwagting om Hom te ontmoet en Hom in sy genade, liefde, geregtigheid en heiligheid te leer ken.

Die erediens is die plek waarheen gelowiges (sondaars) met vrymoedigheid kan gaan en die volle patos (chaos, pyn) van die menslike lewe vir Hom kan gee al is dit in die besef dat Hy dit alles reeds weet; dat Hy die mens liefhet en lewens nuut wil maak (Small 2005:20). Van hierdie proses is die emosies berou, vreugde en vrede beskrywend.

Die erediens, geleentheid van korporatiewe aanbidding, is die plek waar die dramatiese inhoud van die evangelie ontdek word en waar dit sigbaar gemaak word in en deur die verskillende elemente van die liturgie. Die erediens is die plek waarin die selfopofferende

God ons inbring in die kragveld van sy seënende, vergewende, helende en lewensveranderende liefde en deur sy Gees ons kan en wil nuut maak.

As hipotese is gestel dat die vermoede bestaan dat die behoefte aan belevens in die erediens tog duidelik versoenbaar kan wees met 'n gereformeerde spiritualiteit. Die navorsing en uiteensetting van hierdie hoofstuk bevestig hierdie vermoede. Daarbenewens is dit ook duidelik dat sonder die nodige balans en perspektief ten opsigte van emosionele belevens tydens die erediens, daar maklik geneig kan word tot oppervlakkigheid by korporatiewe aanbidding.

HOOFSTUK 6

DIE ROL VAN SPIRITUALITEIT BY KORPORATIEWE AANBIDDING

Die begrip spiritualiteit het nuwe bekoring begin ontwikkel. Uit die bestudering van die omvangryke literatuur beskikbaar hieroor blyk dit dat spiritualiteit, en dan in die besonder Christelike spiritualiteit, 'n integrale deel uitmaak van die lewe, in individuele- sowel as in gemeenskapsverband.

Die belangstelling in spiritualiteit manifesteer op baie maniere. Downey (1997:8) beweer dat versigtig met die begrip en die saak van spiritualiteit omgegaan moet word aangesien daar uiteenlopende reaksie mag ontstaan. Sommige vorme van spiritualiteit bied rede vir blydschap en hoop, terwyl andere weer kommer en selfs 'n groot mate van huiwerigheid laat ontstaan. Dit is so as gevolg van die feit dat die begrip spiritualiteit tegelyk gebruik word ten opsigte van sake soos gebed en toewyding, maar ook ten opsigte van praktyke wat met die okkulte geassosieer sou kon word.

Downey gaan voort deur daarop te wys dat spiritualiteit nie in die eerste plek gemoeid is met die bestudering van religieuse oortuiging en standpunte nie, maar wel met die ervaring of belewenis van die transendente. In die lig hiervan moet menslike ontwikkeling, liggaamlik en geestelik, in noue verband gesien word en nie as teenoor mekaar staande nie. Menslike en/of liggaamlike ontwikkeling en volwasse-wording moet beskou word as voorvereistes vir groei en volwasse-wording in die geestelike lewe (1997:8).

6.1. WAT IS SPIRITUALITEIT?

Dit is nie heeltemal so eenvoudig om 'n klinkklare definisie van die begrip spiritualiteit te formuleer nie. Juis omdat daar sake soos emosie en belewenis betrokke is, wil dit voorkom asof spiritualiteit vanuit 'n verskeidenheid hoeke besien sou kon word en dat

daar derhalwe verskillende definisies sou kon wees wat almal korrek sou wees. Godsdienstige oortuiging, kultuur en agtergrond speel 'n bepaalde rol in die formulering van 'n definisie oor spiritualiteit.

Dit wil egter voorkom asof daar twee aspekte is waaroor daar redelike konsensus bestaan ten opsigte van die formulering van 'n definisie.

- Daar het 'n gewaarwording ontwikkel van verskillende vlakke van realiteite wat nie so onmiddellik waarneembaar is nie. Daar bestaan meer as wat met die oog gesien kan word.
- Daar het 'n soeke begin ontwikkel na persoonlike integrasie in die lig van postmoderne kragte van fragmentasie en de-personifikasie.

Downey maak die stelling dat hierdie twee aspekte spirituele konstante vorm en dat beide essensiële komponente by enige benadering tot spiritualiteit is (1997:14).

Die term spiritualiteit word gebruik om die diepte-dimensie van menswees te beskryf. Die aksent word geplaas op spiritualiteit as 'n konstitutiewe element van die menslike natuur en belewenis.

John Macquarrie verstaan spiritualiteit in dié sin dat dit direk gemoeid is met “ becoming a person in the fullest sense” (1972:40-47). Joann Wolski-Conn praat van spiritualiteit in terme van die vermoë by die mens tot self-transendensie (1986:3).

By Wakefield kom 'n ander perspektief na vore, naamlik dat spiritualiteit te make het met die samestelling van die menslike natuur wat uitdrukking probeer vind in die grond of doel van eksistensie (1983:v).

Volgens Schneiders (Downey 1997:15), verwys spiritualiteit in die breedste sin van die woord na die ervaring van 'n bewustelike strewe daarna om die mens se lewe te integreer,

nie in terme van isolasie an self-absorpsie nie, maar in self-transendensie na die hoogste denkbare waardes.

Campbell Johnson (2000:10) praat kernagtig daaroor as “waking up to God and to life”. Hy gaan voort deur die lewe voor God en in sy teenwoordigheid te illustreer met aspekte soos:

- Om verwonderd te wees omtrent die misterie van God se liefde
- Die Woord ingeskakel te kry in die mens se lewe
- Om te luister na God
- Om die grootste leuen en leuenaar (Satan) te weerstaan
- Om God te vergestalt in die gewone gang van elke dag se sake
- Om God se teenwoordigheid in die lewe te erken
- En om gelowig en getrou te bly tot die einde toe

Henry Nouwen illustreer dit volgens die gedagte van ‘n lewensreis deur te sê dat die mens vanaf ‘n sogenaamde huis van vrees moet deurbeweeg na die huis van liefde (1994:21). Hierdie beweging geskied langs spesifieke bane waarvolgens die vrees vir die lewe oorkom moet word deur ‘n gevoel van sekuriteit in die teenwoordigheid van God.

Kourie wil die hele problematiek rondom die verstaan van spiritualiteit vanuit ‘n totaal ander hoek benader. Sy bestempel dit as iets van “‘n ander wêreld “ , ‘n ontsnapping uit hierdie wêreld (2000:11). Dit kom gevolglik neer op ‘n houding van wêreld-vermyding, ‘n anti-materialistiese manier van leef en dink. Dit impakteer dan ook op die hele lewe in holistiese sin van die woord. Dit bring veranderinge mee ten opsigte van die kognitiewe, affektiese sowel as konatiewe vlakke van die lewe (2000:13)

Christelike spiritualiteit sou dan gesentreer wees rondom die beleef en uitleef van ons lewe in en deur Jesus Christus (Kourie 2000:14). Die Skrif, beide Ou en Nuwe Testament, vorm vir Kourie die basis van die Christelike spiritualiteit. Veral vanuit die Nuwe Testament beskou is dit duidelik dat Christus sy Gees aan sy navolgers gegee het en dit is hierdie Gees wat die Christen in die volle waarheid lei. Dit is die Gees wat die

mens lei en leer om geestelik (pneumatikos) te lewe. Paulus se leerstellings in die onderskeie Pauliniese briewe sentreer ook rondom die opgestane Christus en die gepaardgaande nuwe lewe deur die Gees. Die vrug van die Gees moet gesien kan word in die lewe van die gelowige. Vir Kourie is die hele saak van spiritualiteit 'n baie praktiese saak (Kourie 2000:15). Om 'n "geestelike mens" te word en wees is die essensie van spiritualiteit. Die Heilige Gees is die Een wat die mens van binne af verryk en bemagtig, met dien verstande dat hierdie mens, as gelowige, "oop" geraak het vir die Gees (2000:16).

Transformasie in Christus word alleen maar 'n effektiewe werklikheid deur die inwerking van die Heilige Gees. Vir Kourie is dit ook van wesenlike belang dat raakgesien sal word hoedat die Triniteit van God betrokke is by die transformasie van die mens na konformasie met Christus (Kourie 2000:18).

Verskillende soorte spiritualiteit word aangetref volgens Kourie (2000:23). Sommige is meer ekstroversief terwyl ander weer kontemplatief sou wees en te make het met die innerlike mens. Almal kan egter net gewortel wees in die Woord van God en daarby gefundeer in 'n trinitariese teologie.

Die feministiese spiritualiteit het die afgelope tyd enorm gegroei. Dit is in reaksie op 'n hoofsaaklik oorheersende patriargale en hiërargiese patroon waar die spiritualiteit die prerogatief was van die manlike intellektueel (2000:25).

'n Oplewing van die sogenaamde hesichastiese spiritualiteit in die ortodokse tradisie kom ook voor. Hesichasme beteken stil, rustig, en vrede (Kourie 2000:25).

Schaeffer vra 'n indringende vraag, naamlik: What is the Christian life? (1972:15). Daarna gaan hy voort om daarop te wys dat egte spiritualiteit allereers beteken dat die mens Jesus Christus aanvaar as persoonlike Verlosser en Saligmaker. Hierna vind die wedergeboorte plaas en die verskillende stappe van die heilsorde volg. Schaeffer wil dan in sy betoog veral die saak van persoonlike heiliging beklemtoon (1972:17).

Ware spiritualiteit moet besien word as 'n innerlike saak. Liefde is allereers 'n interne aangeleentheid alvorens dit ekstern gedemonstreer word. Spiritualiteit behels dan:

- Nie om slegs wedergebore te wees en te weet ek gaan hemel toe nie
- Dit behels nie alleen om ontslae te raak van sekere taboe's en 'n makliker en lossere lewe te begin leef nie
- Dis veral innerlik. Dis 'n positiewe innerlike realiteit wat manifesteer in positiewe uiterlike resultate

Dit geskied ook nie in eie krag nie. Dit is die Heilige Gees wat hierdie nuwe dienswerk aan God moontlik maak. Daar is nou eintlik sprake van 'n aktiewe passiwiteit by die gelowige (1972:69). Schaeffer verwys in hierdie verband na die voorbeeld van Maria by die geboorte van Jesus Christus. Sy het nie die geboorte veroorsaak nie (passief), maar wel haarself beskikbaar gestel vir God (aktief).

Die Heilige Gees open die weg om in die gewone lewe iets van die Bo-natuurlike te ervaar. God word 'n realiteit. Dogma is goed, maar oomblik vir oomblik se belewenis is van meer belang (Schaeffer 1972:84). Dit moet egter 'n oomblik-vir-oomblik ervaring in verhouding met die Drie-enige God wees.

- God word hierdie mens se Vader
- Jesus Christus sy/haar Verlosser
- En die Heilige Gees is die daaglikse Leidsman

In die lig hiervan, só wil Schaeffer voortgaan (1972:131), behels spiritualiteit dan ook dat die mens in 'n nuwe verhouding teenoor homself/haarself te staan kom. Dit beïnvloed ook die gedagte-lewe.

Spiritualiteit bied vir Schaeffer ook 'n nuwe benadering ten opsigte van psigologiese probleme en omstandighede (1972:151). Die mens besef nou dat hy/sy self 'n persoon in

die reg is wat moet dink, handel, optree en voel. God is daar --- die oneindige-persoonlike God en die mens is ook daar, geskape volgens die beeld van God.

God praat en die mens moet antwoord. Die antwoorde kan nie geskied volgens 'n patron van abstrakte handeling nie, maar juis volgens konkrete handeling. Dan word dit aanbidding.

Schaeffer wil ook die punt beklemtoon (Schaeffer 1972:162) dat spiritualiteit 'n substansiële helingsproses impliseer, ten opsigte van sonde maar juis ook ten opsigte van 'n totale nuwe lewensbenadering.

- Die mens is rasioneel
- Maar hierdie mens is ook moreel
- En hy/sy moet verantwoordelik handel
- Alles só in bewustheid van God se teenwoordigheid

Eindelik behels ware spiritualiteit vir Schaeffer (1972:170) die integrasie van die mens se totale persoonlikheid in die verhouding met God.

Ware spiritualiteit lei na die beoefening van korrekte verhoudings tussen mense onderling. Op grond van die mens se verhouding met God, tree hy/sy in verhouding met ander mense. Daar moet liefde en kommunikasie wees in die Christen-tot-Christen verhoudinge, individueel sowel as korporatief (Schaeffer 1972:198).

Rice plaas persoonlike spirituele ondervinding binne die konteks van 'n vol Christelike lewe (1991:1). Die rede vir die hernieude belangstelling in spiritualiteit is die verlange na eerstehandse ondervinding en belewenis van God se teenwoordigheid in die lewe. Vir baie mense is die gewone en alledaagse godsdienstige handeling en belewenisse nie voldoende nie. Hierdie mense soek na iets wat meer is as die gebruikelike formele godsdienstige byeenkomste.

Volgens Rice (1991:8) is die hart van die Christelike lewe die oortuigde bevestiging van 'n "ervaringsgeloof" in dié God wat vir die mens omgee en wat vir hierdie mens sal bly omgee.

Die drang na persoonlike ervaring van God is niks nuut nie. Die mens is juis geskape om in verhouding met God te staan. Volgens Augustinus was daar van meet af aan 'n onrustigheid in en by die mens wat soek daarna om rust e vind in God. Die begeerte om God te beleef lê gewortel in die gebeurtenisse van die lewe. Belewenis van God behels egter, volgens Rice (1991:23), dat sekere pre-konsepsies eenkant toe geskuif moet word. Rice verwys ook na Calvin wat die stelling gemaak het dat om jouself te leer ken, beteken om God te leer ken en ook andersom.

Die mens is 'n unieke wese en elke enkele mens verskil van die volgende. As voorbeeld hiervan verwys Rice (1991:28) na introverte en ekstroverte persoonlikhede. In dié opsig sou belewenis van God dan ook van mens tot mens verskil. Hoe die mens dan ook al God beleef en ervaar, dit word telkens 'n lewensveranderende belewenis (1991:30).

Rice onderskei voorts verskillende soorte lewenservarings wat die spiritualiteit van die gelowige kan voed (1991:31-35):

- Bekeringservarings: Dit is radikale reöriëntasie en koersverandering in die lewe. Dit beteken nie slegs oorbeweeg van ongeloof na geloof nie, maar dikwels ook van 'n tweedehandse geloof na 'n eerstehandse geloof.
- Ekstatiëse ervarings: Mense beskou dit as 'n uitsonderlike en spesiale aanraking deur God. Ongelukkig, volgens Rice, lei dit maklik tot 'n gevoel van meerderwaardigheid. Dit kom ook, as 'n reël, meer voor in 'n charismatiese omgewing.
- Visionêre en Gehoorervarings: Dit gebeur nie dikwels nie en kom gewoonlik in drome voor. Die gevaar bestaan dat mense hulle eie begeertes kan visualiseer en dan bestempel as 'n besoek van God.

- Intuïtiewe ervarings: Kom redelik algemeen voor. Die persoon beleef 'n innerlike aanvoeling ten opsigte van 'n aangeleentheid in gegewe omstandighede. Dit kan ook soortgelyk wees aan kongruensie.
- Transendente ervarings: Dit gaan hier oor die aangryping deur die wonder van die lewe.
- Inkarnasie ervarings: Dit kom neer op die betoning van en ervaar van liefde onderling. God word daarby beleef as die Bron van alle dinge.

Rice wys samevattend daarop dat sodanige ervarings nie nagejaag behoort te word nie, omdat dit maklik aanleiding kan gee tot die fabrisering van ervarings. Elke ervaring en belewenis van God moet bydra tot die vrees en aanbidding van God (1991:37).

'n Wisselterm vir spiritualiteit sou piëteit wees. Christelike piëteit is nie eksklusief beperk tot sekere groepe nie. Daar bestaan sekere vorme van piëteit wat die rasionele reflekteer en ander wat weer die emosionele (affektiewe) reflekteer. Hierdie piëteit is aksie-geörieënteerd en kom hoofsaaklik korporatief voor.

Rice wil ook daarvoor argumenteer dat piëteit passiewe vorms kan aanneem en dan in afsondering plaasvind (1991:47). Die hoofdoel moet egter bly en dit is om God te verheerlik.

In die hart van die Reformasie lê dat die verstaan van die Christelike lewe korporatief gesien word. Mense word nie slegs as individue gered nie, maar ook in gemeenteverband. Spiritualiteit begin egter privaat en lei dan na die openbaarmaking daarvan in die groep. Die balans tussen privaat en korporatief is 'n sensitiewe saak. Private aanbidding moet gebalanseer word deur openbare aanbidding en laasgenoemde moet weer deur eersgenoemde gestimuleer word (Rice 1991:54). Die gelowige wat nooit in privaatheid sy Bybel lees nie moet in die groep geïnspireer word om dit te doen.

Sentimentaliteit is oordrewe emosie. Emosie as sodanig kan nie 'n betroubare riglyn wees vir die Christelike lewe nie. Dit kan selfs 'n heel moderne gestalte aanneem, naamlik

narcissisme. Die kop het die hart nodig en omgekeerd. Daar moet eenheid wees tussen kop en hart; die balans tussen kop en hart is essensieel (Rice 1991:57).

Egte gereformeerde piëteit sal die volgende eienskappe moet vertoon (1991:67):

- Dit sal die korporatiewe en die private toewyding moet balanseer sodat die gemeenskap van die gelowiges deur albei kan baat vind.
- Dit sal emosie met rede balanseer sodat dit nie sentimenteel word nie, maar eg gelowig bly.
- Dit sal die begeerte om stil te wees met God balanseer met die begeerte om die geloof tot diens van ander uit te leef.
- Dit sal 'n dankbare aanvaarding van al God se goeie gawes balanseer met versigtige rentmeesterskap. Dit sal die dissipline van matigheid bevorder.
- Dit sal die korporatiewe en persoonlike aspekte van gebed bevorder (Rice 1991:84). Gebed is immers ook 'n saak van rede en emosie.

Die mens kan nie hedendaags Christen wees in isolasie nie. Ons leef weliswaar in 'n tyd van individualisme en daarom is 'n herinnering aan die nood en bepaalde omstandighede van 'n mede-Christen in die saamwees van gelowiges 'n noodsaaklike korrektief (1991:121).

Vir Rice is dit belangrik dat selfdissipline in die Christelike lewe nie 'n luuksheid is nie, maar 'n noodsaaklikheid (1991:186). Dissipline in korporatiewe aanbidding is ononderhandelbaar. Dit skep 'n ritme in die mens se lewe en deelname aan gemeentelike aktiwiteite. Dit lei daartoe dat die mens meer geneig raak daartoe om te gee as om te ontvang en ook meer getrou raak ten opsigte van dankbaarheid wat onder andere tot gestalte moet kom in 'n dankoffer (1991:193).

As karakteristiek van die gereformeerde spiritualiteit noem Graafland sowel die innerlike heilservaring van die hart in die ontmoeting met God, asook die hele manier van leef deur die gereformeerde mens as 'n manier van bestaan voor die aangesig van God. Hy

omskryf dit as ‘n lewe uit die erfgoed van die Reformasie, soos dit bepaal word deur die “sola Scriptura, sola gratia en die sola fide” (1990:99).

Louise Kretzschmar staan ‘n geïntegreerde spiritualiteit voor. Sy wil ‘n kombinasie sien tussen spiritualiteit, die lewe en daarby moraliteit (2000:37). Dit vorm ‘n spiritualiteit waar dit wat die mens is en dit wat hy/sy doen intiem verweef geraak het. In ander woorde gesê waar die reinheid en die volwassenheid gekombineer word. Sterk klem word gelê op die Bybel sowel as op aktiewe gehoorsaamheid daaraan en ‘n gepaardgaande lewe van heiligmaking.

Kretzshmar (2000:40) sê dat spiritualiteit ‘n holistiese verstaan van die evangelie impliseer wat ‘n geïntegreerde, persoonlike, korporatiewe sowel as ‘n Bybelse spiritualiteit inkorporeer. God beoog om die individuele mens te red sowel as kerkgemeenskappe en dié redding het implikasies vir al die sferes van die lewe. Geïntegreerde spiritualiteit is nie individualisties van aard nie. Enkele gevolge van so ‘n geïntegreerde spiritualiteit word uitgewys:

- Die eerste gevolg is ‘n doelbewuste kombinasie van spiritualiteit en moraliteit.
- ‘n Tweede gevolg is dat dit lei na verhoogde motivering en affekteer die bemagtiging van persone binne die kerk op die vlak van gawes en talente.
- ‘n Derde gevolg sou dan wees die integrasie van doen en wees wat kan lei tot vernuwing en verhoogde diensbaarheid (2000:50)

LD Hulley (2000:55) vra die vraag of spiritualiteit en etiek enigsins bymekaar pas. Die mens leef immers in verhouding tot God asook die gemeenskap waarvan hy/sy deel is. Die verhouding met God moet op die hoogs moontlike vlak wees ten einde dan die gemeenskap waarvan hierdie mens deel is, te kan dien.

Die mens moet dan rationeel die pad van aksie bedink wat hy/sy van plan is om te volg as vorm van gehoorsaamheid aan God. Hulley stip ‘n paar aspekte aan waarvolgens die

genoemde verhouding met God en die gepaardgaande dienswerk tot uiting kan en moet kom (2000:59-61):

- Allereers aanbidding --- Hulley beskou dit as 'n praktyk wat grootliks die mens se toewyding aan God reflekteer. Aanbidding is nie die plek of oomblik waar hierdie mens wegvlug uit die wêreld uit nie, maar waar hy/sy kom tot ontdekking en aanvaarding van sy/haar rol in die wêreld (2000:59).
- Vervolgens raak dit ook die saak van gebed. Vir geruime tyd is geen verband gesien tussen gebed en die etiek nie. Dit moet egter vanselfsprekend wees dat gebede interessie sowel as konfessie sou akkomodeer.
- Die mens behoort te lewe in reaksie op die Woord van God waardeur hy/sy aangespreek staan.

Om spiritualiteit te skei van moraliteit is nie alleen on-Bybels nie, maar ook onlogies. Die mens kan nie Christen wees en nie terselfdertyd gebed met gehoorsaamheid en liefde kombineer nie. Aanbidding mag nie geskei word van 'n verantwoordelike lewe as uitdrukking van gehoorsaamheid aan God en liefde vir die medemens nie (Hulley 2000:64).

Susan Rakoczy wil die hele aangeleentheid vanuit 'n streng feministiese hoek benader. Volgens haar sou 'n Christelik-feministiese spiritualiteit binne Suid-Afrikaanse konteks neerkom op 'n benadering tot die lewe wat soek na God en God dan vind in alle omstandighede van die lewe (2000:70). Die Christelike tradisie skyn vol te wees van standpunte wat die volle menslikheid van die vrou bevraagteken en wat die man as norm vir menswees aanvaar (2000:72).

Rakoczy gaan voort om Christelik-feministiese spiritualiteit te omskryf aan die hand van die volgende eienskappe (2000:71):

- Ervaring of belewenis
- Liggaamlikheid (van die vrou)
- 'n Passie vir alle mede-skepsels

- Verwerping van alle godsdienstige rites wat primêr abstrak en inklusief blyk te wees
- Dit is verbonde aan die intrinsieke verhouding tussen persoonlike en sosiale transformasie.

Die sogenaamde androgene model verwaarloos die Bybelse gedagte dat 'n gemeenskap van persone (man en vrou) na die beeld van God geskape is. Dit hou nadelige gevolge in vir die spiritualiteit van die vrou.

'n Negatiewe erfenis vanaf Griekse kant is die teenstelling tussen kognitief en affektief omdat dit onderskeidelik met man en vrou geassosieer word. Die stelling word gemaak: Mans dink en vroue voel. In die opsig word die kwessie van gevoel (affektiewe) verdag gemaak en suspisies voorgestel (Rakoczy 2000:75) Die rede en die gevoel moet naas mekaar staan in die menslike ervaring en belewenis. Klem moet gelê word op 'n relasionele antropologie. Sy maak die samevattende opmerking dat Christelik-feministiese spiritualiteit streef na 'n nuwe heel-wees in Jesus Christus. Die mens kan nie groei tot geestelike volwassenheid en heelheid sonder ander mense se liefde en ondersteuning nie. In Christus is mense verbonde aan mekaar (Rakoczy 2000:76).

Waaijman benader die saak weer van 'n ander kant deur te sê die wese van die mens se bestaan word direk deur sy spiritualiteit geraak. In die mens se daaglikse lewe is spiritualiteit altyd latent aanwesig as 'n sterk krag op die agtergrond, 'n oriëntasie-punt, 'n bron van inspirasie (2002:1).

Waaijman praat ook van 'n sogenaamde antropogenese, dit wil sê dat die begin van die lewe nie slegs 'n misterieuse gebeurtenis is nie, daar is ook sprake van 'n transisie (beweging of oorgang) van om "nie-te-wees-nie" na 'n punt van "om-te-wees" (2002:20).

In hierdie proses van antropogenese sou verskillende fases geïdentifiseer kon word:

- Die goddelike oorsprong van die mens
- Mistieke geboorte

- Kontak met die Bron van die lewe

Insig in spiritualiteit volgens hierdie proses van antropogenese word op die volgende maniere verkry (Waaijman 2002:30-31):

- Van die oudste Bybelse verhale wil dit hê dat dit die moeder was wat pas na die geboorte van haar kind God se Naam, God as die Almagtige, oor haar kind uitgeroep het (vgl Genesis 4:1 en 25; 16:11; 21:6-7). So 'n kind het dan reeds bewus geraak van die God van sy/haar moeder.
- Ook die vader het 'n deurslaggewende rol gespeel in die daarstelling van 'n persoonlike verhouding tussen God en kind (Psalm 71:5-6).
- Die besef het dan begin ontwikkel dat God die mens se Helper is (Psalm 109:26).

Hierdie metafore sou dan direkte aanleiding begin gee tot die vroeë vorming van spiritualiteit. Spiritualiteit ontplooi dan aan die hand van en saam met die verskillende fases van die menslike lewe, naamlik geboorte, jeug, volwasse-ording en ouderdom (Waaijman 2002:36-37).

Opvoeding het ook veel te make met die ontwikkeling van spiritualiteit (2002:44).

Spiritualiteit word ook gevorm en beïnvloed deur die verskillende verhoudings waarin die mens hom-/haarself mag bevind 'n sterk invloed op die vorming van spiritualiteit (2002:72).

Waaijman verwys in hierdie verband na Buber wat spiritualiteit by die gewone mens kwalifiseer met die uitdrukking "human connectedness". Die verhoudingslewe van die mens ontplooi langs die volgende sfere:

- Die sfeer van die natuur
- Die sfeer van die inter-menslike
- Die sfeer van verstaanbare vorms, naamlik kennis, kuns, etiek

By slegs een van hierdie verskillende sferes speel die liefde en gevoel 'n rol, naamlik by die sfeer van die inter-menslike. Die mens het dit onbetwisbaar nodig om in 'n ek-jy-verhouding te staan (Waaïjman 2002:84). In hierdie verhouding is daar 'n menigte van noodsaaklike fasette wat nodig is om hierdie mens na behore te laat funksioneer in die lewe, byvoorbeeld (2002:93):

- Belangstelling --- wie is my medemens?
- Deernis en begrip vir ander
- Genade van Bo en onderling as mense met mekaar
- Verwagting van mekaar en van die lewe en eindelijk ook van die ewige lewe

Alhoewel sterk belangstelling in spiritualiteit in die onlangse jare sterk op die voorgrond begin tree het, is die saak van spiritualiteit reeds van heel vroeg 'n werklikheid. Waaïjman illustreer hoe dit reeds by vroeë skrywers soos Clemens van Aleksandrië en ook Ambrosius en Augustinus aangetref word (2006: 1).

In die vorige eeu het egter twee benaderings op die voorgrond begin tree wat karakteristiek die saak van spiritualiteit sterker begin definieer het, naamlik deduktief en induktief. Eersgenoemde sou meer teologies georiënteerd wees en laasgenoemde vind sy wortels weer sterker in die deurleefde ervaring en belewenis by die mens (2006:2).

6.2. DIE DEDUKTIEWE BENADERING

Dit het teen die einde van die negentiende eeu na vore begin tree. Vir die eerste keer gebeur dit nou dat daar gewerk word met die teologiese beginsels van die spirituele lewe. Asketisisme en mistisisme word ontwikkel as die uitlopers van die teologiese beginsels wat termineer onder die invloed van goddelike genade. Die teologiese beginsels word langs verskillende bane aangewys, naamlik openbaring, genade, die bo-natuurlike lewe, die Heilige Gees, gawes van die Gees, deelname aan 'n geheiligde lewe, die Triniteit en ook die lewe in en deur Jesus Christus. As antesedente goddelike gegewes deurdring hierdie teologiese beginsels alle spirituele temas wat sou volg (2006:2). Vir byna 'n eeu

sou hierdie dogmaties-teologiese benadering die beoordeling van spiritualiteit beheer en beïnvloed. Waaijman illustreer dit met ‘n aanhaling van ene Gilson (2006:3):

“Spirituality will proceed dogmatically, starting from the Word of God, of which the Church is the custodian and interpreter ... Based as it is on the authority of the Word of God, the theology of the spiritual life itself proceeds by the way of authority ... It states dogmatically the laws which every authentic spiritual life ought to obey, because these laws are deduced from its origin and its end”.

6.3. DIE INDUKTIEWE BENADERING

Teen die begin van die 1960’s, waarskynlik as reaksie op hierdie streng dogmatiese perspektief, vind ‘n paradigmaskuif plaas in die rigting van ervaringsgebaseerde induksie. Die skuif is aanvanklik geartikuleer deur Truhlar (1971:8):

“Spiritual theology in our day implies broad access to the awakening and development of this common substratum of experience. Spiritual theology is initiation into human life on the level of experience, an observation by which the mind, or better, man in his totality, gains contact with a content (himself, the Absolute), not via concepts but via an immediate ‘impression’ of the presence of his own being, of the Absolute, and via his reaction as the answer of a person who takes in this impression”.

Truhlar gaan dan verder om, binne die konteks van hierdie inisiasie in die lewe-op-die-vlak-van-belewenis, verskillende temas van die spirituele lewe te rangskik:

“ Only against the background of experience and inside of that experience the spiritual themes exist: prayer, work, leisure, are then treated in mystagogy”. (1971:19-20)

Die verskynsel van spiritualiteit blyk ‘n komplekse geheel te wees saamgestel uit verskillende komponente wat komplimentêr tot mekaar in verhouding staan. Spiritualiteit

is 'n relasionele proses wat manifesteer as 'n oorspronklike geheel waarin God en mens wederkerig in verhouding staan (Waaijman 2006:14).

- Hierdie relasionele proses word allereers beredeneer van die kant van die goddelike pool: God kommunikeer of openbaar Homself; langs die weg van hierdie goddelike self-kommunikasie verkry die mens vir homself God se waarheid en waarde ten einde meer te word soos wat God (Christus) self is. Die relasionele proses kan ook besien word vanaf die mens se kant. Die mens moet homself voorberei om te groei in die rigting van volmaaktheid in God.
- Die relasionele proses word gebou deur inter-afhanklike afdelings. Die geheel van menslike ervaring en/of belewenis is betrokke soos wat dit op persoonlike, sosiale en sosio-kulturele vlak mag ontplooi.
- Daarbenewens word die relasionele proses bemiddel. Daar is instrumente wat die mens wil help beweeg in die rigting van God, soos byvoorbeeld kennis, om te wil en om te doen. Aan die anderkant is daar ook instrumente wat dien om God nader aan die mens te bring, soos byvoorbeeld die Skrif, sakramente en medemens.

Kourie sê in hierdie verband dat spiritualiteit in belang is van almal wat aangetrokke voel tot volledige menswees. Dit is die vermoë van die mens om hom-/haarself te transendeer deur middel van kennis en liefde (2006:23).

Hierby sou verwys moet word na die invloed van die postmodernisme op die verstaan en beoefening van spiritualiteit. Postmodernisme het 'n vloeiende en veranderende karakter of kwaliteit. Geen waarhede is meer seker nie en kan geensins as absoluut aanvaar word nie. Kourie kom tot die slotsom dat modernisme nie langer gesien kan word as die wondermiddel vir die toekoms nie (2006:29). Dit dra by tot 'n algemene verlies aan spiritualiteit as gevolg van een-dimensionalisme.

Postmodernisme sou beskryf kon word as dekonstruktief en eliminerend of konstruktief en korrigerend. Die dekonstruktiewe aspek van die postmodernisme kan daartoe lei dat

konsepte soos God, die self, doel en betekenis geëlimineer word. So 'n benadering kan as resultaat hê relativisme en selfs nihilisme (2006:30).

Konstruktiewe postmodernisme kan egter, volgens Kourie, van groot waarde wees vir hedendaagse spiritualiteit. Daar is geen eliminatiewe aspek nie, maar veeleer 'n poging om moderne premisses en tradisionele konsepte nuut te omskryf. Kourie wil pleit daarvoor dat raakgesien moet word hoedat die postmoderne spiritualiteit 'n dualistiese bo-natuurlike beskouing en selfs ateïstiese nihilisme verwerp, en die gedagte van pan-teïsme wil versterk, dit wil sê dat God opgemerk moet word in alle dinge en dat alle dinge ook in God gesetel is. Sy wys egter panteïsme af (Kourie 2006:31).

Konstruktiewe postmodernisme kan help om 'n teenvoeter te bied teen die beklemtoning van die rede (gedagte) wat indikatief is van die rasionalistiese tyd. Dit bring 'n groter spiritualiteit en estetiese sensitiwiteit mee; 'n wyer kosmiese en mistieke aanvoeling; 'n herwaardering van die feministiese en 'n ekologiese gewaarwording. So 'n spiritualiteit kan net meehelp tot persoonlike en gemeenskapstransformasie (Kourie 2006:31).

6.4. KONFORMITEIT MET CHRISTUS

6.4.1. TRANSFORMASIE

Ten opsigte van spiritualiteit moet rekening gehou word met 'n voortgaande proses. Die begrip transformasie is hier gepas. Nie alleen het dit 'n ryklik gevarieerde semantiese veld nie, maar dit beskryf ook die proses van heiliging wat aktief en doelgerig aan die gang moet wees en bly in die lewe van elke gelowige, redelik akkuraat. Dit behels die volgende: vorming, de-vorming, hervorming, konformasie en transformasie. Transformasie verwys na die mees betekenisvolle verskuiwings in die God-mens relasionele proses (Waaijman 2006:41).

Waaijman verwys na geskrifte van Johannes van die Kruis waar die verskillende betekenis van die woord transformasie nie minder nie as 524 keer voorkom

(2006:41). Toe reeds is daaronder verstaan dat ‘n “union-by-likeness by which humans lose themselves in God” moet plaasvind.

In die transformasie proses sou vyf verskillende stadiums onderskei kon word:

- Transformasie ten opsigte van die skepping van die mens
- Transformasie rakende die her-skepping van die mens
- Konformasie van die mens na ‘n goddelik-menslike model wat hierdie mens dan begin inlei in die goddelike realiteit
- ‘n Transformasie sover dit die beoefening van die liefdesgebod betref
- Asook ‘n transformasie ten opsigte van verwagting en vreugde in verband met die hiernamaals

6.4.2. TRANSFORMASIE TEN OPSIGTE VAN DIE SKEPPING VAN DIE MENS

Dit behels die proses van nie-wees tot om te wees. Die feit dat God menswees daargestel het moet die mens se bewussyn penetreer en deurdring (Waaïjman:2006:42). Die Psalmidigter verwoord dit treffend in Psalm 139:13 – 14:

*U het my gevorm,
my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.
Ek wil U loof,
want U het my op ‘n wonderbaarlike wyse geskep.*

Die transformasie van nie-wees tot om te wees is in die hande van dié Een wat skep en vorm.

6.4.3. TRANSFORMASIE TEN OPSIGTE VAN HER-SKEPPING

Waaïjman (2006:43) is van mening dat die mens elke oomblik van sy/haar lewe besig is met ‘n beweging van nie-wees tot om te wees. Hierdie beweging bewerkstellig algaande

groter eenheid tussen Skepper en skepsel. Die gevaar bestaan egter dat hierdie mens homself/haarsel kan afsluit en toesluit in plaas daarvan om net meer oopgesluit te wees vir die Skepper. Vanuit die diepte van die mens se wese en bestaan kan daar 'n oriëntasie wees na die goeie of in die rigting van die slegte.

In Romeine 12 vers 2 doen Paulus die dringende oproep dat die mens nie aan die sondige wêreld gelykvormig moet word nie, maar moet toelaat dat God hom/haar verander (herskep) deur sy/haar denke te vernuwe.

6.4.4. TRANSFORMASIE NA KONFORMASIE

Reformasie is gemik op die herstel van die oorspronklike vorm van menswees, dit wil sê volgens die beeld van God. Die herstel van die oorspronklike beeld van God by die mens en die konformasie aan die goddelik-menslike figuur van Christus is verlengstukke van mekaar (Waaijman: 2006:44).

“We are formed after God’s image, deformed by sin, reformed by grace by becoming conformed to Christ, and finally transformed in glory”.

Met die inkom van Christus se voorbeeld in die mens se lewe rys die oorspronklike beeld van God (Imago Dei) na die oppervlakte en hierdie mens bereik 'n nuwe eenwording met God wat uitstyg bokant alle kreatuurlikheid en alle kennis oortref (2006:45).

6.4.5. TRANSFORMASIE IN LIEFDE

Transformasie na konformiteit met Christus bring mee dat die sensoriese en liggaamlike deel van menswees hervorm en gereinig word en in konformiteit gebring word met die spirituele (2006:45). Sodoende sal die spirituele gemakliker uitbeweeg na God en getransformeer word deur God.

In die proses van transformasie na die liefde kom dit daarop neer dat elk van die twee betrokkenes (God en mens) in die ander opgaan, 'n geval van God-in-die-mens en die-mens-in-God. Die een gee besit oor aan die ander en verruil die self vir die ander. Die mens bereik dan al meer die punt van om God lief te hê met die hele hart, siel, liggaam en verstand. God word kognitief sowel as affektief en konatief eerste geplaas in hierdie mens se lewe.

6.4.6. TRANSFORMASIE IN VERBAND MET VREUGDE EN VERWAGTING TEN OPSIGTE VAN DIE HIERNAMAALS

Transformasie ten opsigte van die liefde vind plaas in hierdie lewe op aarde; transformasie ten opsigte van verheerliking behoort tot die lewe hierna. Hiervan weet ons baie min. Transformasie ten opsigte van die liefde wil egter kensketsend wees van iets anders en dit naamlik: transformasie in heerlijkheid. Waaijman omskryf dit goed as hy sê dat transformasie in heerlijkheid aandui hoedat die mens oorbeweeg in God in (“passes into God”; transire in Deum) (Waaijman 2006:46).

6.4.7. TRANSFORMASIE IN CHRISTUS

Meer aandag is nodig vir die proses van transformasie in Christus in. In hoofsaak moet hier melding gemaak word van 'n proses van konformasie sowel as van de-formasie.

6.5. KONFORMASIE

Konformasie verwys na 'n proses waarvolgens die mens vir homself/haarself 'n geselekteerde model vind waarvolgens transformasie in gedrag, denke en wil, geheue, gevoel en fokus sou plaasvind. In die Christelike spiritualiteit is hierdie model van transformasie dan Christus self. Christelike spiritualiteit poog om in alle opsigte gelykvormig te word aan Jesus Christus. Christus is die spirituele vorm van die Christelike lewe.

Essensieel by hierdie spirituele transformasie is die onderskeiding, maar ook interaksie, tussen vorm-aanpassing (form-adaptation) en vorm-verinnerliking (form-interiorisation). Vorm-aanpassing raak die uiterlike en die vlakke van gedrag. Vorm-verinnerliking raak die hart aan, daar waar die gedrag beplan word. Transformasie volgens die proses van konformasie veronderstel dat die mens nie slegs die uiterlike aanpassing sal doen nie, maar wel ook verinnerliking sal ondergaan om vanuit die hart te leef en op te tree soos Christus. (Waaijman 2006:47).

6.6. DE-FORMASIE

Die metafoor van tien verskillende lampe wat gesamentlik lig verskaf is veelseggend. Die lampe is verskillend, maar die lig wat verskaf word is dieselfde. Word daar slegs na die lamp gekyk, word die lig misgekyk. Terwyl daar tog wel na die vorm (lamp) gekyk word, moet daar ook 'n proses van loslating plaasvind (de-formasie) sodat daar in die lig inbeweeg kan word.

Die spirituele vorm ontnem die mens van enige ander vorm wat reeds ontstaan het en wil hierdie mens intrek in die vorm van God. Waaijman (2006:48) maak die punt dat alle spirituele vorms die mens in God wil laat opgaan sonder vorm. Derhalwe moet alle vorms laat vaar word sodat die mens kan opgaan in die onpeilbare diepte van die Goddelike. Hierdie sogenaamde de-formasie vind op verskillende vlakke plaas, maar konsensus bestaan ten opsigte van hoofsaaklik drie aspekte:

- Intellek
- Wil
- Geheue

6.6.1. DE-FORMASIE VAN DIE INTELLEK

Die mens se intellek word bepaal deur begrensde vorme. Intellek word gevorm deur hierdie begrensde vorme wat die mens bereik deur die sinuïglike. Die intellektuele van die mens sal de-formasie moet ondergaan om ingelei te word in die sogenaamde

“Ongevormde”. Die de-formasie raak dan ook beide die natuurlike en die bo-natuurlike vorme.

6.6.2. DE-FORMASIE VAN DIE WIL

Volgens Waaijman (2006:49) is die tipiese problem van die menslike wil dat dit altyd iets anders wil as die wil van God. Die wil van die mens moet gestroop word van alles wat nie volgens die wil van God is nie. Streng gesproke beteken dit dan dat die mens volkome moet inbuig onder die wil van God sodat hierdie mens dan alleen sal wil wat God wil.

6.6.3. DE-FORMASIE VAN DIE GEHEUE

Alle dinge wat deur die intellek en die wil van die mens beweeg het, of anders gestel, deur die siel (gees) van hierdie mens beweeg het, laat onvermydelik ‘n spoor na in die geheue van die mens. Indien die geheue van die mens met God sou moet verenig, beteken dit dat die geheue van die mens gede-formeer sal moet word. Na dié mate wat God self dan eindelijk die geheue (gewete) van die mens word, tree daar dan sekuriteit en bevryding by hierdie mens in (2006:50).

6.7. GEVOLGTREKKING

Konformasie aan Christus kan nie losgemaak word van ‘n veelsydige proses van transformasie nie. Dit sluit in daadwerklike prosesse van kreasie en rekreasie wat lei tot die vermoë om aan Christus gelykvormig te word. Dit inisieer egter ook prosesse van transformasie in liefde en heerlijkheid wat die afronding wil wees van gelykvormigheid aan Jesus Christus. Volgens Waaijman (2006:51) is hierdie bogenoemde noodsaaklik vir die verstaan van die saak van spiritualiteit.

Aalders verteenwoordig denke oor die saak van spiritualiteit wat van veel vroeër strek maar geensins buite rekening gelaat mag word nie. Volgens Aalders (1969:7) kry die

woord spiritualiteit algaande meer betekenis. Dit dui op 'n wending in die lewensgevoel van die moderne mens. Die bewussyn van hierdie moderne mens is sterk gerig op die verskyning (voorkoms) van dinge. In sy werklikheidsbenadering is die mens ingestel op die uiterlikheid van dinge.

Die sogenaamde wending behels verder dat baie mense nou begin glo in die kenbaarheid en ervaarbaarheid van die innerlike of metafisiese wêreld. Die bedoeling van Christelike spiritualiteit word dan voor alles die vind en die behou van innerlike vrede. Dit is 'n sterk persoonlike saak. Dit dra 'n duidelike subjektiewe karakter. Daar bestaan 'n wesenlike gevaar van introverte en selfs egosentriese verenging van spiritualiteit (Aalders 1969:9).

6.8. SPIRITUALITEIT AS ALGEMEEN MENSLIKE VERSKYNSEL

Oral waar die mens met bewuste bedoelinge en op min of meer metodiese wyse besig is om sy/haar lewe te laat beantwoord aan transendente singewing, daar sou sprake wees van spiritualiteit. Die mens word eers werklik mens wanneer en as hy/sy eie beperkinge te bowe begin kom of anders gesê, transendeer.

Alle mense is nie gelyk sover dit hulle spirituele ervarings betref nie. Spiritualiteit is ook meermale in direkte konfrontasie met die moderne tydsgewrig. Spiritualiteit is 'n mondiale aangeleentheid (Aalders 1969:14).

6.9. SPIRITUALITEIT EN INNERLIKHEID

Spiritualiteit betrek sigself op die innerlike lewe van die mens. Mense wat sterk objektief geöriënteerd leef, beskou die gepraat oor die innerlike lewe bloot as romanties en sentimenteel, selfs as 'n irreële lewensingesteldheid.

Ander weer beskou spiritualiteit bloot net as religieuse aktiwiteite soos bid, Bybellees, onthouding, kerkgang ensovoorts (Aalders 1969:17).

Spiritualiteit het egter te make met die keersy van die mens se bestaan, met die “binnekant” van die werklikheid. Die vraag sou gevra kon word waarom die huidige mens so min belangstelling toon in dit wat van ouds as geestelik of spiritueel aangedui is. Is die mens van vandag anders as vorige geslagte?

Die geestelike mens is voor alles ‘n eerbiedige mens; ‘n mens wat nie wil aanspraak maak op “vermeende sekerheid” nie of homself/haarself wil probeer beveilig in sekere konsepsies nie (Aalders 1969:20).

Dié mens wat hom/haar kan verwonder daarvoor dat hy/sy leef, leer die werklikheid ken en dan ook as ‘n min of meer bewuste aktiwiteit. Hy ontdek ook die verskillende en soms raaiselagtige gestaltes daarvan. Die gevaar bestaan egter dat die moderne mens kontak met die Bron kan verloor. Te groot verwagtinge word van die uiterlike gekoester. Die sogenaamde “ego cogitans” skep voorwaardes waaronder die mens se kennis en belewenis voltrek word en dit belemmer openheid by die innerlike mens. Dit beteken ook dat hierdie moderne mens eintlik in ‘n veel beperkter wêreld begin leef (Aalders 1969:21).

Die innerlike mens sien, hoor, ervaar en beleef die wêreld anders. Vir die uiterlike mens is die wêreld ‘n min of meer bruikbare voorwerplikheid wat moontlikhede bied waardeur hy moontlik sou kon baat.

Die spirituele lewe, daarteenoor, is die innerlike ontwaking van die mens tot lewensrelasies met die werklikheid. Werklikheid sou dan veel meer behels as net die natuur, geskiedenis of lewenslot.

6.10. SPIRITUALITEIT EN DISSIPLINE

Spiritualiteit en dissipline hoort onlosmaaklik bymekaar. Dissiplinerings van ‘n mens se leefwêreld is ‘n eerste voorwaarde vir ‘n bloeiende geestelike lewe. Dit geld weliswaar nie slegs die ordening van ‘n uiterlike leefwêreld nie, maar het allereers betrekking op die

innerlike sodat die uiterlike daarmee in korrelasie gebring kan word. Juis hierin is die mens as geestelike wese heel kwesbaar. Die innerlike mens is die plek waar reaksies gebore word; emosies kom hier na vore; beslissinge word hier gevel (Aalders 1969:26).

Die verskillende fasette van hierdie dissiplineringsproses kan ten beste as volg gerangskik word:

6.10.1. ASKESE

Oral waar spiritualiteit beoefen word sal tot 'n meerdere of mindere mate askese (afsondering) beoefen word. Die innerlike lewe word ten sterkste bedreig deur die begeerte- en driftelewe van die mens. Askese ontplooi grotendeels as volg:

- In soberheid en kuisheid
- Volgens nederigheid en gehoorsaamheid

In die Christelike geloof is begeerte en hoogmoed twee van die wortelsondes. Askese sou ook bestempel kon word as 'n vryheidsbelewenis (Aalders 1969:26-28).

6.10.2. MEDITASIE

Die mens se innerlike vrede en vryheid word nie alleen bedreig deur die drifte- en begeertelewe nie, maar ook deur hierdie mens se denke en voorstellings van die lewe en sy/haar vermoëns. Gedissiplineerde denke word globaal aangedui as meditasie.

- Daar is noue samehang tussen meditasie en stilte
- 'n Tweede gedagte hierby is die proses van swyg; nie slegs oor andere nie maar ook oor jouself. Swye hier sou dan nie beteken 'n "verswyg" van sonde nie, maar juis swyg om te kan hoor en luister.
- Hierby moet gereken word die weldaad van ontspanning wat met meditasie gepaard gaan. Spanning kan die oorsaak daarvan wees dat die mens "geleef" word en nie die geleentheid het om self te kan leef nie.

- ‘n Besondere deel van die Christelike meditasie is gebed. Meditasie sou dan ook spontaan kon oorgaan in gebed.

In die geestelike dissiplines word nie altyd duidelik onderskei tussen askese en meditasie nie (Aalders 1969:28-32).

6.10.3. MINISTERIUM

Aalders wil beklemtoon dat dit in die lewe veel meer moet gaan oor diens aan die medemens, die sogenaamde “diakonia” (1969:33). In die Nuwe Testament word die woord “leitourgia” gebruik vir diens aan God. Liturgiese spiritualiteit dra in homself die karakter van wêreldafgekeerdheid en ‘n metafisiese belewenis.

Diakonale spiritualiteit het begin na vore kom as ‘n vrug van die moderne tydsgewrig. Dit vertoon ‘n sterk funksionalistiese struktuur.

By al hierdie vorme van selfdissiplinerings word gesinspeel op drie klassieke vermoëns van vryheid waarmee die mens begenadig word:

- Denkvermoë (kognitief)
- Gevoelsvermoë (affektief)
- Wilsvermoë (konatief)

Alle spirituele dissipline staan in direkte verband met die antropologie (Aalders 1969:35-36).

6.11. SPIRITUALITEIT IN DIE MODERNE WÊRELD

In ‘n gesekulariseerde wêreld bly die mens steeds ‘n geestelike wese. Die sogenaamde atlantiese mens is ook steeds ‘n kind van die Aufklärung. Hy stel ‘n haas onbegrensde vertrouwe in sy verstandelike vermoë. Daarby is hierdie selfde mens ook draer van die Christelike tradisie. Dit vorm nie in die eerste plek ‘n teologiese aanduiding nie, maar veel meer ‘n kultuur-historiese aanduiding (Aalders 1969:128).

By die besinning oor spiritualiteit in die moderne konteks onderskei Aalders die volgende twee aspekte:

- As poging tot vernuwing moet nadruk gelê word op 'n aanpassing van bekende en beproefde vorme by die behoeftes van die tyd.
- Daarbenewens moet bereidwilligheid bestaan om ietwat te eksperimenteer. Vormgewing moet meer oop wees as gebonde.

6.11.1. ONTWIKKELING VAN NUWE VORME

Die mees opvallende eienskap van die moderne spiritualiteit is dat dit gefundeer is in 'n nuwe selfbelevens by die mens. In die besonder moet die kultuur-kritiese funksie opgemerk word.

6.11.2. NUWE SELFBESINNING

Na die Renaissance kry ons 'n ongelooflike selfvertroue by die mens ten opsigte van eie vermoë (cognito). Die ratio word beskou as die vernaamste en die siel (innerlike) as ondergeskik daaraan. Die siel word beskou as onliggaamlik en onbevoeg om te funksioneer as denkkrag.

Die grondslag van die ware geloof is kennis van dié dinge wat vir die behoud van die mens noodsaaklik is. Descartes word die grondlegger van hierdie magtige Westerse rasionalisme.

Die kerk het haar ook oorgegee aan die rasionalisme. Dit was nou alleen die “obskures” en die “romantici” wat nog die wêreld meer poëties as noëties kon beleef.

Volgens Aalders (1969:130) is dit veral Soren Kierkegaard wat die volle konsekwensies van die rasionalisme in al sy gedaantes besef het. Om te weet (kennis) is 'n manier van bestaan en leef. Die hele mens is egter betrokke en nie slegs sy/haar denkvermoëns nie.

Vir die besinning oor die spiritualiteit is hierdie ontwikkeling van onskatbare waarde. Hiermee kom nou ruimte ook vir Gods-kennis. By 'n ek-middelpuntige ken van God kan God niks anders wees nie as 'n blote objek. Die rasionalis praat en dink oor God soos wat hy oor enige ander voorwerp sou praat waarvan die eienskappe vasgestel kan word.

Kennis lê op die vlak van openbaarmaking. As kennis egter eensydig verkry word, dan neig dit om slegs 'n halwe waarheid te word. Egte en totale en betroubare kennis weet ook van die ander kant (Gegenstand), die op "objektiverende waarneming beruste kennis" skep afstand. Die "subjektiverende kennis" van die hedendaagse denkers lei aan die ander kant tot toenadering (Aalders 1969:133).

6.11.3. NUWE SELF-HERKENNING VAN DIE MENS

Die moderne mens het weer begin om die onherleibaarheid en die oorspronklikheid van sy/haar innerlike lewe te ontdek (Aalders 1969:135). Ongelukkig kan dit ook weer 'n "ek-middelpuntige" bewussyn genoem word. Die nadruk val weer eensydig op waarneming.

In die rasionalistiese psigologie word die siel van die mens vanuit 'n "ego cogitans" beskou as 'n voorwerp, 'n ding met bepaalde eienskappe. Die hele innerlike lewe van die mens word vanuit hierdie hoek beskou.

Die diepte-psigologie beskou die siel egter weer as aanduiding van die innerlike mens en hierdie innerlike is nie maklik ontleedbaar en bereikbaar vir waarneming nie. Die innerlike van die psige is van 'n ander orde.

Aalders is van mening dat die diepte-psigologie aanduiding gee tot daadwerklike spirituele ontwikkeling. Die mens herken homself/haarself weer. Die mens is nie slegs 'n statiese en reeds gedetermineerde stuk uiterlikheid nie. Hierdie mens leef en voel aangespreek en mag ook self antwoord. Die mens is besig om te ontwaak tot 'n persoonlike geestelike lewe (1969:135-138).

6.11.4. SELFWAARDERING BY DIE MENS

Reeds in die 19e eeu begin 'n golf van romantiese religiositeit die westerse wêreld oorspoel. Enkele voorbeelde is as volg:

- Die vloedgolf van spiritisme met sy eie spiritualiteit
- Verskeie groeperinge van esoteriese en okkultiese opvattinge
- 'n Morbiede belangstelling in die astrologie
- Verdere talryke sekularistiese bewegings binne die geledere van die Christendom self

Die kerkhistorikus, Levis Browne (1931:407), noem dit alles “religious mysteria”. Dit is egter duidelik dat hier tekens begin ontstaan van 'n sterk emosionele verskynsel.

Die kerk kan nie die kwetsende houding van die wetenskap weerstaan nie en 'n duidelike teenkanting teen die kerk begin posvat. Die mens voel al meer op geestelike gebied deur die kerk in die steek gelaat. Daarom begin hierdie mens al meer gretiglik gryp na allerlei nuwe en selfs sensasionele dinge om die vakuum in sy/haar geestelike lewe te probeer vul. Die aanvaarde uitgangspunt was dat daar vir die ondeurgrondelike misterie van die lewe geen plek was nie.

Die geestelike emansipasie van die mens lei egter nou tot 'n gevoel van eie-waarde waarin nie meer die natuur die mens beheers nie, maar die mens nou die natuur beheers. Die mens raak nou bevoeg daartoe om sake soos armoede, siekte, sukses en selfs die dood tegemoet te tree.

Hierdie sterk emosioneel-bepaalde en dikwels ook aggressief-ingestelde selfwaardering, het 'n sterk invloed uitgeoefen op die deurbreek van 'n nuwe vorm van spiritualiteit (Aalders 1969:139-143).

6.11.5. GEVOLGE VIR DIE KERKLIKE SPIRITUALITEIT

Vir 'n lang tyd het die kerk onaangeroerd gebly deur hierdie nuwe ontwaking by die mens ten opsigte van selfwaardering en selfrealisering. Mettertyd kom daar wel 'n verandering ten opsigte van hierdie konserwatiewe benadering. 'n Herontdekking kom nou op dreef met die uitgangspunt van die sogenaamde "regulêre spirituele lewe". Die Protestantse geestelike lewe begin himself loswoel van die ou vorme wat vir 'n lang tyd die na-reformatoriese spiritualiteit bepaal het.

'n Protestantse vroomheid begin na vore kom in 'n vorm van individualisme en indifferentisme namate die kerk meer in die wêreld begin leef.

Teenoor hierdie individualisme begin nou weer nuwe moontlikhede van koinonia te voorskyn tree en teenoor die indifferentisme ontstaan skielik groter behoefte aan tug en dissipline.

Só tree daar oral nuwe vorme van diakonale lewensvervulling na vore. Dat met hierdie diensvaardige wending na die wêreld toe die konfessionele agtergrond van die spirituele gemeenskap op 'n geheel nuwe vlak gestel word, word gou duidelik (1969:146-149).

Die Franse Dominikaan, Albert-Marie Besnard (1965:28), rangskik die karakteristieke tendense van die hedendaagse spiritualiteit onder drie belangrike hoofde:

- Dit is 'n spiritualiteit wat himself wil loswikkell en ontwikkel vanuit die lewe soos dit is en in die wêreld soos wat dit is.
- Dit is ook 'n spiritualiteit wat streef na 'n werklike persoonlike ervaring. Dit hou dan ook die noodsaak in om 'n eie identiteit te vind as 'n geestelike wese.
- Dit is voorts 'n spiritualiteit wat individualisme afwys en daarna streef om homself te ontwikkel in 'n broederlike lewe en bestaan.

6.12. SPIRITUALITEIT IN ‘N GESEKULARISEERDE SAMELEWING

Streng gesproke het daar min ruimte oorgebly vir die beoefening van spiritualiteit in ‘n gesekulariseerde samelewing. Die vraag sou gestel kon word, naamlik: het die gesekulariseerde mens opgehou om ‘n geestelike wese te wees. Bestaan daar soiets soos ‘n nie-religieuse spiritualiteit?

As die sekulêre wêreld ernstig opgeneem word, kom die volgende sake ter sprake:

- Toewending na die wêreld toe --- gelowiges het ‘n verantwoordelikheid in die wêreld. Dit sou Bybels verantwoord kon word deur die gedagte van om in die wêreld te wees, alhoewel nie van of soos die wêreld nie.
- Die mondigheid van die mens sal in gedagte gehou moet word.
- Die nuwe dimensie waarin die mens homself/haarself bevind, naamlik ‘n globale belewenis, sal verreken moet word.
- Die problematiek van kontinuïteit in die worsteling van ‘n soeke na waarheid en waarheid sou nie buite rekening gelaat kan word nie.

6.12.1. TOEWENDING TOT DIE WÊRELD

Spiritualiteit behels dat die gelowige mens ‘n kloosterlike benadering moet deurbreek. Die de-sakralisering van die wêreld moet raakgesien word. Die slegs sakrale houding van die enkeling en sy/haar persoonlike lewe kan nie meer deurgaans nie. Op die voetspoor van die reformatoriese beginsel van “sola Scriptura” moet die Woord in die samelewing ingedra word.

Die wêreld dring homself aan die kerk op as ook deel van die gegewe waarheid. Die oormatig geaksentueerde subjektiwiteit van die na-Reformasie het geneig na ‘n geloofsnarcisme en het die wêreld uitgesluit. Die wêreld moes herontdek word (Aalders 1969:157).

6.12.2. MONDIGHEID VAN DIE MENS

‘n Geestelike emansipasie het begin posvat. Die mondigheid van die mens wek die illusie van geestelike volwassenheid. Hierdie sogenaamde mondigheid moet nie as ongeestelik verwerp word nie. ‘n Nuwe besinning ten opsigte van die wese van spiritualiteit het noodsaaklik geword.

Geestelike lewe beteken voor alles die ontdekking van die mens as mens en dat hy/sy geroep is tot vryheid (mondigheid) in Christus.

6.12.3. ‘N NUWE DIMENSIE

Die mens oriënteer homself/haarself nou beslis moeiliker in die lewe as voorheen. Die sekulêre mens bestaan op ‘n ander wyse in die wêreld as die geestelike mens. Die geestelike mens is daardie persoon wat homself/haarself nog bewus hou van bo-natuurlike en bo-persoonlike aspekte van goddelike aard. Die sekulêre mens se houding hierteenoor is nie kontemplatief nie, maar wel pragmaties (Aalders 1969:170-172).

In wese kom dit neer op ‘n verlore dimensie. Die sekulêre mens kan en mag die wêreld nie slegs beleef as dit wat hom/haar mag interesseer nie en wat as nuttig beskou sou kon word nie.

‘n Nuwe dimensie moet ontdek word. ‘n Geloofsmetafisika moet ontbloot en beleef word as die voedingsbodem van ‘n nuwe religieuse ervaring.

Kenmerkend van hierdie nuwe struktuur sal die diakonia moet wees. Die behoefte bestaan om konkreet en effektief dienend te wees.

6.12.4. PROBLEMATIEK VAN KONTINUÏTEIT

Die kerk moet allereers “custos traditionis” bly (Aalders 1969:174). Hieruit sal tog wel ‘n eg geestelike lewe kan ontplooi. Wanneer toewending na die wêreld plaasvind, sal ook dialoog op dreef kom. ‘n Nuwe geestelike lewe mag wel tekens van sekulariteit vertoon, moontlik ook te veel mondigheid, maar eindelik ook verrassende vorme van koinonia en gemeenskaplikheid.

6.12.5. DISCIPLINA MODERNA

Die geestelike lewe moet op ‘n doelgerigte en ordelike wyse tot diepere ontplooiing en funksionering gebring word. Daar moet gekies word teen eensydige wetenskap en tegniek geöriënteerde wêreldbelewenis, maar ook versigtigheid aan die dag gelê word vir ‘n ongeloofwaardige metafisiese wêreldbeskouing wat afstuur op paternalistiese samelewingstrukture.

Die spirituele lewe moet altyd trekke vertoon van die koinonia in die gemeente. Koinonia kom ten beste tot sy reg by die korporatiewe aanbidding en saamwees van die gemeente. Egte spiritualiteit, of ordening van die persoonlike lewe (disciplina), is altyd sosiaal gerig.

Ordering van die sosiale lewe is onderworpe aan die ordening van die innerlike lewe. Een van die belangrikste konstituerende momente vir ‘n DISCIPLINA MODERNA is daarom gerigte gemeente-vorming: ‘n Groep waarin die spiritualiteit op ‘n duidelik doeltreffende wyse beoefen word.

So ‘n groep skep immers ook die nodige ruimte vir die privaatheid van die individu, of soos Aalders dit stel (1969:179), beveiligde eensaamheid. In kort en duidelike terme gesê: ‘n Nuwe spirituele samelewing is nodig.

6.12.5.1. PRAKTIESE AANWYSINGS VIR 'N DISCIPLINA MODERNA

6.12.5.1.1. BEOEFENING VAN STILTE

Veral die Kwakers het die “stilwees” in hulle byeenkomste beoefen en uitgebou. Dit het ook algaande ‘n ander betekenis aan die word “swygplig” begin verleen.

6.12.5.1.2. ONTDEKKING VAN EIE VRYHEID

Die vryheid vind sy klimaks in die samesyn van gelowiges.

6.12.5.1.3. DANKBAARHEID

Dit is ‘n sterk vorm van selfdissipline.

6.12.5.1.4. BEOEFENING VAN WERKLIKHEIDSKENNIS

Hier sou meditasie ter sprake moes kom. Dit gaan dan oor ‘n ontvanklikheid en opmerkzaamheid van die siel waardeur die kyk oorgaan in ‘n werklike sien en luister en die luister eindelijk oorgaan tot ‘n egte hoor. Die hoor lei dan onvermydelik tot doen (aksie).

6.12.5.1.5. GEBEDSBEOEFENING

Bid begin by die punt van luister en word voltrek deur die doen. Voorbidding sou dan reeds ook ‘n vorm van diakonia wees.

6.13. GODSDIENSOEFENING

Met hierdie ou en vertroude begrip word gesinspeel op veral die liturgies-gerigte oefeninge. So 'n godsdiensoefening moet allereers op God gerig wees, maar dan ook ontplooi in medemenslikheid.

Liturgiese samesyn is 'n uitermate wesenlike element van die Christelike spiritualiteit. Die wyse waarop die diens van die Woord en die Tafel plaasvind, dui onmiskenbaar daarop dat hier 'n onmisbare voedingsbron bestaan vir die geestelike lewe.

Die beoefening van die liturgie is 'n na-buite gerigte afronding van die ordening van die innerlike lewe. Ware spiritualiteit sou hierin en hierby sy oorsprong en uitbouing kon vind, aldus Aalders (1969:182-188).

Die rol wat spiritualiteit speel by sinvolle korporatiewe aanbidding en ook omgekeerd, die rol wat korporatiewe aanbidding speel by die uitbouing van spiritualiteit, word hiermee onmiskenbaar geïllustreer.

6.14. SPIRITUALITEIT EN GODSKENNIS (MISTIEK)

Die gemeenskap met die Goddelike Werklikheid word in die spirituele lewe meesal aangedui met die begrip Godskennis. Laasgenoemde word egter hier nie bepaal deur en verwar met 'n rasonale ken van God nie. Hierdie vorm van kennis doen 'n mens op deur die lees van 'n teologiese boek. Dit gaan oor die ervaring van gemeenskap met God as werklikheid. Kennis beteken hier dan ervaring en belewenis van 'n bepaalde Persoon.

Dit sou voorts onmoontlik wees om verder oor die spiritualiteit te handel sonder om kennis te neem van die mistiek. Die Protestantisme het grotendeels tot op hede nog altyd ietwat van 'n bedreiging gesien in die mistiek. Die beginsel van die “ iustificatio peccatoris sola fide sola gratia” kom sogenaamd in die gedrang. Die mistiek word beskou as 'n stuk selfwerkzaamheid wat die gevaar inhou van selfregverdiging.

Die groot probleem van die mistiek word gesien as 'n bepaalde Godservaring. Die probleem van die kerk hiermee lê tot 'n groot mate daarin dat 'n afgrensing plaasvind van die “cognitio Dei experimentalis”. Die Christelike mistiek wil gebaseer wees op God as die Self-Openbarende.

Alle ervaring en opdoen van Godskennis en Godsgemeenskap is eintlik misties van aard. Die godsdienstilosoof Ian Ramsey dui dit aan met die begrip “disclosure” (1969:198).

Maas en O'Donnell (1990:11) spreek hulle kommer uit dat 'n mens oor God kan dink en praat en skryf, maar tog geen persoonlike ervaring van God kan hê nie en geen begrip van God se teenwoordigheid nie.

Daar moet in die rigting beweeg word van 'n spirituele teologie wat aksie en refleksie op die misterie van God bied en God se verhouding teenoor en met die heelal uitwys, en in die besonder dan die menslike ervaring van God.

'n Eerste- en tweede-orde teologie sou dan ter sprake begin kom. Volgens die eerste-orde teologie kom daar refleksie op God en sy betekenis vir mens en lewe --- WIE GOD IS --- deur die mens. Elkeen word dan in 'n sekere sin van die woord self 'n teoloog. Dit is geleefde ervaring.

Tweede-orde teologie sou dan neerkom op refleksie op die ervaring van die geloof in 'n meer konseptuele of selfs wetenskaplike manier.

Hiervandaan begin Maas en O'Donnell daartoe beweeg om die spirituele teologie te omskryf in terme van die asketiek en mistiek (1990:14). Asketiese teologie is gemoeid met die pogings wat ons as vrye en verantwoordelike individue moet maak om voorbereid te wees vir die teenwoordigheid van God. Die begrip “askese” kom van die Griekse woordjie “askesis” wat beteken om te oefen.

Mistieke teologie weer, is gemoeid met die verborge en misterieuse dinge wat alleen by God tuishoort, daardie dinge wat “geen oog nog gesien het en geen oor nog gehoor het nie”.

Asketiese teologie lê meer op die vlak van wat die mens self doen, terwyl die mistieke teologie weer meer konsentreer op wat God in die mens doen.

6.15. SPIRITUALITEIT EN DIE KEN VAN CHRISTUS

Wanneer spiritualiteit die moontlikheid inhou van uitbouing van die geestelike lewe, dan beteken dit vir die Christen ‘n lewe in en deur die Heilige Gees. En die Gees is allereers die Gees van Jesus Christus. Die lewe uit en deur die Gees word as die teenoorgestelde beskou van die lewe deur die vlees volgens, veral Galasiërs 5:16-26.

Om op hierdie wyse midde-in die wêreld te staan: nadenkend; self-verloënd; dienend en goed-doende, dit is moderne eksistensie waarin die elemente van askese, meditasie en ministerium tot hulle reg kan kom (Aalders 1969:203-219).

Peterson (1997:17) wys daarop dat die Christelike lewe se belangrikste eienskap is dat dit gaan oor die sondeval en om te herwin wat verlore gegaan het. Die sondeval ondermyn diepgaande spiritualiteit. Hy praat van “subversive spirituality”. Die ken van Christus en die kennis van Christus se plaasvervanging lei tot ervaring van die werklikheid en teenwoordigheid van God in die lewe. Meerdere kennis van Christus en die opdoen daarvan kom ter sprake by korporatiewe aanbidding.

Henry Nouwen skink nuwe wyn ten opsigte van die gedagte van om as ‘n “geliefde van God” ‘n spirituele lewe in ‘n gesekulariseerde wêreld te leef (1992). Hy rangskik sy gedagtes hieromtrent hoofsaaklik rondom die volgende aspekte:

6.15.1. OM 'N GELIEFDE TE WEES

Die mens is voorwerp van God se liefde en selfs lank voordat hierdie mens deur andere bemin word (ouers, lewensmaat ensovoorts), het God reeds die mens liefgehad; selfs toe hierdie mens nog 'n sondaar was (1992:30).

6.15.2. OM 'N GELIEFDE TE WORD

Om 'n geliefde van God te word, is die groot spirituele pad wat die mens moet loop. Om God se geliefde te wees, beteken om die feit van God se liefde vir homself/haarself ingebed te kry in alles wat gedink, gedoen of gesê word (Nouwen 1992:37-39). Hierdie pad loop langs die volgende aanwysers:

6.15.2.1. OM GENEEM TE WEES

'n Mens kan alleen God se geliefde word en wees as hierdie mens besef dat hy/sy dit alreeds is. Die mens is deur God uitverkies (1992:43). Vir spiritualiteit is dit van wesenlike belang.

6.15.2.2. OM GESEëND TE WEES

Die mens leef onder die seën van die Here. Twee maniere doen hulleself voor waarvolgens die mens nog meer bewus raak van die seën en dit is gebed en belewenis van die teenwoordigheid van God. God se stem word gehoor deur die oor van die geloof en gesien deur die oog van die hart (Nouwen 1992:62).

6.15.2.3. PERSOONLIKE GEBROKENHEID

Die besef van persoonlike gebrokenheid en die gebrokenheid van die lewe lei tot 'n verdere beweeg op die pad van spiritualiteit (Nouwen 1992:73).

6.15.2.4. OM TE ONTVANG

Om werklike besef te ontwikkel van die feit dat hy/sy God se geliefde is, moet die mens besef hoeveel reeds ontvang is. Daarvandaan begin die mens se menswees blom en wanneer hy/sy begin deur hulleself te gee (diakonia) (Nouwen 1992:85).

6.15.3. OM TE LEEF AS 'N GELIEFDE

Die Gees van God wat van mense geliefdes maak, wil ook hierdie mense lei om in liefde te leef. Dit beteken om tegelyk volgens die beginsels van diakonia en leitourgia te leef (1992: 108).

Nouwen illustreer hiermee dat die spirituele lewe een moet wees wat eintlik “coram Deo” afspeel. Snyman illustreer die Ou Testamentiese spiritualiteit ook sterk volgens hierdie beginsel van die “coram Deo” (1997:376) en Du Toit praat weer daarvan as om te lewe in lewensgemeenskap met God, ‘n sogenaamde “praesentia Dei” (1993:29). Bybelse spiritualiteit kom dan tot uitdrukking in sekere momente van ontmoeting waartydens die mens die nabyheid van God beleef op ‘n gekonsentreerde wyse.

6.16. LITURGIESE SPIRITUALITEIT

Volgens Waaijman loop hierdie saak saam met liturgiese vernuwning (2000:138). Die erediensganger moet in staat wees om die verskillende elemente van die erediens te verstaan en te beleef. Die Liturgiese beweging na die tweede Vatikaanse Konsilie beklemtoon onder andere twee aspekte:

- Die belangrikheid van die vorm van die erediens.
- Die verstaan daarvan en spesifieke deelname aan die vorm.

6.16.1. TEMPEL LITURGIE

Waaïjman (2000:139) sê die sogenaamde woestyn-ervaring speel 'n belangrike rol in die narratief en lied-tradisies van antieke Israel. Dit is die plek van goddelike openbaring (Eksodus 19) en die aanduiding van die verbond (Eksodus 24) asook die plek van die kwartels en waterwonderwerke (Eksodus 15 – 17).

God kommunikeer met sy mense. Die EK-IS tree op die voorgrond. Selfkommunikasie van die EK-IS word opvallend en die interaksie of gemeenskap tussen EK-IS en sy mense (volk, gemeente) bereik sekere hoogtepunte.

In Nuwe Testamentiese verband vind die Woordverkondiging, gebede en Christus se kruisoffer op rituele wyse plaas tydens die Eucharistie-diens. Verskillende voorlesings van die Woord vind plaas; die ritueel rondom die eucharistie self; die afsluitende rituele --- alles het betrekking op die spiritualiteit van die erediensganger.

6.17. INTERDISSIPLINÉRE GESIGSPUNTE

Die verhouding tussen die teologie en spiritualiteit verdien volgens Waaïjman (2000:392) meer aandag. Aanvanklik was die Bybel en die filosofie inter-afhanklik. Hierna begin die teologie, askese, mistiek, dogmatiek en ook moraliteit na vore kom as sub-dissiplines.

6.18. SPIRITUALITEIT AS ONDER-AFDELING VAN DIE MORELE TEOLOGIE

Spiritualiteit ontwikkel as 'n onder-afdeling van die morele teologie en verskillende teenstellinge kan gemaak word, naamlik:

- Struktuur teenoor toepassing
- Beginsel teenoor die uitleef daarvan
- Daad teenoor groei

Eindelik word die verbintenis tussen spiritualiteit en die morele teologie verbreek.

6.19. SPIRITUALITEIT ‘N ASPEK VAN DIE DOGMATIEK

Spiritualiteit neig nou na ‘n aspek van die dogmatiek (2000:394). Aanvanklik is die dogma beskou as ‘n aanmoediging tot piëteit. Schleiermacher, aldus Waaijman, se standpunt was dat die studie van spiritualiteit geïntegreer moet word by die dogmatiek. Hy het piëteit verstaan as die mens se bewustheid van absolute afhanklikheid van God en in verhouding met God.

6.20. TEOLOGIE AS ‘N VORM VAN SPIRITUALITEIT

‘n Outentieke teologie sou dan niks anders kan wees nie as ‘n spiritualiteit wat die behoorlike relasionele uitdrukking gevind het van sy fundamentele religieuse ervaring. So word die teologie met die spiritualiteit geïdentifiseer en kom dit behoorlik tot uitdrukking ook op rasonale vlak (Waaijman 2000:395).

6.21. SPIRITUALITEIT AS ‘N FUNKSIE VAN DIE TEOLOGIE

Spiritualiteit sou nie geklassifiseer kon word saam met die ander wetenskappe nie, soos byvoorbeeld dogmatiek en moraliteit nie. Dit vorm op sigself ‘n sambreel-wetenskap. Dit is ‘n kruis-seksie wetenskap wat al die bydraes van die ander wetenskappe byeenbring asof deur ‘n konkawe lens en dit plaas in die fokuspunt van die mens se verhouding met God (Waaijman 2000:395).

6.22. SPIRITUALITEIT AS ‘N ONAFHANKLIKE DISSIPLINE

Die onderskeiding tussen teologie en spiritualiteit het emansipasie vir laasgenoemde meegebring. Dit word nou gebaseer op ‘n reeks van tekste en vorme van uitdrukking wat ‘n eie posisie regverdig.

Beskou vanuit die gesigspunt van inter-dissiplinêre samewerking en interaksie met ander teologiese dissiplines, kom die volgende gesigspunte na vore:

- Spiritualiteit is 'n lewende verhouding tot God en word gerealiseer binne 'n bepaalde konkrete situasie.
- Die verhouding met God word ge-artikuleer in taal en ander vorme van uitdrukkings wat gekoppel is aan rituele, dogmas, norme en waardes.
- Die deureleefde Godsverhouding word gerealiseer binne 'n sosio-kulturele konteks (Waaijman 2000;396).

6.23. FILOSOFIESE REFLEKSIE

Ten opsigte van filosofiese refleksie kom die area of terrein van die spiritualiteit na vore as 'n intensiewe ervaringsproses waarin kognitiewe en inspirende prosesse 'n belangrike rol speel. Filosofiese refleksie impliseer nie net aanvaarding van opinies, beelde en praktyke nie. Filosowe lig graag spirituele belewenisse uit en artikuleer dit konseptueel binne die konteks van die kennis, wil, ervaring en geheue (Waaijman 2000:402)

6.24. OMSKRYWING VAN SPIRITUALITEIT DEUR LITERÊRE WETENSKAPPE

Toeganklikheid tot terme en taal skep die moontlikheid om die innerlike realiteit van die spirituele proses weer te gee. Sulke weergawes roep om tekskritiek en behoorlike hermeneutiek.

6.25. PSIGOLOGIESE GESIGSPUNTE VAN SPIRITUALITEIT

Veral die menslike kant van die verskynsel van spiritualiteit kom hier na vore: groei en ontwikkeling, maar soms tog ook 'n destruktiewe kant soos regressie en patologiese gedrag (Waaijman 2000:418). Die psigologie toon aan hoedat 'n kritiese bewussyn die spiritualiteit vergesel.

6.26. SOSIOLOGIESE GESIGSPUNT

Spiritualiteit speel duidelik af teenoor 'n sosio-kulturele agtergrond. Waarde-sisteme speel ook 'n rol. Spiritualiteit word deur 'n waarde-sisteem geïnspireer. Die vraag is egter of dit behoort tot die totale kompleks van sosiale strukture en of dit val buitekant hierdie kompleks of selfs daarteenoor staan (Waaijman 2000:422).

6.27. GODDELIK-MENSLIKE VERHOUDINGE

Wanneer die woord "GOD" hier ter sprake kom beweeg ons onmiddellik in die sfeer van die religieuse in. Waaijman maak melding van verskillende aspekte wat 'n beduidende invloed kan uitoefen op 'n goddelik-menslike verhouding:

6.28. TEÏSME

Dit is 'n sambreel konsep. Dit dek panteïsme; poli-teïsme, pan-en-teïsme, deïsme asook monoteïsme (2000:427). Bespreking van hierdie verskillende strominge word nie hier ter sake geag nie.

6.29. PERSOONLIK

Met 'n persoonlike Godsvoorstelling of konsep word bedoel die aanvaarding of belewenis van God in 'n menslike vorm of antropomorfe wyse.

6.30. TEOLOGIES OF NIE?

God pas nie alleen in binne die denkraamwerk van die teologie nie, Hy figureer ook sterk in 'n nie-teologiese diskoers. Talle Godskonsepte kom ook in die geskiedenis van die filosofiese denke voor oor God.

- God as 'n Eenheid van alle teenoorgesteldes (Heraklites)

- God as die hoogs-Verhewene (Plato)
- God as die Noodsaaklike (Aristoteles)
- God as die Self-eksistente (Spinoza)
- God as absolute Gees (Hegel)

Martin Buber, aldus Waaijman (2000:429-430), maak die stelling dat God die fondasie vorm van die mens se denke en dan wel as 'n Godservaring waaraan hy die onafhanklikheid van sy denke te danke het.

6.31. TEENWOORDIGHEID

Die naam JAHWEH staan voorop. God is wat Hy is. Oorspronklik het dit gedui op God se beskermende teenwoordigheid. "EK-IS" is byna onvoorstelbaar. "EK-IS" maak God (Homself) teenwoordig in 'n atmosfeer en omgewing van gebed en oorgawe en vertrou.

Volgens Handeling 17:28: "In Hom leef en beweeg en is ons".

Die naam JAHWEH ondergaan algaande 'n transformasie. Vir Israel in Egipte word Hy die bevryder (Waaijman 2000:432). Dit ontwikkel in 'n spirituele ondervinding.

6.32. DIE MENS AS BESTAANSWERKLIKHEID

Die gedagte "mens" word verskillend verstaan. Westerse idealisme beskryf die mens as self-onderhoudend. In die Psigologie word hierdie self-onderhouding verstaan as dialoog tussen die bewuste self en die innerlike psige.

Feminisme wys daarop dat die kollektiewe naamwoord "mens" dui op die man en is dan ook gebaseer op 'n manlike God en manlike dominansie.

In die geskiedenis en oorsig van spiritualiteit word die menslike bestaanswerklikheid beskryf in die God-mens verhouding deur die word of begrip "siel" (nefesh, anima,

psuché) (Waaïjman 2000:436). Die siel is dan ook 'n veelsydige verskynsel en beskik oor mobiliteit. Dit is multi-dimensioneel.

Die menslike bestaanswerklikheid word uitgedruk in terme van:

- Innerlike ruimte, met verwysing dan na die menslike organe in die liggaam byvoorbeeld longe (1 Konings 17:22) en die mens se binneste waar gevoelens gekoester en gehuldig word (Genesis 18:12; 1 Konigs 3:28).
- Kwesbaarheid, wat behels dat die innerlike maklik bedreig kan word deur faktore van buite.
- En uiterlik, wat aandui dat die innerlike afgegrens word deur die uiterlike. Die Skrif bestempel dit as die “vlees”. Die mens se spiritualiteit word beïnvloed deur dit wat in sy uiterlike wêreld gebeur. Die boek Job is 'n goeie illustrasie hiervan. Job is ontnem van sy vee, bediendes, kinders, gesondheid. Hy beland in sak en as, op 'n lae vlak van spiritualiteit (Waaïjman 2000:437).

6.33. SIELBEWEGINGS

Na aanleiding van die feit dat die menslike bestaanwerklikheid in verskillende terme uitgedruk moet word, word vervolgens verskillende sielsbewegings geïdentifiseer.

- Opwaarts --- Wanneer die siel só beweeg word dit omskryf as hoogmoed (Esegiël 28:1-10).
- Afwaarts --- Die siel daal neer tot in die dieptes as resultaat van skuldgevoelens en selfvernedering, siekte en depressie (Psalm 42).
- Sywaarts --- Hier dui dit op verruiming van die geestelike lewe. Dit word gestimuleer deur die teenwoordigheid en betrokkenheid van “EK-IS” (Psalm 118) (2000:443).
- Voorwaarts --- Verskeie motiewe kan daartoe bydra dat die siel vorentoe beweeg, byvoorbeeld dat God so 'n persoon vorentoe trek (Jesaja 26:9; Psalm 42:2-3). Daar is egter hier ook 'n sekere mate van ambivalensie. Soms kan die siel (mens)

daarop ingestel raak om 'n ander persoon te vernietig. In hierdie geval word vorentoe beweeg maar wel op 'n negatiewe manier.

6.34. DIE MOMENT VAN DIE GOD-MENS VERHOUDING

Die mens is geskape as die beeld van God. Hierdie “imago Dei” motief verbaliseer die manier waarvolgens God en mens resiprook in verhouding staan.

Die mens is en moet afskaduwing van God wees. Die mens moet verteenwoordigend van God wees. Hiervolgens moet daar sprake wees van God se meelewing met die mens in hierdie mense se onderlinge verhoudinge met ander mense.

Dieselfde mens is ook leerling van God. Die mens staan en leef as 'n verbondskind van God (Waaijman 2000:452).

6.35. TRANSFORMASIEPROSESSE

Die woord transformasie is deel van 'n ryklik gevarieerde semantiese veld: vorm, misvorm, hervorm, konvorm, transformeer.

Volgens Sandra Schneiders, aangehaal deur Waaijman (2000:455), is spiritualiteit 'n akademiese dissipline wat die transformatiewe Christelike ervaringe en belewenisse bestudeer.

In hierdie transformasie proses word verskillende vlakke onderskei (2000:456):

- Transformasie van nie-wees na om-te-wees
- Transformasie van misvorm na hervorm
- Konformasie aan die goddelike werklikheid
- Transformasie in liefde
- Transformasie in en na eer en verheerliking

God vorm die mens. God ontwerp en realiseer en destineer. Hiervan is Psalm 139 'n goeie aanduiding.

Dit bring mee dat daar 'n nuwe bewussyn by die mens posvat en gedy. Psalm 139:14 stel dit as volg: "... Wat U gedoen het, vul my met verwondering..."

Spiritualiteit behels 'n verskuiwing en selfs 'n totale denksprong (Waaijman 2000:458). Die gevoel (affektiewe) en die wil (konatiewe) en die intellek (kognitiewe) word daardeur geraak (2000:468). 'n Transformasie in die rigting van die liefde kom in beweging.

Laasgenoemde lei dan na 'n transformasie om die eer van God op die voorgrond te begin stel. 'n Volledige resiprositeit ontstaan. God ken die mens ten volle en algaande leer hierdie mens God ken. Dit loop alles saam met die ko-inspirasie van die Heilige Gees (Spirit of God)(Waaijman 2000:479).

Zohar en Marshall (2000) maak 'n sterk saak daarvan dat spirituele intelligensie die absolute vorm van intelligensie is. Dit word aangedui as SQ. EQ is die besef van eie emosie en ook dié van ander mense. IQ is persoonlike intellek en SQ is dan dié intelligensie waarmee die mens die probleme van betekenis en waarde aanspreek, die intelligensie waarmee die mens sy/haar aksies en lewe in 'n wyer, ryker en meer betekenisvolle konteks begin plaas; dié intelligensie (insig?) waarvolgens die mens kan assesseeer dat een koers in die lewe meer betekenisvol sou wees as 'n ander (2000:3).

SQ is die nodige fondasie vir die effektiewe funksionering van die EQ en die IQ. Dit is die hoogste vorm van intelligensie. SQ is nie primêr godsdienstig nie, maar is wel godsdienstig geïoriënteerd. Dit is die siel (innerlike) se intelligensie of vermoë (Zohan en Marshall 2000:9).

Die onderstaande gedig “The Invitation” geïnspireer deur Oriah Mountain Dreamer (1994), gee ‘n veelseggende interpretasie van spirituele intelligensie:

It doesn't interest me what you do for a living.

I want you to know what you ache for, and if you dare to dream of meeting your heart's longing.

It doesn't interest me how old you are.

I want you to know if you will risk looking like a fool for love, for dreams, for the adventure of being alive.

It doesn't interest me what planets are squaring our moon.

I want you to know if you have touched the center of your own sorrow, if you have been opened by life's betrayals or have become shrivelled and closed from fear of further pain! I want to know if you can sit with pain, mine or your own, without moving to hide it or fade it or fix it. I want to know if you can be with joy, mine or your own; if you can dance with wildness and let ecstasy fill you to the tips of your fingers and toes without cautioning us to be careful, be realistic, or to remember the limitations of being a human.

It doesn't interest me if the story you're telling me is true.

I want you to know you can disappoint another to be true of yourself; if you can bear the accusation of betrayal and not betray your own soul. I want you to know if you can be faithful and therefore trustworthy. I want to know if you can see beauty even if it's not pretty every day, and if you can source your life from God's presence. I want you to know if you can live with failure, yours and mine, and still stand on the edge of a lake and shout to the silver moon, 'Yes!'

It doesn't interest me where you live or how much money you have.

I want you to know you can get up after the night of grief and despair, weary, bruised to the bone, and do what needs to be done for the children.

It doesn't interest me who you are, how you came to be here.

I want you to know if you will stand in the center of the fire with me and not shrink back.

It doesn't interest me where or what or with whom you have studied.

I want to know what sustains you from the inside, when all else falls away.

I want to know if you can be alone with yourself; and if you truly like the company you keep in empty moments.

6.36. SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Spiritualiteit het 'n modewoord begin word. Die moderne mens het in vele opsigte 'n "beleweniswese" begin word. Hy/sy is ingestel op genieting. Dit het ook só in die godsdiens begin neerslag vind.

Spiritualiteit is 'n woord en begrip wat van baie verskillende kante besien kan word. Jonker (1989:288) wil dit as volg omskryf: " Ons sou dit kon weergee met geloofsbelewing, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk. In die gereformeerde tradisie is 'vroomheid' miskien dié woord wat in die verlede redelik algemeen gebruik is".

Spiritualiteit is egter ook nie iets wat beperk of afgebaken kan word tot die individu nie. Die persoonlike of individuele omgang met God vorm ook altyd deel van die vroomheid van die gemeenskap van die gelowiges waarvan die individu op sy/haar beurt deel uitmaak. Die enkeling leef met sy eie vroomheid binne 'n bepaalde geloofs- en ervaringstradisie. Jonker sê verder tereg (1989:289) dat daar 'n verband is tussen spiritualiteit (geloofservaring) en belydenis (geloofsverstaan) binne 'n bepaalde geloofsgemeenskap. Dit is dan ook die rede waarom daar binne die Christelike gemeenskap groot verskille in die tipes spiritualiteite voorkom. Spiritualiteit is maar soos alle ander dinge wat menslik is. Dis blootgestel aan kulturele, maatskaplike en talle ander faktore. Daarom kan dit ook nooit 'n konstante, afgeronde en onveranderlike saak wees nie.

6.36.1. DIT GAAN OOR GOD

Wesenlik vir die gereformeerde spiritualiteit is dat dit primêr gaan oor God en nie in die eerste plek die mens self nie. Die eer van God; die verheerliking van God; die aanbidding

van God en die lofprysing van God, hieroor gaan dit. Hierdie besef kom reeds vanaf Luther en Calvyn. Die mistiek het die aksent ook baie sterk daarop geplaas dat die mens se hele strewe op God gerig moet wees en dat hy/sy bereid moet wees om die eer van God te soek met 'n gepaardgaande oorgawe van sy/haar lewe aan God (Jonker 1989:294).

6.36.2. GOD SE WOORD EN SY BELOFTES

Jonker (1989:295) wys verder daarop dat die verskil tussen die spiritualiteit van die mistiek en dié van die Reformasie juis ook die feit is dat dit by die Reformasie nie kan gaan om 'n woordlose omgang met God nie. Deur die Woord praat God met die mens en deur die Woord kom die Gees na die mens. God se Woord en die talle beloftes daarin vervat is van deurslaggewende belang by die vorming van spiritualiteit en dit wil lei tot 'n "coram Deo" en "praesentia Dei".

6.36.3. LEWE UIT DIE GENADE

Die gereformeerde spiritualiteit is heeltemal gerig op die genade van God. Dis om te lewe uit hierdie genade. Die fokuspunt is nie die eie geloof of bekering nie, maar juis die onverdiende guns en genade van God. Dit loop hand aan hand met die gereformeerde beginsel van die "sola gratia".

Smit (1988:183) maak melding van godsdienstige handeling of gebruike wat sentraal staan binne die gereformeerde vroomheid. Die twee kernpunte is die gemeentelike godsdienstbeoefening en daarnaas die huislike of persoonlike godsdienstbeoefening. Binne die ruimte van hierdie twee fokuspunte speel onder andere die volgende aspekte 'n oorwegende rol:

- Die Woord van God
- Gebed
- Lering
- Kerkgang (erediens)

- Die alledaagse lewe

6.36.4. LEWE DEUR GELOOF

Die lewe deur die geloof dui eintlik 'n verdere terrein aan waarop en waarvolgens die gereformeerde spiritualiteit wil ontplooi. Dit is in die eerste instansie “geloofsvroomheid” en nie soseer “ervaringsvroomheid” nie. Die geloof is vir die gereformeerde Christen nie slegs 'n deug soos by Rome nie, maar, aldus Jonker (1988:296), word verstaan met inbegrip van die subjektiewe kant van die religie as geheel, die menslike korrelaat op die volheid van God se genade. Die geloof is gawe en opgawe tegelyk. Die gereformeerde spiritualiteit dra dan wesenlik die karakter van geloofsbeleving, geloofservaring, geloofswandel en geloofsomgang met God.

6.36.5. 'N LEWE VAN HEILIGMAKING

Jonker wys daarop dat by Calvyn alles op heiligmaking afstuur (1988:296). Die verlossing deur die geloof is nie 'n passiewe rus in die genade van God nie; dit behels ook 'n aktiewe wandel in die weg van bekering en heiliging. Dit vorm die eie aard van die gereformeerde spiritualiteit.

6.36.6. LIEFDE VIR DIE WET

Vir Luther het die wet van God hoofsaaklik 'n tweeledige funksie: 'n burgerlike funksie sowel as om 'n tugmeester te vorm na God toe. Vir Calvyn het die wet ook 'n derde funksie, naamlik dat dit wil dien as 'n reël van dankbaarheid by die gelowige (Jonker 1988:297).

Smit vra (1989:83), teen die agtergrond van alles wat dusver gesê is, of spiritualiteit werklik beskryf kan word. Hy wil tog 'n onderskeid sien tussen algemene, wydverbreide geloofsgestaltes, verskillende vroomheidstipes en dan die manier waarop elke mens persoonlik met God omgaan.

Vir König (1998:33,49) beteken spiritualiteit iets soos vroomheid of geloofsbeleving. Dit lê nie soseer die nadruk op die inhoud van ons geloof nie, maar eerder op die praktyk van ons geloof en die uitleef van ons geloofsoortuiging. König (1998:49) wil selfs praat van gemeente-spiritualiteit, erediensspiritualiteit en dan ook persoonlike spiritualiteit en in laaste instansie selfs van 'n sendingspiritualiteit.

Die navorser stem saam met Fourie (2001:99) wat sê dat spiritualiteit grootliks die manier is waarop iemand God as werklikheid in sy/haar lewe ervaar, voor God leef en ook met God leef.

Spiritualiteit is 'n soeke en 'n strewe daarna om God in die praktyk van elke dag te beleef. Spiritualiteit het dus te make met die gelowige se verhouding met God.

6.36.2. KONSEPTUELE RAAMWERK: CORRINE WARE

Fourie (2001:107) verwys ook na 'n indeling van Corrine Ware wat 'n konseptuele raamwerk ontwikkel waarvolgens sy dan 'n persoon se spiritualiteitstipe kan vasstel. Sy gebruik 'n sirkel met kwadrante om haar vier tipes van spiritualiteit simbolies voor te stel. Vir die navorsing wat hierdie studie ten doel het, naamlik om balans en perspektief uit te wys as kernmomente by korporatiewe aanbidding, sou hiervan kennis geneem moet word. Die indeling verloop as volg:

- SPEKULATIEF/KATAFATIES --- 'n kop-spiritualiteit

Behels grotendeels 'n denkende spiritualiteit met 'n voorkeur vir dit wat gesien, aangeraak en konkreet voorgestel kan word.

'n Duidelike omlynde geloof

Klem op belydenis en 'n geordende erediens

Skrif as openbaring en die mens se rasonale vermoëns

Uiterste vorm hiervan is rasionalisme, oor-intellektualisering en verlies van emosie

- AFFEKTIEF/KATAFATIES --- 'n hart-spiritualiteit

- *Die hart, die affektiewe, saam met die konkrete van bogenoemde is belangrik.

- *'n Antropomorfe voorstelling van God sowel as die sentraliteit van die Skrif word beklemtoon.

- *Sluit ook 'n meer affektiewe charismatiese spiritualiteit in met persoonlike heiliging as doel.

- *Immanensie van God word beklemtoon meer so as sy transendensie.

- *Die uiterste van hierdie groep is 'n piëtisme en 'n te hoë klem op die emosionele met 'n gevolglik anti-intellektuele benadering.

- AFFEKTIEF/APOFATIES --- 'n mistieke spiritualiteit

- *Die klem val hier ook sterk op die affektiewe en die ervaring.

- *Gaan meer om 'n hoor van God as 'n praat met God.

- *Klem word gelê op eenheid met die heilige God.

- *Hier vind ons ook dikwels dat mense kontemplatief, introspektief en intuïtief van aard is en optree.

- *Hulle agenda bly die vernuwing van die innerlike.

- *Die uiterste van hierdie groep is 'n sogenaamde "quiëtisme", 'n terugtrek vanuit die wêreld en 'n passiewe houding

- SPEKULATIEF/APOFATIES --- 'n koninkrykspiritualiteit

Volgens Ware die moeilikste tipe om te beskryf.

- *Dit is die spiritualiteit van aktiviste wat sterk idealisties is en optree.

- *Hulle wil die koninkryk van God met konkrete dade in die wêreld laat deurbreek.

- *Hulle aanvaar verantwoordelikheid vir verandering.

*Tree sterk individueel op.

*Toon 'n passie vir die transformasie van die samelewing.

Uit die oorskou van hierdie verskillende spiritualiteitstipes is dit duidelik dat die gevaar wesenlik is dat subjektivistiese en selfs reduksionistiese Godsvoorstellings en belewenisse maklik kan ontstaan.

Strauss (2001:126) vra die belangrike vraag, naamlik hoe lyk die spiritualiteit van die erediens met die draai van die millennium. Vir 'n tyd lank het die spreuk: "*What you do outside the church is more important than what you do inside the church*", die kerklike toneel oorheers. In die lig hiervan moes die erediens terugstaan en het 'n soeke na hoe die kerk in die wêreld betrokke kan en moet wees die botoon gevoer.

Strauss is sterk van mening dat die erediens voorrang moet geniet ten opsigte van die bepaling van spiritualiteit en dat die erediens ook bepalend moet wees vir die lewe en getuienis van die kerk in die wêreld. Die erediens raak die hart van die verhouding tussen God en gemeente.

Die erediens voed die spiritualiteit en die spiritualiteit stempel die erediens. Aanbidding in en tydens die erediens gee uitdrukking aan beide teologiese en etiese oortuigings van gelowiges en vorm terselfdertyd ook hierdie oortuigings (Strauss 2001:127).

Ons leef ook toenemend in 'n verbruikersgerigte era. Mense vra na die sin en die nut daarvan om nog enigsins die erediens by te woon. Slegs dit wat waarde aan die lewe kan toevoeg word belangrik geag en in die meeste gevalle is hierdie waarde materialisties van aard. In die lig hiervan het 'n totaal ander vorm van spiritualiteit begin posvat. Die hedendaagse postmoderne beskouinge bring ook mee dat daar 'n warsheid ontstaan het aan enige vorm van tradisie. Strauss (2001:128) maak die punt dat tradisie van uiterste belang is vir ritueelvorming omdat die liturgie gebou is op rituele. Dikwels word die onderskeid tussen tradisie en tradisionalisme misgekyk. In hierdie verband verwys

Strauss na Pelikan (1948:72) wat gesê het: “ *Tradition is the living faith of the dead; while traditionalism is the dead faith of the living*”.

Spiritualiteit sou alleen maar uitgebou kon word wanneer en as die erediens weereens as die hart van die gemeentelike lewe beskou en ervaar word. Korporatiewe aanbidding is essensieel en onvervangbaar vir persoonlike geloofsgroei. Die erediens is ‘n saamkom van die gemeente in die teenwoordigheid van God. In die lig hiervan moet enkele opmerkings gemaak word om die karakter van die erediens, die geleentheid van korporatiewe aanbidding van naderby te omskryf. Strauss (2001:129) stel dit as volg:

- ‘n Erediens is meer as ‘n gesprek met God. Gesprek dra die konnotasie van woorde en dit is te rasioneel om die erediensgebeure volledig te omskryf.
- ‘n Erediens is die samekoms van God en gemeente. Almal is met alles (hart, siel, mond en hande) by alles betrokke.
- Niks wat in die erediens gebeur mag op sigself ‘n grootheid wees of word nie.
- ‘n Erediens behoort ‘n hoor-, sien-, en doen-diens te wees.
- In die erediens is die lewende Christus teenwoordig.
- In dieselfde erediens is mense met hulle persoonlike behoeftes en ideale en vrae ook teenwoordig. Strauss wys daarop dat daar op ‘n skisoïede wyse oor die erediens nagedink behoort te word. Die erediens het twee S(s)ubjekte. Elke mens is vir God belangrik.

De Klerk (2003:4) wys daarop dat ‘n groot deel van die Reformatoriese spiritualiteit bestaan uit die gemeenskap van die gelowiges met mekaar. Hulle eenheid bestaan alleen en voortspruitend uit hulle persoonlike verbintenis in Christus. ‘n Deel van dié spiritualiteit is dan ook innige gemeenskap van gelowiges met mekaar, ten spyte van verskille, bereidheid om skuld te erken en om te vergewe, blydskap in die genade wat God aan medegelowiges bewys. Spiritualiteit kry juis konkrete gestalte in ‘n lewe wat heiligmaking ter wille van die eer van God najaag.

Die vertrekpunt vir 'n lewe voor die aangesig van God is verwondering oor God en verootmoediging by die mens. Aanbidding in die erediens is deel van die inoefening in die godsvrug. Die erediens behoort daarom 'n geesvervulde geleentheid te wees. Wanneer en as die Woord van God gelees en gehoor word, vloei gehoorsaamheid aan die Woord daaruit voort en tree daar gepaardgaande goeie dissipline in die persoonlike sowel as die gemeenskaplike godsdiens na vore.

Snyman (1997:383) wil ook wys op die noodsaaklikheid van korporatiewe aanbidding by die uitbou van spiritualiteit. Hy gebruik die voorbeeld van Psalm 42 om te illustreer hoedat die slegte omstandighede wat die digter in die verlede beleef het tog in perspektief kom en hanteerbaar raak. Dié Psalm sê: Kyk vanuit jou huidige ongunstige omstandighede na 'n punt in jou verlede waar jy 'n ontmoeting met God gehad het. Dit sal jou die krag gee vir die krisis van die situasie hier en nou. Ontmoeting met God in die verlede gee krag vir die krisis van die hede. Die Psalmdigter kon terugdink aan 'n ontmoeting wat hy in die verlede met God gehad het. In sy gedagtes roep hy die ontmoeting met die Here op wat hy in die erediens gehad het. In vers 5 staan: “As ek my lewe voor my laat verbygaan, dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die woonplek van my God, voor 'n skare uit na sy huis toe geloop het met gejuig en lofsang --- 'n skare wat feesvier”.

Hier word nie na 'n mistieke ontmoeting met God verwys nie, aldus Snyman (1997:383). Die digter roep 'n erediens in herinnering, 'n geleentheid van korporatiewe aanbidding. Die erediens sou die unieke geleentheid wees waar hy ontmoeting met die Here beleef het. God het daar vir hom 'n werklikheid geword.

Spiritualiteit in die Ou Testament word dus nie net individueel beleef nie, spiritualiteit word veral korporatief in die gemeenskap van die heiliges beleef.

Die beleving van God se teenwoordigheid in die erediens is bevestiging van God se teenwoordigheid in die hele lewe. Die geleentheid van korporatiewe aanbidding is daar en is nodig om gelowiges te herinner aan die voortdurende teenwoordigheid van God.

Jonker gaan van die standpunt uit dat vir die Protestantisme, in teenstelling met ander tradisies, alles om die Woord van God draai (1989:295). Nie sonder rede nie staan die prediking sentraal vir die heilsbemiddeling. Een van die pilare waarop die Reformasie gebou is, is dan ook die “sola Scriptura”. Die liturgie kry ‘n sober karakter want dit draai om die Woord.

Die Woord is egter ook teenwoordig in die huiskamer en die binnekamer, Die direkte toegang tot die Woord maak voorts die hele religieuse en kerklike lewe anders. Die kerkgebou word die vergaderplek van die gelowiges. Daar is hulle bymekaar rondom die Woord.

Jonker maak die gevolgtrekking dat die hele lewe “coram Deo” geleef moet word en dat die kerk as heilsinstituut verander in ‘n groep waar gemeenskap van die gelowiges beleef word (1989:295). Die spiritualiteit van die Protestantisme roep om soberheid en eenvoud in die hele inrigting van die kerk en die erediens.

Gereformeerde eredienste impliseer gewoonlik ‘n verskeidenheid van emosionele response. Die verskillende afdelings van die liturgie speel ‘n groot rol. Die normale en belangrike aspek van aanbidding is nie dat dit een of ander spesiale en heilige kompartement vir die lewe wil vorm nie, maar dat dit geloof moet wees wat in die sentrum staan. Hierdie geloof sou dan beteken toewyding aan die heerskappy van God deurgaans in die lewe. Hiervolgens word spiritualiteit gevorm en uitgebou.

Op sy beurt kom Hartley Hall na vore (1990:213) deur daarop te wys dat die gereformeerde piëteit (spiritualiteit) beskou moet word as ‘n funksie van die totale gemeenskap. Dit beoog om begrond te wees in die openbaring van God en gesentreer in Christus. Die praktyk daarvan is dienswerk aan die transendente en soewereine God. Hy trek die mens na Hom toe in gehoorsaamheid aan sy wil.

Gereformeerde piëteit aanvaar en vereis 'n diep persoonlike “commitment” (oorgawe). Die fokus daarvan was nog altyd meer korporatief en sosiaal as individueel. Dit bly inherent skepties ten opsigte van die individuele geestelike belewenis, veral van mistieke of ekstatische aard. Die gereformeerde piëteit (spiritualiteit) word gekarakteriseer, nie deur die mens se soeke na God nie, maar juis deur hierdie mens se soeke na die wil van God. In hierdie proses vind die gelowige gemeenskap met God en beleef hy/sy transformasie van die lewe.

Hartley Hall staan sterk op die punt dat die gereformeerde piëteit meer daarna soek om aktief te wees in die Koninkryk van God as om kontemplatief te wees daarvoor (1990:214). Hiertoe bied die geleentheid van korporatiewe aanbidding hom sterker aan as die beoefening van godsdiens as individu afsonderlik.

Veldsman is van mening dat religieuse ervaring beskou moet word as die aspoestertjie van teologiese besinning (1990:323). Hy verwys na 'n uitspraak van Bernardus von Clairvaux:

Today the text we are to study is the book of our own experience ... Anyone who has received this mystical kiss from the mouth of Christ at least once, seeks again that intimate experience, and eagerly looks for its frequent renewal.

Ervaring, wat passief sowel as aktief voltrek kan word, kan as die bewussyn van, of die deurmaak van, die onlosmaaklike eenheid van die gegewene en interpretasie beskryf word. Die hart van alledaagse ervaring en dus ook van religieuse ervaring, is gevoel. Die gevoelservaring transendeer die individu; dit is gerig op 'n ervaringswerklikheid buitekant die “self”.

Dit word verwoord in konsepte wat histories eie is aan die betrokke geloofsgemeenskap. Religieuse ervaring is gevoelservaring wat gekonseptualiseer is, selftransenderend en geïntensionaliseer is, ingebed in en medebepaal deur die historiese vergestaltung van die betrokke interpreterende geloofsgemeenskap, emotief spontaan en/of doelbewus

refleksief, vanuit die herinnering van die oorgelewerde grondteks met God in Israel en die historiese Jesus, Gees-driftig kreatief voltrek in/deur die gelowige, tot hoop, aldus Veldsman (1990:342).

Dat die gelowige “goed moet kan voel” oor sy/haar verhouding met God en ook die belewenis daarvan binne die kring van medegelowiges of in die gemeenskap van gelowiges, is sekerlik onbetwisbaar. Die gevaar van narcissisme sluimer egter weer hier.

Die ander kant van die munt sou daarby ook raakgesien moet word, naamlik dat daar dikwels geleenthede is waarby en waartydens die gelowige nie “goed voel” oor sy/haar verhouding met die Here nie. Hoe dan gemaak? Die ervaring/gevoel kan dus nie summier verabsoluteer word nie. Die gevoel is gewoonlik nie ‘n betroubare maatstaf vir die vlak waarop God as werklikheid in die lewe van die mens beleef word nie. Dit sou maklik aanleiding kon gee tot ‘n tipe van horisontale spiritualiteit. Daarbenewens bestaan die gevaar dat die religieuse ervaring die maatstaf kan word waarvolgens die bestaan en die werklikheid van God gemeet word. Ontbreek hierdie ervaring (gevoel) kom dit daarop neer dat God ook nie as ‘n werklikheid in die lewe ervaar kan word nie.

Ten spyte hiervan sou dit egter dwaas wees om die bestaan van “gevoelens” oor God en die belewenis van God weg te redeneer of af te maak. Inderdaad maak die emotiewe ‘n groot deel uit van die mens se Godsbelewenis. Op ‘n later stadium in hierdie studie sal ook aangetoon probeer word hoedat gevoel (emosie, ervaring) ‘n besliste rol behoort te speel by elemente in die liturgie van die erediens, veral ten opsigte van verootmoediging. Daarin sou ook moontlike vernuwing van die erediens, korporatiewe aanbidding, gevind kon word.

Vir Van der Merwe en Beukes is die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges binne die erediens van wesenlike belang (1991:635). Die belang van die realisering van die gemeenskap van die gelowiges binne erediensverband sou nie gering geskat mag word nie.

Vir die funksionering van die gemeenskap van gelowiges is die saak van “koinonia” van uiterste belang. By die bestudering van die woord “koinonia” word dit duidelik dat die woord veral twee betekenismoonlikhede het. Daar is die vertikale dimensie waar gemeenskap met en deur God ter sprake kom. Hierdie dimensie vorm die grond en gee die moontlikheid vir die gemeenskap tussen gelowiges.

Daar is ook ‘n horisontale dimensie waar die gemeenskap van die gelowiges onderling van deurslaggewende belang is. Hier is egter nie van horisontalisme sprake nie. Die gemeenskap van die gelowiges is iets anders as blote broederskap of warm medemenslikheid. Hierdie horisontale gemeenskap is gewortel in die vertikale dimensie, dit is die verhouding met God.

Anders gestel, sou gesê kon word dat God ‘n verhouding tussen Hom en die mens stig en op grond van daardie verhouding met God staan die mens in ‘n nuwe verhouding met sy/haar medemens. Die mens staan dan in gemeenskap met sy/haar naaste. Die hele proses vind met en deur die Heilige Gees plaas. Die Heilige Gees skep die gemeenskap deur en rondom die Woordverkondiging. Die erediens, die geleentheid van korporatiewe aanbidding, is die sentrum en die vertrekpunt van die gemeenskap van die gelowiges (Van der Merwe en Beukes 1991:637).

Alvorens daar na die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges in die erediens gekyk kan word, moet kortliks bepaal word wat die erediens is en hoe die wese van die erediens daar uitsien. Daar is ooglopende verskille tussen ‘n erediens en ‘n blote samekoms van die gemeente.

Barnard (1981:388) bestempel die erediens as die amptelike omgang en bymekaarkom van Christus en sy kerk. Die omvattende definisie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Algemene Sinodale Kommissie vir die erediens (1982) lui as volg: “ Die erediens is die gelowige en ordelike samekoms van die gemeente met Christus en met mekaar onder leiding van die ampte, waar die ontmoeting van en die gesprek met God plaasvind

en die deelname aan Christus se heilsgoedere ondervind word, en waar die onderlinge samesyn en opbou, vreugde en diensbetoon verloop in die lewende verbondenheid met die Kerk van alle eeue en in die verwagting van die volmaakte erediens”.

Uit hierdie definisies word dit duidelik dat dit in die erediens gaan om die eer van God. Dit is ‘n diens tot eer van God. God moet dus toegelaat word om in die middelpunt van die totale erediensgebeure te staan. In die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges sou dus deeglik hiermee rekening gehou moet word en daar sou nie kunsgrepe kon plaasvind waarvolgens kunsmatig gepoog word om medemenslikheid en warmte te skep nie. Die vertikale indikatief van die heilsdade van God moet as die primêre vertrekpunt gerespekteer word.

Elke mens se persoonlike omgang met God gedurende die voorafgaande week vind ‘n verbreding en ‘n verdieping in die erediens, in die gemeenskaplike sonder dat die individuele in die gemeenskaplike verlore gaan (1991:641). Die gemeenskap van die gelowiges kan op geen ander plek of wyse gestig en opgebou word nie as net in die erediens of tydens hierdie korporatiewe aanbiddingsgeleentheid. Daar tree die mens as lid van die gemeente in ontmoeting met God.

Barnard (1981:446) wys daarop dat mense van die mees uiteenlopende geaardhede, talente, ouderdom, staanplek in die lewe en persoonlikhede word in die erediens omvorm tot ‘n ongelooflike eenheid en dit is alleen maar die werk van God. Gelowiges word broers en susters in die geloof, familie van mekaar, kinders van een Vader, gelyk voor God en almal ewe veel in behoefte aan die genade van God. Daar is ook krag opgesluit in die gemeenskap van die gelowiges. Dit bied ondersteuning aan elke individuele gelowige. Dit is ‘n bekende feit dat hoe groter die kerkgebou en hoe groter die gemeente, hoe minder is die egte gemeenskap en hoe minder werk dit ook deur na die enkeling.

Die gemeenskap van die gelowiges realiseer op verskillende maniere. Daar vind gemeenskap plaas rondom die genademiddele. Deur die Woord en sakrament word geloof gewek en versterk. Die gemeenskap tussen gelowiges word op unieke wyse

gedemonstreer by die gebruik van die Nagmaal. Almal het deel aan die een brood (Barnard 1981:449).

Die gemeenskap tussen gelowiges realiseer ook deur die liefde en deur onderlinge dienswerk (Barnard 1981:449-450). Die gemeenskap is nie slegs 'n emosie en ervaring wat spoedig weer verdwyn nie. Dit word permanent omdat dit gestempel word deur die liefde. Die liefde vind weer gestalte, kry hande en voete, soos Barnard dit stel, in diens teenoor mekaar.

Bohren (1980:272) bring 'n interessante perspektief na vore wanneer hy wil praat van 'n "erediensfantasie". In 'n teonome resiprositeit, waarby God die mens by sy werksaamhede inskakel terwyl God steeds God bly en die mens steeds mens, gebruik die Heilige Gees vir sy werk nie slegs die rede en die verstand nie, maar ook die fantasie. Bohren praat van praktiese fantasie wat vir die erediens van die lewe, dié erediens van Sondag wat gestalte moet kry in die alledaagse lewe van die gelowiges) net so belangrik is as vir die amptelike samekoms van die gemeente. Fantasie het dan te make met die daad --- die aktiewe handeling.

Fantasie sou dan een van die middele wees wat deur die Heilige Gees benut kan word in die herskepping of vernuwing van die mens. Skeppend is die fantasie na die moontlikheid van die nou nog onmoontlike onderweg (Bohren 1980:273). Fantasie is 'n genadegawe van die hoop omdat ons as gelowiges mag uitsien na die toekoms wat God self vir ons skep en wat ons nou reeds langs die weg van die fantasie mag antisipeer met 'n voorsmaak in die hede.

Hierdie fantasie sou dan ook positief inwerk op die vorming van spiritualiteit by die mens. Beide die vertikale en horisontale dimensies van spiritualiteit kom hier ter sprake. Die element van ervaring (fantaseer) is ook teenwoordig. Alhoewel daar sekerlik nog veel nagedink sal moet word oor die gedagte van 'n "erediensfantasie", veral omdat die wortelbetekenis van die woord "fantasie" wil dui op iets wat tot 'n groot mate onwerklik

is, lê hierin tog wel iets opgesluit wat vir die stimulasie van spiritualiteit veel mag beteken.

Dit is dus duidelik dat spiritualiteit 'n besliste rol te speel het by en tydens die proses van korporatiewe aanbidding. Die vlak van spiritualiteit waarmee elke afsonderlike gelowige die erediens betree bepaal dan grootliks die erediensgebeure. Dit werk in op die sinvolheid en die belewenis van elke afsonderlike element van die liturgie van die erediens; dit werk mee aan die graad en intensiteit van die gemeenskap van die gelowiges tydens die korporatiewe aanbidding. Spiritualiteit sal beslis ook een van die aanleidende faktore wees wat daartoe lei dat elke individuele gelowige gereeld sy/haar plek tydens korporatiewe aanbiddingsgeleenthede sal inneem. Spiritualiteit sal daartoe bydra dat die onderlinge byeenkomste nie verwaarloos word nie en dat die oog nie vir die oor sal sê “ek het jou nie nodig nie.”

HOOFSTUK 7

WAT IS AANBIDDING?

Ter aanvang sou die vraag sekerlik gevra moet word: Waarom aanbid? Ons leef in 'n samelewing wat grootliks as 'n verbruikerskultuur bestempel sou kon word. Die waarde van byna alles word beoordeel volgens wat die nuttigheidsgraad daarvan sou wees.

Ten opsigte van korporatiewe aanbidding word dieselfde vrae gevra. Watter nut het dit? Wat sou die waarde daarvan wees in my persoonlike lewe? Hoewel dit alles die geval is, is dit 'n totaal verkeerde vertrekpunt. Dié bevraagtekening van aanbidding impliseer dat God nie ernstig opgeneem word nie. God het ook 'n verbruiksartikel geword. Die egte waarde van God (true worth) word misgekyk (White1982:15). Die waarde van aanbidding van God, in die persoonlike lewe sowel as korporatief, kan alleen bepaal word as daar teosentries oor die saak nagedink word en geensins antroposentries nie.

Hierby moet dan nou ook gevoeg word dat die aanbidding nie ongekwalifiseerd kan plaasvind nie. Dit gaan oor Christelike aanbidding. Christelike aanbidding sou verder omskryf kan word as die openbaring van God aan die mens en die gevolglike reaksie van die mens op hierdie openbaring. Die sleutelwoorde by aanbidding is openbaring en reaksie.

Aanbidding verwys gewoonlik na spesifieke aksies van religieuse lofprysing, eer en toewyding wat gerig sou wees op 'n bo-natuurlike wese soos God. Aanbidding sou individueel kon plaasvind, in georganiseerde groepe en dan natuurlik korporatief as deel van 'n erediens in 'n kerkgebou met 'n aangewese voorganger (www.wikipedia.org/worship).

In sommige kringe, veral by die Katolisisme en Oosterse Ortodoksie word onderskei tussen aanbidding en eerbetoon. Eersgenoemde is alleen gerig op God en laasgenoemde

word aan uitgesoekte heiliges gebied. In Gereformeerde kring is dit onaanvaarbaar en beide aanbidding en eerbetoon moet gerig wees op God alleen.

In sommige kringe word die begrip “Gottesdienst” gebruik (White1982:17). Aanbidding sou dan wees diens van God aan die gemeente en tegelyk ook diens van die gemeente aan God. God alleen maak aanbidding ‘n moontlikheid. Aanbidding word die aanbidders se konsepie van God en spruit voort uit ‘n verhouding met God.

Aanbidding is ‘n bo-natuurlike aksie; ‘n bo-natuurlike lewenswyse (White1982:18). Allereers is die Christen se lewe van aanbidding intiem en persoonlik, maar daarbenewens essensieel ook deel van ‘n groep en as sodanig kan hy/sy nie sy/haar geestelike verantwoordelikhede in afsondering bly beoefen nie.

Selfs die mees intieme meditasie is nie geheel en al privaat nie. Dink en doen moet met mekaar saamloop. Volgens White (1982:21) staan alles afgeëts teen die agtergrond van:

- Verwagting
- Ontmoeting
- Respons

Christelike aanbidding is ‘n saak van doelbewuste soeke na God. Christelike aanbidding is praat met en aanraking van God en mens (1982:22):

- Praat met God oor myself en deur God met mense
- Aanraking deur God en deur God die aanraking van ander mense.

Vir verreweg die meeste Christene lê aanbidding aan die hart van ‘n verhouding met God, beide as individue en as ‘n gemeenskap. By en tydens aanbidding word op God gefokus (www.geneva.rutgers.edu/src/christianity).

Aanbidding staan hoofsaaklik op twee bene, naamlik die Woord en die Sakramente. By die Protestantse tradisie val die klem meer op die Woordverkondiging. Dit sluit in Skriflesings sowel as die prediking.

By die Katolisisme vind ons ook dat daar Skriflesing en Woordverkondiging plaasvind, maar dan meer in die vorm van 'n "homilie" as 'n preek. In die sentrum van die Katolieke erediens staan die kommunie.

Benewens Woord en sakrament kom gebede en sang by alle tradisies voor. Akronieme vir die diens van die gebede en afwisselende sang is die sogenaamde "ACTS" wat dan met die Engelse begrippe "adoration, confession, thanksgiving, supplication" verduidelik word. 'n Ander variant is "ACTIS" wat die toevoeging van "intercession" impliseer (www.geneva.rutgers.edu/src/christianity/worship).

7.1. SLEUTELWOORDE TEN OPSIGTE VAN CHRISTELIKE AANBIDDING

Die begrip "Gottesdienst" (godsdiens) is 'n omvattende begrip. Die verklaring daarvan sou aan die hand van die volgende woorde kon geskied:

- Service --- diens aan God
- Liturgy --- dienswerk van en deur die mense
- Cult --- afgelei van die woord "colere". Verwys na die ritueel of idioom waarbinne die dienswerk plaasvind.
- Worship --- oorspronklike woord is "weorthscipe". Wanneer die woord verdeel word bestaan dit uit die begrippe "weorth" en "scipe". In wese kom dit daarop neer dat God waardig is om die aanbidding te ontvang.

7.2. ONDERSKEID TUSSEN VORME VAN AANBIDDING

Onderskeid moet getref word tussen die sogenaamde "common worship" en "personal devotion". Die belangrikheid vir gelowiges om as groep bymekaar te kom kan nie

oorbektlemtoon word nie. Die verhouding tussen die twee pole van aanbidding is egter net so belangrik. Die een lei na die ander. Korporatiewe aanbidding is die voortvloei sel van persoonlike toewyding en laasgenoemde het weer die inspirasie van korporatiewe aanbidding nodig om te groei en geestelike verdieping by die aanbieder te bewerkstellig.

7.3. INKLUSIEWE AANBIDDING

Hiervolgens is die erediens oop vir enigeen om daaraan deel te neem ongeag of die persoon lidmaat van die bepaalde kerk is. Die sakrament van die Nagmaal is oop vir enigeen wat sou begeer om dit te gebruik. Sommige gemeentes en kerke word spesifiek georganiseer as “gemeenskapskerke”, dit wil sê as nie-behorende tot ‘n bepaalde denominasie. Aanbidding vind hier plaas ongeag belydenis of verbintenis (www.britannica.com/worship). Dit sou selfs kon geskied oor die grense van verskillende godsdienste heen.

7.4. EKSKLUSIEWE AANBIDDING

By eksklusiewe aanbidding is die erediens geslote en denominasioneel gebonde. Eksklusiwiteit is verder gekoppel aan die aanbidding van God deur Jesus Christus.

7.5. VIERING

Christelike aanbidding loop hand aan hand met die gedagte van viering. Inherent hieraan lê die gedagte van blydskap en dankbaarheid vir verlossing en versorging en die sin en betekenis van die lewe. Christelike aanbidding is onderworpe aan pastorale, teologiese asook historiese norme. Dit behels die hartgrondige erkenning van God en sy grootheid en heerlikheid ten opsigte van elke omstandigheid van die lewe (www.allaboutGod.com/worship). Dis viering van die werklikheid en die teenwoordigheid van God.

7.6. RITUEEL

Ritueel is 'n basiese term by Christelike aanbidding. Antropoloë gebruik die term om daarmee herhaalde aksies te beskryf wat by verskillende seremonies toepaslik sou wees in die sosiale lewe. Liturgiste gebruik die woord om daarmee die rites te beskryf waarvolgens 'n aanbiddingsdiens verloop. Rites vind dan ook volgens 'n bepaalde orde plaas.

7.7. KONSTANTES EN DIVERSITEITE

Volgens White (1982:29) is die Christelike korporatiewe aanbiddingsgeleentheid 'n interessante mengsel van konstantes en diversiteite.

7.6.1. KONSTANTES

Die konstantes van Christelike korporatiewe aanbidding behels die volgende:

- Die verstaan en gebruik van tyd as 'n manier van kommunikasie sodat dit vorm, inhoud en organisasie kan bewerkstellig
- Hierbenewens moet ook rekening gehou word met strukture van die aanbidding wat kenmerkend is van die Christelike godsdiens soos die sakramente, liedere, taal, gebed ensovoorts. Die meeste Christelike gemeenskappe sentreer hulle aanbiddingstyl rondom sekere basiese elemente.
- Dit sou nadelig wees vir Christelike aanbidding as dit te veel gesentreer sou wees rondom vaste strukture. Daarom moet spontaneïteit ook 'n konstante vorm hê. Spontaneïteit behels nie slegs 'n meer losse manier van aanbid nie; dit sou tot onordelikheid kon lei. Hierdie spontaneïteit moet verstaan word as die benutting van die gawes en talente van die onderskeie erediensgangers en tot voordeel van die vergaderde gemeente. Paulus se uiteensetting van spontane aanbidding volg onmiddellik na die uitvoerige uiteensetting van die liefde (1 Korintiërs 13) en is

primer daarop gemik om tot opbouing van die gemeente te strek (1 Korintiërs 14:26).

- Daar moet helaas ook 'n gesonde balans bewaar word tussen spontaneïteit en vorm in die erediens. Die gebruik van diensboeke en/of formuliere vorm derhalwe ook 'n belangrike konstant. Die gebruik van 'n leesrooster sou ook kon bydra tot konstantheid by korporatiewe aanbidding aangesien dit 'n vaste plek aan die Skrif verleen.

7.6.2. DIE TAAL VAN DIE “TYD”

Die sentrale plek wat “tyd” by Christelike aanbidding inneem dui aan dat die Christelike godsdiens die geskiedenis ernstig opneem. Sonder besef van tyd, is daar by implikasie ook geen voldoende besef en kennis van God nie.

Die wyse waarop tyd dus gebruik en verstaan word by korporatiewe aanbidding is baie belangrik. Die huidige tyd plaas die mens in kontak met God se daad in die verlede en die sekuriteit wat God bied vir die toekoms.

Die Nuwe Testamentiese begrip “kairos” dui op 'n waterskeidingsoomblik. Elke korporatiewe aanbiddingsgeleentheid is só 'n oomblik. Die Skrif ken ook spesifieke tye en geleenthede van aanbidding soos byvoorbeeld dat die Ou Testamentiese gelowiges gereeld op die Sabbat in die tempel of die sinagoge bymekaar gekom het en in die Nuwe Testament was die Sondag, die eerste dag van die week alhoewel die dag en geleentheid van saamwees in die Naam van die Here. Dit was ook Christus self se gewoonte om na die tempel te gaan. Die vermaning van die Hebreërbrief, naamlik dat die onderlinge byeenkomste nie verwaarloos moet word nie, sluit ook hierby aan.

Die verskillende tye en geleenthede op die kerklike kalender is ewe belangrik (White1982:65). Dié tye bring mense nader aan God en ook nader aan mekaar. Die mense se tye is in God se hande (Psalm 31).

Elke korporatiewe aanbiddingsgeleentheid bestaan uit ordinêre sowel as wisselende elemente. Afwisseling van hierdie elemente is ‘n belangrike komponent van die aanbiddingsgeleentheid en kom neer op goeie benutting van die tyd en oomblik.

7.6.3. DIE TAAL VAN DIE RUIMTE

Enige Christelike gemeenskap benodig ‘n ruimte waar aanbidding kan plaasvind. Die omvang van hierdie ruimte is belangrik vir atmosfeer en stemming. Die sogenaamde “spatialiteit” bepaal tot ‘n groot mate die belewenis van die teenwoordigheid van God. ‘n Reguit lyn moet gevorm word tussen spreker en hoorder.

7.6.4. DIE GESPROKE WOORD

Vir die gereformeerde aanbiddingsgeleentheid staan die gesproke Woord sentraal. Aanbidding het gaandeweg ontwikkel in ‘n geleentheid en oomblik waarby geleer en oorgedra word watter korporatiewe herinneringe daar bestaan vir dié mense met wie God ‘n verbond gesluit het. Fundamenteel aan die aanbidding is dan ook die hoor en die gehoorsaam van God se Woord (White1982:137).

Deur die lees en uitleg van die Woord ontdek die Christen en kan hy/sy vir homself/haarself toeëien al die ondervindinge van God se verbondsvolk. Só ontwikkel die aanbiddingsgeleentheid in die “epifanie van die kerk” (White1982:138).

Die gesproke woord neem ook ‘n ander vorm aan tydens die aanbiddingsgeleentheid. Daar is tye waar mense ook tot God spreek en waar mense tot mekaar spreek. God se Woord staan egter sentraal en moet gelees en gehoor word. Die Woord spreek vir homself, self al vind daar nie spesifieke prediking daarvoor plaas nie. Daarom is dit ook belangrik dat toepaslike Skriflesing sal plaasvind en nie slegs enkele verse wat dan as uitgangspunt vir die prediking mag geld nie.

7.6.5. TEKENS EN SIMBOLE

Sakramentele aanbidding word onderskei deur die gebruik van tekens en simbole. Dit vorm aksies wat betekenis oordra. Sakramente impliseer aksie, woorde en voorwerpe. By Christelike aanbidding versterk die gesproke Woord en die aktiewe tekens of simbole mekaar. Dieselfde God wat aan die mens ore gegee het, het ook aan hierdie mense oë gegee en ook hande waarmee aangeraak kan word.

7.6.6. EUCHARISTIE

Die eucharistie vorm 'n sterk karakteristieke element van die Christelike aanbidding. Hierin word die Christelike aanbidding onderskei van enige ander vorm van aanbidding.

In die lig van bogenoemde spreek dit as't ware vanself dat Saliers (1996:14) tot die gevolgtrekking kom ten opsigte van korporatiewe aanbidding deur daarop te wys dat die wesenselemente wat hierdie aanbidding karakteriseer niks anders kan wees nie as:

- Ontslag en eerbied vir God (Die Ou Testamentiese begrip “vrees vir God” spreek hiermee saam)
- Vreugde, selfs iets daarvan om jou werklik te verbly in die Here. Paulus onderstreep juis dit as 'n aspek van die Christelike lewe (Filippense 4)
- Getrouheid
- Hoop

Saliers (1996:88) noem hierdie verskillende aspekte “senses” (gewaarwordinge) want daarmee en daardeur word patrone gevorm van die menslike ervaring en belewenis van God.

*“ I come with joy to meet my Lord,
forgiven, loved and free,
in awe and wonder to recall*

his life laid down for me.” (Brian Wren, soos aangehaal deur Saliers,1996)

Aanbidding sou nie wesenlik wees as enigeen van hierdie bogenoemde elemente sou ontbreek nie. Die gevaar van gemoedelikheid in en tydens die erediens mag nie misgekyk word nie.

7.6.7. AANSLUITING VAN DIE ALLEDAAGSE LEWE BY AANBIDDING

Aansluiting van korporatiewe aanbidding by die alledaagse lewe is noodsaaklik. Wanneer die seën uitgespreek word aan die einde van die erediens, begin ‘n ander “erediens”, die sogenaamde diens tot eer van God in die alledaagse lewe.

Eerbied vir God, lewensvreugde, getrouheid en hoop moet onmiskenbaar deel wees van die wyse waarop die Christen-aanbidder sy/haar lewe laat ontplooi. Die wêreld is immers bewus daarvan dat so ‘n man of vrou korporatiewe aanbiddingsgeleenthede bywoon en vermag dat daar demonstrasie van Christenskap sou wees.

Saliers (1996:88) wys tereg daarop dat om God te ken meer is as om van God te weet. Om God te ken is ook meer as om God slegs innerlik te beleef. Om God te ken behels om God lief te hê, te aanbid, te vrees, bly te wees, te hoop op en in God oor die verloop van tyd en in alle gegewe omstandighede. Christelike aanbidding word alleen eg en relevant wanneer liturgiese byeenkomste die alledaagse lewe begin beïnvloed en stiler. Soos wat God as ‘n werklikheid by en tydens korporatiewe aanbidding beleef en ervaar word, so moet Hy ‘n werklikheid gemaak word in die alledaagse lewe. Vroeër in hierdie studie is ook daarop gewys dat die mens as beeld van God geskape is, as God se verteenwoordiger in die wêreld en lewe geplaas is.

Webber wys hierby op die belangrike aspek dat aanbidding eintlik ‘n werkwoord is (1985:7). Aanbidding is veronderstel om die verskillende momente van Christus se lewe te vier. Aanbidding is aksie. Die fokus van aanbidding kan nooit wees die menslike belewenis of ervaring nie, maar juis Jesus Christus --- sy lewe, dood en opstanding.

Oorgang moet begin plaasvind van passiewe aanbidding na aktiewe aanbidding. Webber bring enkele vars insigte na vore ten opsigte van korporatiewe aanbidding (1985:17):

- Ten eerste dat aanbidding deel uitmaak van die kerk se primêre taak. Aanbidding vorm die sentrale aktiwiteit van die kerk en is aanduiding van waar die kerk staan in sy verhouding met Christus. Die erediensganger moet eindelijk die erediens verlaat met 'n volgehoue besef van God in sy/haar lewe.
- Daarbenewens sou aanbidding bestempel moet word as 'n bron vir geestelike vernuwing. Aanbidding sou nie slegs gesentreer kon wees rondom die Woordverkondiging nie, want die Woordverkondiging mag 'n gerigtheid hê wat by sekere erediensgangers verby gaan. 'n Ander dimensie moet by aanbidding waargeneem word en dit is dat in en tydens die geleentheid van aanbidding moet besef word dat God besig is om te praat en te handel en om al die voordele (vrugte) van die versoening tot by die mens te bring. Deur die aanbidding werk God ter wille van die gelowige. God herstel en vernuwe die mens se verhouding met Hom.
- Op hierdie wyse word aanbidding 'n aktiewe belewenis en ervaring vir die mens. Wanneer God beleef word as werkende en handelende, sprekende tot die mens en besig om hierdie mens in beweging te bring deur beide simbole en prediking, word daar deurgebreek deur die passiwiteit en word elke aanbiddingsgeleentheid 'n nuwe en unieke ervaring.
- 'n Beter balans word voorts ervaar tussen die Woord van God en die sakrament van die Nagmaal, die tafel van die Here. Die lewende Woord word aan die mens gekommunikeer deur middel van tekens en simbole. Studies in die neurosigologie het getoon dat daar 'n groter bewussyn behoort te wees van die simboliese kant van die brein, of te wel dan regterbrein-aktiwiteit. Persepsie vind immers plaas deur beide taal en simbool.

- Daar lê ook waarde in opgesluit dat terugkeer sal word na die verskillende vorme van die kunste by aanbidding. Van Calvinistiese en Puriteinse kant is sterk beswaar gemaak teen enige eksterne hulpmiddels wat aanbidding sou kon verinnig. Die argument is gehandhaaf dat Protestantse aanbidding direkte en onmiddellike kommunikasie moet bly tussen die menslike gees en God. Die gebruik van die kuns by aanbidding behoort egter suiwer funksioneel te wees. Kuns moet die dienskneg wees van die aanbidding. Musiek, baniere, liturgiese dans, drama, kleur, simboliese gebruikmaking van ruimte sou sterk in diens geneem kon word deur die aanbidding. Dit beskik oor die krag en energie om die mens se verbeelding aan te wakker en gevolglik ook die lofprysing aan God te ontlok deur die sintuie van waarneming, hoor en ruik (Webber1985:23).

Dit mag wees dat iets van die bo-natuurlike karakter en dimensie van aanbidding verlore gegaan het. Webber pleit vir 'n reformasie van die transendente by aanbidding (1985:46). Hierdie oogmerk kan nie bereik word deur hedendaagse “verpopularisering” van die aanbiddingsgeleentheid deur gebruikmaking van platvloerse taal, kontemporêre musiek of ander truuks nie. Aanbidding moet die viering van die buitengewone bly, dit behoort steeds die misterie van die inkarnasie, die sterwe van Christus en sy opstanding te reflekteer --- aanbidding moet aan die mens Christus bring.

Rayburn kom onvermydelik uit by die belangrikheid van korporatiewe aanbidding (1980:11). Die aanbidding van God is meteens die ware gelowige se mees belangrike aktiwiteit in die lewe. Dit is, tragies genoeg, ook een van die mees verwaarloosde aktiwiteite.

As definisie van aanbidding sê Rayburn (1980:20): *Aanbidding is die aktiwiteit van die nuwe lewe van 'n gelowige waarvolgens hy/sy, terwyl elke oomblik die volheid van die Goddelike erken word soos wat dit geopenbaar is in die persoon van Jesus Christus en sy magtige verlossende dade, gesoek word daarna om, deur die krag van die Heilige Gees, aan God toe te bring eer, heerlikheid en erkenning soos dit aan Hom toekom.*

As bogenoemde waar is van die individu, dan geld dit dat korporatiewe aanbidding die aktiwiteit is van 'n groep ware gelowiges (gemeente) waarvolgens gesoek word om aan God toe te bring eer, lof, konfessie, interessie, dankbaarheid en gehoorsaamheid en ook om rede dat dit alles by God pas en aan Hom toekom.

Geloof en aanbidding loop hand aan hand. Alleen aanbidding wat gebaseer is op geloof in die eniggebore Seun van God, Jesus Christus, is aanvaarbaar vir God. Christelike aanbidding sou gewoon ook net kon plaasvind en funksioneer binne die kader van die genadeverbond.

Daar word veel gedebatteer oor wat relevante aanbidding sou wees. Relevante aanbidding is nie slegs aanbidding wat streel en voldoen aan individuele vereistes nie. Relevante aanbidding vra juis opoffering en die prysgawe van die eie-ek. Christelike aanbidding kan nooit los van die kruis van Christus plaasvind nie.

7.8. DIE IMPLIKASIE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING

Terwyl dit inderdaad die geval is dat 'n individu God op baie betekenisvolle wyse in afsondering kan aanbid en daarmee saam wonderlike gemeenskap met die Here beleef, is dit onteenseglik so dat die volle rykdom van die aanbidding nie tot sy reg kom nie tensy dit in gemeenskap met ander lede van die liggaam van Christus beoefen word.

Wanneer 'n groep van gelowiges byeen is, is daar deelname aan aanbidding wat veel meer intens is as dit wat enige gelowige op sy/haar eie sou kon beleef. God koppel 'n spesifieke belofte aan die saamwees van twee of drie mense in sy Naam en dit is die feit dat Hy inderdaad teenwoordig sal wees (Matteus 18:20).

Uit die aard van die saak is God se teenwoordigheid nie beperk tot tye van korporatiewe saamwees nie. Tog is die bedoeling van hierdie belofte dat daar 'n baie spesiale karakter

gekoppel is aan die teenwoordigheid van God wanneer sy kinders byeen is om aan Hom gemeenskaplike aanbidding toe te bring.

Daarbenewens word elke gelowige, op grond van sy/haar geloof in die Drie-enige God, deel van die liggaam van Jesus Christus. Hy/sy word 'n kind van God en as sodanig ook deel van die huisgesin van God. Die liggaam van Christus word vergestalt in die kerk. Die gelowige funksioneer eers na behore wanneer en as hy/sy 'n regmatige plek inneem in die liggaam van Christus (Rayburn1980:31).

Paulus het dit nodig geag om juis ten opsigte hiervan 'n waarskuwing te rig aan die kerk in Korinte (1 Korintiërs 12:14). Skynbaar was daar gelowiges in die gemeente wat hulleself nie noodwendig as deel van die liggaam van Christus beskou het nie. Paulus maak dit duidelik dat geen Christen op sy/haar eie kan funksioneer as liggaam van Christus nie.

Die belangrikheid van korporatiewe aanbidding word verder geïllustreer deur die leer van die universele kerk van Christus wat bestaan uit gelowiges van die verlede, hede en die toekoms.

Korporatiewe aanbidding is die aanbidding van God deur 'n vergadering van gelowiges en is dan (www.crossroadefc.churchsites.com/worship) :

- God-gesentreerd, Christus-gesentreerd en Heilige Gees-afhanklik
- Bybels-gefundeerd. God bgebruik sy Woord om lewens te verander, Homself te verheerlik en sy oogmerk met sy kerk te bereik
- Heelhartig, ekspressief en eerbiedig. Emosionele reaksies vloei voort uit 'n ervanring van God en ontwikkelende kennis van God. Korporatiewe aanbidding reflekteer ook vreugdevolle dankbaarheid teenoor God vir wat Hy is en doen.
- Gebalanseerd. Dit erken en omhels die tradisie en erfenis van die kerk. Hiervolgens word gepoog om ruimte te skep vir die kontemporêre.
- Gesetel in die gemeente
- Gelei volgens deeglike en voorbereide wyse

- Eg en persoonlik

7.9. SPONTANE OF PROFETIESE AANBIDDING

Dit is 'n "vrye" vorm van aanbidding met geen struktuur nie. Geen enkele geleentheid van aanbidding hoef ooreenkoms te toon met enige vorige geleentheid nie (www.wikipedia.org/spontaneous_worship). Dit word 'n "reis" onder leiding van die Heilige Gees en vind afwisselend plaas met die sing van koortjies en spontane lofprysing, dikwels dan ook in tale (www.secretplaceministries.org/prophetic/spontaneous-worship).

7.10. ALTERNATIEWE AANBIDDING

Dit word hoofsaaklik beoefen deur Generasie X'ers en tieners. Dit sou bestempel kon word as 'n reaksie teen evangeliese en/of charismatiese vorms van aanbidding. Dit maak gebruik van populêre en sekulêre musiek in plaas van geestelike liederes en sluit ook informele gesprekke in, in plaas van die tradisionele prediking. Dis gedentraliseer en daar is geen verhoog/kansel of prediker nie. Dit kan ook bestempel word as holistiese aanbidding, multisensoriese aanbidding of kreatiewe aanbidding (www.wikipedia/alternative_worship).

7.11. DIE REGULATIEWE BEGINSSEL VAN AANBIDDING

Hierdie beginsel is 'n 20ste eeu se term vir 'n riglyn wat gedeel word deur Calviniste en Anabaptiste ten opsigte van die wyse waarvolgens aanbidding deur die tweede gebod en die Bybel voorgeskryf word. Hiervolgens sou alleenlik elemente wat spesifiek deur die Bybel uitgewys word, toelaatbaar wees by aanbidding. In hierdie opsig word dit as sinoniem beskou met die beginsel van "sola Scriptura" (www.wikipedia.org/Regulativeprinciple/worship).

7.12. DIE VERHOUDING TUSSEN TEOLOGIE EN AANBIDDING

Dit waarin geglo word moet bepaal wat gedoen word by aanbidding. Die aard van die gelowige se aanbidding van God word allereers bepaal deur die persoon en wese van dié God in Wie geglo word. Hieruit vloei voort 'n persoonlike verhouding tussen God en mens.

Hoewel alle ware aanbidding sentreer rondom die Persoon van Jesus Christus, sou dit nie ten volle aanbidding wees as nie regmatige erkenning gelyktydig ook aan die Vader en die Heilige Gees verleen word nie. Rayburn pleit vir teosentriese aanbidding en nie slegs Christosentriese aanbidding nie (1980:35). Die gevaar van subjektiwisme is groot wanneer aanbidding sentreer rondom slegs een Persoon van die Drie-eenheid.

7.13. LEIDING TEN OPSIGTE VAN AANBIDDING

Aanbidding is harde werk en opoffering. Om intelligent en deurlopend vasgevang te wees in die aksie van aanbidding vra konsentrasie. Dit is maklik om langs die pad verdwaald te raak.

Voorts is dit ook meermale die geval dat aanbidders oningelig is ten opsigte van dit wat aanbidding is en verg. Dit sou byvoorbeeld die geval kon wees dat 'n gelowige meen dat hy/sy besig is met aanbidding terwyl dit hoegenaamd nie die geval is nie. Die Woordverkondiging is nie die enigste inspirasie tot aanbidding nie. Stilte lei ook daartoe; 'n blommeranskikking voor die kansel; 'n eenvoudige kruis teen die muur; 'n geopende Bybel; meevoerende musiek en liedere; selfs om op gesette tye te staan of te sit.

Die vorm waarin die Woordverkondiging aangebied word dra uit die aard van die saak ook by tot 'n atmosfeer van aanbidding. Die prediker sou byvoorbeeld 'n verhaal kon inwerk in die Woordverkondiging wat emosioneel meesleurend kan wees, maar nie spesifiek tot aanbidding aanleiding gee nie.

Estetiese elemente kan stimulerend wees maar steeds nog nie by die kern van aanbidding uitkom nie. Emosionaliteit moet nie verwar word met spiritualiteit nie. Die skoonheid van die gebou waarin aanbid word mag oorweldigend wees, maar tog nie die “skoonheid” van die evangelieboodskap aanraak nie.

Die gevaar bestaan dat liggaamlike aktiwiteit die geestelike aktiwiteit sou kon verplaas. Die ophef van hande simboliseer nie noodwendig ‘n ophef van die mens se hart tot God nie; die kniel tydens gebed is nie noodwendig aanduiding van hierdie mens se diepgaande afhanklikheid van God en erkenning van sy/haar sondigheid nie. Hierdie elemente mag goeie hulpmiddele daartoe wees, maar mag nie beskou word as wesenlik nie.

Ware aanbidding moet in gees en waarheid geskied. Dit was die opdrag van Christus. Derhalwe moet daadwerklike leiding gegee word aan erediensgangers sodat elkeen God sou aanbid volgens hierdie opdrag en nie volgens bykomstighede wat moontlik die aandag van die Drie-enige God kon aflei nie.

7.14. KORPORATIEWE AANBIDDING IN DIE OU TESTAMENT

Die Skrif bevat baie inligting in verband met aanbidding. God het die mens geskape volgens sy beeld en in hierdie proses het die mens die vermoë ontvang om te kan kommunikeer en sy Skepper te aanbid. God het ruimskoots voorsiening vir die mens gemaak. Die grootste van al die gawes was die voorreg van persoonlike gemeenskap met God. Adam en Eva het die voorreg geken van daaglikse en van aangesig tot aangesig gesprek met God.

Rayburn wil die afleiding maak dat daar op hierdie vroeë stadium reeds sprake sou wees van aanbidding van God (1980:44). Hy grond sy argument op die feit dat die eerste mensepaar vir God weggekruipt het na die sondeval (Genesis 3:8). Die feit dat God steeds na hulle roep sou verdere aanduiding wees dat God behoefte het aan die gemeenskap met die mens en die aanbidding van sy skepsels.

Met die instelling van die Sabbat het God die eerste aanduidings daargestel van formele aanbidding. Die Sabbat sou later teken word van Israel se verbondsverhouding met God (Eksodus 31:13). Die nakom van die verbondsverhouding wys Israel uit as God se volk en dien terselfdertyd as herinnering daaraan dat God hulle as sy volk wil begunstig.

7.14.1. DIE BEGIN VAN OFFERANDE

In Genesis 4:3 word die eerste offerandes aan God vermeld met die offerandes wat Kain en Abel onderskeidelik aan die Here gebring het. Hiervandaan verder sou die element van offer oorheersend wees in die aanbidding van die Ou Testament.

Dit was deur middel van die praktyk van die offerande dat God vir die mens 'n tasbare manier van aanbidding daargestel het en ook 'n manier waarvolgens die kloof wat God en mens skielik geskei het na afloop van die sondeval besef sou kon word. Deur bloedofferandes word dan onderstreep, soos Hebreërs 9:22 dit ook uitwys, dat sonder bloedvergieting daar geen vergifnis kon intree nie (Rayburn1980:45).

In Genesis 4:26 vind ons 'n aanduiding daarvan dat korporatiewe aanbidding die meer algemene praktyk begin word het. Tot op daardie stadium, só sou aanvaar kon word, was aanbidding nog slegs beperk tot binne familie-verband.

7.14.2. AANBIDDING NA AFLOOP VAN DIE SONDVLOED

Pas nadat Noag en sy gesin die ark verlaat het ná die sondvloed, lees ons dat Noag 'n altaar vir die Here gebou het as 'n spesifieke daad van aanbidding . Hier word nou ook van brandoffers melding gemaak. Voorstspruitend uit die offer aan en aanbidding van God deur Noag kom ook 'n verbondsbelofte van God se kant dat die wêreld nooit weer deur water sal vergaan nie. Die teken van God se verbond hier is die reënboog.

7.14.3. AANBIDDING VOOR DIE EKSODUS

Uit die lewe en optrede van die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob kry ons enkele gegewens ten opsigte van die aanbidding van God voor die eksodus uit Egipte.

Abraham se aanbidding van God begin in reaksie op God se verskyning aan hom (Genesis 12:7). Onmiddellik daarna bou Abraham 'n altaar vir die Here wat aan hom verskyn het. Abraham het 'n nomadiese lewenswyse gehandhaaf, maar waar hy ookal gekom het was een van die eerste dinge wat hy gedoen het om 'n altaar vir die Here op te rig. God openbaar Homself aan Abraham op verskillende name (Genesis 14:18; 17:1; 21:33 en 22:14).

Om die Here aan te roep volgens die Naam van God beteken erkenning van en geloof in alles wat aangedui word in die onderskeie name van God as aanbidding van God vir al die karaktereenskappe van God wat in hierdie verskillende name tot openbaring kom (Rayburn1980:49).

Uit die lewe en optrede van Jakob kom ook belangrike gegewens na vore ten opsigte van aanbidding. Ná die visioen wat Jakob gehad het by Bet-el, reageer hy deur te sê dat die Here waarlik op daardie plek was sonder dat hy dit besef het (Genesis 28:16).

Hieruit blyk dat fundamenteel aan alle aanbidding die teenwoordigheid van God lê.

7.14.4. AANBIDDING IN DIE MOSAÏSE TYDPERK

Die eksodus van Israel uit Egipte word beskou as 'n deurslaggewende oomblik in die geskiedenis van die volk. God het in hierdie besondere tydperk duidelik vir die volk aangedui wat dit behels om verlos te wees. God openbaar Homself aan die volk as 'n Verlosser-God. Israel se aanbidding van God sou nou reaksie van dankbaarheid en gehoorsaamheid aan God wees (Rayburn1980:52).

Die seremoniële aanbidding van die Joodse Pasga tree ook nou na vore. God lê eksterne seremonies neer waarvolgens die aanbidding in Israel voorts gereguleer sou wees. Naas die elemente van dankbaarheid en gehoorsaamheid, tree nou ook 'n pedagogiese funksie in (Deuteronomium 6:20-25).

7.14.5. AANBIDDING EN ATTRIBUTE VAN GOD

Dit was God se uitsluitlike bedoeling dat sy volk sy karakter op aarde sou reflekteer; dat hulle 'n heilige volk sou wees (Eksodus 19:6). Die faktor wat hierdie heiligheid meebring is die teenwoordigheid van God. Op verskillende maniere het God sy teenwoordigheid laat geld (vgl Eksodus 13:22).

Die realisering van God se teenwoordigheid het beide eerbied en troos vir die volk meebring. Dit het ook meegehelp tot sondebeseft en 'n gepaardgaande begeerte tot 'n heilige lewe. Heiligheid moet beskou word as 'n belangrike attribuut van God.

Die geregtigheid van God, sy genade en barmhartigheid kom vervolgens ook ter sprake as 'n attribute. Die primêre faktor wat die inhoudelike van Israel se aanbidding bepaal het was onmiskenbaar die karakter van God (Rayburn1980:54).

7.14.6. DIE TABERNAKEL EN DIE OFFERSISTEEM

Die tabernakel het weereens die teenwoordigheid van God beklemtoon en as onmisbaar vir die volk uitgewys. Moses ontvang van God uitvoerige voorskrifte ten opsigte van die tabernakel (Eksodus 25). Die tabernakel is opgerig met materiaal wat as vrywillige offers deur die volk gegee is. God was tevrede daarmee om in die teenwoordigheid van die volk te verkeer.

Volgens Webber (1982:25) het die tabernakel ook 'n sterk simboliese betekenis gedra. Dit het die volk Israel onderskei van die heidense volke en het 'n spesifieke verhouding tussen God en volk beklemtoon.

Die ark van die verbond was die middelpunt van die tabernakel. Dit was simbolies van God se oordeel en geregtigheid; dit het tot die kinders van Israel gespreek van God se verbond met hulle en die doel van God om te alle tye in hulle midde te wees en 'n God vir hulle te wees soos reeds beloop aan Abraham. Dit het egter ook God se eis ten opsigte van gehoorsaamheid aan Hom uitgespel. In die ark was die tablette waarop God se Wet opgeteken was.

Verskillende offersisteme het die diens aan en aanbidding van God in die tabernakel gekenmerk. Die brandoffer-altaar was die plek van ontmoeting tussen 'n heilige God en skuldige sondaars; tussen hierdie altaar en die tabernakel self was die sogenaamde wasplek waar die priesters hulle hande gewas het alvorens hulle in die heiligdom ingegaan het om die offerdiens te behartig.

Dan was daar ook die wierookaltaar waarvan die simboliek dui op die gebede van die priesters vir en namens die volk (Rayburn1980:63).

Die doel van die offersisteam was dat God, deur middel van die offers, genader sou word en as gevolg van die offer weer sy guns teenoor die volk openbaar. Tipiese Ou Testamentiese offers is die volgende:

- Brandoffer
- Maaltydoffers
- Vredesoffers
- Sonde-offers
- Offers ten opsigte van oortredings teenoor God en teenoor medemense. Genoemde oortredings sou onbewustelik kon plaasvind. Hierdie offer het verskil van die sonde-offer wat verwys het na die inherente sondigheid van die mens.

7.14.7. AANBIDDING IN DIE TEMPEL

Die tempeldiens kom tot stand baie jare nadat die tabernakel opgerig is en God gepaardgaande voorskrifte neergelê het ten opsigte van aanbidding. Die tempel is gekenmerk deur die simboliese benutting van verskillende ruimtes, naamlik die buitehof, binnehof en dan die binneste heiligdom. Die verskillende ruimtes het die afstand tussen mens en God aangedui. Janse van Rensburg maak melding van die lokalisasiemotief wat gaandeweg al hoe sterker geword het totdat die opdrag deurgekom het om vir die Here 'n bepaalde plek van aanbidding op te rig en die lokalisasiemotief vind finaal neerslag in die tempelkultus (Eksodus 25; 2005:430).

Verder is die tempeldiens gekenmerk deur verskillende rituele. Daar was offers vir verskillende geleenthede. Die daaglikse brandoffer se bedoeling was byvoorbeeld om totale oorgawe en toewyding aan God te simboliseer (Webber 1982:26). Die belangrike aspek van hierdie verskillende offers was dat dit sigbare en tastbare uitdrukkings was van die verhouding tussen God en sy volk. Dit het gegroei uit die ratifikasie van die verbond by Sinai en vooruitgegaan na die offer van Christus aan die kruis (Hebreeërs 10).

'n Toegewyde priesterdiens was ook deel van die tempelaanbidding. Hierdie priesters was verteenwoordigend van die hele volk en die priesters was afkomstig uit die Leviete. Hulle was aangesteldes van God en toegewy aan sy diens. Hulle het ook 'n voorgeskrewe kleredrag gedra.

In die Nuwe Testament vind daar 'n oorgang plaas van die Ou Testamentiese tempel na die kerk, die liggaam van Christus wat nou die tempel van God word, dié plek waar God teenwoordig wil wees, aldus Webber (1982:27). Daar is 'n duidelike fisieke sy verbonde aan die spirituele lewe en aktiwiteit van die Ou Testamentiese mens.

Die ywer (Psalm 69) en die liefde vir die Here se huis (Psalm 84), die verlangete na die tempel (Psalms 84 en 116), die oproep om die tempel te besoek (Psalms 42 en 122), die moeitevolle reis om by die tempel uit te kom (Psalm 121) en eindelijk die vreugde om

daar te kan wees (Psalms 84 en 122), was 'n integrale deel van die kultiese proses (Janse van Rensburg 2005:431). Webber konkludeer deur te sê dat die offerdiens, die gewyde rituele asook die priesterdiens 'n duidelike impak toon op die ontwikkeling van die Christelike aanbiddingswyse (1982:27).

7.14.8. DIE SINAGOGE

Die sinagoge dank sy ontstaan waarskynlik aan die verwoesting van Jerusalem en die tempel en die gevolglike verspreiding van die Jode gedurende die bannelingstydperke. Dit is ook 'n inter-testamentele verskynsel en nie streng gesproke net 'n instelling van die Ou Testament nie.

'n Sterk motiverende gedagte vir die ontstaan van die sinagoge was die bewaring en die voortgesette propagering van die Joodse tradisies. Die sinagoge het gaandeweg die religieuse, opvoedkundige sowel as die sosiale sentrum van die Joodse lewe geword.

Aanbidding in die sinagoge was opvallend verskillend van dié in die tempel. Daar was geen gewyde rituele nie en ook geen priesterdiens nie. Die fokus het geval op die lees en die verstaan van die Woord van God.

Sinagogale aanbidding het grotendeels bestaan uit die bevestiging van geloof, beoefening van gebede en die verkondiging van die Woord (Webber 1982:27):

- Die bevestiging van geloof (shema) het behels dat die eenheid van God as 'n sentrale belydenis verkondig is (Deut 6:4-9) en dat elke Jood geroepe is om “ die Here lief te hê met hart, siel, liggaam en verstand “; daarbenewens is die aandag op beloning en straf gevestig (Deut 11:13-21) en laastens is die plig van elke persoon beklemtoon om te strewen daarna om heilig te lewe, omdat God heilig is (Deur 28:1-11).
- Voorts het sinagogale aanbidding gewys in die rigting van die nougesette beoefening van gebede, die sogenaamde “tefillah”. Dit was 'n reeks gebede wat in

‘n staande houding geresiteer is. Die inhoudelike van hierdie gebede was hoofsaaklik sondebelydenis, sondevergifnis, die herstel van Israel, gesondheid en versorging, die bewaring van teenspoed.

- Die derde element van die sinagogale aanbidding was die lees van die Torah. Dit is opgevolg deur Woordverkondiging. Die Woordverkondiging was ‘n toepassing op die daaglikse lewe van die mense en het bekend gestaan as die “derashah”. Die prediker was die “darshan” of te wel die soeker na die waarheid.

Die invloed van die sinagoge op Christelike aanbidding is onmiskenbaar. Die bevestiging van die geloof, die rol van gebede en die lees van die Woord en die verkondiging daarvan vorm vandag steeds deel van die boustene van die Christelike erediens.

7.14.9. FEESGELEENTHEDE

Feesgeleentede vorm die vierde groot bron van invloed op die vroeë Christelike aanbidding van God. Van die drie groot feeste --- Pasga, die fees van die weke (Pinkster) en die fees van die tabernakel --- speel twee ‘n pertinente rol, naamlik die Pasga en Pinkster.

7.15. SAMEVATTEND

Soms word Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese aanbidding met mekaar gekontrasteer as sou eersgenoemde fisies van aard wees en laasgenoemde spiritueel. Webber is van mening dat dit ‘n valse dichotomie is (1982:31). Aanbidding in beide die Ou en die Nuwe Testamente openbaar egter spirituele en fisiese aspekte.

7.16. AANBIDDING IN DIE NUWE TESTAMENT

Gegewens ten opsigte van aanbidding in die Nuwe Testament is karig. Aanbidding in die Nuwe Testament vind sy wortels in die gebeure rondom Jesus Christus. In hierdie gebeure word die vervulling van baie Ou Testamentiese profesieë herken. Vroeë

Christene het aanvanklik in sterk ooreenkoms met Ou Testamentiese praktyke aanbid. Rayburn (1980:78) sê dat die Christelike aanbidding aanvanklik sterk ooreenkom met die aanbidding soos wat dit plaasgevind het in die tempel en in die sinagoge.

7.16.1. DIE GRONDSLAG VAN NUWE TESTAMENTIESE AANBIDDING

Die grondslag van aanbidding in die Nuwe Testament moet gesoek word in die houding wat Jesus teenoor aanbidding openbaar asook in die betekenis van die Christusgebeure.

7.16.2. JESUS SE HOUDING TEN OPSIGTE VAN AANBIDDING

- Allereers het Jesus klaarblyklik Ou Testamentiese aanbidding onderskryf. Christus het op gereelde basis die sinagoge op die Sabbat besoek. Sy respek vir die tempel en sy argwaan ten opsigte van die misbruik van die tempel as plek van aanbidding toon dat Hy die tempel en die sinagoge beskou het as plekke waar God se teenwoordigheid voelbaar was. Die evangelies vermeld Christus se teenwoordigheid in die tempel (Lukas 2:21-51; Johannes 7:14-49). Daar is egter geen verwysing daarna dat Jesus by enige geleentheid deelgeneem het aan offerandes nie of die offersisteem toegepas het nie.
- Jesus het Ou Testamentiese gebruike van aanbidding geïnterpreteer as van toepassing op Homself. As voorbeeld kan hier verwys word daarna dat Christus die eskatologiese betekenis van die Pasga vervul het en die rite met 'n totaal nuwe betekenis ingekleur het. Dit word duidelik geïllustreer in Jesus se uitspraak (Matteus 26:26-28) met die instelling van die Nagmaal: “ *...het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: Neem, eet; dit is my liggaam. Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed wat deur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes*” (NAV).
- Jesus het Homself ook die reg toegeëien om die gebruike van die Joodse aanbidding te herinterpreteer. In 'n konfrontasiegesprek met die Fariseërs kom dit

as volg aan die lig: “ *Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat*” (Markus 2:27-28).

7.16.3. DIE CHRISTUSGEBEURE

Op dieselfde wyse as wat die Ou Testamentiese aanbidding die Sinai-gebeure voorop stel, proklameer die Nuwe Testamentiese aanbidding die verhaal van die tweede Eksodus --- die koms van Christus in die wêreld met die doel om te soek en te red wat verlore is (Webber 1982:35).

7.17. BESKRYWINGS VAN AANBIDDING

7.17.1. ARAMESE CHRISTELIKE AANBIDDING

Aramese Christene het geïdentifiseer met en gedifferensieer van Joodse aanbidding. Hulle het in die tempelvoorhof aanbid sowel as in hulle huise (Handelinge 2:46). Joodse Christene was vasgevang in ‘n spanningsituasie tussen Joods-wees en Christen-wees. Vandaar dan die latere aanbidding in huise.

7.17.2. HELLENISTIESE CHRISTELIKE AANBIDDING

Hierdie jong Christene was nie geskool in die tempeldiens nie. Hellenistiese aanbidding het die Joodse ritualisme verwerp. Vir hulle was alle Joodse ritualisme in Christus vervul (Webber1982:38).

7.17.3. AANBIDDING ONDER CHRISTENE UIT ‘N HEIDENSE AGTERGROND

Die gedagte dat die Christendom sou versprei na die heidene was aanvanklik ondenkbaar. Christus was die Joodse Messias, die vervulling van Joodse verlangens. Aanbidding het hier klaarblyklik ‘n eie karakter aangeneem. ‘n Gevoel van vryheid het oorheers en tot

uiting gekom in ekstatische belewenisse, in so 'n mate dat Paulus in die eerste Korintiërbrief 'n vermaning rig aan die gemeente in Korinte dat hulle hulle gawes op ordelike en behoorlike wyse moet gebruik en uitleef (1 Korintiërs 14:40).

7.17.4. DIE SUB-APOSTOLIESE TYDPERK

Daar word gewoonlik na die jare 60 – 100 ná Christus verwys as die sub-apostoliese tydperk (Webber1982:41). Dit is imperatief om te onthou dat dit 'n vormingstydperk was in die bestaan van die vroeë Christelike kerk.

Webber (1982:42) wys daarop dat aanbidding in hierdie tydperk gekarakteriseer word deur beklemtoning van 'n ordelike benadering. Volgens die Pastorale briewe word die rol van ampsdraers beklemtoon. Terselfdertyd is in die kerk gepoog om 'n balans te vind tussen Korintiese entoesiasme en Joodse kommer oor vorm en orde. Aanbidding in die sub-apostoliese tydperk ontwikkel, volgens Rayburn (1980:88), hoofsaaklik volgens die orde wat Paulus waarskynlik redelik algemeen toegepas het, naamlik prediking en gebed (Handelinge 20:36). Handelinge 2:42-47 gee enkele ander brokkies inligting deur ten opsigte van sekere elemente wat ook tydens aanbidding voorgekom het:

- Lering
- Koinonia
- Die breek van die brood
- Gebed
- Lofprysing

Dit is opvallend dat die leer van die apostels sentraal gestaan het. In hedendaagse idioom sou ons dan moes sê dat die Woord van God 'n sentrale plek ingeneem het. Sang het skynbaar ook 'n redelik prominente plek in die vroeë aanbiddingswyses ingeneem. Paulus skryf in dié verband aan die Efesiërs dat hulle Psalms en gesange en ander geestelike liedere onder mekaar moet sing.

Die gee van offergawes het ook sy afgebakende plek in die aanbidding gekry. Om te gee was 'n vorm van Christelike opoffering wat vir die Here aanneemlik was (Rayburn 1980:97).

7.17.5. DIE PLEK VAN DIE SAKRAMENTE

Die Nuwe Testament bevat geen duidelike definisie van 'n sakrament nie. Die gemeenskap van die gelowiges kom na vore in die uitspraak van Paulus in 1 Korintiërs 10:17: “ *Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood*”.

Die toegewyde deelnemer aan die sakrament van die Nagmaal is dus verenig met Christus en met ander gelowiges op 'n reële en mistieke wyse.

Die sakrament van die doop word meer dikwels vermeld, aldus Rayburn (1980:100). Dit word egter nie gewoonlik as deel van 'n aanbiddingsgeleentheid (korporatiewe aanbidding) vermeld nie. Matteus 28:19 gee die opdrag van Christus deur dat die doop as 'n manier van toetreding tot die kerk beoefen moet word. Dit moet egter hier vermeld word dat beide die Nagmaal en die doop as verbondsrites beskou moet word.

7.18. VROEË CHRISTELIKE AANBIDDING

Uitgebreide beskrywings van aanbidding word nie in die Nuwe Testament of in die tweede-eeuse kerk aangetref nie. Webber beweer (1982:45) dat aanbidding inderdaad wesenlik vir die vroeë kerk was, maar dat beskrywings daarvan weerhou is aangesien hulle wou verhoed dat hulle pêrels voor die swyne gewerp sou word.

7.18.1. DIE SKRYWE VAN PLINIUS

Die geheimsinnigheid rondom aanbidding in die vroeë Christelike kerk in die tweede eeu het 'n ondersoek meegebring uitgevoer deur die goewerneur van Bithinië, Plinius (111 – 113 n.C.). Hy wou weet wat Christene doen wanneer hulle bymekaarkom vir aanbidding. In 'n brief aan keiser Trajanus beskryf Plinius sy bevindings. Hy beweer dat die kern van hierdie mense (Christene) se fout was dat hulle voor dagbreek bymekaarkom en 'n loflied aan 'n god genaamd Christus sing. Hulle bind hulleself deur 'n eed daaraan om nie te steel, lieg of owerspel te pleeg nie. Hy skryf verder dat hulle, nadat alle formele sake afgehandel is, saam eet.

7.18.2. DIE DIDACHÉ

Hierdie kort dokument bevat instruktiewe inligting aangaande die vroeë Christelike kerk. Hierin word die sogenaamde “agape”-fees vermeld wat na alle waarskynlikheid die ete was waarna Plinius in sy skrywe verwys het (Webber 1982:46).

7.18.3. JUSTINUS DIE MARTELAAR

Die Eerste Apologie van Justinus dateer uit die middel van die tweede eeu. Die werk is gerig aan die keiser Antonius Pius. Die werk bevat inligting aangaande die struktuur en betekenis van Christelike aanbidding. Justinus wys hierin op die twee-ledige karakter van die aanbidding naamlik Woordbediening en die bediening van die sakrament van die Nagmaal (1982:49)

7.19. SAMEVATTEND

Beide die Ou en Nuwe Testamente dra by tot die aanbiddingspatroon van die vroeë kerk. Die volgende noodsaaklike elemente kom na vore:

- Die inhoudelike van Christelike aanbidding is Jesus Christus. Sy vervulling van die Ou Testament, sy geboorte, lewe, sterwe, opstanding, hemelvaart en wederkoms.
- Die struktuur van Christelike aanbidding behels die Woord en die sakrament, insluitend die gebede, liedere, doksologië, seën uitsprake en response.
- Die konteks waarbinne die aanbidding plaasvind is die Christelike kerk wat deur God geroep is tot aanbidding en waarbinne elke lid sy/haar deel doen en waar God spreek deur sy Woord en die aanbidder respondeer.

7.20. DIE WESE VAN WARE AANBIDDING

Aanbidding is primêr ‘n korporatiewe en inkorporerende geleentheid, dit inkorporeer nie slegs diverse mense nie, maar ook diverse tradisies, verwagtinge, uitdrukkings en motiewe (Willimon 1979:28).

Johannes 4:24 (NAV) lui: “ *God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.*”

Aanbidding kan egter maklik van spoor af raak wanneer dit familiêr raak, verbruikers-ge-oriënteerd en selfgesentreerd. Aanbidding moet daartoe lei dat die aanbidder bereid sal wees tot lewensverandering, eerlike sonde-belydenis en dat andere geprikkel sou word om dieselfde Jesus te leer ken.

7.22. AANBIDDING DEUR DIE GEES

Aanbidding moet deur die Heilige Gees geskied. Dit is die werksaamheid van die Heilige Gees in die gelowige wat aanbidding aanmoedig en eg maak.

Von Allmen (1965:29) sê hieromtrent: “ *Christian worship is open to the free and sovereign action of its Lord; it does not seek to manipulate it. In this sense it is the antithesis of magic.*”

Aangesien die Heilige Gees vry en soewerein is ten opsigte van sy aktiwiteit en werksaamheid in die kerk, is dit onmoontlik om enige reëls neer te lê waarvolgens die teenwoordigheid en/of manifestasie van die Gees in die lewe van die gelowige sou plaasvind.

Die Skrif gee weliswaar vir ons aanduidings van die terrein waarop die Gees werksaam is in die lewe van die gelowige. Dit is ook duidelik dat die Gees net neem uit Jesus Christus om in te dra in die lewe en die bestaan van die gelowige. Die Gees is immers ook die Gees van Christus. In die lig hiervan is dit moontlik om die mens se verantwoordelikheid ten opsigte van aanbidding uit te wys.

Die primêre verantwoordelikheid van die gelowige is om homself/haarself volledig oor te gee aan die werksaamheid van die Heilige Gees in sy/haar lewe. Dit is belangrik in die alledaagse lewe en ewe belangrik wanneer hierdie mens kom om God te aanbid in die samekoms van gelowiges.

Rayburn (1980:107) wys op die noodsaaklikheid daarvan dat die Gees nie teleurgestel sal word deur die optrede van die gelowige nie. Daarby moet sondebelydenis beskou word as integraal deel van die aanbidding van God. Hierin wil die Gees beskikbaar wees; dit is deel van die werksaamheid van die Gees om te oortuig van sonde.

Die wese van ware aanbidding kom in die gedrang wanneer nie behoorlike aandag gegee word aan die belydenis van sonde en skuld tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding nie. Te veel gebeur dit dan ook hedendaags dat tydens eredienste daarby verbygegaan word om na behore aan sondebelydenis aandag te gee. Die feit dat God sonde haat mag nie misgekyk word nie, net soos wat dit ook 'n heerlike feit is dat God sonde wil vergewe en nooit eers weer daaraan dink nie.

Voortspruitend hieruit is dit ook dikwels die geval dat die Wet van God, nie noodwendig net die Dekaloog nie, ook nie figureer in die liturgie van die erediens nie. God het bepaaldelik sy Wet aan sy volk deurgegee om daardeur die lewe van die gelowige te

stilleer volgens dankbaarheid. Die Sinai-gebeure vorm ook deel van die verbondsgebeure tussen God en sy volk. Dit word 'n dringende vraag of daar enigsins voortgegaan sou kon word met enige vorm van aanbidding alvorens daar aandag gegee is aan die saak van sondebelydenis.

Rayburn (1980:108) lig verskillende aspekte uit ten opsigte van die begeleiding en ondersteuning wat die Gees aan die gelowige bied tydens die geleentheid van aanbidding. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie verskillende aspekte slegs ter sprake is tydens korporatiewe aanbidding.

- Die Gees bring bevryding (2 Korintiërs 3:17)
- Die Gees bewerkstellig 'n gevoel van eenheid tussen gelowiges wanneer saam aanbid word. Hierdie gevoel word nie beleef en ervaar buitekant die ruimte en omgewing van korporatiewe aanbidding nie.
- Hy bring die sang om aanbidgend te wees (1 Korintiërs 14:15). Sang moet met gees en verstand geskied. Te dikwels geskied die sang onnadenkend en sonder inspirasie.
- Die Gees stuur die gebede van die gelowiges sodat dit ook in gees en met verstand geskied (1 Korintiërs 14:15).
- Die Gees versterk die gelowige in en tydens sy/haar aanbidding van God. Die Gees tree selfs pleitend vir hierdie gelowige in by God en God ken die bedoelinge van die Gees (Romeine 8:26-27).
- Aanbidding deur die Gees gaan gepaard met blydskap en vreugde.
- Ja, natuurlik is dieselfde Gees ook op die kansel teenwoordig waarvandaan die Woordverkondiging moet geskied.

Inderdaad sou Christelike aanbidding sonder die werksaamheid van die Heilige Gees niks meer wees as blote menslike aktiwiteit nie., tot 'n mate vergelykbaar met heidense aanbidding.

7.23. AANBIDDING IS 'N GEESTELIKE AKTIWITEIT

Aanbidding moet geestelik van aard wees in kontras met 'n aktiwiteit wat gewoon intellektueel en fisies van aard is (Rayburn 1980:109).

Dit is die hele menslike wese en persoonlikheid wat betrokke is by die aanbidding. Dit sluit die mens se denke, gevoel en wilslewe in. Om aanbidding alleen te beskou as 'n saak van rasionalisering, emosionalisering en moralisering sou neerkom op 'n inperking van die mens se kommunikasie met God.

Die Christen sal moet besef en onthou dat hy/sy in 'n wêreld leef waar bese geeste in die lug dit hulle werk maak om kommunikasie tussen God en mens te verbreek.

Onderskeid moet getref word tussen emosionaliteit en spiritualiteit. Egte spirituele aanbidding laat die aanbidder nooit emosioneel uitgeput en veroorsaak nooit 'n gevoel van emosionele leegheid nie; spirituele aanbidding geskied deur die geloof in 'n bekende en teenwoordige God en laat die aanbidder agterna met vrede in sy/haar gemoed.

Dit mag net nodig wees om hier ook weer 'n woord te laat hoor ten opsigte van liggaamlike beweeglikheid tydens die geleentheid van aanbidding. Beweging tydens aanbidding kan alleen sinvol wees indien dit in verband staan met spirituele aanbidding. Die ritme wat deur 'n melodie waarneembaar word hou nie noodwendig verband met aanbidding nie; om die hoof te buig terwyl iemand anders bid is nie noodwendig 'n aksie van aanbidding nie.

Om deur enige aksie of fisiese beweging te gaan tydens korporatiewe aanbidding sonder dat die menslike gees opgehef word tot God of in nederigheid buig voor God, kan sonder enige betekenis wees. Ook hier sou balans en perspektief gesoek moet word.

7.24. AANBIDDING DEUR DIE WAARHEID

Die tweede vereiste ten opsigte van ware aanbidding is dat dit in “waarheid” sou geskied (Johannes 4:24).

Aanbidding moet in en deur Jesus Christus geskied. Soos die eerste deel van genoemde teksgedeelte verwys daarna dat aanbidding deur die derde Persoon van die Drie-eenheid moet plaasvind, só onderstreep die tweede gedeelte die belangrikheid daarvan dat dit deur die tweede Persoon van die Drie-eenheid moet geskied.

Elders in die Skrif identifiseer Christus Homself met die waarheid (Johannes 14:6). Christelike aanbidding moet korrespondeer met God se openbaring ten opsigte van Homself en dit naamlik dat Hy Drie-enig is. Christelike aanbidding moet beoefen word binne die raamwerk van die leer van die Drie-eenheid (Rayburn 1980:112).

Waitman Hoon (1971:115) som dit as volg op:

“ While both worship and theological reflection upon its nature are carried on ‘through Jesus Christ our Lord’, they are also to be carried on ‘in the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Spirit’. The Trinity constitutes a basic morphology which cannot be violated if liturgical theology is to be Christian. As we explore the triune character of Christian revelation as basic for thought, however, we still must understand that here, as elsewhere, the integrating reality is Jesus Christ ... so the decisive center of liturgical theology lies not in the Trinity in general but in Jesus Christ in particular”.

Dit mag nie misgekyk word nie dat Christus die een en enige en absolute offer vir die sonde gebring het en dit vorm die hoop vir die Christelike kerk. Korporatiewe aanbidding moet altyd hierdie verlossingsgebeure as die basis hê.

Alles wat dan ook in en tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding plaasvind, groei uit hierdie dinamiese gebeurtenis aan die kruis op Golgota. Die Woordverkondiging

is proklamasie daarvan; die gebede van die gemeente word op die meriete daarvan aangebied; die viering van die Nagmaal is gedagtenis daaraan. Die dag van die Here (Sondag) waarop gelowiges bymekaarkom vir hulle aanbidding is deel van 'n triomfantelike klimaks aangaande die opstanding van Christus (Rayburn 1980:113).

Die eskatologiese gebeurtenis, die wederkoms van Christus, mag in hierdie ware aanbidding ook nie uit die oog verloor word nie. Christus moet geëer word en na behore aanbid word vir wie Hy is en vir wat Hy gedoen het en besig is om te doen.

Webber (1982:87) wil praat van Christo-sentriese aanbidding want daardeur sal erkenning verleen word aan die rol van Christus by die skepping. Dit bevestig dat God nie alleen die wêreld in Christus geskape het nie, maar dat Hy steeds daarby teenwoordig en betrokke is. Hiermee sou gekonsentreer word op die kosmiese aspek van Christus se werk.

Christo-sentriese aanbidding hou voorts ook rekening met die kosmiese dimensie van die sondeval. Sonde beteken nie slegs morele ontaarding of verslegting by die mens nie, só wil Webber beweer, maar lui ook 'n element van rebellie in teen die skepping. En gevolglik het die hele skepping daarmee onderworpe geraak aan die invloed van die bose.

'n Derde faset noodsaak ook Christo-sentriese aanbidding en dit is die inkarnasie van Christus. Die Skepper het hiermee as't ware sy eie skepping in liggaamlike gestalte ontvang, aldus Webber (1982:89).

Aanbidding is Christo-sentriese omdat 'n mens daarmee die Vader aanbid in en deur die werk van die Seun, en met behulp van die Heilige Gees lof en dank aanbied vir die werk van versoening en verlossing. Die werk van Christus staan derhalwe sentraal aan Christelike aanbidding.

7.25. DIE BETEKENIS VAN CHRISTO-SENTRIESE AANBIDDING

Die Christus-gebeure staan nie slegs sentraal in die Christelike aanbidding nie, dit verleen ook spesifieke betekenis aan aanbidding. Aanbidding kan nie slegs 'n geleentheid wees waarby teruggekyk word in die geskiedenis tot by dié oomblik in Bethlehem en op Golgota wat die gang van die wêreld verander het nie.

Aanbidding vorm 'n aksie wat hierdie Christus-momente in die ervaring en belewenis van dié groep mense inbring wat in die Naam van Christus byeen gekom het.

7.26. AANBIDDING SOM DIE CHRISTUS-GEBEURE OP

By aanbidding vind daar 'n opsomming plaas van 'n reeks gebeure wat die koers van die Christelike kerk begin bepaal het. By aanbidding word die hele evangelie-boodskap as't ware opgevoer. Aanbidding proklameer Jesus Christus en sy reddende realiteit weer en weer. Die opsomming van die Christus-gebeure vind op drie vlakke plaas: In die hemel, op aarde en in die mens se hart.

Die ondervinding van die aanbidding as 'n opsomming van die Christus-gebeure bring die hemel, aarde en die aanbidder bymekaar uit as 'n geheel.

7.27. AANBIDDING AKTUALISEER DIE KERK

Die beeld wat die mees beskrywend is van wat in die kerk gebeur wanneer die gemeente bymekaar is vir aanbidding, moet geneem word uit die Sinai-gebeure na die eksodus van die volk Israel uit Egipte. Hier het Israel, deur die verbond, volk van God geword. Hulle was die gemeenskap wat gered is uit die slawerny in Egipte. Die tegniese term is Qahal Jahwe.

Op dieselfde wyse moet die kerk(gemeente) bymekaar wees met die oog op aanbidding van God. Die byeen-wees van die gemeente is gebaseer op 'n gebeurtenis: Die Christus-

gebeure. In hierdie opsig kan die kerk beskryf word as die “mense van die Christus-gebeure”. Só word die kerk aktueel en aanbidding realities.

7.28. ANTISIPASIE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD

Omdat aanbidding dui op die Christus-gebeure, mag die eskatologiese perspektief nie verwaarloos word nie. By aanbidding kom die spanning tussen die opstanding van Christus en die voltooiing van sy werk by die wederkoms ter sprake.

By aanbidding word ook ‘n profetiese stem gehoor wat ‘n algehele oorwinning van Christus aankondig en ‘n herstel van die koninkryk van God sodat hierdie God alles vir alles sal wees.

7.29. AANBIDDING IN VERHOUDING MET DIE OPENBARING

Om God in die “waarheid” te aanbid impliseer voorts dat dit in verhouding met die openbaring van God sal plaasvind. God het Homself op uiteenlopende maniere in sy Woord geopenbaar en bekend gemaak.

God het ook sy wil vir die mens se lewe bekend gemaak en grootliks behels dit dat hierdie mens God sou lief hê met hart, siel, liggaam en met al sy/haar krag. Daarbenewens liefde vir die medemens op dieselfde vlak as selfliefde.

God verwag van sy kinders dat hulle “ingelig” sal wees ten opsigte van wie God is en hoe Hy is. God verwag geloof by die mens , aanvaarding van sy Woord en gehoorsaamheid daaraan.

In hierdie verband is reeds meermale verwys na die verbondsverhouding waarin God Homself teenoor die mens geplaas het en ten opsigte waarvan God die verwagting koester dat die mens in sy/haar aanbidding sal toon dat hy/sy ‘n verbondskind is.

Christelike aanbidding is altyd gebaseer op 'n sterk teologiese basis. Christelike aanbidding moet aan die Drie-enige God gebied word in ooreenstemming met wat die Bybel ons leer ten opsigte van elke Persoon van die Drie-eenheid. Rayburn voeg in hierdie verband by dat God niks kan aanvaar wat vals of onwaar is nie. God kan nie aanvaar wat vir Hom onaanvaarbaar is nie (1980:114).

7.30. AANBIDDING MOET OP 'N GELOOFWAARDIGE WYSE GESKIED

Daar is geen ruimte hoegenaamd vir pretensie of onopregtheid nie. God kan alleen aanbidding ontvang en aanvaar wat gebaseer is op deurleefde geloof en absolute vertroue in sy Woord.

Tereg sê Rayburn in hierdie verband dat waarheid die realiteit is (1980:116). In elke naderkom tot die Here, in individuele sowel as in groepsverband, moet daar absolute realiteit wees. As daar in enige deel van die aanbiddingsgeleentheid slegs 'n suggestie van onrealiteit is, sentimentaliteit of onegtheid, as daar woorde gesê of gesing word wat onnadenkend gebeur, of as daar deelname is wat daarop gemik is om te beïndruk, dan kom die geldigheid en die integriteit van die aanbidding onmiddellik in die gedrang.

Ware aanbidding vereis die waarheid. Die Christelike godsdiens moet op die waarheid gebou wees en gegrond in God se "Waarheid".

Hoon maak melding van subjektiwiteit en objektiwiteit by ware aanbidding (1972:192). Aanbidding sou objektief wees in soverre as wat dit 'n aksie van die gemeente is en subjektief in soverre as wat dit 'n daad van die individuele gelowige is. By albei aspekte is die saak van integriteit van deurslaggewende belang.

Dit kan dan ook maklik gebeur dat die mens God alleen ken na aanleiding van persoonlike omstandighede en behoeftes. Die Woord moet begelei tot objektiwiteit ten opsigte van die aanbidding van God. God, in sy self-manifestasie teenoor die mens, is

afhanklik van hoe die mens God se manifestasie ontvang (1979:205). In hierdie opsig word objektiwiteit deur subjektiwiteit ondersteun.

Teenoor aanbidding as impressionisme, as 'n piëteit wat op homself teer, as 'n gestalte van Christelike joga, as vae gedagtevlugte, moet die Christelike aanbidding objektief geanker wees in die Woord van God.

Aanbidding wat nie gegrond is op egtheid nie, kan ontaard in 'n blote ervaring of belewenis. Dit hou die fatale moontlikheid in dat die mens eindelik sover kan kom as om sy/haar ervaring te aanbid in plaas van om God te aanbid.

Hoon (1972:210) sê hieroor: “ *He can twist and diminish the fullness of Christian revelation to conform to his own desire, trying out God for size, as it were, and he can measure the reality of worship solely in terms of his subjective reaction.*”

Ervaring (experience) is nie gelykstaande aan gedrag nie (Turner en Bruner1986:5). Die mens kan iets ervaar maar nog nie 'n gedragspatroon na aanleiding van die ervaring geformuleer het nie. Die verhouding tussen ervaring en die wyse waarop dit tot uiting kom is problematies.

Die moderne mens raak maklik obsessief met ervaring (Turner en Bruner1986:14). Dit is in die proses van ervaaring dat die mens herbeleef, oorvertel, her-konstrueer. By die ervaring van God as 'n realiteit behels dit aanleiding tot aanbidding. Ervaring lei dan tot 'n gedragspatroon. Aanbidding sou in hierdie geval noodwendig die noodsaaklike element van egtheid vertoon.

Richard Foster (1998:158 - 159) bring 'n helder perspektief hierby na vore: Aanbidding is die mens se respons op al die overtures van liefde wat van God die Vader se kant af kom.

“ To worship is to quicken the conscience by the holiness of God; to feed the minds with the truth of God; to purge the imagination with the beauty of God; to open the heart to the love of God; to devote the will to the purpose of God”.

Indien die klem by aanbidding op die grootmaking van God geplaas word, en die beweging van die aanbiddingsgeleentheid voortdurend Godwaarts is, kan ‘n mens tog verwag dat daar subjektiewe belewenis en resultate sal wees in die lewens van individuele aanbidders.

7.31. DIE KWESSIE VAN ORDE

Elke Christen behoort ‘n sterk gevoel daarvoor te hê om tot ‘n groep of gemeenskap van gelowiges te behoort. Hierdie groep moet ‘n korporatiewe lewe openbaar waarvan die vernaamste en karakteristieke aktiwiteit die openbare aanbidding van God sal wees.

Die individu wat alleen aanbid mag dit weliswaar op sy/haar eie manier doen, maar wanneer individue bymekaarkom om ‘n gemeenskap van gelowigers te vorm, behoort daar vorm en orde te wees in die aanbidding.

7.32. AANBIDDING AS DIALOOG

Volgens Rayburn (1980:118) is daar twee basiese beginsels waarmee rekening gehou behoort te word ten opsigte van enige geleentheid van korporatiewe aanbidding.

Allereers moet die geleentheid van aanbidding gesien word as ‘n dialoog tussen God en sy gemeente. God spreek tot hulle en hulle antwoord God op sy spreke. God praat weereens en hulle antwoord nogeens. As hierdie beginsels ten volle begryp word sal aanbidding meer intelligent en op ‘n hoër vlak kan plaasvind. Die patroon van dialoog kom herhaaldelik in die Skrif voor, veral in die Ou Testament. Dat daar dialoog plaasvind beteken nie dat een van die betrokke partye onophoudelik praat nie. Dialoog geskied ook deur middel van stilte.

7.33. AANBIDDING AS 'N OFFER

Die tweede basiese beginsel wat Rayburn uitwys (1980:132) is die feit dat aanbidding uitloop op 'n offer aan God. Vanaf die heel vroeë geskiedenis van die mensdom was dit só dat diegene wat begeer het om God te aanbid ook aan God 'n offer gebring het. Hier sou verwys kon word na die onderskeie offers van Kain en Abel (Genesis 4).

Die groot meerderheid van aanbiddingsgeleenthede in die Ou Testament het gepaard gegaan met offers. Omdat Christus Homself aangebied het as die volmaakte offer vir die sonde van mens en wêreld, het alle ander bloedoffers onnodig en oorbodig geword. Christene het egter die verantwoordelikheid om die offer van Christus voortgang te laat geniet as deel van hulle aanbidding van God.

Een van die basiese leerstellings van die Reformasie is die feit dat alle gelowiges ook in 'n priesterlike amp staan. Die apostel Petrus vertolk dit só in 1 Petrus 2:9: “ *Julle is die uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom*” (NAV). Te veel gebeur dit dat gelowiges dit buite rekening laat in hulle lewe dat hulle tot 'n heilige priesterdom behoort met priesterlike funksies. Petrus praat ook van geestelike offers (1 Petrus 2:5). Hierdie geestelike offers lê oor 'n wye gebied.

- **LOFOFFERS:** Volgens Hebreërs 13:15 (NAV) het die gelowige die verantwoordelikheid om onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof te bring deur die lippe wat sy Naam bely. Dié lof kulmineer in die lofliedere wat die gemeente saamsing; dit is hoorbaar in die soms stamelende woorde van dankbaarheid wat oor 'n aanbiddende mens se lippe kom; dit dien ook as opbouing en selfs vermaning van 'n mede-gelowige. Daarom is dit onlosmaaklik deel van korporatiewe aanbidding.
- **GOEIE WERKE:** Hebreërs 13:16 wys daarop dat daar nooit nagelaat moet word om goeie werke te doen nie. Dit is 'n offer wat vir God aanneemlik is. Nie alle

goeie daad is noodwendig vir God aanvaarbaar nie. Rayburn wys daarop (1980:134) dat dié persoon wat van intensie is om sy/haar eie werke vir God aan te bied in plaas daarvan om volledige vertrouwe te plaas in die offer van Christus as goeie werk en op grond daarvan voorbeeldig te lewe, offer eintlik 'n belediging aan God. Enige daad wat gedoen word op grond van die liefde van God en die begeerte om tot sy eer te lewe is 'n geestelike offer en aanvaarbaar vir God.

- **MEDEDEELSAAMHEID:** Dit vloei ook uit Hebreërs 13:16 voort dat die saak van mededeelsaamheid deel uit maak van die offervaardigheid van die gelowige. Dit val opgemerk te word dat dit in een asem met die doen van goeie werke genome word. Die begrip mededeelsaamheid sou breed geïnterpreteer kon word. Enersyds hou dit die gedagte in van liefdevolle deelname aan die persoonlike omstandighede van 'n medegelowige en andersyds die blymoedige gee van 'n dankoffer om sodoende die werksaamhede van die kerk te ondersteun. Dit vloei alles voort uit 'n gesindheid van dankbaarheid teenoor wat sy enigste Seun, nie slegs gedeel het nie, maar tenvolle oorgegee het om vir die sonde van mens en wêreld te betaal.
- Alle Christene word opgeroep om hulle hele lewe, liggaam en siel, aan God oor te gee as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik sou wees (Romeine 12:1-2). Paulus bestempel dit as die wese van godsdienst of, in ander woorde gesê, wesenlik aan die aanbidding van God. Op 'n sekere stadium in elke geleentheid van korporatiewe aanbidding moet elke deelnemer daaraan, elke gelowige, nogeens die keuse maak van totale oorgawe aan God. Geen mens het nog ooit God waarlik aanbid as daarmee saam nie 'n totale oorgawe aan God plaasgevind het nie. Rayburn beklemtoon (1980:137) dat hierdie offer tot openbaring moet kom in lewe en optrede, in werk en ontspanning, aangesien die Christelike liturgie nie staak wanneer die geleentheid van korporatiewe aanbidding ten einde loop met die uitspreek van die seën nie. Ten einde dit deel te laat wees van die hele lewe, moet dit reeds 'n aanvang neem tydens die korporatiewe aanbidding.

Carson voeg hieraan toe (1989:16) dat die geleentheid van korporatiewe aanbidding maklik kan uitloop op reduksionisme. Die proses van aanbidding is beperk tot tyd, plek en geleentheid. Daarbenewens is die werklike aanbidding soms ook beperk tot 'n deel van die erediens. Die implikasie is dan dat aanbidding met die program van die komende week niks te make mag hê nie. Dit mag nie, aangesien die erediens van die lewe in wese eers 'n aanvang neem nadat die seën uitgespreek is aan die einde van die erediens. Aanbidding is 'n transitiewe woord. Ons kom nie slegs bymekaar om te aanbid nie. Ons doel in die lewe is aanbidding.

Die Christelike aanbidding is bivalent. Daar bestaan 'n duidelike verhouding tussen 'n "vita contemplativa" en 'n "vita activa". Christelike aanbidding behels gehoorsame diens aan God en vreugdevolle lofprysing van God. Die onderskeiding tussen aanbidding en aksie behoort nie 'n skeiding te wees nie in die sin van aksie en passiwiteit nie, maar moet beskou word as twee vorme van menslike aktiwiteit.

Forrester en McDonald (1988:33) is van mening dat die aanbidding in Gees en waarheid (Johannes 4:24), wat karakteristiek van Christene behoort te wees, deur duidelike beginsels gereguleer word.

- Christelike aanbidding en die Christelike lewe is onskeibaar verbonde aan mekaar.
- Christelike aanbidding is 'n korporatiewe aktiwiteit wat die mens nodig het, maar God het dit nie nodig nie. Hierdie aanbidding is beide die moment en die gevolg van 'n ontmoeting waarin God Homself gee aan sy volk as 'n gawe van liefde en genade, waartydens Hy sy wil vir die wêreld openbaar en 'n respons verwag.
- Voordat aanbidding beskou word as 'n aktiwiteit van die mens teenoor God, moet dit gesien word as 'n aktiwiteit van God teenoor diegene wat Hy uitverkies het om te lewe, te speel en te werk tot sy eer en majesteit.

7.34. KREATIEWE AANBIDDING

Webber (1985:127) pleit daarvoor dat aanbidding aan die erediensganger “teruggegee” word. Hiermee sou die passiewe houding van die erediensganger deurbreek kan word en die behoefte om gereeld in die huis van die Here saam met medegelowiges te aanbid versterk word.

Aanbidding is ontmoeting met God. Mense staan voor die lewende God en reageer op sy glorie; hulle hoor Hom spreek deur sy Woord en reageer op wat Hy sê; hulle word die ontvangers van sy reddende genade deur die simbole van brood en wyn; dra die merkteken van die doop op hulle voorhoofde; hoor hoedat hulle weggstuur word uit die geleentheid van korporatiewe aanbidding uit om hulle reaksie te gaan voortsit in die wêreld.

Webber se uitgangspunt ten opsigte van kreatiewe aanbidding is dat aanbidding beskou moet word as ‘n dialogiese gebeurte (1985:135). Interaksie moet gevind word tussen die voorganger by die aanbiddingsgeleentheid en elke deelnemer daaraan. Die gebruik van sekere akklamasies kan teruggebring word in die erediens, byvoorbeeld die salutatie, die amen, die uitspraak “dank die Here” en ook die woord halleluja.

- Die salutatie skakel die hele gemeente in by gebed. Dit vind sy wortels in ‘n antieke Hebreeuse groet wat in Rut 2:4 ook voorkom. Dit was deel van die aanbidding van die vroeë Christelike kerk. Dit vorm deel van die uitspraak van die voorganger as reaksie. Wanneer aan die gemeente verklaar word dat God met hulle is, reageer die gemeente deur te sê: En ook met u!
- Gebed tydens die erediens is in wese ‘n sterk korporatiewe aangeleentheid. Dit sou kon pas dat gebed beëindig sou word met ‘n gesamentlike “amen”. Só word die gemeente aangemoedig om deel te neem aan die gebed. Die gebruik van die “amen” kom ook uit die vroeë kerk. Die bedoeling daarmee is om te bevestig wat so pas gebed is.

- Die akklamasie “dank aan God” sou spontaan kon plaasvind deur die loop van die erediens. Tradisioneel kom dit voor na afloop van die Skriflesing wanneer die voorganger dan spesifiek sou verklaar: Dit is die Woord van die Here. Hierop sou die gemeente dan gesamentlik reageer deur te sê: Dank aan God.
- ‘n Ander akklamasie is die sogenaamde “halleluja”. Dit beteken: eer aan God. In die Nuwe Testament kom dit herhaaldelik voor. Waarskynlik het die vroeë Christene dit saamgesing tydens die erediens. Dit sou op verskillende plekke tydens die aanbiddingsgeleentheid gebruik kon word, aldus Webber (1985:137).

Sekerlik sou hiermee deelname (aktiwiteit) aan die aanbidding bereik kon word. Die vraag is egter of hierdie vorm van deelname deel uitmaak van die tipiese gereformeerde spiritualiteit wat meer heenwys in die rigting daarvan dat die erediensganger beslis voel om “amen” te sê of ‘n “halleluja” te laat hoor, maar dit dan sag en in sy/haar gedagte en hart uit te spreek. Sou ingeligtheid ten opsigte van elke aanbiddingsmoment nie dalk ook hierdie gewensde oogmerk kon bereik nie?

Die punt wat Webber (1985) egter deurgaans in sy boek wil maak, naamlik “Worship is a verb” is baie belangrik en die gemeente moet baie beslis daarop ingestel raak om uit ‘n gemaksonde tydens korporatiewe aanbidding te beweeg en God as werklikheid en teenwoordig te beleef en daarop te reageer met lof, dankbaarheid en oorgawe.

7.35. AANBIDDING AS PASTORALE VERSORGING

Meermale word pastorale sorg nie beskou as ‘n korporatiewe, liturgies-geörienteerde aktiwiteit nie (Willimon 1979:36). Pastorale sorg is meer gerig op die individu. Aanbidding, soos enige ander menslike gedrag, het betekenis. Aanbidding bied die moontlikheid tot pastorale versorging.

‘n Persoon se selektiewe belangstelling in aanbidding gee aanduidings van waar die belangrike aspekte van sy/haar emosionele lewe lê, waar die oorsake van angstigheid

mag wees en hoe daarmee gehandel word. Willimon (1979:64) stel dit dat as 'n persoon se aanbiddingspatroon gediagnoseer en geanaliseer sou kon word, 'n ryke insig bekom sou word.

Verskeie diagnostiese variante word voorgestel:

- Heel eerste moet bepaal word wat 'n persoon se belewenis van die heiligheid van God is. Bestaan daar iets by hierdie persoon wat onaantasbaar is en waarvoor hy/sy ten diepste eerbied en respek het. Wat (wie) aanbid hierdie persoon? Dit gebeur soms dat, wanneer die gemeente saam is in 'n korporatiewe aanbiddingsgeleentheid, die mening bestaan dat God aanbid word, maar in wese word eie prestasies, voorkeure en behoeftes aanbid. 'n Regstelling sou ten opsigte hiervan moes plaasvind.
- 'n Tweede diagnostiese variant sou wees die belewenis van God se voorsienigheid. Wat sê 'n persoon se aanbiddingstyl ten opsigte van sy/haar ervaring van God se doel met sy/haar lewe? Soms word die vraag gevra: Hoekom ek, Here? Wanneer en as hierdie mens van aangesig tot aangesig staan met die voorsienigheid van God, die misterie van God se teenwoordigheid in die lewe wat dieselfde reaksie ontlok as dié by Jesaja in die tempel, naamlik: “ Dit is klaar met my! Ek is verlore!”, toon die mens se gebede vertrou, 'n basiese geloof in iemand wat groter is as die omstandighede van die lewe, of bly hierdie gebede maar eise en versoeke om God daarvan te oortuig dat die bepaalde persoon eintlik beter lewensomstandighede verdien.
- Aandag word ook gegee aan 'n derde diagnostiese variant. Dit is geloof. 'n Persoon se teenwoordigheid by 'n korporatiewe aanbiddingsgeleentheid. Hierdie persoon se lidmaatskap van 'n Christelike gemeente weerspieël ongelukkig nie altyd 'n subjektiewe werklikheid en teenwoordigheid van geloof nie. Met geloof word hier ook bedoel om op 'n bepaalde manier in die

lewe te staan. Waar lê die persoon se verbintenisse (commitments)? Is hy/sy bereid om die lewe te omhels as 'n gawe van God of stuur hy/sy in vele opsigte weg van die verantwoordelikhede van die lewe? Die dikwels populêre beskrywing van die erediens as 'n "vulstasie" beskryf waarskynlik die passiewe houding en ingesteldheid om te ontvang by mense ten opsigte van aanbidding redelik akkuraat. Baie mense kom om te sien, te hoor en te ontvang, maar nie om te gee, te reageer of te vertel nie.

- 'n Verdere diagnostiese variant sou genade moet wees. Die wortelbetekenis van hierdie woord lê daarin dat dit aanduiding is van guns en vrygewigheid, oorfloedigheid en betrokkenheid. Genade is ook onlosmaaklik verbonde aan teologiese konsepte soos aanvaarding en vergifnis. Dit kan gebeur dat 'n persoon onwillig is om die guns van goddelike vergifnis te aanvaar omdat hy/sy 'n hele stuk eie onvergewensgesindheid het. Genade impliseer ook om op 'n spontane wyse te kan kommunikeer met God en daarby die innerlike sekerheid dat Hy "my" God is. God is "pro nobis". Hy sal ons ook nooit aan onself oorlaat as gevolg van ons twyfel, vrese en vrae nie. Die onvermoë om hierdie gevoelens tot uitdrukking te laat kom by aanbidding, die onvermoë (onwilligheid) om vergifnis en aanvaarding van God te ontvang, spreek boekele ten opsigte van die wyse waarop genade funksioneer in so 'n persoon se lewe. Uit die aard van die saak raak dit ook korporatiewe aanbidding negatief.
- Willimon gee ook aandag aan die diagnostiese variant van sondebelydenis (1979:69). Om sonde te bely, opregte berou daarvoor te toon, behels 'n bereidwilligheid om te verander. Dit beteken om self 'n aktiewe agent te word in jou eie probleme en die oplossing daarvan. Sommige van die eerste fases wat in die psigoterapeutiese literatuur beskryf word as die "deurwerking" van eie omstandighede en sonde, kan waargeneem word in die aksies van belydenis (konfessie), vergifnis en toewyding wat voorkom by aanbidding. Berou is 'n dinamiese proses van selfbewussyn en aksie.

- Daar moet ook aandag gegee word aan die saak van gemeenskap. Gemeenskap met God en gemeenskap met mede-gelowiges lê aan die hart van korporatiewe aanbidding. Dit omsluit uitreiking, aanraking en om aangeraak te word, die gemeenskaplikheid en koinonia wat teenwoordig behoort te wees waar twee of drie in die Naam van die Here bymekaar is. Die mees belangrike aspek van hierdie gemeenskap is die persoon se dispoisie om homself/haarself te beskou as een van die groep. Is hierdie persoon deel van of vervreemd van; oop teenoor die wêreld of afgesluit daarvan; in voeling of afsydig; verenig of afgeskei? By korporatiewe aanbidding mag 'n persoon, meer as op enige ander plek, die gevoel kry van vervreemding en vereensaming. Omdat korporatiewe aanbidding moet funksioneer as 'n geleentheid van deel en saamwees, kan enkelinge so maklik die gevoel kry dat hulle "persona non grata" is.
- Laastens dien die saak van roeping ook as 'n diagnostiese variant. Waarvoor lewe ek? Waarheen gaan my lewe? Waarom aanbid ons? Die vraag waarom die gemeente bymekaar gekom het op die Sondagmôre is een wat herhaaldelike aandag behoort te kry. Bestaan daar 'n gevoel van betekenis in die aktiwiteite, 'n besef van missie en roeping, of is alles maar gewoon deel van 'n roetine? Aanbidding sou as sinvol beleef word of nie, wanneer die gelowige homself/haarself sien as aktief betrokke by die ontplooiing van sake. Waarvoor roep God my om vandag te doen en te wees?

Korporatiewe aanbidding kan 'n pastorale versorgingsgeleentheid by uitnemendheid wees. Pastorale sorg word beoefen binne die konteks van 'n aanbiddende gemeenskap wat die primêre doel in die lewe het naamlik om hulle geloof in die Drie-enige God uit te leef. Om dit buite rekening te laat sou neerkom op 'n verlies van perspektief en balans in die lewe; selfs 'n verlies aan identiteit. Wanneer rekening gehou word met die verskillende diagnostiese variante sou ook 'n vars bries van vernuwing by die korporatiewe aanbiddingsgeleentheid van die gemeente gevoel kan word.

7.36. AANBIDDING EN DIE WÊRELD

Aanbiddingspraktyke moet aanvoeling toon vir die individuele en korporatiewe verantwoordelikhede van Christene in die wêreld. Aanbidding moet nie beskou word as 'n losstaande entiteit nie.

Die skrywer van die Hebreërbrief toon dit duidelik aan (Hebreërs 10:24-25): “ *Laat ons na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom*”.

Die punt is duidelik. Die kerk word gevorm deur aanbidding. Omdat aanbidding 'n offer van die self is aan God, vereis aanbidding terselfdertyd ook toewyding aan 'n lewe volgens die inhoud en die visie van aanbidding (Webber 1982:185).

Om die verhouding tussen aanbidding en die wêreld ten beste te begryp, is 'n omskrywing nodig van wat met die term “wêreld” bedoel word. Die gebruik van die term in die Nuwe Testament is tweeledig: Eerstens is die wêreld 'n natuurlike of fisiese omgewing en andersyds is dit die plek waar die kragte van die bose botoon wil voer.

Die eerste gebruik verwys na die skepping as werksaamheid van God en as inherent goed. Laasgenoemde dui op die omgewing waar die bose sy invloed wil laat geld sodat die wêreld 'n negatiewe konnotasie kry.

Paulus identifiseer hierdie bose omgewing in die woorde van Efesiërs 6:12 (NAV): “ *Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug*”.

'n Bepaling van die verhouding tussen aanbidding en die wêreld sal met hierdie tweeledige begrip van die wêreld rekening moet hou. Webber (1982:186) wil die verhouding op die volgende vlakke sien:

7.36.1. AANBIDDING IDENTIFISEER MET DIE WÊRELD

Met hierdie uitgangspunt word die wêreld aanvaar as die natuurlike skepping van God. Aanbidding vind dan ook plaas op 'n bepaalde tyd, plek en in 'n spesifieke omgewing. Daar is altyd 'n paradoks wat integraal is aan aanbidding --- die paradoks tussen die temporele en die ewige. Aanbidding het te make met die ewige dinge, die transendente, die ander wêreld. In en by aanbidding gebeur dit, by wyse van spreke, soos met die apostel Johannes in die Openbaringsbrief, hy word momenteel meegevoer na die hemel. Aansluiting word gevind by die ewige galery van aanbidders en saam met hulle word lofsange van eer en aanbidding gesing.

Tog vind hierdie aanbidding steeds plaas in die liggaam en as deel van hierdie wêreld, God se werkplek en die fokuspunt van God se reddende genade. God betree die historiese en natuurlike omgewing om hier die mens se verlossing uit te werk en tog is Hy steeds in die hemel. Die mens betree die hemelse omgewing in sy/haar aanbidding en bly tog nog steeds op aarde en in die wêreld.

Aanbidding word ook voltrek op 'n fisiese manier. Dit is mense wat aanbid. Aanbidding word volgens 'n bepaalde ritueel voltrek. Sintuie van sig, gehoor, gevoel, smaak en reuk word in die proses ingespan.

Daarby vind aanbidding somtyds ook plaas in die vorm van 'n maaltyd, die Nagmaal. Dit vorm 'n teken van die verhouding tussen God en mens. Dié maaltyd wys in die rigting van die skepping (ook die mens as skepsel) se afhanklikheid van God. Die mens erken en dank God binne die konteks van die maaltyd vir voorsiening, ewig en tydelik. Die maaltyd vorm uitdrukking van 'n positiewe verhouding tussen die aanbidder en die materiële skeppingswerklikheid. Daar is 'n dichotomie tussen iets so alledaags soos 'n ete en iets anders so verhewe en spiritueel soos die Nagmaal.

Aanbidding intensifiseer die Christen se bewustheid van die probleme wat in die wêreld heers. Die kerk bid gevolglik nie alleen vir die behoeftes van sy lidmate nie, maar ook vir globale omstandighede. Om egter effektief te wees, moet hierdie gebede ook omgesit word in aksie.

7.36.2. AANBIDDING STAAN TEENoor DIE WêRELD

Webber (1982:187) stel dit onomwonde dat om te sê dat aanbidding teenoor die wêreld staan, suggereer dat die wêreld hiermee beskou word as dié plek waar die kragte van die bose probeer deurbreek.

Hiermee word allereers gesê dat aanbidding uitdrukking gee aan 'n transendente verbintenis. Herhaalde verwysings na die Vader, Seun en Heilige Gees soos dit voorkom in doksologieë, gebede, seënuitsprake erken God as die Transendenteen bokant die skeppingsorde. In aanbidding bely die mens as't ware dat hierdie sigbare wêreld nie al is wat bestaan nie. Daar is 'n ander werklikheid waaraan hierdie bestaande wêreld onderworpe is. Die mens aanbid die Drie-enige God wat outoriteit en gesag het oor die werklikheid waarin die mens leef.

Aanbidding vier daarbenewens Christus se oorwinning oor die wêreld van sonde en dood. Paulus leer dat God "die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer" (Kolossense 2:15). aanbidding bevestig hierdie oorwinning.

Derdens, aanbidding antisipeer die oordeel oor die bose. Die toekomstige oordeel is alreeds teenwoordig by elke viering van die Nagmaal.

7.36.3. AANBIDDING TRANSFORMEER DIE WÊRELD

Die oorweging dat aanbidding die wêreld transformeer het te make met albei die betekenis van die begrip 'wêreld' soos vroeër aangedui. Aanbidding vorm 'n visie van wat die wêreld kan wees sonder die invloed van die bose.

Verder openbaar aanbidding die aksie wat die liggaam van Christus moet onderneem in die proses van die transformasie van die wêreld. Hierdie aksie is implisiet teenwoordig in die woord van die Onse Vader-gebed (Matteus 6:10): “ *Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel* (NAV).

Daar is 'n plek en ruimte waar die wil van God ten volle uitgevoer word --- die hemel. Die radikale sy van aanbidding, só stel Webber dit (1982:189), is dat die aanbidder bid dat die aarde ook nou 'n plek sal word waar die wil van God gerespekteer en uitgevoer word. Sodoende breek die koninkryk van God ook op aarde deur.

Hierdie transformasie vind eerstens plaas binne die aanbiddende gemeenskap self. Daarna moet dit uitkring om die wêreld daarbuite in te sluit.

7.37. KONKLUSIE

Volgens Webber (1982:140) het aanbidding 'n horisontale sowel as vertikale dimensie. Dit is belangrik om die werk van Christus te bevestig deur offers van lof en danksegging aan die Vader. Dit is egter net so belangrik dat die aanbidder reageer op dit wat hy/sy in aanbidding teenoor God bevestig het.

As die mens in ware opregtheid God loof en prys en aanbid vir die verlossing van mens en wêreld deur die verdienste van Jesus Christus, dan is hierdie mens daarby verplig om sy/haar lewe aan God te gee as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is (Romeine 12:2), want dit is die wesentlike van die godsdiens wat beoefen moet word. Gelykvormigheid aan die wêreld is onaanvaarbaar.

Die patroon van die wêreld is ongeregtigheid, ongelykheid, diskriminasie, haat, oorlog, immoraliteit. Die ware aanbidding van God moet die volk van God lei in die rigting van positiewe sosiale aksie. Die mens se roeping is om God nie slegs met die lippe te loof en aanbid nie, maar met die hele lewe. Aanbidding is 'n lewenstyl.

7.38. SAMEVATTEND

Korporatiewe aanbidding is ontmoeting tussen God en sy volk, wat gereflekteer moet word in die kwaliteit van die verhoudinge tussen die aanbidders onderling en hulle gesindheid teenoor die lewe (Forrester/McDonald 1988:5).

Die verhoudinge wat ter sprake is by aanbidding is wederkerige verhoudinge. Dit is korrek om te sê dat aanbidding die erkenning en viering is van die glorie en die waarde van God in die mens se lewe en dat dit 'n absolute prioriteit moet wees in die verstaan van aanbidding as 'n menslike aktiwiteit.

Aanbidders ervaar egter daarby ook 'n bevestiging van eie-waarde in die oë van God. Aanbidders kom om te aanbid in die besef van persoonlike sondigheid en met die belydenis van sonde word die vergewende genade en liefde van God telkens ervaar. Aanbidding is verstand en emosie tegelyk. Aanbidding is die belewenis en goddelike bevestiging dat God die mens lief het met 'n onmeetlike liefde en dat hierdie mens waarde het in die oë van God.

Aanbidding moet uitloop op 'n ontmoeting met God waarin God "geniet" word. In en by aanbidding word die aandag weg herlei van onself af en gefokus op God. Ons geniet nie "onself" in die proses van aanbidding nie. Dit kan 'n misvatting wees by die moderne mens. Daar is inderwaarheid nie veel in die mens se lewe om te geniet nie, gegewe die feit dat hy/sy 'n sondaar is.

As aanbidding ons nie verander nie, is dit nog nie ware aanbidding nie. Om voor die heilige God te staan is om te verander. Aanbidding begin met heilige afwagting; dit eindig in heilige gehoorsaamheid.

Aanbidding is nie iets wat ons op gegewe tye of op sekere dae doen nie. Dit is 'n leefwyse. Dit is die bekendmaking van God se karakter soos dit in Jesus Christus geopenbaar word; soos dit aan die lig kom in die lewe van 'n aanbidder, voor die aangesig van 'n wêreld wat sy herinnering aan God verloor het.

Korporatiewe aanbidding is die omsluiting van alle vorme van aanbidding. Wanneer broers en susters in die Here saam aanbid, is die krag, varsheid en lewenskrag wat in almal vloei soos 'n groot hoop gloeiende kole wat mekaar verhit. Aanbidding is eenvoudig 'n houding wat vloei uit die wonder van God se teenwoordigheid. God het belowe om teenwoordig te wees waar sy kinders in sy Naam byeen is. Aanbidding is wanneer ons hele wese, met emosies en al, aangegryp word deur die realiteit van God se liefde en genade.

Om sonder korporatiewe aanbidding te probeer lewe is om soos sonder asem te probeer lewe. Ene Ianthe Pratt het gesê: Die liturgie kan net lewe, die erediens kan net werklik aanbidding, lof en lyding, geloof, hoop en liefde uitdruk, wanneer dit ferm veranker is in die Persoon van die Groot Liturg.

Die aanbidding van God en daarmee sy verheerliking op aarde is nog swak en vol gebreke en dit kan alleen aanvaarbaar gemaak word vir die Here deur die verdienste van Jesus Christus. Tog is dit 'n werklikheid wat heenwys na en sy vervulling vind in die volmaakte aanbidding van die hele kerk as Bruid van Christus in die ewige heerlikheid wat nog moet kom. (Barnard 1981:444).

HOOFSTUK 8

EMOSIE / DENKE IN EN BY DIE VERSKILLENDE LITURGIESE MOMENTE VAN KORPORATIEWE AANBIDDING

Sedert die begin van die Christelike kerk kom gelowiges bymekaar in die Naam van die Drie-enige God. Gaandeweg het die benaming van hierdie byeenkoms die “erediens” geword. ‘n Diens, ‘n geleentheid, tot eer van God. Mense van verskillende geaardheid, status, nering in die lewe, geslag en ouderdom vind op grond van ‘n gesamentlike geloof in Jesus Christus ‘n hawe en ‘n gevoel van sekuriteit in die erediens. Vir die vroeë Christene was Christenskap as’t ware sinoniem daarmee om die erediens by te woon. Die naam van die geleentheid het soms gewissel, maar die saak van die erediens, die gereelde samekoms van gelowiges, is ononderbroke gehandhaaf, selfs onder baie moeilike en dikwels lewensgevaarlike omstandighede.

Waar lidmate van die kerk vandag op groot skaal van die erediens af begin wegbly, om verskillende redes, word dit duidelik dat die saak van die erediens deurlopend moet aandag kry. Die redes vir ‘n moontlike apatie ten opsigte van die erediens moet gevind word en indien moontlik, aangespreek word.

- Met ‘n sekularisasieproses wat wêreldwyd aan die gang is, sou dit seker eenvoudig wees om te sê dat die fout maar weer by die mens gesoek moet word. Sport en ontspanning word op Sondae beoefen; besighede doen sake en die televisie bied dikwels meer interessantheide. Daar het verskuiwings ingetree ten opsigte van mense se beskouing oor die Sondag as Dag van die Here. Die dag het sy karakter verloor.
- ‘n Antroposentriese lewenswyse sou as oorsaak uitgewys kon word.

- Die lewensingesteldheid wat saam met die postmodernisme gekom het is beslis ook 'n belangrike faktor waarmee rekening gehou moet word. Die 21ste eeu se mens is net nie meer bereid om binne strukture te leef nie en die erediens is vir baie eenvoudig net te preskriptief.
- Die groter beweeglikheid van die moderne mens speel gewis ook 'n rol. Afstand hou in hierdie tydsgewrig nie meer 'n probleem in nie. Die kerk moet besef dat hy deel geword het van 'n globale wêreld.
- Binne die Suid-Afrikaanse konteks sou ook verwys moet word na die ontugtering wat sekere mense met die kerk beleef. Hulle ervaar 'n onopregtheid by die kerk wat vir hulle onaanvaarbaar is. Sommige is van mening dat hulle die kerk glad nie meer nodig het, alhoewel hulle hulleself steeds as Christene beskou.
- Hoe dit ookal sy, naas al die genoemde redes en oorsake waarom die erediens vir die moderne mens nie meer hoë prioriteit vorm nie, sal die orde en die inrigting van die erediens self steeds onder die vergrootglas moet bly. Spreek die erediens en wat daar gebeur nog tot die mens? Is die Woordverkondiging aktueel? Word die mens se emosies en belewenisse aangespreek in die mate dat hy/sy gemaklik voel in die erediens. As hipotese is gestel dat die vermoede bestaan dat 'n erediens wat nie die behoefte aan belewenis by die erediensganger na behore fasiliteer nie, al hoe minder belangstelling sal wek.

Barnard (1981:14) praat van 'n "conversio ad hominem" --- 'n toekering na die mens. Nie God of sy Woord staan meer sentraal nie, maar die mens self. Dit kan dan ook die mens wees in al die diverse omstandighede van die lewe. Dit mag die verligte en mondige mens wees; die magtige en kundige mens; die geëmansipeerde mens; die vrome of sogenaamd geestelike mens; die beangste mens; die moderne mens; die mens in sy nood --- dit bly hierdie mens wat self in die sentrum kom staan het.

Dit gaan oor homself/haarself en eie probleme en omstandighede. Hierdie sentraalstelling van die mens bepaal dan in groot mate die siening ten opsigte van die erediens. Deur die erediens moet die lewe lewenswaardig gemaak word. Die erediens moet “creature-conscious, creature-minded en creature-devoted” wees (Barnard 1981:14).

Uit al die bogenoemde is dit duidelik dat moderne mens se lewensingesteldheid verander het en dat ons ook in ‘n veranderde wêreld leef. Hierdie veranderde wêreld stel geweldige eise en uitdagings aan die kerk ten opsigte van kerkwees. Die heel eerste terrein waarop die kerk kerk moet wees is dié van die erediens.

Daar is ‘n menigte van gedagtestrominge, lewensituasies en doelstellings waarmee die kerk in sy erediens rekening moet hou. Nuwe hulpmiddels en insigte wat na vore gekom het moet aangewend word, hoewel met oorleg. Sover moontlik moet die erediens lewend en kragtig aangebied word sodat dit opnuut die mens aanspreek. Hoewel die tegniek van die moderne tyd nuttig mag wees, mag die kerk, en die erediens, nie deur die moderniteite ingesluk word nie. Die kerk is in die wêreld, die erediens speel af in die wêreld, en tog mag die kerk nie van die wêreld wees nie en kan die erediens nie in die idioom van die wêreld aangebied wees nie. Daar moet steeds ‘n “andersheid” by die kerk teenwoordig wees en die erediens moet steeds ‘n eie karakter toon. As dit karakteristiek word van die wêreld sal dit niksseggend wees.

8.1. VERNUWINGSPOGINGS

Barnard (1981:19) praat van ‘n vernuwingsrewolusie wat aangebreek het. Daar is ‘n vloedgolf van geskifte en publikasies; konferensies en konsilies wat plaasvind.

8.1.1. VORMS WAARIN VERNUWING GESTALTE KRY

8.1.1.1. VASHOU AAN BESTAANDE VORMS ASOF NIKS GEBEUR HET NIE

Hierdie tendens kom die duidelikste voor in die liturgie van die Oosterse Ortodokse Kerke. Die vorm van die erediens wat oorspronklik gevolg is word steeds as die finale vasgehou. Waar die erediens so as 'n onveranderbare grootheid beskou word, beteken dit dat die kerklike lewe tot stilstand geknars het.

8.1.1.2. TERUGGRYPING NA DIE OU KLASSIEKE VORMS

In sommige kringe beteken vernuwing 'n herstel van die ou klassieke liturgieë uit die tyd van die Reformasie en selfs daarvoor tot sover terug as die vroeë Christelike kerk.

8.1.1.3. HERSIENING VAN BESTAANDE VORMS

Meer as ooit word toegegee dat bestaande vorms en ordes van die erediens onbevredigend geraak het en vernuwe moet word. Die bestaande word nie noodwendig verwerp nie, maar grondig hersien.

Uit verskillende oorde is egter stemme gehoor dat hiedie vernuwingspogings nie die kern van die saak aanspreek nie.

8.1.1.4. EREDIENSTE IN DIE KLEIN GROEP

Die gedagte van die Nuwe Testamentiese huisgemeente het weer begin opleef. Die bekoring van hierdie klein groep is dat almal mekaar goed en belangstellend ken; daar is 'n groot mate van informaliteit en geleentheid tot deelname word aan elkeen gebied. Daar bestaan ook geen vorm of orde nie. Hierdie groepe funksioneer binne die verband van die kerk en vorm soms gemeentes binne 'n gemeente. In watter mate die sogenaamde selgroepe of selkerke hiermee geassosieer moet word, word nie hier bespreek nie.

8.1.1.5. EKUMENIESE DIENSTE

Dit is die teenpool van die kleingroep-erediens. Hier gaan dit nie om die klein en intieme sfeer van die huiskring nie, maar oor groot en gesamentlike en interkerklike geleentheid. Massakore tree hier op; besoekende sprekers en kunstenaars vorm deel van die geleentheid. Die tendens bestaan dat gesamentlike dienste gehou word wat die nie-Christelike godsdienste kan insluit onder die een hoof van 'n wêreldgodsdienste. Dit staan bekend as die "meta-worship" (Barnard 1981:27).

Dit sou nie misgekyk kon word nie dat hier elemente van die New Age-beweging merkbaar is. Gelykmaking moet plaasvind en dit maak immers nie saak watter god aanbid word nie, solank daar wel net aanbid word.

8.1.1.6. KREATIEWE DIENSTE

Hierdie vorm van die erediens sou as 'n komplekse en gevarieerde verskynsel bestempel kon word. Daar word ruimskots van die multi-media gebruik gemaak. Die kunstige aanwending van kleur geniet aandag. Allerlei kunsvorme word geïmplementeer. Klank- en ligeffekte word aangewend.

Beweging en aksie van die liggaam is belangrik. Vernuwings word gesoek langs die baan van 'n sogenaamde herontdekking van die menslike liggaam. Waarde word geheg aan die beweeg van en na verskillende punte tydens die erediens. Gebare en tekens word geaksentueer. Die aanwending van die drama geniet voorkeur. Die erediens word beskou as die plek waar die mens ten volle die spel van die liggaam moet kan speel. Die dans in al sy vorms word gesien as die klimaks van die inskakeling van die menslike liggaam en die beweging daarvan.

8.1.1.7. BETROKKENHEID, BEVRYDING, EKSTASE

Daar word doelbewus gesoek daarna om die hele mens, siel en liggaam, betrokke te kry by die erediens. ‘n Besondere gees en atmosfeer moet geskep word en die mens moet ervaar dat hy/sy deel is daarvan. Groot klem word gelê op die gedagte van feestelikheid en viering. Soms word die emosionele so oorbeklemtoon dat dit psigedeliese tendense toon (Barnard1981:28).

8.1.1.8. IN PLAAS VAN VERKONDIGING DISKUSSIE EN DIALOOG

Die preek word as monologies bestempel. Die gesag waarmee die preek kom, naamlik: “So sê die Here”, moet plek maak vir vryblywende dialoog en diskussie.

8.1.1.9. VERANDERDE SANG EN MUSIEK

Veral hier het daar ingrypende verskuiwings begin intree. Die kerklied met gekeurde en getoetste melodie en inhoud, die orrel as begeleidingsinstrument moet plek maak ongekeurde en dikwels sinnestrelende musiek. Instrumente met slag en tempo en volume geniet voorkeur.

Kauflin sê (2007 www.crosswalk.com/spirituallife/worship) dat musiek op verskillende maniere moet funksioneer tydens korporatiewe aanbidding.

- Dit moet die liriek ten dienste wees. Musiek is effektief wanneer mense deur die waarheid aangespreek voel eerder as deur die melodie.
- Musiek moet ook die konteks dien. Musiek kan die geleentheid bied aan mense om emosioneel te reageer op iets wat pas gesê is.
- Musiek moet relevant wees en opbouend vir die groep/gemeente. Komplekse klassieke musiek sou nie geskik wees vir kinders nie en “rock”-musiek weer nie vir ‘n ouer of meer senior gemeenskap nie. Die musiek mag ook nooit die woorde oorweldig nie. Nieteenstaande die feit dat ons in ‘n relativistiese post-moderne

kultuur in beweeg het, handel God nog steeds met die mens op grond van die waarheid van die Woord en nie maar gewoon deur ervaring of belewenis nie. Wanneer hierdie balans gehandhaaf word, hoef daar geen huiwering te wees ten opsigte van sterk emosies tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding nie.

- God-vererende musiek behoort afgewissel te word. Van komplek tot eenvoudig, van modern tot barok, van kort tot langer. Stilistiese afwisseling maak 'n veel breër reeks van reaksies teenoor God moontlik; dit open die oë vir die grootheid van God en stel ook mense van verskillende agtergrond, voorkeur en belewenis in staat om God heelhartig saam te loof. Dan word dit korporatiewe aanbidding.

Tyler Newberry (2007 www.tylernewberry.co./worship) wys daarop dat dit dikwels gebeur tydens korporatiewe aanbidding dat die aandag van die aanbidders opgeëis word deur allerlei harde ampere en media instrumente sodat vergeet word van wat eintlik besig is om plaas te vind: korporatiewe aanbidding.

Volgens Albert Troskie (2007: Nuusbrief 53:4) kom daar hedendaags “kerkmusiek-aanvegtings voor in die vorm van die Leeuloop, die sogenaamde Blou Bul-lied en die nou alombekende De la Rey.

Die obscene lied, Leeuloop, is nou van geestelike woorde voorsien en heet nou “Regloop”. As dit in die ere diens gebruik sou word, sal dit gewis nie die gewenste uitwerking hê nie.

Die Blou Bul-lied wat op Loftus Versveldt tydens rugbywedstryde gesing word is ook van geestelike frases voorsien, byvoorbeeld: “ ‘n Christen moet hom nie bekommer nie want Jesus drop hom nie sommer nie”. Tereg sê Jacques Louw op die Kwêla-program van 4 April 2007 dat sulke stellings teologies nie verantwoordbaar is nie. Die alombekende lied, De la Rey, is ook van geestelike woorde voorsien.

Tydens dieselfde program (Kwêla, 4 April 2007) sê Christina Landman dat die temas wat in hierdie drie liedere aangerak word, nie in die kerk pas nie. Sy bestempel dit as harde en manlike seksistiese simbole om daarmee God te probeer beskryf.

Elsabé Kloppers (Hervormer: 15 Februarie 2007) lewer as volg kommentaar: “Word iemand deur sulke liedere aangespreek? Moontlik. Maar op watter vlak is en bly so ‘n geloof? ‘n Amerikaanse skrywer het lankal gesê dat mense smag na geestelike voedsel, maar hulle kry net hondebeskuitjies. Dit lyk asof al meer mense dit geniet om met hondebeskuitjies gevoer te word. Ek protesteer daarteen dat dit wat vir my heilige erns is, banaal en belaglik aangebied word. Hierdie soort liedere is spotprente van die Christelike geloof. Laat ons protes aanteken --- selfs teen dit wat benede protes is”.

8.1.1.10. SOSIALE BETROKKENHEID

Barnard (1981:29) wys daarop dat die realisering van die waarheid omgekeer word en dat dit nou moet gaan om ‘n aktualisering van die waarheid. In die erediens moet dit nou gaan om deel te verkry aan God se aksie in die wêreld. Dit gaan al meer om sosiale en maatskaplike betrokkenheid in die erediens.

8.1.1.11. KORRELASIE IN PLAAS VAN TEKSPREDIKING

Die standpunt word gehandhaaf dat nie meer van die Bybel of ‘n bepaalde teksgedeelte uitgegaan behoort te word nie, maar vanuit die konkrete situasie van die lewe en die mens. ‘n Deduktiewe hantering van die Skrif moet plek maak vir ‘n induktiewe uitgangspunt.

8.1.1.12. VERSET TEEN DIE BESTAANDE

Almeer gaan dit om verandering ter wille van verandering. Daar is nie slegs kritiek teen die oorgelewerde erediens nie, maar selfs emosionele verzet. Die tradisionele word as irrelevant bestempel. Eredienste word liturgiese laboratoriums (Barnard 1981:30).

8.1.1.13. DIE ERVARING-, EMOSIONEEL GEORIËNTEERDE DIENSTE

Die aksent val hiermee op dit wat die mens beleef en ervaar en dit wat vir hom/haar lekker en goed is. Die godsdienstige moet aangevoel kan word.

Elders vra Barnard wat word bedoel met die vernuwing van die erediens (1986:29). Alle veranderinge wat slegs die uiterlike wil versier of die status quo wil handhaaf, kan wel voorgesê om te vernuwe maar in wese is dit niks anders nie as blote restaurasie.

Kevin Twit (2007 www.ruf.org/sounds/worship) maak die stelling dat emosie nie noodwendig 'n slegte ding is nie, maar dit is nie die doel van korporatiewe aanbidding nie. Aanbidding is 'n vormende aangeleentheid. Volgens Twit is korporatiewe aanbidding nie 'n groep individue wat toevallig saam in dieselfde gebou is en besig is om te aanbid nie. Korporatiewe aanbidding mag nie beskou word as 'n geprivatiseerde aangeleentheid waar die enigste waarde van die ander persone in dieselfde vertrek dan dit sou wees, naamlik om die individu te help om homself/haarself "in God te verloor" nie. Die gevaar bestaan dan dat slegs sekere emosies gekommunikeer word.

8.2. TEOLOGIESE BEGINSELS VIR VERNUWING

8.2.1. DIE PRAGMATIESE BEGINSEL

Dit wat werk, wat resultate lewer, waarvan mense hou, wat waarneembaar is --- dit lei en trek mense. Dit is beginsels wat algemeen geldig is, maar geld dit ook ten opsigte van die erediens?

Die pragmatiese beginsel lei maklik daartoe dat die mens en sy/haar persoonlike voorkeure in die sentrum te staan kom. Die gevaar van subjektiwisme sou nie uitgesluit kon word nie. Barnard stel dit kategoriees (1986:30) dat daar resultate moet wees in en by

en na afloop van die erediens, maar dat dit meer gesoek moet word op die vlak van die vrug van die Gees en dit wat vir God aanneemlik is.

8.2.2. DIE TRADISIONALISTIESE BEGINSEL

Hier geld die uitgangspunt dat dit wat bekend is, is die gangbare. Dit het nog altyd gewerk en is beproef. Dit het die eeue oorspan en 'n gevoel van vastigheid en veiligheid geskep. Dit bied beskerming teen 'n stroom van verandering.

Hierby word eintlik misken dat nie die vaders nie, maar wel óns nou op hierdie gegewe tyd en plek die Here moet dien en aanbid. Ons het geen ander tyd om die Here te aanbid nie as juis nou in die hede. Wie die erediens in die verlede wil hou, maak dit onwerklik vir die hede en sal daartoe bydra dat dit irrelevant sal wees in die toekoms. Kontinuiteit is belangrik, maar nie soseer die vorm nie, maar die boodskap wat van geslag tot geslag oorgedra behoort te word. Barnard (1986:31) praat van 'n "traditio apostolica".

Daar sal onderskeid getref moet word tussen die begrippe tradisie en tradisionalisme. Tradisie is die lewende geloof van hulle wat reeds gesterf het, maar tradisionalisme is die dooie geloof van hulle wat nog leef.

8.2.3. DIE EMPIRIESE BEGINSEL

Hier word aangesluit by die sosiologie, sosiografie en die kubernetiek. Deur empiriese ondersoeke word tendense en voorkeure by individue en groepe bepaal. Hiervolgens word voorskrifte afgelei oor hoe die erediens vernuwe kan word.

Die wese van die erediens word nie hiermee verreken nie en nog minder die verandering wat God deur sy Gees in die lewe van die mens kan en wil bewerkstellig. Dié beginsel sou ook maklik kon lei tot 'n eiewillige godsdienstbeoefening.

8.2.4. DIE TEOLOGIESE BEGINSEL

Omdat die erediens altyd antwoord op God se spreke en handel is, God die erediens moontlik maak en sy wil ook daarin tot openbaring moet kom, behels dit dat ten opsigte van die erediens daar altyd van God en sy geopenbaarde Woord uitgegaan moet word. God moet die sentrale plek beklee soos wat die simboliese sentrale plek van die Woord in die gereformeerde erediens die belangrikheid van die Woord aandui.

Waar die vertrekpunt werklik uit God, sy wil en sy Woord geneem word, moet dit deurgetrek word na die mens soos hy/sy werklik is in sy/haar konkrete lewensituasie.

8.3. GEVARE WAARTEEN GEWAAK MOET WORD

- Om só op God gerig te wees dat die mens en sy wêreld buite rekening gelaat word. Dan word dit 'n vlug na God, mistiek, asketisme en selfs Piëtisme (Barnard 1986:31).
- Om só ingestel te wees op die mens, sy leefwêreld en bestaan dat God en sy wil buite rekening gelaat word. Dit word weer 'n vlug na die mens en na die wêreld. Dit is antroposentrisme, humanisme, sosialisme en selfs sekularisme.

By die teologiese beginsel moet teen 'n ander misverstand gewaak word. Dit is die teenstelling tussen teorie en praktyk. Gewoonlik word die teorie gelykgestel aan God se wil. Sowel die teorie as praktyk is afleidings van God se wil in sy Woord. Sowel die teorie as die praktyk moet in diens staan van die teologiese beginsel.

8.4. VERNUWING: TERUGKEER NA DIE WESE VAN DIE EREDIENS

Wanneer vernuwning van die erediens ter sprake kom word ongelukkig somtyds buite rekening gelaat om behoorlik oor die wese van die erediens na te dink. Wanneer en as die erediens na sy wese herstel sou word, sal dit vernuwning by uitstek wees.

8.4.1. DIE EREDIENS AS 'N SAAMKOM VAN DIE GEMEENTE

Die erediens is 'n saamwees van die gemeente van die Here, met sy Here en met mekaar. Hierdie saamwees is in die Naam van die Here en op grond van die soenverdienste van Jesus Christus.

8.4.2. EKSISTENSIËLE ONTMOETING

Ontmoeting tussen God en gemeente vind plaas asook tussen mens en God. Ontmoeting is altyd eg persoonlik. Dit behels wedersydse bekendstelling.

8.4.3. EREDIENS AS GESPREK

God is die inisieerder. Hy begin die gesprek en die gemeente antwoord. Die gemeente spreek en God antwoord. Die gesprek loop uit op 'n hoogtepunt waar God telkens sy liefde vir die gemeente tot openbaring laat kom deur vergifnis, liefde en genade en deurdat die gemeente telkens die onderneming tot gehoorsaamheid doen.

8.4.4. EREDIENS AS HEILSBEMIDDELENDE GEBEURTENIS

Die hele erediens staan in die teken van die versoening tussen Christus en sy gemeente. Die erediens wil heelmaking wees van gebroke verhoudinge.

8.4.5. EREDIENS AS BELEWING VAN GEMEENSKAP MET CHRISTUS

Die gesprek, ontmoeting en heilsbemiddeling lei tot belewenis van die gemeenskap of eenwording met Christus; Hy in die mens en die mens in Hom. Hierdie gemeenskap word beleef en dit word ook sigbaar. Dit bring bevryding, vrede en blydskap mee.

8.4.6. EREDIENS AS HERSTEL VAN ONDERLINGE GEMEENSKAP

Die gemeente wat in God hulle Vader ontdek en gevind het, vind in medegelowiges broers en susters. Saam begin hulle 'n hegte eenheid vorm as deel van die huisgesin van God. Hierdie koinonia bring nie slegs verandering mee nie, maar ook versterking en opbouing in die geloof.

8.4.7. EREDIENS AS TOERUSTINGSGELEENTHEID

In die erediens bevind die gemeente hom onder die geklank van God se Woord en onder die begeleiding van die Heilige Gees. Deelname aan die sakramente is die voorreg van die individu en gemeente. Hiermee geskied toerusting vir die lewe.

8.4.8. EREDIENS AS VERSAMELING EN WEGSENDING

Die erediens is ook 'n tweeledige gebeurtenis. Die gemeente kom saam maar word ook weggestuur. Versterk en vernuwe na die gees en deur die Heilige Gees, moet hierdie erediensgangers nou in die wêreld gaan leef, getuig en dien.

Dit is opvallend hoedat die korporatiewe karakter van die erediens sterk figurer in elkeen van die wesenseenskappe van die erediens. Die erediens bly die middelpunt van die gemeentelike lewe. Erediens en gemeente hoort bymekaar.

Beukes wil as addisionele eienskap van die erediens byvoeg dat die erediens van God afkomstig is. God het dit beskikbaar gestel en as sodaning vorm dit ook 'n afspraak met die Here (1987:18).

Dressel (1986:12) opper die element van ordelikheid. God is 'n God van orde en wanordelikheid sou Godonterend wees. Vir die skepping is orde en reëls neergelê --- die liturgie moet derhalwe ook ordelikheid vertoon.

Laubscher vra die belangrike vraag, naamlik wie vernuwe die erediens (1986:15). God Drie-enig moet toegelaat bly om die vernuwingsagent te wees. Dan gaan dit oor ware

vernuwing wat ook die hart van die mens raak. Vernuwing raak in wese dan ook die herstel van die verbondsverhouding tussen God en mens.

Ter afronding van hierdie bespreking dien die belangrike woorde van Barnard (1981:487) aangehaal te word:

“ By die bepaling van wat in die erediens moet geskied en hoe dit ingerig moet word, is die allesbepalende uitgangspunt dat God die sentrale plek moet verkry. Alles wat gesê en gedoen word, moet om Hom draai soos die planeet om die son. Alles begin by Hom, uit Hom en geskied deur Hom. God is die allesbepalende, die konstitueerder van die erediens. Ons kan Hom met ons menslike pogings nie omvat nie en tog tree Hy ons tegemoet om alles te vernuwe. Dit gaan steeds om die lewende, sprekende, sig openbarende en handelende God. Die vraag wie God inderdaad vir ons is, is beslissend ... alles moet van God uit, of teologies gesien word. Dit bring ‘n geweldige korreksie aan by die heersende sentraalstelling van die mens vandag en die denke vanuit die mens. Die teologiese uitgangspunt sny alle antroposentrisme by die wortel af”.

8.5. DIE EREDIENS --- ‘N MOONTLIKE OMSKRYWING DAARVAN

Die erediens is eintlik so ‘n wonderlike gebeurtenis dat dit nie vanselfsprekend is om dit in enkele pennestrepe te kan saamvat nie. Dit is ‘n multi-dimensionele gebeurtenis. Dit vereis grootskaalse kreatiwiteit, maar aan die ander kant bepaalde gebondenheid aan ‘n orde van sake. In en tydens die erediens moet die eer van God op onmiskenbare wyse op die voorgrond staan. Terselfdertyd moet daar aktualisering plaasvind van ‘n ontmoeting tussen God en mens en aktualisering van die gemeenskap van gelowiges.

Müller (1990:112) maak gewag daarvan dat die liturgie van die erediens altyd ‘n gerigtheid moet hê. Die pastorale motief wat in die liturgie opgesluit lê, moet ons dwing om eietyd te wees. As die mens van die hede ernstig opgeneem word, mag daar nie liefdeloos en verontagsamend opgetree word met ‘n liturgie wat aanvaarbaar is vir ander mense van ‘n ander tyd en plek nie.

Die moderne stadsmens het klaarblyklik groot behoefte aan stilte. Volgens die resultate van 'n studie wat in Europa gedoen is het 50% van die respondente aangedui dat hulle die behoefte het aan stilte in die erediens (1990:112). Uit die rumoer en gejaagde lewe kom soek hierdie mense 'n oomblik van rustigheid en stilte om sodoende geleentheid vir besinning te vind.

Daar is voorts die groter geneigdheid na informaliteit. Tradisionele eredienste dra 'n sterk karakter van formaliteit wat tot uitdrukking kom in taal, kleredrag, aanspreekvorme en selfs musiek. Die vrees bestaan dat groter informaliteit aanleiding kan gee tot slordigheid in die erediens. Die vraag is of informaliteit en afronding noodwendig teenoor mekaar geplaas moet word.

Hoofsaak is dat die erediens sy dienskarakter moet behou. Dit is twee-ledige diens: Allereers diens aan God en daarna diens aan mekaar. Volgens Müller staan of val die liturgie by die element van aanbidding (1990:113). As aanbidding ontbreek, kan daar verder nie sprake wees van liturgie nie.

Liturgie is allermins 'n program van opeenvolgende items waardeur mens getraakteer en vermaak word. Dit is 'n unieke geleentheid tot dienslewering. Daarom sou daar nie maklik verbeter kon word op die benaming van die geleentheid nie, naamlik erediens. Naas die vertikale diens aan God is daar ook die horisontale diens aan mekaar.

Aktiewe betrokkenheid in die erediens is van die allergrootste belang. Dit sou kon lei tot aktiewe betrokkenheid in die samelewing, daar waar die erediens van die lewe afspeel. Individuele betrokkenheid is nie haalbaar in die erediens nie. Müller (1990:114) wys daarop dat die betrokkenheid kollektief van aard is. Dit is groepsbetrokkenheid wat op so 'n wyse plaasvind dat elke individu tog betrokke voel en deel uitmaak van die bepaalde aktiwiteit. Groepsbetrokkenheid wat ook die emosie van die individu aanspreek.

- Laubscher (1990:49) gee aandag aan die verskil tussen letargie en liturgie. Volgens die Afrikaanse Verklarende Woordeboek (Kritzinger e.a. 1972:510), dra

die woord letargie die betekenismoontlikhede van slaapsug, gebrek aan belangstelling, ongevoeligheid en selfs dooierigheid. Laubscher beweer dat sodra die liturgie erediens na erediens 'n sleurgodsdiens word (erediens volgens gewoonte), dan is dit nie meer 'n lewende liturgie nie, maar wel letargie.

As redes vir hierdie sogenaamde verwording van die liturgie word die volgende aspekte aangestip:

- 'n Streng voorgeskrewe liturgiese orde waarvan selde of ooit afgewyk word. Hiermee sou die weg tot liturgiese insig geblokkeer word en geen ruimte gebied word vir liturgiese opvoeding nie.
- 'n Liturgie wat geabstraheer staan van die alledaagse lewe. Die erediens is allermins 'n eiland wat ronddryf in die wêreld. Die erediensgebeure moet die moet van die hier en die nou aanspreek.
- 'n Liturgie wat mank gaan aan kreatiwiteit. Die vaste boustene van die liturgie bied weliswaar voldoende ruimte om nuut en vars aangebied te word sodat die wese van die saak wel aktueel by die deelnemer aan die erediens kan tuiskom.
- 'n Liturgie wat kommunikasie-arm is omdat voldoende kontakstrukture ontbreek. Gemeentelede het nie kontak met mekaar nie en toon gevolglik ook nie voldoende belangstelling in mekaar nie. Die erediens is nie slegs 'n God-enkeling geleentheid nie, alhoewel dit die beginpunt van alles vorm. Die horisontale beginsel van mens teenoor mens en saam met mekaar mag nie misken word nie.
- 'n Liturgie wat weinig of geen ruimte laat vir gemeentedeelname nie.
- 'n Liturgie wat vir die gemeente weinig betekenis inhou omdat daar nie insig bestaan in die verskillende liturgiese momente nie. Dikwels vind liturgiese handeling plaas wat eenvoudig by die betrokkenes verbygaan sonder betekenis. Insig in die agenda van die erediens is nie slegs vir die liturgie van belang nie, maar moet ook deel uitmaak van elke lid van die gemeente se godsdienstige mondering. Langs hierdie weg word voorsiening gemaak vir die hele mens en kan sy/haar menswees tydens die erediens (die verskillende liturgiese momente daarvan) tot uitrukking kom.

‘n Liturgie wat nie voorsiening maak vir die kognitiewe, affektiewe sowel as die konatiewe aspekte van menswees nie, gaan mettertyd die mens verloor. En hierdie verlies loop eindelik uit op ‘n verlies van dié mens in en tydens die erediens.

Barnard (1981:473-475) wys daarop dat die erediens in sy wese ‘n feestelike geleentheid is.

- Daar heers blydskap oor die verlossing uit genade wat die mens in Christus deelagtig geword het.
- Daar is ook van blydskap sprake by die teenwoordigheid en ontmoeting van Christus in die erediens.
- Die blydskap kry gestalte deur die werking van die Heilige Gees.
- Vreugde kom ook ter sprake ten opsigte van die verwagting van die volmaakte erediens wat nog sal aanbreek.
- Ook heers daar blydskap oor en vanuit die onderlinge gemeenskap van die gelowiges. Dis nie alleen lekker om mekaar as broers en susters in die Here weer te sien nie, maar veral ook om saam die Here te dien.

Uit hierdie uiteensetting van Barnard kan goedsikks die afleiding gemaak word dat die erediens ‘n wesenlike bydrae moet en kan maak tot die emosionele belewenis van God as ‘n werklikheid in die persoonlike en gemeentelike lewe.

Van der Merwe en Beukes (1991:643) wys op die dialogiese karakter van die erediens met ‘n voortdurende wisselwerking tussen die Goddelike indikatief en die imperatief wat as gevolg van die indikatief die verantwoordelikheid van die mens word.

In die erediens gaan dit om die verkeer tussen Christus en sy gemeente as gemeente, as die volke van die Here, as die Kerk van die Here (Barnard 1981:387-388).

Jonker (1978:35) maak die punt dat die liturgie as orde vir die erediens die waarheidsrealisering van die Woord van God in die samekoms van die gemeente van Christus is.

Hieruit is dit duidelik dat die liturgie nooit los van die gemeente van Christus kan staan nie. Die gelowiges is ook nie as enkelinge deelnemers aan die erediens nie, maar as 'n gemeente van God, as die verbondsvolk van God.

De Klerk (1982:33) stel dit dat daar in die dialogiese verkeer tussen God en gemeente 'n onderlinge deelgenootskap (koinonia) in die hele samesyn en al die liturgiese handeling tot uitdrukking kom.

Die onderskeie eredienselemente moet daartoe bydra om die erediensganger (gelowige) tot die volle besef te laat kom van die appél van die Goddelike indikatief. Wanneer die indikatief van die mens beslag geneem het, sal die gemeenskap van die gelowiges as spontane uitvloeisel na vore kom (Van der Merwe/Beukes 1991:644).

Barnard (1981:466) is van mening dat die geestelike peil van die erediens bepaal word deur die geestelike peil van gelowiges. Die peil van die erediens kan nie opgeskuif word sonder dat die peil van persoonlike godsdiens verhoog nie. Dikwels is die swakheid wat daar in die erediens heers, te wyte aan 'n doodsheid in die persoonlike godsdiens van lidmate.

Die teendeel is ewe waar. Die aanbidding van die erediens, die geloofsbelydenis, die lees en uitleg van die Woord, die sang, die geloofsbeleving, alles, moet weer neerslag vind in die persoonlike godsdiens van die gelowiges en die deurwerking daarvan dwarsdeur sy/haar lewe.

Die erediens kan net nie werklik groei en sy volle betekenis uitstraal indien dit nie ingebed bly in die veel ruimer en ook konstante diens van die Here nie.

8.6. LIGGAAMLIKHEID IN DIE EREDIENS

Vos en Pieterse (1997:9) wil van die erediens praat as 'n handelingsruimte. In hierdie verband word gedink aan liggaamlike, geestelike en simboliese handeling. Daar word beweer dat die kommunikasie van die evangelie, die geestelike, slegs tot die mens deurkom deur middel van die liggaamlike (1997:126).

Dit gaan dus oor belewenis en/of ervaring. Alle fisieke dinge in die kerk speel 'n rol in en by die belewenis van God as werklikheid. Die liggaamlikheid van gemeentelede het ook te make met hulle hele geskiedenis en agtergrond, ervaringe, beskouinge en persoonlike situasie (1997:127).

Barnard (1995:219) sien die mens as 'n eenheid in sy liggaamlikheid tydens die gebeure van die erediens waarin al die dimensies van die erediens tot sy reg moet kom. Hy formuleer dit as volg:

- Vanuit die mensbeeld, die siening van die erediens en die kommunikasie van die evangelie, is daar drie duidelike dimensies waarvolgens die gebeure van die erediens verloop: Die dimensie van die woord, die verbale. Die dimensie van die toon, sang en musiek. Die dimensie van die liggaamlike en liggaamsbewegings.

Barnard blyk van mening te wees dat die liggaam, sy betrokkenheid en sy beweging in ons erediens onderbektoon is. Al drie bogenoemde dimensies moet in die liturgie saamspeel om die bemiddeling van die heil en die gepaardgaande ontmoeting met God te beleef.

Strauss konkludeer (1994:92) dat ons aandag moet gee en oorweging skenk aan sinvolle liggaamsbewegings in die erediens wat ons kan toevoeg aan die bestaande, veral ten opsigte van die liggaamshouding tydens gebede.

8.7. SANG IN DIE EREDIENS

Sang en musiek neem 'n belangrike plek in wanneer oor liggaamlikheid in die erediens nagedink word. Die gemeente is met hart en siel, met die stem en met die res van die liggaam, met hulle aanvoeling en waardering vir musiek en sang, daarby betrokke (Vos en Pieterse 1997:130).

En Barnard vra (1981:603) wie sal ooit die krag en betekenis van die lewende kerklied wat uit volle bord deur die gemeente gesing word kan peil.

Om te sing, versamel mense en bind hulle ook aanmekaar. Dit eis gemeenskap op, laat hulle dinge en emosies beleef, verfris en versterk, en inspireer op 'n besondere wyse. Hartlike sang betrek 'n mens se hele liggaam --- al jou sintuie en die inspanning van jou liggaam om jou stem te voeg by die res (Vos en Pieterse 1997:130).

Sang bring ook 'n gesamentlike resultaat van die individuele deelnames wat 'n kragtige uitreik word na God en medemens, en op kragtige wyse kommunikasie laat plaasvind.

8.8. RITUEEL EN SIMBOOL IN DIE EREDIENS

Vos en Pieterse (1997:131) besin ook oor die belangrike vraag naamlik hoe die liturgie in 'n oorgangsproses ('n tyd van liminaliteit) 'n rol kan speel in die vorming van nuwe samelewingsreëls en vastighede wat weer geborgenheid kan bied en hoop bewerkstellig. Ingrypende samelewingsveranderinge in Suid-Afrika ná 1994 noop tot nadenke hieroor.

Liturgie het te make met alle basiese menslike ritusse: geboorte, dood, genesing, eet en drink, liefdesbetoning, veranderingsgebeure in die mens se lewe en ook die ontmoeting met God. Indien die liturgie goed beoefen word, lei dit ons nie weg van ons menslike konteks en worstelinge in die lewe nie, maar juis tot 'n omhelsing van ons menslike konteks (1997:135).

Dit is die groeiende behoefte aan ritueel en simbool onder Christene in ons moderne konteks, wat ook die emosionele kant van die mens se belewenis en ervaring van God aanspreek (Burger 1995:73). Die fout is in die verlede te dikwels begaan dat die openbaring van God slegs in kognitiewe terme geformuleer is. Die Bybel bevat 'n oorvloed van beelde, metafore en simbole wat tot die verbeelding van die mens spreek en sy/haar emosie aanspreek.

Die erediens het ook die ritme dat dit mense voortdurend die wêreld instuur ná die belewing van 'n ontmoeting met God en met mekaar, en dan weer ná 'n verdere week laat bymekaarkom met hulle ervarings van die publieke lewe en sodoende die breër samelewing saamtrek in die liturgie (Vos en Pieterse 1997:138).

In die kultuur sowel as die liturgie van die erediens speel betekenis, simbole, rituele en metafore 'n belangrike rol. Die mens leef in 'n geslote domein wat in en deur simbole opgebreek word. Simbolisering is beweging na 'n bepaalde domein, wat weer verskillende wêreldes (domeine) wil saamvoeg (Small 2005:77). Binne die religieuse konteks beteken dit dat die goddelike en die menslike domein bymekaar gevoeg en gebring word.

Binne die teologie, en dan ook ten opsigte van die liturgie, moet die vraag beantwoord word van hoe die liturgiese simboliek ons geslote wêreld oopbreek om by God uit te kom. Die vraag in diskussie is of die simbole en rituele representatief is of presentatief.

As dit om die representatiewe gaan, dan word iets bekend van 'n ander domein sonder dat die werklike desnoods teenwoordig is. Die simbool en/of ritueel verteenwoordig God. Of stel tenminste 'n aspek van die goddelike bekend.

Gaan dit om die presentatiewe funksie, dan word daarmee gesê dat die simbool of ritueel God voorhou in die sin dat dit wil deel wees van die goddelike. Simbole en/of rituele kan dus, in die lig hiervan, nie na willekeur gekies of beoefen word nie.

Die representatiewe opvatting van simboliek is verteenwoordigend van die Gereformeerde tradisie, terwyl die presentatiewe opvatting meer eie is aan die Lutherse en Roomse denke (Small 2005:79).

8.8.1. SIMBOOLTAAL EN HANDELING

‘n Simbool is uit die aard van die saak iets anders en ook meer as net ‘n teken. ‘n Teken kan ontaard in ‘n dooie metafoor. ‘n Simbool kan en wil ‘n woord, handeling of selfs objek wees wat ‘n brugfunksie wil vorm na ‘n ander, ruimer, dieper en selfs groter werklikheid. ‘n Simbool wil selfs die verbeelding stimuleer om reg te laat geskied aan die misterieuse en verborge karakter van die onbekende werklikheid.

Simbole word vergesel van handelinge. Die handeling wil die betekeniswaarde van die simbool ondersteun of verhoog. In aansluiting by die simbool as sodanig en ‘n moontlike gepaardgaande handeling, kan ‘n ritueel ook bestaan uit sekere taalbegrippe wat veronderstel is om die ritueel tot betekenis te laat kom. Volgens Small (2005:80) kan dit ook die vorm van ‘n formule aanneem, byvoorbeeld wanneer die doop bedien word “in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees”.

Die behoefte aan simbool en ritueel sou bestaan vanweë ‘n behoefte by die mens om die buite-alledaagse ervarings op ‘n buite-alledaagse wyse te verstaan en eindelik te verwerk. Taal help om dit van God wat begryp kan word te hoor. Simbole en rituele wil meehelp om dit van God wat nie gesien kan word nie, te “sien” en Hom gevolglik ook daarvolgens te aanbid.

8.8.2. MOONTLIKE KENMERKE VAN RITUELE

Dit is nie altyd ewe duidelik hoedanig rituele beoordeel moet word nie, veral in die lig van die feit dat 'n mens soms selfs geluide hoor wat daarop dui dat gemeentes aangemoedig behoort te word om self eie rituele te ontwikkel.

Die volgende aspekte word aangestip vir oorweging (Small 2005:82):

- Daar moet bewuste keuse wees vir klem op struktuur of anti-struktuur. As voorbeeld word verwys na die bevestiging van kerkraadslede wat meer strukturele klem sou moet geniet teenoor 'n kinderdiens wat meer anti-struktureel sou wees
- Rituele moet 'n stadige tempo vertoon. Hoe stadiger, hoe meer dramaties
- Voldoende tyd vir stilte moet ingeruim word
- Rituele moet gekenmerk wees deur eenvoud
- Hoe meer sintuiglik 'n ritueel aangebied sou kon word, des te beter sal dit funksioneer
- Deelname verhoog die betekenis van die ritueel
- Moeite behoort gedoen te word met die keuse van gepaardgaande musiek

8.8.3. DIE WAARDE VAN SIMBOLE EN RITUELE BINNE DIE EREDIENS

Simbole en rituele moet waarde toevoeg tot die erediens. Dit mag nie in die liturgie en die erediens ingebring word terwille van enigiets ander as die meerdere aanbidding van God nie.

Strauss identifiseer die volgende elemente as waardevol (1994:89):

- Dit be-teken die onsigbare op 'n sigbare wyse
- Dit dien as herinneringsteken
- Simbole het objektiewe en subjektiewe betekenis. Objektief gesproke verwys 'n simbool na 'n objek buite sigself. Die simbool van die kruis wys byvoorbeeld

op die versoening in en deur Christus. Die simbool het egter ook 'n subjektiewe betekenis vir die persoon wat dit sien aangesien hy/sy dan daarmee die betekenis van die versoening beleef.

- Voorts rig dit ook die mens se aandag op die verering van God. Die gebrek aan waaragtige aanbidding in die Protestantse erediens sou toegeskryf kon word aan die afwesigheid van 'n konsentrasiepunt waarop die aandag gerig kan word.
- Die gebruik van simbole betrek die totale mens in die aanbiddingsproses. Die mens het immers nie slegs spirituele behoeftes nie, maar ook fisiese, emosionele en estetiese behoeftes. Hierdie totale behoefte van die mens kan aangespreek word deur gebruikmaking van simbole en rituele tydens die erediens (Strauss 1994:89-90).

8.8.4. VOORWAARDES VIR DIE SINVOLLE GEBRUIK VAN SIMBOOL EN RITUEEL BINNE DIE EREDIENS

Die gereformeerde liturgiese tradisie is ryk aan tipiese eiendommlikhede. Hiermee moet te alle tye rekening gehou word. Nie enige simbool of ritueel is geskik vir gebruik binne die gereformeerde erediens nie.

Strauss lê as kriteria vir die gebruik van simbool en ritueel die volgende neer (1994:90-91):

- Die simbool mag nooit 'n doel of oogmerk in sigself word nie. Simboliek is nie noodwendig geskik omdat dit mooi is nie. Die simbool moet altyd heenwys na God.
- 'n Duidelike relasie tussen die simbool en die lewe en werk van Jesus Christus is essensieel. Enige simboliek wat die aandag van die gemeente van Christus kan weglei moet uit die erediens geweer word.
- Vier aspekte vir die beoordeling van enige simboliek in die erediens is deurslaggewend, naamlik eenvoud, nugterheid, matigheid en verstaanbaarheid.

- Die simbole wat binne die erediens toegelaat en gebruik word, moet eie wees aan die kulturele milieu waaruit dit opkom.
- Simboliek moet aan die eis van eerbiedwaardigheid voldoen. Strauss verwys na Rookmaker wat in hierdie verband daarop wys dat “ you are not going to paint Jesus Christ on the cross in the style of a cartoon”.
- Simbole moet sosiaal erken en verstaan word
- Simbole en rituele kan ook slegs ‘n beperkte gebruikstyd hê
- Die gebruik van simbole en rituele mag nie verval in ‘n nuwe vorm van formalisme nie.
- Daar moet gewaak word teen oormatige gebruik.
- Die Skrif moet altyd die teks bly. Die teks moet lei na die simbool.
- Kuns wat in die simbool na vore kom moet nie die enigste modus operandi wees nie.
- Daar moet gewaak word teen gebruikmaking van te veel beeldmateriaal. Die liturg moet daarin slaag om oogkontak met die gemeente te behou.

8.9. KONKLUSIE

Dit is duidelik dat die liturgie met sy ritusse en simbole in ‘n konteks van liminaliteit, onsekerheid en vloeibaarheid ‘n uiters belangrike rol kan speel. Dit betrek die hele mens in die ontmoetingsgebeurte met God en met mekaar en spreek ook die mens se diepste wese en behoeftes aan. Dit bied troos en geborgenheid, maar dit verdiep ook spiritualiteit wat weer besiel en inspireer om steeds te bly hoop, te streef, te droom en te dien.

Gemeentes sal goed doen om tot ‘n groter besef te kom van die rol van ritusse en simbole in die erediens en om dit op ‘n sober wyse uit te bou sodat dit tot volle werking in die liturgie kan kom.

8.10. LITURGIESE PASTORAAT

Die samekoms van die gemeente is wesenlik afhanklik van verstaanbare kommunikasie omdat gelowiges (deelnemers aan hierdie korporatiewe aanbidding) mekaar moet opbou in die geloof. 'n Pastoraal-georiënteerde erediens is dan 'n erediens met 'n sterk kommunikatiewe vermoë. Dit is egter ook die geval dat 'n erediens met goeie kommunikasie nie noodwendig ook pastoraal gerig kan wees. Met die oog daarop moet met die verstand gekommunikeer word (1 Korintiërs 14:15-20). Paulus gebruik in hierdie aangehaalde teksgedeel die Griekse woordjie “nous” om daarmee die menslike “ken-organ” aan te dui wat funksioneer op die terrein van die menslik-bevatlike (Strydom 1994:207). In en deur die verskillende momente van die liturgie moet die lewensnood van die mens só aangespreek word (kommunikasie) dat nie slegs die verstandelike aangespreek voel nie, maar ook die emosionele.

Dit is die kommunikasie-kanaal tussen God en mens, mens en God en tussen mense onderling. Dit moet egter nie eensydig vereenselwig word met die koud-rationele, wat vreemd staan teenoor alle aspekte van menswees nie.

In die liturgies-pastorale kommunikasieproses moet die hele mens betrek en aangespreek word: emosioneel, verstandelik en ook ten opsigte van die wil; geestelik sowel as fisies. Dit moet plaasvind langs die weg van die verbale én nie-verbale media, en gerig wees op die geloofsreaksie van erediensgangers. Dit moet dui op God se omvattende verlossing in Christus Jesus in die totaliteit van hulle menswees. Die lewensnood van die mens moet aangespreek word.

'n Liefde vir God met die hele hart, siel en verstand (Matteus 23:37) en met al die kragte (Lukas 10:27) moet ontsteek word, gepaardgaande met die Goddelik-gewilde naasteliefde (Strydom1994:208). Die erediensverkeer moet wonde heel, vertroos, bemoedig, vermaan, Opbou, appelleer en uitdaag.

Von Allmen (1965:86) sê in hierdie verband:

“ ... just as man would be impoverished if salvation did not affect his whole being, so the cult would be impoverished if it did not offer the whole man grace to express himself liturgically”.

Die genoemde skrywer gaan dan voort om vier vlakke van liturgiese kommunikasie te onderskei (1965:86):

- Die logiese: intellektueel verstaanbare kommunikasie, gesproke of gesonge
- Die akoestiese: verbale kommunikasie, byvoorbeeld lees, resiteer, preek, sing. Liturgiese stiltes moet ook in hierdie verband verreken word, sowel as suiwer instrumentale musiek
- Die visuele: kommunikasie deur simboliese voorwerpe en handeling, kanselklede, baniere, skilderye, ensovoorts.
- Die kinetiese: liggaamsbewegings en –houdings, gesigsuitdrukings, fisiese/liturgiese handeling, prosesies.

Hoon (1971:42) spreek in verband met liturgiese kommunikasie ‘n belangrike woord van waarskuwing uit: die Christelike erediens is méér as bloot effektiewe kommunikasie wat, as menslike vaardigheid, óók vir “diaboliese” doeleindes aangewend kan word. Die Christelike liturgie is primêr ‘n Bybels-teologiese, ‘n evangeliese gebeure. Kommunikasievaardighede moet hieraan diensbaar wees.

8.11. LITURGIESE ESTETIKA EN ETIEK

Strydom (1994:259) raak hiermee ‘n belangrike faset van die erediens aan. Die Christelike etiek het te make met die Christelike lewenswyse en gedrag. ‘n Liturgiese besinning handel dan oor die wyse waarop en die gesindheid waarmee Bybels-, teologiese- en esteties-liturgiese beginsels toegepas word in die eredienspraktyk.

In die Bybels-outentieke erediens ontmoet hemel en aarde, ewigheid en tyd, God en mens en ook mens en mens mekaar. Dit het moontlik geword omdat die hoë God in die menswording van sy Seun, Homself volledig aan die kant van die mens geskaar het. Hy het daarmee in beginsel die hemel na die aarde toe laat kom. Deur die Heilige Gees het die ewigheid die tyd kom vul, daaraan nuwe sin kom gee.

Daarom vind die erediens nie plaas in 'n "hemelse geweste" nie, maar direk in die eksistensiële, aardse werklikheid van die hier en die nou. Die Nuwe Testamentiese erediens is gevolglik nooit wêreldvreemd of plegtig-sakraal nie, maar tipies aards en gewortel in die milieu waarin dit voorkom (Strydom1994:259).

Vanuit hierdie bepaalde hoek gesien is die liturgie 'n suiwer menslike saak. Daar is dan ook twee omstrede benaderings wat die eredienslewe van die kerk voortdurend bedreig:

- Die estetisisme: dit kom neer op 'n verabsoluttering van die estetiese aspek. Daar word van die standpunt uitgegaan dat slegs aan die reformatoriese "soli Deo Gloria" gestalte gegee kan word in terme van die hoë kuns. Hiermee verloor die erediens sy gerigtheid op die hele gemeente.
- Die pragmatisme van die sekularistiese kultuur, wat die hier en die nou-karakter van die liturgie op 'n wêreldse, horisontalistiese wyse tot gestalte wil bring. Die enigste norm is dié een wat prakties werk, wat onmiddellike sukses waarborg. Strydom wys ten opsigte hiervan op die feit dat hiermee die outentieke liturgiese kommunikasie vervang word met manipulasietegnieke en emosionele surrogate wat eie is aan die moderne konsumpsiekultuur.

Die liturgiese etiek beklemtoon die noodsaak van liturgiese estetika wat gebou staan op 'n konsekwent Nuwe Testamentiese Christen-dissipelskap (Lukas 14:25-35). Dit impliseer:

- Die aanvaarding van die verantwoordelikheid waartoe die liturgiese en kultuuroopdrag Christene oproep: 'n evangelie-georiënteerde kulturevisie en arbeidsetiek

- 'n konsekwente beoefening van die rentmeesterskap wat die Heilige Gees aan die kinders van God opgelê het deur aan hulle gawes toe te vertrou
- die bereidwilligheid om al meer deur die Heilige Gees verander te word na die beeld van Jesus Christus sodat sy heerlijkheid toenemend in lewe en dienslewering weerspieël sal word
- die uitleef van 'n pastorale liefde binne erediensverband.

Strydom wys ter afronding daarop dat die voortdurende strewe na die toepassing van 'n verantwoorde liturgiese estetika, noodwendig vereis dat konsekwente liturgiese dissipline in die totale omgang met die erediens vereis word (1994:262).

8.12. DIE EREDIENS AS 'N PAD WAAROP MET GOD SAAMGELOOP WORD

Die kommunikasie in die erediens begin wanneer die lidmaat na die sin van die lewe begin soek. Vos en Pieterse (1997:196) sê dat as hierdie lidmaat begin soek na die genade wat sin en betekenis gee aan sy/haar lewe, is hy/sy reeds besig om, bewustelik of onbewustelik, homself/haarself voor te berei vir die ontmoeting met God. As die deelnemer in die kerk inbeweeg, is hy/sy op pad na ontmoeting.

Die mens gaan in die erediens sit. Die sithouding impliseer ondergeskiktheid; dié houding dui op 'n liggaamlike uitdrukking van die reformatoriese ontdekking van die mens se onmagervaring in die lewe en daarom wil hy/sy net by die Here kom sit. 'n Hele stuk denke en emosie kom alreeds in die bepaalde houding van die mens na vore. Wie ernstig en eerlik oor homself/haarself nagedink het voor die erediens besef en voel nou 'n totale afhanklikheid van God aan.

8.13. AANKONDIGINGE

Die aankondiginge spreek die denke en keuses van die erediensganger op direkte wyse aan. Kennis word geneem van aktiwiteite waaraan deelgeneem kan of moet word; keuses

ten opsigte daarvan behoort gedoen te word. Die afkondiginge sou geassosieer kon word met die “erediens van die lewe”.

Detailbespreking van die plek en tyd waar en wanneer die afkondiginge sou plaasvind is nie vir die doeleindes van hierdie studie noodsaaklik nie. Die mees gevestigde praktyk in die Nederduitse Gereformeerde Kerk is voor die aanvang van die erediens. In sommige gemeentes het die praktyk ontwikkel om hierdie verskillende sake op skrif vooraf beskikbaar te stel vir lees, oorweging en nadenke. Op hierdie lys van aankondiginge word dikwels ook persoonlike omstandighede van mede-lidmate uitgewys wat ‘n emosionele appél rig tot die erediensganger om nie slegs kognitief bewus te wees van hierdie omstandighede nie, maar ook affektief daarby betrokke te raak. Voorbidding vir mede-lidmate is seker die mees algemene betrokkenheid. ‘n Gevoel van simpatie, meegevoel, ontstaan hiermee en lidmate word as broers en susters in die Here meegevoer tot voor die troon van die almagtige God.

‘n Ander manier om die gemeente emosioneel meer betrokke by mekaar te kry deur middel van die afkondigings is om, deur gebruikmaking van die moderne tegnologie, foto’s van persone wat siek is, dopelinge, betrokkenheid by aksies van die gemeente ensovoorts, op die skerm te projekteer. Dit kan ‘n sterk saambindende gevoel tot stand laat kom. Slegs dringende sake moet uitgelig word. Herhaling is onnodig.

8.14. INTROÏTUS OF TOETREDINGSLIED

De Klerk (1982:67) maak nie spesifiek melding van die introïtus nie, maar volgens sy indeling van die elemente van die erediens volgens twee dominerende groepe, sou die introïtus of toetredingslied noodwendig beskou moet word as deel van die liturgiese handeling wat ‘n gebedskarakter besit. Dit vorm as’t ware deel van die votum waarin die totale afhanklikheid van die mens teenoor God bely word. In sy/haar radeloosheid met die persoonlike lewe en die lewe in die algemeen word raad en leiding by God gesoek.

‘n Oorgang het hier ingetree in die sin dat voorheen van die introïtus gebruik gemaak is deur die gemeente om die prediker in die hande van die lewende God te plaas ten opsigte van die leiding van die erediens en die Woordverkondiging.

Nou is elke lidmaat/eredienganger betrek daarby dat hy/sy persoonlik voor God te staan gekom het. Denke/emosie/ wil is aldie betrokke en ‘n stuk sondebeseft het by implikasie reeds begin intree. Die term “introïtus” word in sekere kringe vervang met ‘n ander naamlik “toetrede”. In beginsel hoef hierin geen verskil gesoek te word nie. Die eredienganger/aanbidder soek die aangesig van God. Hy/sy begeer om in die teenwoordigheid van God te verkeer en deur God opgemerk te word.

Die praktyk het ook ontwikkel dat die erediengangers meesal bly sit terwyl ‘n lied saamgesing word. Weereens sou die houding van ondergeskiktheid en afhanklikheid dan vermeld moet word. Afwisselend sou van stilte gebruik gemaak kon word om op so ‘n wyse tot die Here te nader.

Barnard argumenteer daarvoor dat die introïtuslied liever moet verval aangesien dit, volgens hom, oorgeneem is vanuit die Roomse kerk (1981:535). Hy bestempel dit as ‘n prosessielied wat te veel klem lê op die ampte van die kerk. Barnard sien ‘n mate van sin daarin dat die kerkraad self die lied al lopende sou sing, maar vind dit te vreemd aan die gereformeerde siening van die erediens.

Wanneer die afkondiginge egter reeds afgehandel is en die introïtus/toetrede dan volg wanneer kerkraad en gemeente reeds saam vergader is, kan hierdie element van die erediens in wese beskou word as die begin van die erediens. Vos en Pieterse (1997:201) beskou dit as ‘n voorbereiding tot die erediens en voel dat dit op hierdie wyse tot liturgiese reg kom.

Janse van Rensburg (2005:440) is van oordeel dat daar in die liturgiese vernuwingsproses meer van die introïtus gemaak behoort te word. Erediensbywoning is, streng gesproke, ‘n saak wat reeds met ‘n bepaalde geestelike ingesteldheid by die huis voorafgegaan moet

word. Met afwagting en opgewondenheid moet na die huis van die Here gegaan word. Een van die oogmerke van die introïtus is om rustigheid by die erediensganger te skep in die wete dat hy/sy nou veilig in die teenwoordigheid van God kan verkeer. Só 'n rustigheid behoort alreeds Saterdagmiddag 'n aanvang te neem in voorbereiding vir Sondag se erediens en dan afronding vind in die bepaalde moment van die erediens. Al drie elemente, kognitief, konatief en affektief, lê hierin opgesluit.

Hoe dit ookal sy, in die konteks van die moderne mens waar die lewe groot eise en uitdagings stel, dien die introïtus as sterk instrument om die erediensganger sy/haar aangewesenheid op God te laat besef en in die korporatiewe verband van die erediens as 'n saambindende faktor. Die mens besef ook dat hy/sy nie alleen in nood staan voor die troon van God nie. Kollektief staan die gemeente in afhanklikheid voor die Here,

Om dit te beleef en te ervaar kan 'n sterk emosionele stimulus vir elke individuele lidmaat beteken.

8.15. VOTUM

Die votum maak deel uit van die sogenaamde groep liturgiese handeling wat 'n gebedskarakter besit. Hierdie gebruik gaan terug tot by 'n besluit van die Sinode van Dordrecht in 1574 waar die inroep van God se hulp pertinent vasgestel is in die woorde van Psalm 124:8.

Die woordjie "votum" is, na sy oorspronklike betekenis in die Latyn, aanduiding van 'n gelofte wat aan God gemaak word. Dit dra ook die gedagte van 'n gebed en daarnaas 'n verlanse of wens wat uitgespreek word.

In die Christelike kerk het dit met verloop van tyd 'n meer gerigte betekenis gekry. In die kerk van die Middeleeue het die woorde van Psalm 124:8 gedien as die inroep van God se hulp (adjutorium) en ook as openingsgebed voor die skuldbelydenis (De Klerk 1982:68).

Op die voetspoor van die Calvinistiese erfenis het die Nederduitse Gereformeerde Kerk sedert die eerste Algemene Sinode in 1962 die votum gekies as die liturgies mees verantwoorde wyse om die erediens te begin (Barnard 1981:537).

Die votum het verskeie funksies. Aan die een kant is dit beskou as 'n proklamasie-spreuk tot konstituering van die vergadering van God se volk. Aan die ander kant bestaan die standpunt ook dat die byeenkoms nie deur die liturg as voorsitter gekonstitueer kan word nie. Hierdie voorganger staan nie in die apostoliese suksessie nie en daarom kan hy die byeenkoms slegs in biddende afhanklikheid van God laat konstitueer. Daarom is die votum 'n gebed (De Klerk 1982:68).

De Klerk gaan voort deur by te voeg dat die votum inderdaad ook beskou moet word as toewyding aan die Here (1982:69). Hiervolgens is die votum dan:

- saamgestel uit die konstituering plus die inroep van God (invocatio) plus die toewyding aan God se diens
- die begin van die erediens as 'n verbondsverkeer tussen God en sy gemeente. De Klerk is oortuig daarvan dat daar voor die votum nog geen stuk van die erediens kan plaasvind nie (1982:69).
- Kragtens sy samestellende elemente is die votum van so 'n aard dat daar weinig teksgedeeltes is wat dit kan dek. Willekeurigheid sou dan hier onvanpas wees.

Die sinvolheid van die votum lê daarin dat God in die erediens teenwoordig is omdat Jesus Christus Homself as offer gegee het vir die sonde van die wêreld. Sy opstanding is ook die finale oorwinning oor die sonde en die dood, al kreun en dreun die magte nog tot by die wederkoms (Vos en Pieterse 1997:204).

God is ook in die erediens teenwoordig omdat die Heilige Gees op Pinksterdag by elke gelowige, die gemeente en die wêreld kom inwoon het. Hy deel die heil wat Christus bewerk het uit in die erediens. Hieruit volg dat die gemeente die lewende God in die

erediens ontmoet en met Hom gemeenskap het. God is werklik teenwoordig, dis “praesentia realis”. Sy teenwoordigheid is deel van sy belofte dat Hy teenwoordig sal wees waar mense in sy Naam vergader.

Die woord “votum” (gelofte, wens, gebed) druk ‘n verlange na hierdie God se teenwoordigheid uit; dit is ‘n gebed waarin op God se teenwoordigheid gereken word; dit is ‘n verklaring dat die gemeente in God se teenwoordigheid verkeer; dit is ‘n proklamasie in verband met die aard van die samekoms; dit is ook ‘n belydenis en getuienis van afhanklikheid.

Die sin van die votum kan op verskillende maniere tot uitdrukking gebring word. Daar is die adjutorium wat selfstandig of met toevoeging van die woorde van Psalm 146:6 en 138:8 kan geskied. Die sogenaamde trinitariese formule kan goedsikks ook gebruik word. Daarbenewens is daar heelwat ander Skrifgedeeltes wat aangewend sou kon word (1997:205). Selfs bepaalde liedere sou as votum ingspan kon word.

Dit is egter belangrik dat met die keuse van Skrifgedeeltes rekening gehou sal word met die sin en betekenis van die votum. Die gemeente se bestaan en voortbestaan is van God se teenwoordigheid en betrokkenheid afhanklik.

Dit is verder opvallend dat denke en emosie duidelik tot openbaring kom in die gebruik van die votum. Denke is gebaseer op die kennis en besef van God se weldade en die emosie is begrond in die belewenis dat dit vir elkeen persoonlik geskied het en ‘n voorreg is om in die teenwoordigheid van die almagtige God te kan leef en verkeer. Gesien vanuit die antropologiese vertrekpunt dat die mens bevoorreg is om in ‘n verbondsverhouding met God te kan staan, spreek die votum verder sterk tot die mens se gevoel deurdat ‘n ervaring van geborgenheid hiermee saamgaan.

Barnard (1981:538) beweer dat die erediens om teologiese redes moet begin met ‘n Skrifwoord, met die noem van die Naam van God; deurdat die gedagtes op God gerig word en die gemeente hulle voor die aangesig van God kom stel. In alles moet die

teenwoordigheid en die werksaamheid van God duidelik na vore kom. Omdat die votum ook in die sfeer van gebed plaasvind, pleit Barnard ook daarvoor dat die erediensgangers die oë sal sluit (1981:540).

8.16. SEËNGROET

Vos vertolk die bedoeling van die seëngroet treffend in 'n kort gediggie (1997:206):

Met bewende hand wil ek julle groet

In die Naam van die Vader, Seun en Gees.

Hy wil julle by sy fees ontmoet:

Die Here sal met julle almal wees.

Volgens De Klerk (1982:77) vorm die seëngroet deel van die groep liturgiese handelingte waarin die element van verkondiging oorheersend is. 'n Dialogiese wisselwerking het nou aan die gang begin kom.

Die kombinasie van die votum en die seëngroet word nie in die voor-reformatoriese en selfs in die reformatoriese liturgieë aangetref nie (1982:77). Slegs een van die twee kom voor met die groet as die mees algemene.

De Klerk is van mening dat dit tog 'n sinvolle kombinasie is. Waar die erediens begin met die votum as die konstituerende spreuk en as die inroepende en toegewyde bede, pas die seëngroet as die antwoord van God mooi daarby. Tog het ons hier twee aparte momente wat deur 'n "amen" tussenin geskei behoort te word.

Oor die aard van die seëngroet is daar uiteenlopende standpunte. Sommige teoloë beskou dit gewoon as 'n groet waarin die genade en die vrede van God aangekondig word vir die gemeente, terwyl ander dit beskou en ervaar as 'n seën wat op dieselfde vlak lê as die Aäronitiese seën (Numeri 6:24-27).

De Klerk gaan van die standpunt uit dat die seëngroet beskou moet word as 'n besondere vorm van verkondiging en toesegging, maar dat dit wel binne die konteks en bedoeling van 'n seënwens geplaas moet word (1982:78).

- Die seëngroet is 'n groet wat in die lyn van die groet van die opgestane Here lê (Johannes 20:21). Sy groet van “vrede” is geen leë gebaar nie. Die vrug van Christus se lyding word aan die gemeente toegesê.
- Die seëngroet is daarby ook 'n amptelike toesegging waarin dit nie die liturg se vriendelikheid is wat op die voorgrond staan nie, maar waarin die liturg slegs mondstuk is van die Here wat sy gemeente begroet.
- In die seëngroet word gebruik gemaak van die apostoliese formules en waar nodig aangevul met die verwysing na die werksaamheid van die Heilige Gees ten einde dit aan die trinitariese vereistes te laat voldoen.
- De Klerk stel ten opsigte van die gebruik van die seëngroet ook die vereiste van “soberheid” (1982:79). Hy keur dit ten sterkste af dat, soos hy dit stel, “verfraaiinge” soos “ryklik geseën” en/of die uitdrukking “vermenigvuldig” gebruik sou word.

In die apostoliese formulering van die seëngroet is daar reeds voldoende oortuigingskrag opgesluit.

Barnard bring die perspektief by dat in hierdie groet die versekering opgesluit lê dat die Here met sy gemeente gesprek wil voer (1981:541). Dit vorm dan ook die uitnodiging tot die gemeente om die Here hierin te vertrou en na te volg. God maak dit onmiskenbaar duidelik aan die gemeente dat Hy die besondere verbondsgemeenskap met die gemeente seek en begeer.

Vos en Pieterse (1997:206) onderskei verskillende vorme van die groet:

- Die wisselgroet: Dit is die beurtspraak tussen voorganger en gemeente. Die voorganger sê: “ Die Here is met u”, waarop die gemeente antwoord: “Ook met u is die Here”.
- Die apostoliese groet: Hierdie groet kom aan die begin van die liturgie voor. Meesal geskied dit na die adjutorium (votum). Die voorganger spreek met of sonder opgeligte hand(e) die groet uit. Liturgies sou dit sinvol kon wees as die gemeente hier met ‘n “amen” sou reageer.
- Die vredesgroet: In die Protestantse tradisie is hierdie vorm van groet betreklik nuut. Die onderlinge groet kom as ‘n reël by die Nagmaalstafel voor.
- Verwelkoming as groet: dit is nie ‘n liturgiese groet nie en kom gewoonlik voor as verwelkoming net voordat aan die aankondiginge aandag gegee word.

Die wisselgroet was van die vroegste tye af in die kerk bekend. Een van die redes waarom die wisselgroet ‘n plek in die liturgie begin kry het is ekumenies van aard. In navolging van De Klerk en Barnard word hier van die standpunt uitgegaan dat die apostoliese groet die mees waardevolle en sinvolle is.

In die Oosterse wêreld was die groet nooit ‘n formaliteit nie. Dit het ‘n bepaalde verhouding uitgedruk. Hierdie verhouding was dan ook aan sekere reëls gebonde. In die wyse van groet het die verhouding waarin die betrokkenes teenoor mekaar gstaan het tot uitdrukking gekom. Die verhouding tussen God en die gemeente is gegrond op die heil wat Christus gebring het en wat deur die Heilige Gees uitgedeel is.

In die apostoliese groet kom hierdie bepaalde relasie duidelik aan die lig. Paulus stel hom hiermee as apostel bekend wat namens Jesus Christus met die gemeente praat. In hierdie groet bind God Hom aan sy gemeente wat aan Hom verbonde is (Vos en Pieterse1997:211).

Die inhoud van die groethandeling kom nog duideliker aan die lig as in ag geneem word dat die woord vir groet en seën in die Ou Testament dieselfde woord is, naamlik “brk”. Om te groet behels dan om seën uit en mee te deel. Die gemeente wat gegroet word is ‘n

geseënde gemeente na wie God met al sy genade en vrede kom. Deur die heil wat Christus gebring het en wat die Heilige aktualiseer, staan die gemeente in 'n heilsrelasie tot God. Dit is dié gemeente wat God se groet ontvang, of anders gesê, dit is dié gemeente wat die toegespitste aandag van God kry.

In die lig van die voorgenoemde kan die onderlinge groet ook beter begryp word. Mense wat deur God geseën voel, kan en wil mekaar ook seën. Die onderlinge seën vorm dan ook uitdrukking van 'n relasie wat bestaan, die gemeenskap van die gelowiges.

Dis by die seëngroet net so opvallend dat hier 'n groot mate van denke (kennis) asook emosie teenwoordig is. Wanneer slegs kennis gedra en geneem word van die feit dat God sy gemeente groet, het dit nie veel betekenskrag nie. Ongelukkig is daar baie lidmate wat dit maar gewoon hoor en niks in hulle binneste ervaar en beleef van God se nabyheid en besondere belangstelling in hulle elkeen nie.

Natuurlik is hierdie gebrek aan belewenis te wyte aan gebrek aan kennis. Onbekend maak onbemind. Hierdie besondere verkondigingselement van die erediensliturgie moet aan die gemeente verduidelik word sodat hulle tot in hulle harte kan beleef en voel dat God hulle opgemerk het en in 'n unieke verhouding met hulle wil staan. Die oorkoepelende verhouding waarin God dan ook deurgaans in die Skrif met sy mense verkeer, is die verbondsverhouding. Hy wil die God van sy gemeente wees en hierdie gemeente (gesamentlik en elkeen ook individueel) kan en mag sy kinders wees.

Dit is as't ware familiebande wat hier aan die begin van elke erediens met die seëngroet herbevestig word. Daarmee saam loop 'n gevoel van sekuriteit en vreugde. Die Godskonsep van Vader sou hierby dan ook nie misgekyk moet word nie. God is wat is kom duidelik na vore in die seëngroet.

Burger is van mening dat meer gemaak moet word van die eerste paar minute van elke erediens. Binne die eerste 10 minute gebeur daar iets óf nie (1995:89). Binne hierdie tydbestek is daar geweldige fluktuasie en beweging van gevoel en emosie wat moet

uitloop op besluitneming. Mense moet in hierdie tydsgleuf die grens van die alledaagse daarbuite oorsteek om in die atmosfeer van die onsienlike in te beweeg. Foefies en uitspattighede is taboe. Die regte aanvoeling, deurleefde spiritualiteit by die liturgie en 'n egte liturgiese "presence" is van deurslaggewende belang. Dit kan die verskil maak.

Burger spreek ook die vermoede uit dat dit maklik kan gebeur dat die lofsang te vinnig op die gemeente afkom na die introïtus, votum en seëngroet. Die elemente is so oorweldigend en gelaai met die afhanklikheid van die mens op God en die bevestiging dat God sy gemeente opgemerk het en by hulle teenwoordig wil wees, dat dit die opregte erediensganger as't ware stom slaan (1995:116). Dit mag dalk net vrugbaar wees om hier 'n oomblik van stilte in te voer voordat oorgegaan word na die lofsang om elke erediensganger die geleentheid te bied tot nadenke oor die implikasie dat die almagtige God nou hier en by my is.

8.17. LOFSANG

Dit is interessant en belangrik dat De Klerk die lofsang kategoriseer as een van die elemente van die erediensliturgie wat 'n gebedskarakter vertoon (1982:67).

By Calvin en ander gereformeerdes is ná die seëngroet onmiddellik oorgegaan tot die verootmoediging met die gepaardgaande skuldbelydenis. Hierop het die genadeverkondiging dan gevolg. Die gesamentlike en korporatiewe skuldbelydenis en genadeverkondiging het die bieb by die Roomse kerk vervang.

Hierdie aanvanklike uitgangspunt in die liturgiese orde is later deur baie kerke vervang met die lofsang terwyl die element van verootmoediging dan eers later in die erediens voorgekom het.

Die grondtoon van die erediens is lof. Die bevoorregte verbondsvolk van God kan nie swyg oor die groot dae van God en oor die heerlikheid van die Here nie.

De Klerk stel in digterlike taal hoe die gemeente van die Here in die seëngroet die septer van lieflikheid gesien het wat die Troonvors in genade oor hulle uitsteek (1982:70). God het deur die toesegging van die genade en vrede sy troosryke nabyheid belowe. Daarom kan en moet en wil die volk nou antwoordende na vore kom met 'n lofsang.

By Vos en Pieterse (1997:230) kom 'n veelseggende gedig van I.L. de Villiers voor:

*“ Dit is die dag deur God verkore
En eenmaal is sy Kind gebore
Die feesdag kom Hom waarlik toe
Maar ons voel nog so half verlore”.*

Daar sou van die lied van die lewe gepraat kon word ten opsigte van die lofsang. Sang is 'n handeling wat verbinding bewerkstellig. Met sy musiek begeef die mens hom/haar in die sfeer van kosmiese harmonie. Deur die klank van musiek ondersteun die mens samewerking tydens arbeid; in musiek soek die mens heling van siekte en troos in sy/haar hartseer. Met sy sang neem die mens ook deel aan die psalms van die voëls, die lofliedere van die skepping en die hemelse magte (1997:231).

Daarom kan daar ook van die lied van die erediens gepraat word. Die gemeente word deur die lied in die erediens verenig. Met lof en jubeling, klagte en belydenis, getuienis en hoop staan die hele gemeente voor die lewende God.

Strydom (1994:285) wys daarop dat die lied 'n volwaardige en waardevolle handelingsvoertuig is. In en deur die sang word spesifieke handeling deur die gemeente verrig. Daarbenewens vorm die lied 'n volwaardige kommunikasiemedium. Al singende kommunikeer die gelowiges die evangelie onderling en teenoor die wêreld.

Deur die lied leef die gemeente aktief in die erediens mee (Vos/Pieterse 1997:231). In die reformatoriese tradisie is die gemeentesang 'n inleiding tot die aktiewe deelname van die gemeente aan die liturgie van die erediens.

Strydom (1994:286) wys ook daarop dat sang in die erediens 'n kerugmatiese funksie het. Dit verklank God se spreke tot sy volk. Die rasionalistiese benadering tot die Protestantse erediens het dikwels die preek verabsoluteer as verkondigingsmedium. Dit het die nadeel gebring dat die verkondigingswaarde van die liturgie totaal onderwaardeer is.

In die erediens is daar egter verskillende verkondigingsmodaliteite wat elkeen sy eie en unieke funksie en plek het. Hierdie verskillende modaliteite staan naas en aanvullend tot mekaar en mag nie teenoor mekaar geplaas word nie. Elkeen van hierdie kerugmatiese modaliteite is essensieel vir 'n outentieke liturgiese lewe. Die unieke van kerksang as 'n verkondigingsmodaliteit bestaan daarin dat verkondiging, belydenis en aanbidding daarin saamvloei.

Volgens Strydom (1997:288) is liturgiese sang ook geloofsantwoord. In die kerksang, en só veral in die lofsang, word die geloofsrespons van die gemeente op die spreke van God gehoor.

Daarmee saam dra die eredienssang ook 'n funksionele dienskarakter. Dit openbaar 'n pastorale funksie. Sang kan 'n sterk medium vir onderlinge troos en bemoediging vorm en daarby 'n aansporing tot dankbaarheid en vreugde.

Eredienssang het ook veel te make met die sielsorg van die singende gelowige as 'n enkeling. Dit bou geloofsversekering en stimuleer geloofsgroei.

Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar (1994:290). 'n Apatiese houding, gemaksugtigheid, 'n houding van sang-is-nie-vir-my-nie, werk geestelik verarmend en vereensamend in op die lewe van die individu wat ten opsigte van die sanghandeling eenkant bly staan.

Burger (1991:63) se opmerking dat wanneer mense God deur sang loof en eer, daar blykbaar iets in hierdie mense se lewens gebeur wat baie moeilik op ander maniere bewerkstellig sou kon word, bevestig die sentrale funksie van sang in die erediens.

Die lied is die manier waardeur die gemeente tot ontmoeting en diens aan God begelei word. Sang vermurwe die harte; dit verdryf traagheid en wek entoesiasme. Dit skep atmosfeer en gemeenskap. Die lied bring dikwels ook 'n traan in die oog.

Daar vind in en deur die lied 'n mate van transendering plaas (Vos/Pieterse 1997:232). Daarom is liggaamshouding by die sing van enige lied in die erediens baie belangrik. Dit is byvoorbeeld ondenkbaar om hand-in-die-sak te staan wanneer die lofsang gesing word.

Janse van Rensburg (2005:444) wys daarop dat lofprysing in die Ou Testament nie slegs deur die sing van ou en tradisionele liedere (psalms) gekenmerk is nie. 'n Verbinding met liedere van die verlede is gehandhaaf, maar tegelyk is kontemporêre liedere ook gesing. Daar was aanmoediging daartoe dat nuwe liedere gekomponeer en gesing moes word.

In aansluiting hierby moet melding gemaak word van die uitdagings en geleenthede wat Hanekom (Die Kerkbode, 9 Maart 2007) vir gemeentes sien. Hy maak die opmerking dat hoe rowwer die tye raak, hoe groter die behoefte aan dinge wat balans kan bring. Musiek sou nie in die eerste plek beskou kon word as die middel waardeur ons sinne en emosies bevredig word nie, maar dit is tog 'n ongelooflike instrument om God te verheerlik.

Hanekom wil die ruimte vir kontemporêre kerkmusiek uitwys. Daarby moet die sogenaamde “klassieke klanke” nie uitgedoof word nie. Musiek kan soveel emosies na vore bring: gewydheid, vreugde, lof, smart, deernis.

Terwyl dit nagestreef behoort te word om al die verskillende groeperinge in 'n gemeente (jonk en oud) saam te snoer in die erediens, moet die vraag sekerlik hier aan die orde gestel word of dit nie tyd en wenslik geword het nie om in 'n enkele erediens beide die bestaande kerkliedere en kontemporêre liedere, hierby ingesluit “Gospelliedere”, tot hulle

reg te laat kom. Natuurlik is daar plek vir orkeste en dramatiese-pragtige orrelspel, maar net so is daar plek en ruimte vir die eenvoud van 'n enkele instrument en 'n enkel stem. Dit kan die geloofsgemeenskap in verwondering laat.

Versigtigheid sou egter aan die dag gelê moet word ten opsigte van die verchristeliking van sekulêre musiek. Kriteria soos dit wat pas, liedere en musiek gekenmerk deur soberheid, eenvoud, eerbied en styl geld steeds.

Uit die voorgaande is dit baie duidelik hoedat denke en emosie op die voorgrond staan by gemeentesang. Verskillende emosies word ontlok deur die verskillende tipes van liedere wat in die erediens gebruik word. So moet blydskap en vreugde geles kan word op die gesing en in die oë van dié erediensganger wat besig is om 'n loflied te sing.

Die verskillende emosies tydens die lofsang sou egter alleen aanwesig en merkbaar wees wanneer die erediensganger werklik met nadenke sing en met oorgawe deel uitmaak van die singende gemeenskap van gelowiges.

As hipotese is gestel dat die vermoede bestaan dat die behoefte aan belewenis in die erediens tog duidelik versoenbaar kan wees met 'n gereformeerde spiritualiteit. Die karakter en die struktuur van die liedere wat tydens die erediens gebruik word bevestig hierdie vermoede. De Klerk maak, met tipiese gereformeerdeheid, die opmerking dat lofsang in die erediens ten nouste moet aansluit by die Bybelse wyse van lofverheffing van die Ewige Here (1982:71).

Strydom wys ook daarop dat daar deur die lied ongesonde ekstase of selfs aggressie opgewek kan word en dat mense meegevoer kan word in 'n wêreldontvluggende mistiek (1994:283). In aansluiting hierby sou die vraag dan gevra moet word of die sogenaamde gospelmusiek nie kan bydra tot hierdie gevare waarop Strydom wys nie.

8.18. SKULDBELYDENIS EN VEROOTMOEDIGING

*“ U kan ek nie in die oë kyk nie,
my skuld wil nie van my wyk nie.
Wees my, arm sondaar genadig,
U is liefderyk en genadig”*

By Calvyn, in navolging van Bucer, het die verootmoediging ‘n plek gekry aan die begin van die erediens net na die aanvangswoorde (De Klerk 1982:71). Calvyn het sterk daarop gestaan dat die erediens sou begin met ‘n belydenis van onwaardigheid en skuldbesef.

Die skuldbelydenis en –vergewing is aan mekaar verwant. Die verwantskap beteken egter nie dat die skuldbelydenis ‘n voorwaarde vir skuldvergewing sou wees nie. Die enigste teologiese grond vir sondevergifnis is die soenverdienste van Jesus Christus op Golgota. Op grond van hierdie soenverdienste oorreed die Heilige Gees die ernstig-denkende mens tot skuldbelydenis en ontvang hierdie persoon uit genade alleen sondevergifnis.

Vos en Pieterse (1997:229) wys daarop dat dit van die grootste belang is dat die skuldbelydenis in die erediens nie vaagweg en onnadenkend gedoen sal word nie. Die skuldbelydenis het sogenaamde “onthoufunksies” wat in die erediens neerslag behoort te vind. Met hierdie onthoufunksies is die bedoeling dan dat die skuldbelydenis ‘n geheue skeep, ‘n ruimte waarbinne individuele en korporatiewe belydenishandelinge uitgevoer kan word.

Die volgende onthouhandelinge word onderskei:

- Tydsonthou --- hiermee word bedoel dat die geskiedenis en omstandighede van die skuld in herinnering geroep word. Hoewel die skuldbelydenis in die erediens ‘n korporatiewe saak is, hou dit verband met skuldbelydenis in die binnekamer. Dit moet gepaard gaan met ‘n emosie van opregte berou; dit moet in herinnering roep wat waar en wanneer gebeur het. Skuldbelydenis by korporatiewe

aanbidding sal niksseggend van aard wees indien die betrokke gelowige nie geleer het wat dit beteken om werklik in “sak en as” voor die Here te staan oor sonde in die persoonlike lewe nie. Skuldbelydenis sou goedskiks bestempel kon word as een van die mees verwaarloosde aspekte van die persoonlike geloofslewe en net so ook as ‘n meganiese onder-afdeling van die liturgie. Korporatiewe belydenis van sonde gebeur somer maar net so asof dit maar net nog iets is wat tydens die erediens plaasvind. Geen wonder nie dat dit die implikasie van Calvyn was dat niks anders in werklikheid tydens die erediens sou kon begin plaasvind, alvorens die mens sy/haar skuld teenoor God erken en bely het nie. Onbeheersde emosie is gevaarlik, maar sou dit onvanpas wees om te verwag dat daar by die opregte gelowige, tydens sy/haar skuldbelydenis teenoor die Here, nie tog maar ‘n traan in die hoek van die oog sou moes wees nie.

- Ervaringsonthou --- Hierdie aspek van skuldbelydenis het die funksie om mense se pynlike ervarings in herinnering te roep. ‘n Besef van wat mense mekaar aandoen en tegelyk ‘n besef van die teleurstelling by God ten opsigte van sonde in die lewe van die mens; die feit dat hierdie mens sy/haar Godgegewe doel in die lewe mis. Deur die liturgiese skuldbelydenis kan die pyn en leed wat mense God en mekaar en ander mense aangedoen het, ervaar en beleef en gevolglik bely word.
- Omgewingsonthou --- Hiermee word die skuldbelydenis van vaagheid en geyktheid bewaar. Dit maak die skuldbelydenis brandend aktueel (Vos en Pieterse 1997:230). Skuld word nie verswyg nie, dit word blootgelê vir wat dit is. Skuldbelydenis word op hierdie wyse ‘n beweging van die nag na die dag; van die duisternis na die lig.

Volgens De Klerk (1982:67) maak die skuldbelydenis en verootmoediging deel uit van die liturgiese handeling wat ‘n gebedskarakter besit. Hoewel dit korporatief geskied is dit terselfdertyd ook sterk individueel. Die gemeente van die Here bestaan uit individue.

Barnard (1981:547) toon aan dat by die ontmoeting van die gemeente met sy Here 'n omvattende gesprek plaasvind. Tydens hierdie gesprek raak die gemeente, bestaande uit individue, bewus van die eie nietigheid voor God, onwaardigheid en eindigheid. Hier pas dit dan dat die gemeente, teenoor die volmaaktheid van God, sy eie swakheid en onvolmaaktheid sal erken en bely.

Die erkenning van sondeskuld en die gepaardgaande belydenis daarvan verseker dat die dialogiese gesprek wat tussen God en sy gemeente ten tye van korporatiewe aanbidding aan die gang gekom het, voortgesit kan word. Die gemeente het reeds deur veral die seëngroet daarvan kennis geneem dat die Here sy genade en vrede wil uitdeel.

In die erediens gaan dit nie slegs om die skuldbelydenis van die enkeling nie, maar juis om dié van die gemeente. Individue wat saamgesnoer is as die gemeente van Christus. Die klem moet val op beide individuele en korporatiewe skuld, gemeenskaplike sonde en sondigheid as 'n karakteristieke eienskap van elke mens.

Skuldbelydenis tydens die geleentheid word 'n besondere moment, want waar die gemeente sy skuld teenoor God besef en bely, daar is die barmhartigheid en die genade van God ook alreeds teenwoordig (1981:548). Dit word 'n ontsaglike troos dat ten spyte van onwaardigheid, die gemeente tog ook kan weet dat hulle buig voor dié Here by wie daar vergewing, genade en redding is. Dit maak egter die dringendheid van opregtheid by die skuldbelydenis soveel groter en die gepaardgaande verantwoordelikheid meer omvangryk.

8.19. GENADEVERKONDIGING

Die liturgie van die erediens sou onvolledig en onafgerond wees as die elemente van skuldbelydenis en genadeverkondiging nie hulle regmatige plek gegun word nie. Ongelukkig gebeur dit deesdae meermale.

Genadeverkondiging kan alleenlik geskied teenoor 'n berouvolle hart. Genade word sekerlik ook in die Woordverkondiging aangekondig, maar as afsonderlike element van die liturgie vind dit plaas op 'n geïntensifiseerde wyse (Barnard 1981:550).

In die genadeverkondiging vind ons as't ware die uiterste konsentrasiepunt van die evangelie. Saam met die genadeverkondiging gaan die element van retensie (vryspraak). Barnard is van oortuiging dat die retensie volgens vaste en skriftuurlike vorm moet geskied. Op hierdie wyse kom dit immers direk van God af en is dit nie 'n reeds geïnterpreteerde saak nie.

Die gevaar bestaan ten opsigte van die genadeverkondiging dat dit maklik kan verword tot iets wat outomaties plaasvind en dat sondeskuld te maklik gekollektiveer kan word. Wanneer dit egter plaasvind tydens die erediens moet dit telkens nuut en vars beleef word en die evangelie moet uniekheid behou.

Dit moet eintlik nodeloos wees om daarop te wys dat die elemente van denke en emosie ten nouste gepaard gaan met die skuldbelydenis en verootmoediging tydens die erediens. Die oorheersende emosie hierby is dié van opregte berou (hartseer) oor die sonde. Sodanige berou sal alleenlik kan intree wanneer daar op eerlike wyse nagedink word oor die lewe en wanneer die gemeente op intense wyse die verskillende elemente van die erediens wat reeds plaasgevind het belewe het. Die rol wat die voorganger in en by hierdie belewenisse sou hê mag ook nie onderskat word nie.

Daar moet egter gewaak word teen oordrewe emosie net soos daar gewys moet word op die gevaar van 'n kliniese, rasonele benadering ten opsigte van die werklikheid van die sonde. Inderdaad, balans en perspektief is twee kernmomente van korporatiewe aanbidding.

'n Derde emosie wat onlosmaaklik volg op hierdie elemente van die erediensliturgie is die dankbaarheid. Wanneer God só mildelik vergewe dat Hy selfs nooit weer aan die

sonde wil dink nie (Psalm 103), wel trane van dankbaarheid sekerlik op in die oë van elke opregte gelowige en volg die besluit en daad van volledige oorgawe aan die Here.

8.120. DEKALOOG

Die Wet kom in die vroeë Kerk en gedurende die vroeë Middeleeue nie in die erediens voor nie. Dit is eers in die laat Middeleeue dat dit in die erediens 'n plek begin kry. Dit is veral in die pronaus dat dit 'n plek verkry na die preek en na die Apostolicum en net voor die skuldbelydenis (Barnard 1981:544).

In die liturgiese orde van Zwingli word die wet na die preek en die apostolicum aangetref. Die liturgiese ordes van a'Lasco en Micron volg Zwingli hierin na --- die wet volg na die preek en daarna die skuldbelydenis.

Calvyn weer, beskou die wet as 'n reël van dankbaarheid. Calvyn plaas die wet egter voor die preek en na die skuldbelydenis en absalusie. Later begin dit algemeen aangetref word dat die wet na die begin van die erediens verskuif word en net voor die skuldbelydenis gelees word (1981:544).

Heyns (1970:44) bestempel die evangelie as God se voortgaande heilshandeling met die mens wat in Jesus Christus 'n hoogtepunt bereik. As die wet dan God se bevel tot ordelike bestaan en voortbestaan is, en ons dáárin ook heilsklanke hoor, dan is dit duidelik dat wet en evangelie albei verband hou met en elkeen op sy eie wyse 'n aspek toon van God se heilshandeling.

God se voortgaande heilshandeling word uitgedruk deur 'n liefdevolle omgang met die mens. Hierdie liefdevolle omgang verlang en ontlok 'n liefdevolle antwoord. In die wet word die antwoord wat die mens aan God verskuldig is, gegee (1970:45).

De Klerk (1982:67) groepeer die wet by die liturgiese handeling wat 'n karakter van verkondiging besit. In wese kom dit daarop neer dat die wet die wil van God

bekendmaak. Jesus het die wil van God duidelik geïllustreer in die samevattinge van die wet (Matteus 22 en Markus 12) waarin uitgespel word dat die mens God moet liefhê met hart, siel, liggaam en verstand. Daarnaas staan die eis van naasteliefde.

Daar kan drie verskillende gebruike van die wet onderskei word. Die eerste gebruik van die wet word bestempel as die “*primus usus legis*”, of dan ook die “*usus politicus*”. Hiervolgens vorm die wet ‘n raamwerk wat die mens buite Christus bedwing en hom binne ‘n bepaalde morele fatsoen laat lewe (Vos en Pieterse 1997:235).

Kennis van God se wet is kragtens die algemene openbaring by alle mense aanwesig met die gepaardgaande gevolg dat hulle deur die wet aangespreek staan.

Die tweede gebruik van die wet word bestempel as die “*usus paedagogicus*” of ook die “*usus elencticus*”. Die wet dien nou as opvoedingskrag. Barnard praat van die wet as ‘n spieël vir die kennis van sonde. Die lees van die wet tydens die erediens bedoel nou om die gemeente onder die indruk van God se heiligheid te bring en daarmee saam die eise wat God stel aan sy dissipels (1981:544).

Die gemeente wil daartoe gelei word om hulle sondeskuld te besef waar hulle as gemeente en as enkelinge die wet van God negatief oortree het deur gesindheid, gedagtes, woorde en dade; en positief waar die groot bedoeling van die wet te kort skiet in die lewe van die gemeente.

Die bedoeling is voorts dat hierdie besef van sonde die gemeente moet bring om na Christus se verlossing te gryp --- só word die wet dan “‘n tugmeester na Christus” toe (Galasiërs 3:24).

Volgens Barnard is hierdie ‘n baie belangrike motief vir die gebruik van die wet tydens die erediens, alhoewel die wet geensins die enigste medium is waardeur die erediensganger tot sondebeseft gebring word nie sodat ‘n begeerte na verlossing sou ontstaan (1981:545).

Vos en Pieterse (1997:237) is van oortuiging dat hierdie tweede gebruik van die wet, naamlik die “usus paedagogicus” inderdaad ‘n sleutelrol speel in die erediens. In die erediens as ontmoeting met en aanbidding van God laat die wet die mens sy eie onmag besef sodat hy/sy hulle heil by Christus alleen kan ontvang. Dit is die Heilige Gees wat die mens tot aanvaarding van die heil beweeg. Dit behoort immers tot die taak en funksie van die Heilige Gees om te oortuig van sonde (Johannes 16).

Daarom mag die funksie van die wet nooit in die erediens verwaarloos word nie. Die gelowige het sy/haar lewenstryd nog nie agter die rug nie. Die gelowige is immers “simul iustus et peccator”. Vos en Pieterse dui die aangewese plek van die wet in die erediens aan as net na afloop van die seëngroet en lofsang (1997:237).

Barnard is egter bevrees (1981:545) dat sodanige gebruik van die wet aanleiding kan gee tot wettisisme en werkheiligheid. Die gevaar bestaan dat die wet so op die voorgrond te staan kom dat die evangelie misgekyk word.

‘n Oordrewe en moontlik negatiewe emosie kan hierdeur ontstaan wat dan die belewenis en ervaring van God se teenwoordigheid in die erediens op ‘n syspoor kan stuur. God kyk immers nou na die mens deur Jesus Christus en Christus het die wet vervul.

Die derde gebruik van die wet staan bekend as die “usus normativus”. Calvyn was van mening dat dit die belangrikste gebruik van die wet is (Inst.11/V11/12). Volgens Heyns fokus hierdie gebruik van die wet op die wet as norm en rigsgaander vir die gelowige se godsdienstig-sedelike lewe op aarde (1970:94).

Een van die funksies van die Wet in die Ou Testament was om of (a) die relasies tussen mense en God of (b) relasies tussen mense (met implikasie vir die mens-Goddelike verhouding) te reël (Vos/Pieterse 1997:237). Die Wet het dus as norm vir die verhouding tussen God en mens en medemens gegeld.

Hierdie derde funksie van die wet, naamlik “usus normativus” het ‘n sentrale plek in die erediens. Die heil wat in die erediens deur verskillende handeling na die mens toe kom, maak by hierdie mens ‘n reaksie en ‘n gevoel van dankbaarheid los. Die wyse waarop en waardeur die dankbaarheid teenoor die genadige God tot uitdrukking kom, is deur die nakoming van die wet. Die wet bied aan die gelowige ‘n dankbaarheidstyl (1997:238).

Deur die onderhouding van die wet leef die gelowige sy dank aan God. Barnard brei hierop uit deur te sê dat die wet God se wil vir sy volk, sy kerk, die mens uitdruk waar dit in die erediens gelees word. Dit is bekendmaking van die wil van God en daarmee saam die eis van gehoorsaamheid (1981:545).

Die gemeente luister na die wet van God met die bedoeling om dit nougeset na te volg in die konkrete lewe. God se aanspraak op sy verbondskinders kom tot uitdrukking waar hulle sy wet hoor en eindelijk begin gehoorsaam. In hierdie sin van die woord is die wet ook Verbondswet. In die aanhef van die wet maak God Homself duidelik bekend as die verlossende God; Hy wat steeds vir sy volk God wil wees en verwag en vra dat hulle duidelik en met oortuiging God se kinders sal wees.

Hier is ook ‘n teokratiese motief sigbaar by die gebruik van die wet as “usus normativus”. God se volk erken God se koningskap oor hulle lewe en hulle kom stel hulleself voor die aangesig van God en om in te buig onder die wil van God (Barnard 1981:545).

De Klerk (1982:80) wil, in die lig hiervan, pleit daarvoor dat die plasing van die wet in die erediens uitgeskuif moet word tot na die geloofsbelydenis. Hy sien die plek daarvan selfs só laat in die erediens as ná die Woordverkondiging. Sodoende word die sterkste moontlike appél gedoen op die emosie en aksie van dankbaarheid by die mens. Barnard (1981:546) wys egter daarop dat die plasing van die wet voor die prediking voorkeur behoort te geniet aangesien die prediking eintlik nog verder gaan as die wet. Die prediking verkondig die volle raad van God en laat val die lig op al die aspekte van die nuwe lewe vanuit die evangelie, waarteen die wet verstaan moet word.

De Klerk maak veel van die gedagte dat die wet beskou moet word as die “troonwet” wat as bepalende dokument van die verbondsooreenkoms tussen die Here en sy volk ‘n konstituerende betekenis neerlê vir die verbondsverkeer tussen God en sy volk (1982:80).

Wet en evangelie is albei deel van die Koninkrykswoord wat verbondsmatig tot die verlore mensheid en tot die verlore gemeente kom (De Klerk 1985:17). Dit is die twee kante van die genademunt. Albei is in wese genadewoorde, maar vertoon elkeen net ‘n ander kant daarvan.

In die evangelie kom die Here om sy heerlike verbondsbeloftes, -weldade en -liefde aan te kondig en mense op te roep tot die aanvaarding daarvan. In die wet kom die Here om op te roep tot wederliefde wat volgens die reëls van die koninkryk geopenbaar moet word.

God se groot verbondsweldade waarin Hy die wet gee, in Christus tot vervulling bring en deur die Heilige Gees in die harte van mense inskrywe, is trouens die inhoud van die evangelie wat verkondig word.

Die teenstelling tussen wet en evangelie val met die verbond weg. Beide die legalisme wat die lewe wil vind deur die wetsvervulling en die liberalisme wat die evangelie sonder reëls, norme en verpligtinge verkondig, word nou opgehef.

Die evangelie wat die genadige deelkry aan die verbond verkondig, verkondig tegelykertyd ook die dissipelskap as dankbare en gehoorsame volbrenging van die verbondswet (Barnard1985:18).

Op grond van die verbond word die appél gedoen wat met beide die Verbondshoof en die verbondswet verband het. In die prediking as appél voor die hemelse regbank word enersyds altyd weer op Hom gewys wat sy lewe vir die gemeente gegee het, maar andersyds ook op die heilige eise en reëls (verbondswet) vir die volk wat aan Hom behoort. Wanneer die wet, as die reëls van die wederliefde in verbondsamehang verbreek

word, word die appél gedoen tot sondebelydenis, maar ook tot geloof in Hom wat die wet kom vervul het (Barnard1985:21).

- Die verbondsverhouding tussen God en sy volk staan altyd onder die voorskrif en die reëling van die verbondswet (Barnard1985:27):
 - Die verbondswet is die weg van dankbare dissipelskap van hulle wat deur God se vrymag binne die groot ooreenkoms van genade tuisgekom het. Die dissipelgemeente van sowel die Ou as die Nuwe Testament het die beskuttende en bewarende heilswil van God, sy wet, vir hulle lewe ontvang. Dit is die wet wat Christus vervul het en wat deur die Heilige Gees in mense se harte ingeskryf word.
 - Die verbondswet met sy omvattende eise vir die ganse lewe moet steeds vanuit die genade aangekondig word. Steeds moet die beroep tot lewensverandering en die gehoorsaamheid aan die Koning se wil gedoen word vanuit die genade (Romeine 12:1). Dit is die parakletiese formule wat op grond van die genade hierin tot gelding kom. Dit is om weg te kom van die eie prestasie en vas te klem aan Hom wat aan die kruis die Wet vervul het en aan Hom wat ter wille daarvan in ons kom woon het.
 - Die verbondswet geld verder as norm vir die beoordeling van mense wat sê dat hulle verbondsverhouding reg is. Die gehoorsaamheid daaraan is die barometer en toetssteen vir die stand van die geestelike lewe en van die wandel deur die Gees wat ons aan die wil van ons Koning kom bind het.
 - Die verbondswet bied die geleentheid om in die hantering daarvan na sy geestelike sin binne die ruimte van die pastorale gesprek antwoorde te gee op die lewensvrae van die bondeling, node en sondes aan te dui en om die maskers van selfregverdiging af te ruk. Steeds wil dit ook heenlei na Hom wat die sonde van die verbondsverbreking deur die veragting van die gebooe aan die kruis gedra het (Galasiërs 3:10,13). Die erediens is dan ook by uitnemendheid pastorale gesprek en geleentheid.

- Die verbondswet moet in sy geïntegreerdheid met die hele Woord van God, met die evangelie in al sy dele en beloftes gehanteer word --- soos dit ook, ten spyte van die geïntegreerdheid van die evangelie, teenoor die Wet gehandhaaf moet word. Die wet is nie 'n aanhangsel van die evangelie nie, dit is deel daarvan. Die wet is nie die paaiboelie van die koninkryk nie, ook nie die plak van 'n tiran nie. Dit is deel van die genadewil van God soos wat dit in die eenheid van die Skrifte geïntegreerd met die evangelie verweef is.

As verbondsword moet dit in die pastorale gesprek (erediens) in sy eenheid gehanteer word, ook wanneer dit kom met sy “jy mag nie!” Dit moet al die verhoudinge waarin die bondeling betrokke is, deurlig. Só word die sentrale verbondsverhouding van die mens oor wie die verbondsbeloftes uitgeroep is, gesuiwer en geheilig.

De Klerk (1985:28) rond sy gedagtes hieroor af deur te wys daarop dat die verbondsverhouding as die sentrale tema van die amptelike gespreksvoering as pastorale bediening, gaan om die voortdurende “ja” op die belofte en aanbod wat God verbondsmatig in die evangelie bied en op die “ja” wat in die dissipelskap volgens die verbondswet nagekom word. Dit gaan om geloof wat nie sonder werke is nie (Jakobus 2).

Janse van Rensburg (2005:437) knoop hierby aan deur daarop te wys dat die wet 'n onlosmaaklike deel van die verbond is. Dit is duidelik dat die hemelse Koning in sy koninkryk deur middel van wette regeer.

De Klerk (1990:17-20) beskryf die wet as die “troonwil”, die Koning se orde-reëling in sy koninkryk.

As die wet 'n konstituerende beginsel vir aanbidding is, dan is dit onmoontlik om aan die verbondskader in die aanbidding reg te laat geskied sonder om die verbondswet in die erediens te betrek.

Janse van Rensburg vind dit onverklaarbaar en ondenkbaar dat die lees van die wet in huidige vernuwingsprosesse ten opsigte van die erediens buite rekening en selfs weggelaat word (2005:437).

Dit is verstaanbaar dat daar 'n weersin in legalisme ontwikkel het. Dis ook tipies postmodernisties. Die misbruik van die wet mag egter nie die gebruik daarvan ophef nie. Dit is onaanvaarbaar dat sommige die liturgiese weglating van die wet in die erediens regverdig, terwyl Christus duidelik verklaar het dat Hy nie gekom het om die wet tot niet te maak nie, maar om volle betekenis daaraan te gee (Matteus 5:17). Jesus het self ook in gehoorsaamheid aan die wet geleef (Johannes 8:46).

Janse van Rensburg (2005:438) is ten gunste daarvan dat die wet in variante vorme tydens die erediens aangebied sal word. Hy is oortuig daarvan dat daar genoegsame ruimte vir vernuwende variasie bestaan sonder om die verbondmatige teonome resiprositeit geweld aan te doen.

Die wet kan ook aan die einde van die erediens as reël vir 'n dankbaarheidslewe gebruik word of, volgens 'n tipiese Calvinistiese spiritualiteit, as verootmoediging aan die begin van die erediens ingespan word. Die wet kan selfs deur 'n lidmaat voorgelees word in die erediens as 'n koinoniale herinnering en binding aan die verbondswet as lewensreël tot dankbaarheid.

Die lees van die dekaloo as reël van dankbare naasteliefde sou ook duideliker na vore kon kom deur aan die gemeente praktiese voorbeelde van naasteliefde voor te hou. Op hierdie wyse kom daar skakeling tussen die "leitourgia" en die "diakonia".

Wanneer dit gaan om 'n beoordeling van die rasonele en die emosionele (denke en gevoel) in en tydens die erediens, sou die gebruik van die wet as doelmatige brug kon dien om 'n balans te vind tussen hierdie twee uiterste pole. Rationeel gesproke moet elke erediensganger daartoe geïnspireer word deur die aanhoor van die wet om werklik nuwe styl in inhoud aan sy/haar lewe te begin gee. God lê die riglyne daarvoor in sy wet

duidelik neer. 'n Besliste keuse hiertoe moet oorweeg en gemaak word. Op eerlike wyse moet ook beoordeling van die persoonlike lewe dusver plaasvind sodat afwykings van God se wet en die bedoeling daarvan geïdentifiseer kan word. Hier is openheid, eerlikheid en nugtere denke dringend nodig. Hierdie doel sou alleen bereik kan word wanneer en as die wet in variante vorme en aktueel vir die tyd waarin hierdie moderne mens Christen moet wees aangebied word. Dan bied dit nuwe en prikkelende stof tot nadenke.

Die postmoderne mens word egter moeiliker bereik as wat voorheen die geval was. Die emosie van hierdie mens sal deeglik in berekening gebring moet word. 'n Geloof sonder daade sal nie grond vat nie. 'n Stylvolle lewe sonder inhoudelike sal eindelik weer oorgaan in verveling.

Die wet sal dus meer moet aanspreek as net die rasonele en meer moet doen as om net die afwykings uit te wys. Hier kan heel moontlik meer gemaak word van die negatiewe sowel as die positiewe aspekte en uitleg van elke gebod soos wat dit in die Heidelbergse Kategismus aangebied word. Wanneer die erediensganger positief ingestem raak ten opsigte van 'n duidelike uitleef van die wil en gebod van God, sal sy/haar verbintenis aan die Here meer sigbaar begin raak as 'n saak van die hart en die verstand. Rationeel en emosioneel, kognitief sowel as affektief.

Die belangrike aspek van verantwoordelikheid moet hier ook nie buite rekening gelaat word nie. Verantwoordelikebesef spreek beide die rede en die gevoel aan. Die gelowige mens is nog altyd verbondsmens; uitverkorene van God; mens van God en mens vir God; geskape na die beeld van God en met die verhewe doel om as verteenwoordiger van God te leef en op te tree. Die fokus van die erediensganger moet by die gebruik van die wet tydens die erediens gebring word daartoe om te wissel van die rasonele na die emosionele.

Op hierdie wyse kan die behoeftes van die postmoderne mens meer doelmatig gefasiliteer word in die liturgie van die erediens en sal daar waarskynlik daarin geslaag kan word om

‘n nuwe belangstelling in die erediens as diens tot eer van God gaande te maak en ‘n nuwe liefde vir die huis van die Here wakker te maak, daar waar gemeenskap met God en gemeenskap met mede-gelowiges ervaar kan word.

Weglating van die gebruik en lees van die wet of variante vorms daarvan is nie vernuwend vir die erediens nie, maar intendeel verarmend daarvan. ‘n Uitsig op die liturgiese gemeenskap as God se verbondsvolk moet nagestreef word waar hierdie volk (gemeente) voor sy genadetroon vergader is om na Hom te luister, om Hom te dien en te eer. Op hierdie wyse sal die erediens na sy korporatiewe aard en karakter ook sterker tot sy reg kom. Dit is onmoontlik om ‘n volledige liturgiese uitsig op God in die erediens te hê as, naas die perspektiewe vanuit die koninkryk en die verbond, nie ook na die wet as wil van die Koning gekyk word nie (De Klerk 1990:8). Die tweërlei liefdesgebod soos die wet deur die Here Jesus saamgevat en verklaar is, maak nie die liturgiese gebruik van die Dekaloog oorbodig nie. Gedagtig aan die sentrale kern van die wet in die tien woorde, sal in die liturgiese gebruik met die voorhou en voorlees van die wet steeds reg daaraan moet geskied.

Vrees vir emosie of die vermyding daarvan is onnodig. Emosie en denke moet in die ontplooiing van al die verskillende liturgiese momente van die erediens bestuur word sodat die hele mens aangespreek en betrokke voel. Balans tussen die denke en gevoel is egter essensieel.

8.21. GELOOFSBELYDENIS

“Ek stamel eeu-ou woorde oor my God:

Vleswording, Lyding, Kruis en Gees.

Ek glo dit alles, Heer, maar weet hoe bot

Ek is in my probeer om méns van God te wees”.

In die rangskikking van die verskillende liturgiese momente plaas De Klerk die Credo in die groep van liturgiese handeling wat ‘n verkondigingskarakter het (1982:67).

Die geloof “antwoord” op die skuldbelydenis, genadeverkondiging en die voorhou van die wet. In ‘n bepaalde formule soos die Apostolicum of die geloofsbelydenisse van Nicea en Athanasius, kom die volk van die verbond om enersyds as die tweede party van die verbond “ja” te sê vir die reëls van die koninkryk en die genadige vergifnis te aanvaar, en andersyds om hom uit te spreek oor sy verbintenis aan die Koning van die koninkryk (De Klerk 1982:83).

Barnard wil die geloofsbelydenis eers laat in die erediens laat plaasvind en beskou dit as ‘n bondige antwoord op die hele diens maar veral op die prediking (1981:572).

Duidelikheid sal verkry moet word oor die term belydenis as uitdrukking van die teologiese tradisie. Die woord “belydenis” het aanvanklik ‘n slegte naam gedra. Een van die redes is dat daar in die naam van belydenisse soms ‘n ketterjagtery op tou gesit is. Belydenisse het soms as galgtoue gedien. Belydenisse het geen teenspraak geduld nie. Belydenisse word ook soms in spanning met Bybelinterpretasie en teologiese refleksie gesien. ‘n Gesonde spanning kan egter gehandhaaf word indien die interpreterende, reflektiewe en kreatiewe funksie van die teologie en die belydenis hulle funksie bly verrig (Vos en Pieterse 1997:240).

Die kerk is ‘n belydenisgemeenskap. Dit beteken dat die geloofsgemeenskap nie sonder belydenisse kan klaarkom nie. ‘n Geloofsgemeenskap leef van en versamel belydenisse. In die Ou Testament is daar die belydenis dat die Here ons God die enigste Here is en dat ons Hom moet liefhê met alles wat ons is en wat ons het (Deuteronomium 6:4). In die Nuwe Testament kom daar oorfloedige Christologiese belydenisse voor wat die lewensbloed van die kerk vorm (Matteus 16; Romeine 1:4; 1 Korintiërs 15:3-4). Die kerk staan of val dan ook by die belydenis dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is; dat die aardse Jesus waarlik God en mens is; dat Hy gesterf het aan die kruis en ook uit die dood opgestaan het en nou leef aan die regterhand van God.

8.21.1. DIE AARD VAN 'N BELYDENIS

Die eie aard van 'n belydenis is dat dit 'n menslike poging is om in 'n bepaalde historiese situasie die Skrifgegewens en Skrifgetuienis so getrou en verstaanbaar moontlik na te sê (1997:240).

De Klerk voeg hieraan toe dat die geloofsbelydenis as 'n vaste, normatiewe en geïkoneerde profetiese getuienis in die kerk 'n heel besondere aard en karakter het (1982:83). Dit moet veral in verband gebring word met die drieërlei gerigtheid van die erediens:

- Allereers dra dit in sy gerigtheid op Hom wat op die troon sit, die karakter van doksologie. Belydenis is allereers lofprysing. Dit is essensieel 'n handeling en 'n daad van aanbidding. Gesien vanuit hierdie gerigtheid op God is dit verstaanbaar dat baie mense met geslote oë die woorde van die belydenis nasê. 'n Gevoel van respek bestaan oorweldigend; om oor God te praat is nie sommer iets alledaags nie.
- Die belydenis ken egter ook 'n gerigtheid op die gemeente. Die gemeente word in en deur die belydenis saamgesnoer en tot eenheid gebind. Verantwoordelikheid vir mekaar word aanvaar. De Klerk (1982:84) wys daarop dat die aflê van die geloofsbelydenis tydens die erediens een van die liturgiese handeling is wat 'n eie pastorale diepte en rykdom besit wat nie genoegsaam deur die verbondsvolk van God beseef word nie. Die gemeente staan gesamentlik voor die troon van God en langs mekaar om op 'n sinvolle wyse en met goedgekose woorde, hulle profetiese taak te vervul.
- Voorts het die belydenis ook 'n gerigtheid op die wêreld. In hierdie liturgiese handeling wys die gemeente heen na Hom wat op die troon sit; na die Lam wat in die middelpunt staan en na die Gees in sy volheidswerking; na God as die Bron van alles wat ontstaan het en as die oorsprong van die verlossing. Die uniekheid

van die Christelike geloof lê dan juis ook hierin opgesluit dat buite Jesus Christus om daar geen verlossing beskikbaar is nie.

Die historiese aard van 'n belydenis maak dit nie minder aktueel nie. Die status van die belydenis is nie staties nie, maar juis dinamies (Vos en Pieterse 1997:240). Onder 'n dinamiese belydenis word verstaan dat die belydende tot nadenke oor die waarheid en die implikasies daarvan gebring word. Aanvoeling vir die grootheid van God, sy skepping en herskepping bring mee dat die aspekte van denke en emosie ook weer hier op die voorgrond tree.

8.21.2. FUNKSIES VAN DIE BELYDENIS

8.21.1.1. POLEMIES

Die belydenis het bepaalde funksies om in die erediens te vervul. 'n Belydenis is 'n stok om mee te slaan en 'n staf om mee te gaan (Vos en Pieterse 1997:241). Hiermee word daarop gewys dat die belydenis tog inderdaad 'n polemiese funksie het. Dit moet dwaling ontmasker. Hierdie funksie van die belydenis moet altyd in die erediens gehandhaaf word.

8.21.1.2. OPBOUEND

Dit moet as spreekreël vir die prediking en as samevatting van die waarheid die goeie gang van die kerk deur die wêreld dien. Dit moet die gemeente tot 'n lofsang aanspoor omdat dit die rykdom van die heil van God verwoord.

8.21.1.3. WEERSPIEËLEND

Die belydenis vertoon ook 'n spieëlfunksie omdat dit die eiendomlike van die bepaalde geloofsgemeenskap aan die lig laat kom. Die spirituele aard van die geloofsgemeenskap word ook deur die belydenis onthul (Vos en Pieterse 1997:241). Die geloofservaring van

die bepaalde geloofsgemeenskap onder die invloed van die Heilige Gees en in die kragveld van die Woord van God word blootgelê in die belydenis.

8.21.1.4. LUISTEREND

Gelowiges luister ook na mekaar wanneer die belydenis hardop saamgesê word. Hierdie luister na die belydenis, veral wanneer dit onbevange en met aandag geskied, bring gelowiges opnuut onder die indruk van die konsekwensies van hulle belydenis. Om te glo beteken immers om ook te doen.

8.21.1.5. EKUMENIES

Deur 'n gemeenskaplike belydenis kom verskillende geloofsgemeenskappe ook nader aan mekaar te staan.

8.21.1.6. EIETYDSE GELOOFSBELYDENISSE

Ruimte moet geskep word vir die daarstel en gebruik van eietydse geloofsbelydenisse. Die basiese waarhede wat in die bestaande en historiese belydenisse voorkom kom nie hiermee in die gedrang nie. Daar lê egter groot waarde daarin opgesluit om die geloofsgemeenskap in sy eie woorde aan die beweeg te kry. Emosionele sowel as rasonale betrokkenheid kan op so 'n wyse verkry word deurdat self prinsipieel nagedink word oor dit waarin en waaraan geglo word.

8.21.1.7. AANWENDING VAN DIE BELYDENIS TYDENS DIE EREDIENS

Verskillende plekke word aan die belydenis tydens die erediens toegesê. Dit sou na die Wet, skuldbelydenis en genadeverkondiging ingepas kon word met die gepaardgaande doel om die gemeente aan wie die heil van God sopas toegedeel is, tot 'n openlike geloofsverklaring op te wek en te begelei tot hernieude oorgawe aan die Here.

Dit kan ook plaasvind na die preek waar dit dan sou dien as ‘n antwoord op die verkondigde Woord van God en die appél wat daaruit voortvloei.

Barnard (1981:571) stel ook voor dat dit selfs na die dankgebed sou kon plaasvind met die funksie dan om as gelowiges die wêreld te betree.

By die Nagmaal dien dit as ‘n brug na die Nagmaalsviering. Nagmaal is ‘n saak van die geloof.

‘n Manier om die belydenis sinvol aan te wend is om dit van tyd tot tyd deur middel van sang te laat plaasvind. Hiervoor bestaan ongelukkig net enkele geskikte liedere in die Liedboek. Iemand met die nodige talent en gawe sou hier groot dienswerk kon lewer deur geskikte kontemporêre liedere daar te stel waarmee ook uitdrukking gegee kan word aan die geloofsbelydenis.

Die belydenis kan ook deur middel van dialoog plaasvind. Die liturgie gaan voor met die verskillende artikels van die geloofsbelydenis waarop die gemeente responsories reageer.

Soms is dit egter net sinvol om die belydenis deur ‘n stille instemming te laat geskied. ‘n Oomblik van algehele stilte daarna sou ook goed te pas kan kom.

Met hierdie liturgiese handeling, die genadewonder wat deur die Heilige Gees in die harte van mense gewerk is, word gelowiges herinner aan die apostoliese woord:

“ As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê: Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.” (Romeine 10:9-11; NAV)

Uit die voorgaande bespreking is nogeens waarneembaar dat beide die aspekte van denke en emosie ook by hierdie element of handeling van die liturgie teenwoordig is. Om te glo skep verwagting en hoop; om te glo behels 'n besluit en 'n daadwerklike keuse; om te glo moet uitloop op aksie; aksie in geloofsverband kan net beteken die uitleef en beoefening van die liefde en liefde is altyd 'n emosie.

“Geloof bring dikwels uitsig, troos, geborgenheid, antwoorde, sekerheid. Ons moet egter onthou dat ... geloof nie net te make het met sekerheid nie, ook nie in die Bybel nie. Die geloof waarvan die Bybel praat, is die manier waarop ons in gerigtheid op God lewe, nie ondanks hierdie lewe met al sy vrae, onduidelikhede, en dubbelsinnighede nie, maar juis in en met hierdie lewe...” (Van Niekerk 2004:87).

Leslie Newbegin (Die Groot Aanhalingsboek 2004:86) illustreer treffend die fyn balans wat daar tussen tussen denke en emosie behoort te bestaan ook by die geloofsbelydenis tydens die erediens:

“Dit is jammer dat die ou kerkvaders nagelaat het om God se eindelose opgeruimdheid as een van sy wesenskenmerke in die geloofsbelydenisse op te teken. Dit is hoe ek Hom leer ken het: die Bron van verrassende vreugde!”

8.22. GEBED IN DIE EREDIENS

Wanneer die kerk (gemeente) in die erediens bid, kom die ware aard van hierdie gemeente aan die lig. Om te bid is 'n uiters belangrike taak van die kerk. In die Naam van van Jesus Christus, die groot Liturg wat die volmaakte gebed opstuur na die hemelse Vader, in die gemeenskap met die Heilige Gees, word die nood van die gemeente en van die kerk en van die hele mensheid en van die individu voor God gestel (Barnard 1981:552).

In die gebed in die Naam van Jesus Christus en in gemeenskap met die Heilige Gees, word God se seën en genade op die gemeente gelê en daarvandaan uitgestraal na die wêreld.

8.22.1. GEBED IS ANTWOORD OP GOD SE SELFOPENBARING

Gebed in die erediens gaan daarvan uit dat God Homself in sy Woord en veral in Jesus Christus geopenbaar het. Hierdie openbaring geskied aan 'n konkrete gemeente wat in die Naam van Christus byeen is. Christelike gebed is antwoord op die Woord van God; Christelike gebed spreek God aan soos wat Hy Homself bekend gemaak het in en deur die Saligmaker Jesus Christus.

Barnard beklemtoon dat dit in die antwoord deur middel van die gebed gaan om konsentrasie op die middelaarswerk van Jesus Christus (1981:552). Die gemeente kan die Here nie beter antwoord as deur die Woord van God nie. Jesus is die vleesgeworde Woord. Hierdie Woord is wat die gemeente aanvaar het en nou aan Hom wil teruggee, en van hieruit 'n beroep doen op God se heilswerke en wonderlike beloftes.

As dit nie was dat God Homself aan die mens geopenbaar het nie, sou hierdie mens God nooit leer ken het nie en sou daar ook nie gesprek tussen God en mens kon plaasvind nie.

8.22.2. EENHEID TUSSEN GEBED EN WOORDBEDIENING

Gebed in die erediens hang ten nouste saam met die Woordbediening. Dit berei voor op die regte luister na die Woord en dit gee antwoord op die ontvangte Woord. Die gebed leef geheel en al van die Woord en is gebonde aan die Woord (1981:553).

Die gebed moet van so 'n aard wees dat die gemeente werklik voel om saam met die voorganger te bid. Hier is 'n gesprek met God aan die gang. Die gebed in die erediens moet werklik die gemeenskaplike gebed van die gemeente wees (De Klerk 1982:73).

8.22.3. GEBED GESKIED VOLGENS DIE WIL VAN GOD

Om volgens die wil van God te wees, moet gebed geskied op grond van die middelaarswerk van Christus. Hy maak gebed vir God aanvaarbaar omdat dit in sy Naam kan plaasvind.

Dié gelowige en dié gemeente wat wil lewe volgens God se wil en soos God dit in sy Woord openbaar, kan nie anders nie as om te bid dat sy wil moet geskied in persoonlike sowel as in gemeentelike lewe. Wanneer gebed só aan die orde kom, sal dit onvermydelik bydra tot ontmoeting met die Here tydens korporatiewe aanbidding.

8.22.4. GEBED VERANDER DIE BIDDENDE GEMEENTE

Deur die gebed stel die kerk (gemeente) homself beskikbaar vir die Here. Dit word oorgawe aan God. Om te bid is nou 'n oorgawe aan dit wat werklik saak maak (Barnard 1981:553). Hierdie gebed wil ook die bereidheid tot diensbaarheid aan God tot uitdrukking laat kom.

In gebede staan mense voor die lewende God. Gebede is geloofskommunikasie met God. Skuld en geloof word bely; dankbaarheid word uitgespreek; voorbidding word gedoen dat God nou sal help en verder ook sal help (Vos en Pieterse 1997:244). Deur die gebed betuig die gemeente dat hy bereid is om in te buig onder die wil van God en aanpassings daarvolgens te maak.

8.22.5. GEBED IN DIE EREDIENS IS UITDRUKKING VAN GELOOFSGEMEENSAP

Vir Barnard is die gebed in die erediens die plek en oomblik waar 'n diepe eenheidsband gelê word ten spyte van onderlinge verskille (1981:554). Geloofsgemeenskap van die gemeente met mekaar en geloofsverbondenheid aan God moet voortspruit uit die gebed.

Die verskillende en afsonderlike gebede van al die gelowiges byeen word in die een gebed saamgesnoer tot een gemeenskaplike gebed. Dit word 'n korporatiewe gebed. Een gees en gesindheid raak oorheersend. Gebed is 'n bydraende faktor tot die aktualisering van die gemeenskap van die gelowige in en tydens korporatiewe aanbidding.

8.22.6. GEBED IS VIERING VAN DIE HEIL IN CHRISTUS

Omdat die belewenis van die heil reeds van die introïtus, votum en seëngroet aan die orde gekom het; in die genadeverkondiging 'n hoogtepunt bereik het, spreek dit vanself dat die gemeente deurentyd 'n gebed in die hart en gedagte het van vreugde oor die heil in Christus.

Deur die gebed verklaar die gemeente, as dankbare kinders van God, dat hulle een groot familie is (broers en susters in Christus) wat ingetrek is in die ryk van God deur God se liefde en genade (Loots: In Gesprek oor die erediens2001:71).

8.22.7. GEBED IS VOORBEREIDING

Gebed in die erediens berei die gemeente reeds hier op aarde voor vir die volmaakte aanbidding van God in die hemelse erediens in die ewige heerlijkheid. Al is aardse gebede onvolmaak en onvolledig, is dit nogtans aanvaarbaar vir God deur Jesus Christus.

Gebed het 'n sterk funksionerende rol in die erediens. Dit kan en mag nooit 'n haastige of geroetineerde afhandeling wees van 'n spesifieke liturgiese moment nie. De Klerk pleit daarvoor dat gebede voorberei moet word net soos wat voorbereiding vir die Woordverkondiging geskied (1982:73). Hiermee wil hy die erns van gebed as deurleefde moment in die erediens beklemtoon. In die erediens praat God met die luisterende gemeente en ervaar die gemeente die aangrypende wonder dat God luister na sy pratende gemeente.

8.22.8. EPIKLESE

Die epiklese-gebed het 'n sekere eiendomlike gebedsgerigtheid. Dit beteken dat daar gebid word dat die Heilige Gees die Skrif wat gelees gaan word en die verkondiging daarvan, só sal open en verlig dat die ware bedoeling daarvan vir die mens duidelik sal word en dat dit die mense hier en nou sal aanspreek. Daaruit sou dan voortvloei gehoorsaamheid aan die Woord. Die gemeente weet dat die “oopgaan” van die Woord in sy midde 'n wonder is van die Heilige Gees en die gemeente vra dat hierdie wonder hier en nou sal plaasvind. Die epiklese het nie altyd dieselfde betekenis gehad nie. Volgens Barnard (1981:555) kan drie ontwikkelingsfasies onderskei word:

- Christus word versoek om sy teenwoordigheid te openbaar
- Daarbenewens word die Vader versoek dat die Seun na die offer van die Nagmaal moet neerkom
- En dan word die Vader ook gevra om die Gees te stuur om die brood en die wyn in die liggaam en bloed van Christus te verander.

Gaandeweg het die epiklese sy weg gevind en plek gekry as voorbereiding op die Nagmaal en die gebed wat begin dien het as voorbereiding op die lees en verkondig van die Woord het bekend geraak as die sogenaamde “collecta”.

Vir die gemeente wat voor die aangesig van God vergader is om in ontmoeting met God te tree, is die geleentheid eintlik só groot dat iets van die ondervinding van Moses vanouds ook hulle te beurt val: die besef dat hulle hulleself nou op heilige grond bevind. Die oomblik is 'n heilige een en die teenwoordigheid van God skep 'n gevoel van ontsag en eerbied en persoonlike onwaardigheid.

Die Gereformeerde kerke het die epiklese-gebed vrygemaak van die konnotasie as bede om die verandering van die elemente van die Nagmaal en dit weer 'n besondere plek gegee voor die preek (Barnard 1981:556).

Gevoel (belewenis) speel hier 'n belangrike rol. Deur die gebed kan die gemeente, en elke afsonderlike lid daarvan, begelei word om die oorweldigende grootheid van God te beleef en te ervaar, somtyds dalk meer so as wat dit in die Woordverkondiging verwesenlik kan word.

8.22.9. AANBIDDING AS DEEL VAN GEBED

Aanbidding is die mooiste wat 'n mens aan God kan gee. Dit is erkenning van die ware aard van God. Aanbidding moet onlosmaaklik deel wees van die gebed in die erediens. Wie ookal erediens sê, moet tegelyk ook gebed sê omdat die gebed 'n onvervangbare rol in die erediens speel. Gebed is integraal aan korporatiewe aanbidding.

8.22.10. STILGEBED

Dit is belangrik om tydens die erediens geleentheid te skep vir stilgebed. Hierdie stilte voor God, veral nadat die Woord van die Here gespreek het, is 'n wenslike onderdeel van die ontmoeting tussen God en sy gemeente. Om stil te wees is eintlik aktiwiteit. Dit verdiep die gemeente se gebedsoming met die Here. Dit beteken om met alles in gespanne aandag jou stil te hou voor God (Barnard 1981:558).

Tot 'n sekere mate funksioneer stilgebed deur die loop van die erediens as antwoord van die gemeente op die ontmoeting met God. Ongelukkig is daar geen beheer oor dit wat tydens hierdie vorm van gebed gesê of gedink of gedoen word nie. Individue kan gewoon ook niks doen met die geleentheid wat geskep word nie. Die tydsduur moet ook in ag geneem word. 'n Persoon kan in die posisie beland dat hy/sy nie weet wat om te doen met die tyd wat nog steeds op hande is nie. Aan die ander kant konfronteer dit die individu om konkreet en persoonlik besig te raak en te wees met die Here. In die lewe is daar in

elk geval sake wat soms net nie in woorde uitgedruk kan word nie. Net so is elke gelowige se verhouding met God baie persoonlik en privaat. Stilgebed bied die moontlikheid dat hierdie verhouding verinnig en verdiep kan word tydens die erediens en 'n gevoel van vrede en kalmte oor die bidder kan kom. Stilgebed/stilte moet inspirasie wees tot verdere persoonlike gebed en nadenke oor God.

8.22.11. GEBEDSHOUDING

Volgens Barnard is daar 'n noue verband tussen gebedshouding en die ingesteldheid van die mens se gees (1981:560). Uit die aard van die saak kan dit 'n direkte invloed uitoefen op die belewenis van God se nabyheid en teenwoordigheid.

In die Ou Testament kom verskillende gebedshoudings voor, byvoorbeeld om te staan, te kniel, jouself voor God neer te werp en ook om die hande uit te brei. In die Nuwe Testament word geen spesifieke gebedshoudings vermeld nie.

Calvyn het die gebruik om te staan tydens gebed sterk bepleit (Inst. IV, 10, 29 – 31). Die gebruik dat mans staan en vroue sit is, volgens Barnard, onlogies en teologies nie te verantwoord nie (1981:561).

Liggaamshouding hou egter wel verband met die gees van die gebed. Die gebedshouding maak sin wanneer dit algemeen deur die gemeente toegepas word. Belangriker nog is die gesindheid van die hart waarin die gebed geskied.

Verskillende houdings druk verskillende gesindhede uit (Barnard1981:562):

- Staans tydens gebed --- druk vreugde en eerbied uit; bereidwilligheid om gehoorsaam te wees
- Knien by gebed --- druk verootmoediging uit; oorgawe aan die Here
- Sit met geboë hoof --- ontvanklikheid en bereidwilligheid om te luister

Gebedshoudings sal egter aan die gemeente verduidelik moet word ten einde dan die gewenste belewenis en gevoel by elkeen te laat posvat. Ongelukkig beperk praktiese oorwegings soms die gebruik van gebedshoudings sodat die praktyk dikwels ontwikkel net tot die gebruik van 'n enkele houding. Meermale is dit dan net om te staan of te sit. Gebedshouding behoort egter aangewend te word om by die gemeente die belewenis te laat ontstaan van wat dit beteken om in die teenwoordigheid van die Here te verkeer. In dié opsig sou dit byvoorbeeld ideaal wees indien die gemeente soms sou kon kniel tydens gebed. Eenvormigheid ten opsigte van gebedshouding is ook belangrik om die korporatiewe gevoel van om in God se teenwoordigheid te verkeer te versterk.

8.23. OFFERGAWES

Uit die Nuwe Testament en vroeë geskrifte blyk dit dat Christene allerlei gawes in natura na die erediens gebring het om daarmee uitdrukking aan hulle dankbaarheid te gee. Sedert die elfde eeu verval die offergang en word die gawes in natura vervang met 'n offerande in geld (Barnard 1981:574).

Die gee van 'n offergawe tydens die erediens is duidelike uiting van gevoel. Die teenwoordigheid van God is beleef; sy bewaring en versorging is 'n werklikheid. So was dit gedurende die week wat aan hierdie erediens voorafgegaan het en so is dit elke oomblik van die lewe. 'n Gevoel van dankbaarheid en afhanklikheid spreek hieruit. 'n Besluit gaan daarmee saam om in konkrete vorm uiting te gee aan hierdie gevoelens.

Daar sou oorweging geskenk moet word aan die vraag om die plek van die offergawes tydens die erediens te verskuif en dit te laat plaasvind na afloop van die skuldbelydenis, genadeverkondiging, wet en geloofsbelydenis en dus voor die prediking. Sodoende kan bes moontlik meer reg geskied aan die gevoel van dankbaarheid wat sterk op die voorgrond staan by die gee van offergawes tydens die erediens.

8.24. PREDIKING

Die prediking vind plaas in 'n bepaalde atmosfeer, hoewel hierdie atmosfeer so uiteenlopend is as wat die omstandighede en behoeftes van al die verskillende hoorders mag wees. Anders as die gewone pastorale gesprek wat in 'n "een-tot-een" situasie plaasvind, vind die prediking in 'n "meervoudige" situasie plaas. Uit die aard van die saak plaas dit baie druk op die prediking om binne die bestek van 'n afgebakende tyd verskillende lewensfasette aan te spreek.

Die prediking moet proklameer, opbou, vertroos en bemoedig, vermaan, konfronteer en 'n duidelike appél rig, dit moet Skriftuurlik wees, aktueel vir die tydsgewrig, dialogies, eenvoudig en begryplik selfs vir kinders en ongeletterdes: in en deur die prediking moet God aan die woord kom.

Om te preek is nie kinderspeletjies nie! Prediking kan nie "praatjies-maak" wees en daar moet gewaak word daarteen om popularisties te probeer wees; eensydigheid moet vermy word en die veelkleurigheid van die wese van God moet aan die orde gestel word.

8.24.1. DOEL VAN DIE PREDIKING

Pieterse (1988) skets die doel van die prediking as sou dit hoofsaaklik tweeledig van aard is. Dit moet 'n oorwinningsperspektief na vore bring en ook 'n strategie wees tot verandering. Ten einde hierdie doelwitte te bereik moet Christus die fokuspunt wees. Alle prediking, volgens Pieterse, moet "christosentries" wees. Die vraag is of hier nie die gevaar kan ontstaan dat afbreuk gedoen word aan die wese van God nie. Teosentriese prediking waar God as die Drie-enige verkondig word, mag nie misken word nie.

8.24.2. PREDIKING BRING ONTMOETING

Tereg sê Pieterse (1988:1) dat wanneer die prediking wel 'n verkondiging van Jesus Christus is, dan bring dit ook ontmoeting met Christus mee. Sodoende word Christus die

aanspraak op mense se lewens. In hierdie ontmoeting kan mense “bevry” word van alle bande, want Christus word die koning gemaak van die hele bestel van die lewe. Verandering is dus haalbaar.

8.24.3. SUBJEK VAN DIE PREDIKING

Die groot Subjek van die prediking kan net God self wees. God moet aan die woord kom. Die reëls (wil) van God word aangekondig; dit word verklaar en vervul deur Jesus Christus en die Heilige Gees hou dit onder aandag deurdat Hy in die volle waarheid leiding bied, aldus De Klerk (1985:13).

8.24.4. PREDIKING IS KOMMUNIKASIE

Prediking is ‘n kommunikatiewe gebeurtenis. Kommunikasie vind plaas tussen God en mens met die prediker as instrument daartoe. Dit is streng gesproke ‘n tri-polêre proses. God, hoorder en prediker. God spreek deur die prediker tot die hoorder. God deel iets van Homself mee.

8.24.5. PREDIKING BOU OP METAFORIESE TAAL

Die prediking begin --- en eindig --- by die sien van God, nie by ‘n teks of ‘n preek of enigiets anders nie. Om die onsienlike God te sien, benodig die mens ‘n bril. Die Skrif is die enigste betroubare bril. Voordat ‘n mens egter deur dié bril kan sien, het jy verhelderde geestesoë nodig --- wat alleen die Gees van God jou kan gee. En dan benodig die prediker ook nog die oë van die gemeente om hom of haar van eenogigheid te bewaar (Cilliers 1998:11).

Buttrick (1987:113) maak die interessante punt dat die prediking, om God “gesien” te laat word, bou op metaforiese taal. In die proses van preek is die prediker voortdurend besig om voorstellings van God weer te gee. Die preek wil en moet die onsienlike sigbaar maak en desnoods sal gebruik gemaak moet word van beelde, konsepte en metafore.

8.24.6. PREDIKING IS MIDDEL TOT GENADE

Die prediking is 'n middel tot genade omdat dit die beelde, simbole, voorstellings van God deur gee wat reddend en verlossend kan wees en 'n hermeneutiese sleutel bied ten opsigte van die openbaring van die wese van God. God is die “Teenwoordige-in-afwesigheid” (Buttrick 1987:116). Daarom gryp die prediking na analogiese taal wat kan sê “só is God” en om God dan die “Teenwoordige-in-die-teenwoordigheid” te laat word. Geloof en ervaring word gevorm en opgebou deur die ineenvlegting van beelde, simbole en konsepte van God in die prediking. Die verantwoordelikheid van die prediking mag nooit misken word of gering geskat word nie. Dit is dubbele verantwoordelikheid. Teenoor God en wêreld! En alles ter wille van die mens.

8.24.7. DEDUKTIEF OF INDUKTIEF

'n Deduktiewe benadering van die Skrif kan vir sommige nou nie meer deurgaan nie. Daar wil streng inductief met die Skrif omgegaan word. Op die voetspoor van verskeie teoloë naamlik Gadamer, Pieterse, Long, Craddock, Vos, om maar enkeles te noem, het die “hoorder” die sentrale figuur geword. Die kommunikasie (prediking) moet gevolglik nou só plaasvind dat die spesifieke behoeftes van hierdie hoorder in ag geneem word.

8.24.8. SOSIAAL KONSTRUKTIEF

Kleynhans en Kellerman wil deur middel van die sogenaamde sosiaal konstruksie-model daarop wys dat elke persoon betekenis gee aan gebeurtenisse in sy/haar lewe deur dit self te “storie” (2000:74). Die preek moet kommunikasie uitlok. Die prediker moet die posisie inneem van 'n sogenaamde “not knowing”. Die prediker moet versigtig wees om direkte vrae aan die hoorder te stel. Anders gesê, die prediker mag hom dus nie wend tot “konfrontasie” in die prediking nie. Die prediker mag slegs vrae vra wat die hoorder in staat stel om homself/haarself te “bevra”. Met hierdie vrae word die hoorder dan gedwing tot “self-differensiasie”. Ten grondslag hiervan lê 'n gevaarlike Skrifbeskouing en hantering, naamlik dat die Skrif nie as preskriptief beskou mag word nie. Die Skrif as

verkondigde Woord is egter nie die prediker se eie woorde nie, maar juis God se Woord. Die preskriptiewe karakter van die Skrif moet te alle tye tot sy reg kom.

Tereg vra Janse van Rensburg (2003:343) die vraag: “Is there no danger that in this way God’s principles as basic answers to life’s problems could be excluded or underestimated?”

In die prediking sal daar gesoek moet word na ‘n kombinasie van deduktiewe en induktiewe beginsels sodat aan beide Skrif en hoorder regmatige plek verleen word. Dit sou verskraling wees om ten opsigte van die prediking ‘n sogenaamde “client-centred approach” te begin koester. Prediking moet proklamasie bly. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die Skrif sy eie interpreteerder word deur die inwerking van die Heilige Gees.

8.24.9. PREDIKING IS OM TE LAAT “SIEN”

Om te ontdek beteken om te “sien”, aldus Cilliers (1998:16-17). Hierdie “sien” lei tot belewenis en geloof. ‘n Fokus op ‘n ander werklikheid kom tot stand en dit beïnvloed die mens se siening van die werklikheid van die lewe so radikaal dat dit aan hom ‘n ander persepsie gee van God en die self, van medemens en ook van omgewing.

8.24.10. TAAK VAN DIE PREDIKING

Dis die prediking se heerlike taak en voorreg om God só voor te stel aan die hoorder dat die teenwoordigheid van God ervaar kan word. Hierdie “ervaring” moet die rasonale sowel as die emosionele aanspreek. Gelukkig stel God in sy Woord ook hiertoe hulpmiddele beskikbaar in die vorm van verskillende Godsbeelde. Die prediking begin en eindig by die sien en ontmoet van God. Natuurlik is dit ‘n vereiste dat die prediker self eers die onsienlike God raakgesien het, en dan op grond van eie ontmoeting met die Here, nou in die midde van die gemeente kom staan en na hierdie Here wys, Hom uitwys.

8.24.11. PREDIKING EN SPIRITUALITEIT

Die prediking moet dit as doelwit stel om die spiritualiteit van die hoorder op 'n hoër vlak te bring (Van Aswegen 2004:15). Die prediking, tydens die ere diens op die Sondag, moet die gelowige pastoraal begelei om op elke ander dag “coram Deo” te leef, voor die aangesig en in die teenwoordigheid van die Here. Die lewe van hierdie gelowige moet 'n ere diens word.

8.24.12. PRIMÊRE DOELSTELLING

Die prediking se primêre doelstelling bly steeds net soos by die pastorale gesprek, om “verandering” teweeg te bring. Hierdie verandering moet egter gepaard gaan met “verdieping” van die geestelike lewe.

Die prediking vorm die unieke instrument waardeur en waarlangs 'n verskil gemaak kan word aan die sogenaamde “spiritualiteit” van die hoorder. Dit sou oneerlik wees om nie daarop te wys nie dat die prediking somtyds negatief inwerk op hierdie spiritualiteit. Fourie (2001:226) sê “spiritualiteit is hoe ons God beleef, saam met Hom leef en voor Hom leef”. Die prediking moet die hoorder kan bring tot voor die Here. Al sou die behoeftes en omstandighede van die verskillende hoorders in die ere diens uiteenlopend van aard wees, moet hulle nogtans deur die prediking gebring word daartoe om God te kan “sien en beleef”.

Die prediking moet poog om die “veelkleurigheid” van God se Wese en Persoon só voor te stel dat die hoorder op sy/haar gemak kan voel en hulleself kan wees in die teenwoordigheid van die Here. Hiermee word nie gesê nie dat die hoorder van sy/haar sondigheid moet vergeet en 'n aanspraak maak op God se guns asof God aan hom/haar iets verskuldig sou wees. Die bedoeling is dat die hoorder God só in en deur die prediking sal beleef dat sy/haar denke oor God sal verdiep en die ervaring van God sal verbreed. Prediking moet gevolglik daartoe bydra dat die rasionele en die emosionele met mekaar in balans gebring word.

In kort: Prediking is voorreg, geleentheid, uitdaging, harde werk, lonend, verantwoordelikheid! Prediking is die sigbaarmaking van God.

8.25. SEËN

De Klerk (1982:68) groepeer hierdie element van die erediens by die liturgiese handeling wat 'n verkondigingskarakter besit. Die uur is verby. Die oomblik het aangebreek dat die vergaderdes uitmekaar moet gaan om die liturgie van die lewe weer op te neem.

Barnard (1981:576) beklemtoon dat die laaste word in die erediens eintlik aan God behoort. Hy begin die diens, en Hy sluit dit ook af. In gevleuelde woorde vat die seën al die woorde saam wat tydens die erediens gesprek is. Dit laat die gemeente wegbeweeg as 'n skare van geseëndes. Die gemeente ontvang as 'n reël die seën staande en ook as 'n gebaar van handoplegging. Die gevoel en besef wat daarmee saamgaan is oorweldigend. Die Here laat sy gemeente, elke lid daarvan, nie aan hulleself oor nie. Die gelowige moet homself/haarself voortdurend daaraan herinner.

Die seën kan op verskillende maniere verstaan word:

- In optatiewe sin, dit wil sê as 'n wens
- 'n Ander opvatting is dat dit as 'n gebed en versoek van die gemeente se kant ervaar word
- 'n Derde en miskien ook meer juiste uitgangspunt is dat dit verkondiging is en in dié sin dan ook "donation", gawe van die Here aan sy gemeente.

Eindelik moet die seën deur die gemeente beleef en aanvaar word en daarom is dit 'n mooi gebruik om aan die einde van die uitspraak van die seën die "amen" oor te laat aan die gemeente. Die Liedboek bied 'n aantal pragtige berymings van die "amen" wat groot waarde aan die seën van die Here in die lewe en bestaan van sy gemeente toevoeg.

8.26. SANG TYDENS DIE EREDIENS

8.26.1. AARD EN FUNKSIE VAN LITURGIESE SANG

In sang dra die individu of groep met behulp van hulle stemme 'n bepaalde teks voor deur gebruik te maak van 'n geordende ritmiese struktuur en 'n wisselende toonhoogtereeks, met of sonder 'n vaste metriese onderbou (Strydom 1994:279). Sang is spraak op verhewe toon, geïntensifiseerde spraak. Tussen spraak en sang is daar geen prinsipiële verskil nie.

Sang in die erediens het 'n veel meer omvattende doel as om bepaalde hoogtepunte te onderstreep, liturgiese oorgange te laat vlot, leë oomblikke te vul, 'n bepaalde atmosfeer te skep of aan die gemeente geleentheid tot verposing te gee (1994:285).

Sang is, naas die gesproke woord, 'n volwaardige liturgiese handelingsvoertuig asook 'n volwaardige liturgiese kommunikasiemedium. Al singende handel gelowiges en kommunikeer hulle die evangelie onderling.

8.26.2. LITURGIESE SANG IS VERKONDIGING

Sang in die erediens het 'n kerugmatiese funksie. In die erediens word verskillende verkondigingsmodaliteite aangetref. Sang tydens die erediens neem 'n volwaardige plek in as een van hierdie modaliteite naas die Woordverkondiging en die geloofsbelydenis.

Die kategetiese waarde van die lied kan nie oorbeklemtoon word nie. Terwyl die prediking telkens eenmalig is en die formele kategetiese beperk is tot 'n relatief kort lewensfase, word die kerklied voortdurend herhaal, vanaf die prille jeug en tot in die ouderdom (1994:287).

8.26.3. LITURGIESE SANG IS GELOOFSANTWOORD

In die kerksang word die geloofsantwoord van die gemeente op die liefde, genade, bemoeienis, op die spreke van God verneem. Sang is baie dinge gelyktydig. Dit is gebed, aanbidding, lofprysing, skuld- en geloofsbelydenis. Dis ook klagte, smeking en voorbidding.

8.26.4. LITURGIESE SANG HET 'N PASTORALE FUNKSIE

Omdat dit 'n korporatiewe aktiwiteit is, het liturgiese sang 'n besondere koinonale vermoë: dit bind gelowiges saam. Strydom wys in hierdie verband daarop dat gebalanseerde musiek nodig is: liedere waarvan die emosionele en intellektuele aspekte in ewig is met mekaar (Strydom1994:289).

8.26.5. DIE MISSIONÊRE FUNKSIE VAN SANG IN DIE EREDIENS

Saam met die pastorale funksie van sang in die erediens, gaan ook die feit dat dit 'n gerigtheid het op die afvalliges, verdwaaldes en ongelowiges.

8.26.6. SANG EN DIE ENKELING

Eredienssang het ook veel te make met die sielsorg van die singende gelowige as enkeling. Om verskillende redes neem individue soms nie deel aan die gemeentesang nie. Dit kan wees vanweë verskillende omstandighede: apatie, hardkoppigheid of 'n gevoel van sang-is-nie-vir-my nie. Gemeentesang wil uitreik tot elkeen teenwoordig in die erediens en hom/haar daarby insluit ten spyte van saamsing of nie. Al sou 'n persoon nie deelneem aan die sang nie, deel hy/sy nogtans in die seën wat met die sang gepaard gaan.

8.26.7. HOEVEEL KEER SING TYDENS DIE EREDIENS?

Alhoewel dit hiermee glad nie moontlik is om voortskriftelik te wees nie, moet egter daarop gewys word dat dit nie voldoende en afgeronde liturgiese praktyk kan wees wanneer slegs enkele kere gesing word nie. Dikwels word tot 'n kwartier aan voorafsang gespandeer terwyl gepaste liedere tydens die erediens beswaarlik funksioneer.

As in ag geneem word watter verskillende funksies gemeentesang vertoon, behoort dit aanvullend en versterkend gebruik te word by soveel moontlik van die verskillende liturgiese momente van die erediens. Sover moontlik moet ook gepoog word om 'n lied in sy geheel te gebruik. Liedere tydens die erediens moet die aanbiddingsgevoel aanvul.

8.26.8. VOORAFSANG

Daar bestaan steeds uiteenlopende menings ten opsigte van voorsang. Sommige vind dit stimulerend terwyl andere dit steurend vind. So baie mense kom gespanne en gejaagd na die erediens. Ander moet gewigtige besluite neem; nog ander mag vasgevang wees in die proses van om 'n daadwerklike oorgawe aan die Here te maak.

Die aanloop tot die erediens kan hierin 'n deurslaggewende rol speel. Rustigheid en gemoedskalmte moet geskep word; rustige orrelspel of 'n gepaste musiekskyf kan meehelp om hierdie atmosfeer te skep. Met Barnard (1981:530) kan nie saamgestem word as hy beweer dat diegene wat stilte voor die aanvang van die erediens verkies, gewoon maar net passiewe erediensgangers is nie. Sang vereis inspanning, aldus Barnard, en diegene wat stilte verkies is nie bereid daartoe nie.

Dikwels gebeur dit dat heelwat liedere vooraf gesing word, maar dat slegs enkele liedere tydens die erediens gebruik word. Hier word gepleit daarvoor dat voorafsang en stilte voor die erediens nie noodwendig teenoor mekaar gestel moet word nie. Desnoods kan ook hier wisseling toegepas word. 'n Gepaste verduideliking aan die gemeente waarom by 'n bepaalde geleentheid 'n spesifieke praktyk, voorafsang of stilte, gebruik word, kan

bes moontlik groot trefkrag hê ten opsigte van die belewenis van die werklikheid van God en sy teenwoordigheid by sy gemeente en elkeen afsonderlik. Kennis sal moet geneem word daarvan dat die oomblikke voor die erediens en veral die eerste 5 tot 10 minute van die erediens self, deurlaggewend is vir die gevoel van die werklikheid van God by elke erediensganger.

‘n Gevoel van rustigheid en kalmte is baie nodig om konsentrasie op die Woord, sakrament, gebed, sang tydens die erediens te verhoog. Die intensiteit van denke en emosie word direk beïnvloed deur die beginmomente van die erediens. Niks wat in en tydens die erediens gebeur (sang, musiek, simbole, prediking) mag ‘n grootheid op sigself word nie.

8.27. BEELDE EN SIMBOLIEK

Formuliere en belydenisse roep om sigbaarwording in simbole. Simbole en simboliek behoort ‘n groter rol te speel in die erediens. Simbole (simboliek) mag egter nie groothede op sigself word nie.

Vos en Pieterse (1997:110) wys daarop dat die mens leef in en uit die verwysingskrag en kommunikasie van simbole en dat dit identiteit en geborgheid verskaf. In die Afrikaanse reformatoriese kerke bestaan daar grootliks ‘n armoede aan simboliek en ritueel. Terwyl daar steeds van die primaat van die Skrif uitgegaan word in die verstaan en gebruik van simbole is genoemde skrywers tog van mening dat die gebruik daarvan kan lei tot nuwe ervarings van die teenwoordigheid, genade en verlossing van die Here.

Burger (1995:75) is van mening dat rituele en simbole noodsaaklik is as kommunikasie-aanvulling onder die primaat van die Woord in die erediens vir die ontmoeting met God in die tyd waarin ons leef. In ‘n tyd van identiteitsoeke (liminale tyd), onsekerheid en ongeborgenheid soos wat lidmate van die reformatoriese Afrikaanse kerke nou beleef, is die waarde van simbole in die erediens groot (Strauss 1994:89).

Die krag van simbole bestaan onder meer daarin dat dit 'n onthullende en verhullende funksie vertoon (Vos en Pieterse 1997:123). Die kommunikatiewe krag van die simbool lê daarin dat dit na 'n wêreld verwys wat buitekant die mens se sigbare werklikheid bestaan. Simbole reageer op die behoefte en gevoel by die individu en die gemeente aan iets diepers, aan dit wat anderkant ons werklikheid lê. 'n Onuitspreeklike werklikheid word aan die mens gekommunikeer op 'n sinvolle wyse as onuitspreeklike werklikheid deur die funksie van simbole (1997:125).

Die groot waarde van simbole is dat dit die kognitiewe verstaan van die evangelie, wat nodig is in ons reformatoriese tradisie, aanvul met die emosionele, estetiese en gemoedservaring en verstaan. Dit betrek weereens die hele mens: die kognitiewe, die affektiewe en die konatiewe sye en spreek jou in jou diepste wese aan (1997:126).

Daar loop 'n "taal" saam met simboliek. Die beeld spreek tot die gevoel van die erediensganger. Hierdie gevoelens lei weer tot assosiasies met bepaalde lewensomstandighede en sodoende word insig verkry in hierdie lewensomstandighede. Hierby moet benadruk word dat simboliek nie alleen staan in die bereiking van bostaande resultate nie. Interaksie tussen al die verskillende momente van die liturgie en selfs die ruimte waarin die liturgie afspeel is noodsaaklik en dan aangevul deur die gebruik van simboliek. Gevoel lei tot denke en denke lei weer tot belewenis.

Liturgie is 'n wyse om rus te vind in God. Wat die liturgiese ontmoeting uniek maak, is dat dit 'n ontmoeting is met God wat verklaar: "Ek is jou God en jy is my volk". Dié ontmoeting ontsluit ook 'n weg tot ontmoeting met mekaar. Beeld- en simbooltaal is middels om die ontmoeting op die weg en in die huis van die Here te bemiddel en in 'n viering te laat uitmond (Vos 2001:136).

Die gelowige ontmoet God in die godsdienstige ritueel en simbool en stel hom/haar dan ook oop vir God se teenwoordigheid en invloed. In die liturgie moet daar egter steeds gesoek en gevra word na die funksie en die sin van elke simbool en ritueel. Rituele en

simbole behoort in diens te staan van die kommunikasie met God en met mekaar (Vos 2001:142).

Veldsman (1993:60) bring 'n totaal ander perspektief by. Hy maak gewag van die funksie en rol wat verbeelding speel in die menslike kenproses. Verbeelding is die korporatiewe en persoonlike krag om dinge in terme van betekenisvolle vorms te sien. As ons sê dat ons die wêreld/lewe betekenisvol ervaar, dan veronderstel ons dat die fisiese wêreld nie 'n self-evidente betekenis het wat direk ervaar kan word nie.

Alle betekenisvolle ervaring --- verwoord, bemiddel en geskep deur tekens, simbole, konsepte en tekste --- is geïnterpreteerde ervaring. Geïnterpreteerde ervaring word voltrek binne raamwerke van betekenisvolle patroonmatighede (tradisies). Hierdie voltrekking van ervaring binne patroonmatighede, is 'n daad van verbeelding.

Veldsman (1993:61) beredeneer voorts die vraag dat indien verbeelding 'n wesenlike rol sou speel in die menslike kenproses en so onvermydelik in teologiese refleksie en terselfdertyd in die Christelike praxis, hoe kan hierdie proses ten opsigte van die Godserving, voorlopig en oorsigtelik gerekonstrueer word.

Die vraag na die rol van verbeelding in die Godserving noodsaak 'n nadere omskrywing van wat bedoel word met Godserving. Is die Godserving die verinnerliking en "commitment" aan die Werklikheid van die onsienlike Werklikheid as 'n alledaagse ervaring binne 'n religieus-konseptuele raamwerk?

Die ervaring van transendensie en misterie word deur verbeelding gevoed, ontsluit en bemiddel. Die Godserving word ontsluit in menslike taal (simbole, konsepte, metafore). Volgens Veldsman (1990:341) is die hart van alledaagse ervaring, ook religieuse ervaring, gevoel.

- Hierdie gevoelservaring transendeer die individu
- Dit is gerig op 'n ervaringswerklikheid 'buite' die self

- Word verwoord in konsepte, simbole, beelde wat eie is aan die betrokke interpreterende geloofsgemeenskap
- Vanuit die Bybel as die grondteks of oorleeringsdokument van die Christelike geloof spruit die herinnering voort en word die hoop gevoed
- Hierdie verwoording (op persoonlike vlak, in belydenisse of in teologiese refleksie) vanuit die herinnering geskied in tastende voorlopigheid.

Dit is duidelik dat simbole, konsepte, beelde 'n wesenlike bydrae daartoe kan lewer om die belewenis en ervaring van God as werklikheid te vergroot. Die primêre oogmerk, volgens die uiteensetting van Veldsman, is die transendering en verandering (verdieping) van die mens (gelowige) se lewe. In die woorde van Paulus, om die gedagtes op die dinge daarbo waar Christus is, te rig (Kolossense 3:2 NAV). Hiertoë moet die gelowige homself/haarself inbeeld.

Simbole en rituele spreek die regterhemisfeer van die brein aan wat meer “beeldend” en kreatief funksioneer en dalk 'n beter kans bied om iets van God te verstaan as die meer analitiese of logiese kant van die menslike brein. Beelde en simbole het die verdere winspunt dat dit die misteriekant van God se wese soms beter “bewaar” en aanbiddelik maak as die woorde en sinne van preke en dogmas (Burger 1995:90).

8.28. LIGGAAMLIKHEID IN DIE EREDIENS

Die geestelike kommunikasie tydens die erediens kom tot die mens via die fisiese (of liggaamlike) taal van simbole, woorde, ritusse, handeling en die totale atmosfeer van die situasie (Vos en Pieterse 1997:127). Alles werk mee aan 'n belewenis van 'n ontmoeting met God. Die term word gebruik dat die erediens 'n fees moet wees (Müller 1990).

Die term “liggaamlikheid” het nie alleen te make met die wyse waarop die evangelie na die hoorder/waarnemer gekommunikeer word deur die bemiddeling van woorde, simboliese handeling, ritusse, en die funksie van fisiese simbole in die erediens nie, maar ook met die interpretasiekant van die gebeure deur die deelnemende subjek.

Die liggaamlikheid van elke gemeentelid self het te make met hulle hele geskiedenis, ervarings, beskouings, hulle persoonlike situasie ensovoorts.

Barnard (1995:219) sien die mens as 'n eenheid in sy liggaamlikheid tydens die gebeure van die erediens waarin alle dimensies van die erediens tot sy reg moet kom. Hy formuleer dit as volg:

- Vanuit die mensheid, die siening van die erediens en die kommunikasie van die evangelie, is daar drie duidelike dimensies waarlangs die gebeure van die erediens verloop: Die dimensie van die woord, die verbale. Die dimensie van die toon, sang en musiek. Die dimensie van die liggaamlike en liggaamsbewegings.

Barnard is van mening dat die liggaam, sy betrokkenheid en sy bewegings in die erediens onderbeklemtoon is. Aldrie genoemde dimensies moet in die liturgie inspeel om die bemiddeling van die heil en die gepaardgaande ontmoeting met God te beleef. Die gereformeerde dogmatiek handhaaf ondubbelsinnig die standpunt dat die mens 'n eenheidswese is (Heyns 1978: 120-143). Dichotomie sowel as trichotomie word verwerp.

Daar bestaan nog 'n enger verstaan van die begrip "liggaamlikheid", naamlik die aandag wat aan liggaamsbewegings in die erediens gegee word. Ongelukkig loop die op 'n eensydigheid uit om te konsentreer op die sogenaamde liturgiese dans (Vos en Pieterse 1997:129).

Die erediens is egter deurspek met liggaamsbewegings. Die gewyde houding en geboë hoof van elke lidmaat in die kerkbank pas nadat 'n sitplek ingeneem is; die liturg wat vir 'n oomblik op die kanseltrappies vertoef; die kerkraad wat ordelik staan sodat almal gelyktydig gaan sit; die opgehewe hand en arm van die liturg met die seëngroet; liggaamhoudings tydens gebed; die opstaan om hartlik saam te sing. Bogenoemde is rituele en liggaamshoudings wat so eie aan die erediens geraak het dat dit helaas nie langer opgemerk word en beleef word nie. In die lig hiervan word die erediens dan

bestempel as arm aan liggaamlikheid. ‘n Nuwe waardering en evaluering van reeds bestaande liggaamlikheid in die erediens moet gesoek word. Desnoods kan die gemeente hierop attent gemaak word deur toeligting in ‘n gemeentebrief of as deel van elke Sondag se afkondigingsblaadjie.

Strauss (1994:92) wil beklemtoon dat besliste aandag en oorweging geskenk moet word aan sinvolle liggaamsbewegings in die erediens wat toegevoeg sou kon word aan die bestaande soos reeds hierbo genoem.

Die negering of miskenning van die liggaam in die erediens is ‘n tema op sy eie. Ons gebruik ons liggame konsekwent te min in die erediens (König 1998:73). Ons beweeg so min as moontlik en in elk geval nie spontaan nie. Gesamentlike beweging is tot ‘n minimum beperk. As daar gesing word, beweeg net die lippe; as daar gebid word is dit net die oë wat sluit. As ons na die preek luister, sit ons stil en vind dit steurend as iemand in konsentrasie saggies “amen” of “halleluja” sou prewel.

Die vraag is: Waarvan spreek hierdie soort liggaamstaal? Die uitdrukking “liturgiese lyftaal” word deesdae gebruik. As ‘n mens Psalm 100 uitdrukkingloos sing, wat sê dit van die werklike lof wat aan God toekom? Lyftaal is na alle waarskynlikheid eerliker as woorde. ‘n Mens kan met jou lippe iets sê, maar die teendeel mag blyk uit jou liggaamshouding.

In die lig hiervan is die navorser van mening dat hoegenaamd geen fout daarmee gevind sou kon word wanneer ‘n lidmaat besondere belewenis van die Here se nabyheid ervaar en dan in die proses sy/haar hande in die lug opsteek nie. Dis ‘n uiting van gevoel wat gepaard gaan met ‘n diepgaande besef van die teenwoordigheid van God. Hiermee saam gaan waarskynlik ook konsentrasie op die bepaalde moment van die liturgie. Dit sou bestempel kon word as ‘n kombinasie van denke en emosie. Daar moet beslis rekening gehou word met die feit dat die moderne mens God anders beleef en ervaar as wat maar enkele jare gelede nog die geval was. Die voorbehoud moet natuurlik uitgespreek word dat dit ook hier weer geensins mag ontwikkel daartoe dat hierdie bewegings as sodanig

fokuspunte word nie. Die opsteek van hande was 'n Ou Testamentiese gebruik waarmee die verbondsvolk uitdrukking gegee het aan hulle gevoel vir aanbidding (Psalm 141:2) en ook hulle berou oor sonde (Klaagliedere 3:41). Janse van Rensburg wys daarop dat lidmate hierin begelei sal moet word om te beseft dat die opsteek van hande nie sonder bewustelike intensie kan geskied nie (2004:8). Daar moet gewaak word teen die ontwikkeling van 'n rituele gebruik wat vir die skyn uitgevoer word.

Strydom (1994:265) skryf dat daar prinsipieel nie beswaar kan wees teen een of ander vorm van gestileerde beweging of liturgiese dans in die erediens nie. Hy bepleit egter verdere nadenke hieroor. Na alle waarskynlikheid sal die aard van die gemeente waarin hierdie vorm van liggaamlikheid toegepas sou word bepalend wees vir die aanvaarbaarheid daarvan al dan nie.

'n Besondere liggaamlike aspek van die liturgie is die musiek en sang. Die gemeente is hierin met hart en siel, met die stem en die res van die liggaam, met aanvoeling en waardering vir die musiek en lied, betrokke.

Barnard (1981:603) vra dan ook tereg wie ooit die krag en betekenis kan peil van die lewende kerklied wat deur die gemeente uit volle bors gesing word. Dit is soos 'n magtige stroom wat besiel, dit is 'n krag wat opbou en versterk, dit vorm vleuels wat die mens se gees dra tot by God.

Om te sing versamel mense, verbind mense aan mekaar, eis gemeenskap op, laat mense dinge beleef en ervaar, verfris en versterk, inspireer op 'n besondere wyse. Hartlike sang betrek 'n mens se hele liggaam --- al jou sintuie en die inspanning van jou liggaam om jou stem te voeg by die res. Dit bied ook die gesamentlike resultaat van individuele deelnames wat 'n magtige uitreik word na God en medemens (Vos en Pieterse 1997:130).

Dit moet egter hier duidelik uitgewys word dat liggaamlikheid tydens die erediens ook negatiewe gestaltes aanneem. Dikwels kom dit voor dat iemand tydens sang of gebed met die hand in die sak staan of op die kerkbank voor hom/haar leun. Soms is daar ook net

geen vreugde of blydskap sigbaar om die mondhoeke of in die oë wanneer die woorde van 'n lied op treffende wyse die grootsheid van God en gepaardgaande heil teenoor die mens kommunikeer nie. Dit is onaanvaarbaar.

8.29. SAMEVATTEND

'n Denkskuif het noodsaaklik geword ten opsigte van die erediens. 'n Waarskuwende woord moet egter ook gehoor word. Daar moet 'n kombinasie plaasvind van denke en emosie. Dusver het die denke (rasionele) grootliks oorheers in die gereformeerde erediens en spiritualiteit. Die prediking (rasionele) is sentraal geplaas. Dit het gelei tot eensydigheid en verskraling van belewenis en belangstelling. 'n Denkskuif sou behels dat ruimte gemaak sou kon word vir die verskillende belewenisse en spiritualiteite in en tydens dieselfde erediens en dat hierdie sake nie noodwendig geakkommodeer moet word by afsonderlike eredienste soos 'n "tradisionele" of 'n "informele" erediens nie.

Aan die ander kant is daar die gevaar van die oorbeklemtoning van die emosionele soos dit meermale by die Pinkster-charismatiese tradisies voorkom. Die gevoel ("happening") staan sentraal. Woordverkondiging is nie altyd van kardinale belang nie. Sang word uitgerok en oorverdowende musiek gaan daarmee saam. 'n Ander gevoel en belewenis as dié van vrede en rustigheid oorheers. Dit is inderdaad weer 'n eensydigheid na die teenoorgestelde kant en 'n verskraling van die heilsboodskap van die evangelie. Oormatige opwekking van gevoel (emosie) kan somtyds baie onbestendig wees en as die stimulasie daartoe weggeneem word 'n gevoel van leegheid agterlaat.

Balans en perspektief moet die kernmomente wees en bly by korporatiewe aanbidding. Dit sal verseker dat Christus die fokuspunt bly en dat alle lof en aanbidding op Hom gerig is. Dit sal besluite en keuses vir Christus voorop stel (rasioneel) en voortvloeiend uit hierdie besluite en keuses sal die belewenis van die werklikheid en die teenwoordigheid van God by die gemeente en individu begin uitstaan. Hierin lê die vernuwing van die erediens deurdat God in elke moment en oomblik daarvan gesoek (denke) en beleef

(emosie) moet word. Lidmate moet hierin begelei word en die nodige ruimte moet vir mekaar se uiteenlopende persoonlikhede en ouderdomme gebied word.

Die gereformeerde tradisie en spiritualiteit moet met die een hand vasgehou word (denke), want dit is onvergelykbaar. Aan die ander kant moet ontdek word dat hierdie tradisie geen strakheid bevat nie, maar intendeel voldoende rede vir grootskaalse blydskap en vreugde, berou en ootmoed, toewyding en oorgawe (emosie). Al hierdie uitinge van menswees (denke en emosie) vind akkommodasie in die gereformeerde tradisie.

Barnard is tot 'n groot mate korrek as hy sê dat ons nie na 'n ander oplossing moet soek om hernieuwe belangstelling in die erediens te kweek nie, as dat hierdie lidmate opnuut tot besef gebring moet word van waaroor dit in die erediens gaan. Die verstaan van die wese van die erediens en die gepaardgaande deelname daaraan, met hart en siel en verstand, bied die sterkste moontlike motivering daartoe om die erediens gereeld by te woon en daarmee saam aan God toe te bring al die eer, lof, aanbidding en dankbaarheid (1981:606).

Vernuwing van die erediens is sekondêr; persoonlike vernuwing by die mens bly primêr. Wanneer en as die Heilige Gees sy inwoning in die hart en gedagte van die mens vind, bring Hy daarmee saam ook lewe en vreugde terug in die erediens. Hy maak van biddeloses 'n skare van aanbidders.

Om die wese van die erediens ten volle te begryp, moet agter al die fasette van die erediens, steeds die werklikheid en omvattende betekenis van die verbond gesien word. Die wese van die erediens lê ingebed in die verbond, dit leef uit die verbond en dit vind verwerkliging in die verbond (Barnard 1981:480).

Daarom is die erediens so 'n heerlike gebeurtenis wat sulke heerlike dinge tot gevolg kan hê. Dit loop uit op die erediens van die lewe. En dit rus in die verbond: Ek sal vir julle 'n God wees en julle moet my kinders wees!

‘n Erediens wat op God fokus gaan van ons vra om onself en mekaar voortdurend te herinner aan die teenwoordigheid van God by sy mense op aarde. Ons hoef nie die teenwoordigheid aan te bring of te veroorsaak nie. Dit is reeds ‘n werklikheid. Die taak is om onself en mekaar te herinner aan iets wat vergeet kan word of buite rekening gelaat kan word; om bewus te wees daarvan dat iets by jou kan verbygaan; om mense se oë en harte te rig op ‘n werklikheid wat ‘n geloofsoog vra om dit raak te sien.

Die groot uitdaging vir die erediens (bediening) is om te bly dink aan kreatiewe, maar tegelyk ook paslike maniere om die geloofsgemeenskap aan hierdie werklikheid te herinner. As ons glo dat God teenwoordig is op aarde en dat mense in ‘n verhouding met Hom kan leef, sal ons in die erediens (bediening) meer daarvoor moet begroot om mense te begelei om bewustelik ontmoeting met die Here te beleef en ervaar (Burger 1995:78-79). Bewustelik behels dan met denke en emosie. ‘n Denkskuif sou behels ‘n veel groter openheid ten opsigte van die verskillende momente van die erediens sodat die diversiteit van erediensgangers tegemoet gekom kan word.

HOOFSTUK 9

IS BALANS EN PERSPEKTIEF HAALBAAR BY EN TYDENS KORPORATIEWE AANBIDDING?

Hipoteties is ter inleiding aan verskillende aspekte aandag gegee. Van kardinale belang is die vermoede dat 'n erediens wat nie die behoeftes aan beewing by die erediensganger na behore fasiliteer nie, die geleentheid gaan word wat al hoe minder belangstelling sal wek.

Daar het beslis 'n verskuiwing begin plaasvind by die moderne mens vanaf 'n sterk rasioneel-georiënteerde Godsbelewenis na 'n meer gevoelsgebaseerde godsdienst en Godsbelewenis. Verskillende Godskonsepte speel hierin ook 'n deurslaggewende rol. Emosie en die rasionele is twee aspekte wat nie losgemaak kan word van enige hantering van Godskonsepte nie (Van Aswegen 2005:133). Dit is egter 'n feit dat gesonde balans gesoek moet word tussen die rasionele en die emotiewe, of anders gestel, tussen die kognitiewe en die affektiewe.

Uit hierdie balans vloei voort 'n gesonde en gebalanseerde spiritualiteit. 'n Baie spesifieke en eiesoortige spiritualiteit kom tot stand wanneer die lewe bewustelik vir die mens Christus begin word en hierdie mens met 'n eskatologiese gerigtheid begin lewe.

Mens het, bewustelik en onbewustelik, behoefte daaraan om meer van God te weet en die teenwoordigheid van God meer intens te beleef. Daaromheen draai die sin en die betekenis van die lewe grootliks.

Janse van Rensburg (2000:346) verwys na die gedagtes van Paulus in Romeine 12 en dit naamlik dat God toegelaat moet word om die manier waarop die mens dink en redeneer oor homself/haarself en oor die lewe te verander. 'n Verkeerde manier van dink staan in die weg van lewensveranderende ervarings.

- Hoe beïnvloed die manier waarop die mens dink sy/haar lewenskwaliteit?
- Watter aspekte kan verander word deur 'n verandering in denkpatrone?
- Hoe kan God toegelaat word om die verandering teweeg te bring?

Die wyse waarop daar oor God gedink word sal grootliks bepaal op watter wyse God ook beleef word. Voortspruitend hieruit sal die wyse waarop die mens oor homself/haarself en oor die lewe oordeel, bepaal word. Hierin speel Godskonsepte 'n deurslaggewende rol en dit bevestig die vermoede dat Godskonsepte 'n integrale rol kan speel in die daarstelling en vorming van 'n ewewig tussen die kognitiewe en affektiewe aspekte van die Christelike godsdiens en met name dan tydens elke geleentheid van korporatiewe aanbidding.

'n Ander terrein waarop Godskonsepte van groot waarde is, kom na vore wanneer en as die mens krisismomente beleef en die normale gang van sake ontwrig word en die normale funksionering van die persoon in die gedrang kom. Godskonsepte is in alle pastorale ontmoetings belangrik, die een-tot-een ontmoeting, maar veral ook só in die meervoudige ontmoeting tydens korporatiewe aanbidding. Godskonsepte kan balans en perspektief in die lewe teweegbring wanneer en as God op 'n bepaalde wyse beleef en ervaar word (Van Aswegen 2005:121).

Die aspek van “verwondering” moet ook hier vermeld word. Verwondering is die belewenis van dié mens wat opnuut aangegryp staan deur die grootheid van God. Verwondering as emosie word gevoed en gestimuleer deur die kognitiewe besef van wie en hoe God is. Die gebruik van Godskonsepte in die prediking, die aanwending van ritueel en simboliek kan die proses van “verwondering” aan die gang sit in so 'n mate dat die “vreemde” God waarvan De Klerk praat (1998) die “bekende” God word, of soos Van Gennep dit stel (1989) dat die verlore Vader weer as 'n persoonlike Vader tot in mense se lewens terugkeer.

Die verwondering oor God wat moet neerslag vind in alle horisontale verhoudinge word goed verwoord in die anonieme gedig, “Gawes van die Gees”:

*Ek kan nie tale spreek nie
maar in die stilte
gee ek my oor
aan die klank van u Naam
wat saggies in my resoneer
Jahwe!
wagtend op die een allesomvattende snik
wat van agter uit my keel
sal kom tot taal wat op skrif
U nader
vind
want ek glo mos
dieselfde Gees wat gawes aan ander gee
lê tog wel soms
woorde in my mond om uit te roep met skryf
die verlange van 'n mens wat selde iets van U begryp*

Die verwondering oor God wat gestimuleer word in die vertikale verhouding tussen God en mens moet meebring dat daar ook verwondering sou ontstaan in die mens se horisontale verhoudings --- met ander mense en teenoor die kosmos. Dis hier waar gepraat sou kon word van die leitourgia en die diakonia. Die erediens (korporatiewe aanbidding) is die beginpunt van alles. Dit is die hartklop van die gemeentelike godsdiensbeoefening sowel as van persoonlike godsdiensbeoefening. Hier staan of val alles. Die erediensganger, wat die "leitourgia" bedink en beleef, moet besef dat aanbidding van God neerkom op aksie in die koninkryk van God (diakonia).

9.1. ERVARING IN DIE EREDIENS

In die postmoderne tyd het die mens honger geraak vir emosie en belewenis. Dit bly egter 'n saak wat met handskoene aangepak moet word. Dit is 'n feit dat emosie kan handuit ruk; emosie kan baie subjektief wees; emosie wat nie bestuur word nie kan 'n geleentheid

van korporatiewe aanbidding in 'n sirkus laat ontaard. By emosie kan die konsentrasiepunt heel maklik verskuif van God en sy Woord na die mens en sy behoefte.

Müller wys daarop dat eredienste werklik vierings moet wees, die “fees van die Gees” (1988). Om daartoe by te dra dat die erediens feestelik beleef en ervaar word, sal in gedagte gehou moet word dat die prediking inhoudelik op 'n hoë standaard sal moet wees.

Nicol (2000:196) omskryf die standaard van die prediking as sou dit nie slegs op die vlak van gedagte-inhoud goed moet wees nie, maar ook op die intuitiewe en emosionele vlak. Dit moet die verstand en die hart roer. Om telkens só te preek is geen eenvoudige saak nie. Meermale kom slegs een van die twee aspekte, gedagte-inhoud of emosie tot hulle reg in die Woordverkondiging.

Die feit is egter dat geen preek rede en emosie kan aanspreek as dit nie Skriftuurlik verantwoord is nie, en vanuit gereformeerde perspektief, nie ook gebou staan op die basiese gereformeerde uitgangspunte van “sola fide, sola Christos, sola gratia en sola Scriptura” nie.

Dit sal ook in gedagte gehou moet word dat, alhoewel die adres van die prediking die gemeente is met inagneming van hierdie gemeente se behoeftes en omstandighede, prediking nog steeds die verkondiging is van die Woord van God. Prediking is kommunikasie-gebeure, maar die Kommunikator kan nie ondergeskik staan aan hulle wat eintlik sy skepsels is nie. God moet toegelaat word om aan die woord te kom. Die inhoudelike van die Woordverkondiging bestuur dan die innerlike belewenis van die hoorder. Op hierdie wyse kan rede en emosie tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding met mekaar in balans kom.

König (1998:85) vra dat weer gekyk sal word na die plek van die preek in die erediens. In die tradisionele Gereformeerde liturgie het dit 'n oorheersende plek, en daarmee saam die persoon van die predikant, omdat laasgenoemde alleen die gang van die erediens bepaal.

Daar is geen aanduiding uit die Nuwe Testament dat daar in die eerste gemeentes ook op hierdie wyse erediens gehou is nie. Wanneer Paulus en sy reisgenote by geleentheid ‘n erediens in ‘n Joodse sinagoge bywoon (Handelinge 13:14-15), word die apostel gevra of hy of enige van sy metgeselle, iets wil sê. Hoewel dit ‘n sinagogale geleentheid was, is hier tog ‘n beginsel op te merk. Die beginsel van deelname.

Die erediens is die gemeente se ontmoeting met die Here. Die predikant is deel van die gemeente en moet daarom ‘n beurt kry om aan die diens deel te neem, maar hy/sy hoef nie die totale gang van die erediens te bepaal nie.

Deelname deur verskillende persone tydens die erediens kan die gevoel van betrokkenheid en belewenis verhoog. Uit die aard van die saak is daar perke hieraan verbonde omdat die gevaar wesenlik is dat dit onordelik kan raak en die aksent weereens kan verskuif om verkeerdelik op die behoefte-bevrediging van die erediensganger te begin konsentreer in plaas daarvan dat aanbidding van God bly geskied. Die voordeel hiervan is egter dat emosie gewek kan word deur die belewenis van deelname, maar dat dit dan tog ook “bestuurde” emosie en belewenis sal wees. Deelname sou in die vorm van Skriflesings kon wees, getuïenisse, voorlesings, of selfs sang.

König (1998:86) verwys daarna dat die struktuur van die kerkgebou ook ‘n beduidende rol sou speel in die belewenis wat erediensgangers ondervind. Ouer kerkgeboue lê ongelukkig beperkinge op die vernuwing van die erediens in die sin van die skepping van groter deelname deur die gemeente. König maak die afleiding dat dit een van die redes sou wees waarom by die beplanning van moderne kerkgeboue eerder vir ‘n verhoog as vir ‘n kansel voorsiening gemaak word.

Die persoon van die liturg (predikant) speel ‘n deurslaggewende rol by die belewenis wat by elke erediensganger plaasvind. Nel (2001: 45 e.v.) illustreer dat met die afwisseling van voornaamwoorde afstand tussen prediker en hoorder uitgewis kan word en sodoende gevoelens (emosies) van vertrouwe en veiligheid geskep kan word.

Kenmerkend van die optrede van die predikant wat verder stimulerend is vir gesonde emosie by die erediensganger is opregtheid, vriendelikheid en 'n ontspanne houding. Die emosie (belewenis) van gemaklikheid in die erediens lei daartoe dat daar dan eindelijk ook opregtheid en openheid by die erediensganger sal intree waarmee hy/sy homself/haarself voor God sal plaas. Terwyl die erediens steeds 'n lewensveranderende ontmoeting met God wil en moet wees, is hierdie belewenisse noodsaaklik. Daar moet egter gewaak word teen familiariteit vanaf die kansel; die kansel is nie 'n plek vanwaar grappies gemaak sou word nie. Dit skep eerder die gevoel van onegtheid en ongemaklikheid. Familiariteit is te onderskei van humor.

9.2. STILTE TYDENS DIE EREDIENS

Oomblikke van stilte kan vrugbaar wees. In ons gejaagde samelewing ontbreek dit dikwels. Lawaai is oorheersend. Die erediens moet in hierdie opsig anders wees as die wêreld, sonder om lewensvreemd te raak.

Die wyse waarop stilte aangewend word is belangrik. Dit moenie uitgerekte periodes word wat eerder ongemaklikheid veroorsaak as wat dit kommunikasie met God bevorder nie. Stilte moet ook aangewend word by die klimakspunte van die korporatiewe aanbiddingsgeleentheid. Stilte is konfronterend. Daarom is die moment van stilte gelaai met emosie sowel as rede. Die hoorder staan gekonfronteer met sekere feite vanuit die Woord en die openbaring van God; sondebeseft en ootmoed kom op die voorgrond.

Stilgebed is 'n noodsaaklike en praktiese vorm van gebedsafwisseling. Dit kan gestimuleer word met gedagtes vanaf die kansel waarvoor nagedink en gebed word. Die gedagtes waarvoor stil gebed word mag nie manipulerend wees nie. Op hierdie wyse word beide die kognitiewe en affektiewe aspekte van menswees in 'n bepaalde verhouding naas mekaar geplaas. Stilte moet egter nie as 'n "invoegsel" gebruik word omdat die liturg verleë staan met 'n bepaalde oomblik van die erediens nie. Dan mis dit sy doel. Dit moet ook nie by elke erediens ingepas word nie, dan verloor dit sy waarde en word weer deel van die stereotiepe.

Stilte kan ook goedsikks aangewend word as deel van die Woordverkondiging. By sekere momente van die prediking kan stille nadenke gebruik word om 'n bepaalde aspek te beklemtoon en te aktualiseer by die hoorder. Laasgenoemde metode kan daartoe bydra dat die preek se waarde aan gedagte-inhoud sowel as intuïtief-emosioneel verhoog.

9.3. TRANSENDING VAN DIE ALLEDAAGSE

Diegene wat die erediens bywoon is normaalweg meesal “ingewydes” wat na die geleentheid kom met bepaalde verwagtings. Indien hierdie verwagtings nie na behore gefasiliteer word nie, sal daar teleurstelling intree wat eindelijk kan lei tot verlies aan belangstelling.

Kloppers (2002:62) vestig die aandag daarop dat die verwagtings van kerkgangers waarmee hulle na die erediens kom, in drie groepe saamgevat kan word:

- Kerkgangers soek Godsvertroue. Uit 'n lang tradisie het hierdie mense geleer dat die God van die Woord betroubaar is.
- Kerkgangers het behoefte aan bevryding.
- Hulle soek insig en lewensvisie.

Volgens Kloppers gaan dit nie bloot om “religieuse behoeftes” nie, maar om verwagtings wat deur die evangelie self verwek is. Die gemeente en die enkeling kom na die erediens in die verwagting om met God in verhouding te kan tree, om gesprek met God te voer en gevoelens aan God bloot te lê. Mense kom na die erediens om vir hulle eie lewensiklus sin te vind.

Die erediens word gesien as 'n gebeure met sterk emosionele aanspraak. Daarom moet dit bo alles iets vertroude wees, aktief, verbindend, lewensnaby, uitnodigend, seker, gemeentevormend, troosryk, gevoelvol, persoonlik, kleurrik en harmonies. Die erediensganger en deelnemer en deelhebber wil op al die vlakke van sy rede en gevoel

aangespreek word. Hierdie verwagtinge hou verband met die groter hedendaagse soeke na die affektiewe en die simboliese dimensies van menswees.

Veldsman (1990:342) wil hierdie verwagtinge omskryf in terme van religieuse ervaring. Dit is gevoelservaring wat gekonseptualiseer, selftransenderend en geïntensionaliseer is. Dit lê ingebed in en word medebepaal deur die historiese vergestaltung van die betrokke interpreterende geloofsgemeenskap, emotief spontaan en/of doelbewus refleksief, en vanuit die herinnering aan die oorgelewerde grondteks met God in Israel en die historiese Jesus. Dit word geesdriftig voltrek in die gelowige tot hoop op die toekoms.

Natuurlik dra die gemiddelde en gewone kerkganger geen kennis van al hierdie ingewikkelde en komplekse uiteensettings van wat binne in hom/haar aan die gang is nie. Gewoonweg is sy/haar oog net op die Here gevestig totdat hierdie God hom/haar op die spesifieke vlak van die lewe waarop huidiglik beweeg word sal ontmoet.

Vir die fasilitering van hierdie mens se behoeftes sal egter deeglik hiermee rekening gehou moet word. Om dit alles in die praktyk aan te wend en toe te pas is nie 'n eenvoudige saak nie. Daarom moet die liturgie van elke erediens behoorlik en vooruit beplan word. Daar moet natuurlik ook gewaak word teen beplanning van die erediens rondom die verwagtings van die mens eerder as om dit in gehoorsaamheid aan God en onder begeleiding van die Heilige Gees te doen. 'n Verkeerde vertrekpunt ten opsigte van die beplanning kan eerder lei tot 'n wanbalans tussen die kognitiewe en die affektiewe aspekte tydens korporatiewe aanbidding en in die proses teleurgestelde verwagtings as resultaat kry.

9.4. DIE ONGELYKTYDIGHEID VAN DIE EREDIENS

'n Erediens mag nooit lewensvreemd wees nie. Daar moet gepoog word om die gelowige vanuit sy eie beleweniswêreld aan te spreek. Dit is egter net so waar dat die erediens iets moet weerspieël van die alternatiewe lewensstyl van die Koninkryk van God. Hier waar

die gemeente byengekom het in die Naam van die Drie-enige God, lyk hulle tog anders en sing hulle ook anders as in die wêreld.

9.5. DIE TEOLOGIE VAN DIE EREDIENS

‘n Erediens is meer as ‘n gesprek met God. Gesprek dra die konnotasie van woorde en dit is gewoon te rasioneel om die erediensgebeure volledig te beskryf (Strauss 2001:129). Die erediens is die saamkom van God en sy gemeente. Hierby is die hele mens betrokke (hart, siel, mond en hande). En niks wat in die loop van die erediens gebeur mag ‘n grootheid op sigself vorm nie.

Die erediens moet ‘n hoor-, sien- en doen-aangeleentheid wees. Strauss (2001:129) wys daarop dat daar skisoïed nagedink moet word oor die erediens. Die erediens het twee S(s)ubjekte. Mense is vir God belangrik.

9.6. ‘N GEKONTEKSTUALISEERDE KOMTEMPORÊRE LITURGIE

Eredienste mag nie uitgelewer staan aan giere en grille van die tyd of mense nie. Tog moet deeglik rekening gehou word met die mees wesenlike behoeftes en ook die diepste nood van die moderne mens. Die toets vir egte erediensviering en –beleving is of mense in die teenwoordigheid van God gekom het. Het daar ontmoeting tussen God en mens plaasgevind?

Müller (1990:40) pleit op sy beurt vir ‘n eietydse liturgie, hoewel dit nie bloot as ‘n reaksie teen tradisionalisme moet wees nie. Liturgie moet ‘n gerigtheid en ‘n gestuurdheid hê. Ware liturgie is liturgie vir mense --- bepaalde mense van ‘n sekere tyd en plek. In die erediens moet daar geloofsuitdrukking kan plaasvind.

Barnard (1990:38) wys die erediens uit as die middelpunt van die kerklike lewe. Daarin is God met ons. Hy is nie meer ver weg van ons af nie; nie meer toornig op ons nie, maar Hy verkeer met ons soos Jesus op aarde met mense en met sy dissipels verkeer het.

God is ook vir ons. Hy het ons heil bewerk, na ons toe gekom, Hy spreek sy genade en sy liefde teenoor ons uit.

God is ook in ons. Hy tree in gemeenskap met ons, spreek in ons, werk die lewe om ons. In die erediens kan werklik gemeenskap met die Here beleef en ervaar word.

God tree ook op die voorgrond deur ons. Wie die erediens werklik meegemaak het en die Here se genade beleef en ervaar het, sy wil begin begryp het en gemeenskap met Hom beoefen het, het nou 'n instrument in God se hande geword. Die Here maak dit in die erediens duidelik dat Hy deur die erediensdeelnemers na die wêreld, na al die verhoudings in die alledaagse lewe wil kom.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat erediensgangers vertrouwd gemaak sal moet word met die sin en betekenis van die erediens as geheel, maar in die besonder ook met elke afsonderlike liturgiese moment. Gebrek aan kennis aangaande wat gebeur en wat beskikbaar is tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding is tot 'n groot mate verantwoordelik daarvoor dat belewenis oppervlakkig of selfs afwesig is. Dit bevestig dan ook die vermoede dat die behoefte aan belewenis in die erediens versoenbaar kan wees met 'n tipiese gereformeerde spiritualiteit.

9.7. GEES EN ATMOSFEER IN DIE EREDIENS

Indien gees en atmosfeer in 'n erediens teenwoordig is, val dit dadelik op. Dit trek mense aan en spreek tot hulle. Dit het gewoonlik ook 'n lang nawerking.

Gees en atmosfeer in die erediens kom veral uit die inhoudelike hoewel die vorm ook daarmee te make het. Belewenis van 'n gees en atmosfeer in die erediens loop ook hand aan hand met die algemene verhoudinge wat in die gemeente heers (Barnard 1990:49).

Kenmerkend van gees en atmosfeer in die erediens is:

- Warmte en liefde teenoor mekaar en aanvaarding van mekaar. Geestelike warmte het groot krag.
- Hartlikheid en vriendelikheid teenoor mekaar. Die gemeente is immers ‘n vergrote huisgesin van God. In Jesus Christus is hulle broers en susters van mekaar.
- Dankbaarheid teenoor die Here en vertrou op Hom al gaan dit moeilik.
- Vreugde en blydschap oor die beskikbare nuwe lewe in Christus, die vernuwing wat telkens versterk word in en deur die ontmoeting met die Here tydens korporatiewe aanbidding.
- Aandag aan die gevoel en die wil en die verstand --- die hele mens.

Bogenoemde aspekte maak tot ‘n groot mate deel uit van die basiese behoeftes van die mense, veral ook die postmoderne mens wat onseker geraak het en in vele opsigte ‘n homo vitalis geword het (Janse van Rensburg 2002:48). Die lewe moet geleef word.

Vanweë sy obsessie met die lewe het die musiek hard en polsend geword, die kuns uitdagend en die spel opwindend-gevaarlik. Hierdie vitale ingesteldheid word op die erediens en die prediking oorgedra. Die erediens moet ervaar word, die prediking moet lewendig wees en partisipasie is ‘n vereiste. Die erediens verkry inherent ‘n narratiewe karakter, dit word ‘n gebeurtenis, ‘n “happening” waaraan die kerkganger deel moet hê (Janse van Rensburg 2002:49).

Hierdie obsessief-georiënteerdheid is van verbygaande aard en môre moet iets anders in die plek daarvan gevind word. Fasilitering van die mens se behoefte aan belewenis moet in en tydens die erediens geskied al mag dit so wees dat hierdie mens nog nie in staat daartoe geraak het om sy/haar behoeftes eers self te formuleer nie. Fasilitering van hierdie behoeftes is haalbaar na aanleiding van die basiese kenmerke van die gees en atmosfeer wat in elke erediens oorheersend behoort te wees.

Aanbidding moet gesien en beleef word as ‘n verlengstuk van die verlossingwerk van Christus; dit het die effek van lewensverandering en selfs aanpassing van behoeftes.

Aanbidding lei na spiritualiteit en spiritualiteit lei weer tot aanbidding. Aanbidding en spiritualiteit kan breedweg gedefinieer word as die verhouding tussen die “hele mens” en ‘n heilige God. Dit is die deurleefde ervaring en belewenis van die Christelike geloof in beide algemene sowel as spesifieke terme (Forshaugen 1999:28).

9.8. MENSVRIENDELIKER EREDIENSTE

Burger (1995:52) bou ‘n sterk argument rondom die gedagte dat eredienste meer mensvriendelik gemaak moet word. Hierby is die styl van die liturg baie belangrik. Hoewel persoonlikheid ‘n besliste rol speel, meen Burger dat die styl en optrede van die predikant soms te formeel is en dat dit oorgedra word op die atmosfeer van die erediens. Burger beredeneer hierdie saak vanuit die gedagte van die sogenaamde “communitas-fase” waarin die kerk homself sou bevind. Die kerk is in ‘n oorgangsfase en in hierdie fase moet die beste gebruik gemaak word van geleenthede. Dit is ‘n herrangskikkingsfase.

Wat nodig is by die leiding van ‘n erediens, is ‘n religieuse weergawe van dit wat die Franse “présence” noem (Burger 1995:87). Dit beteken dat iemand se teenwoordigheid só kan wees dat dit jou “innooi”, jou intrek in ‘n ander “wêreld”. Jy hoor dit in die persoon se woorde, jy sien dit in sy of haar oë. In sy of haar optrede word jy bewus van iets anders.

Hoe die predikant by hierdie sogenaamde “présence” uitkom is ‘n meerkantige saak en lê nie binne die veld van hierdie navorsing nie.

9.9. RITUELE EN SEREMONIES

Zuideest maak die stelling dat mens op simbole en rites leef (1985). Daar bestaan ‘n groot aantal definisies van rituele. Müller sê (1993:2-3) dat hieronder verstaan moet word “ ‘n simboliese, formeel gestruktureerde, en dikwels godsdienstige kommunikatiewe

handeling, waardeur 'n enkeling en/of gemeenskap 'n antwoord gee op 'n bepaalde gebeurtenis”.

Van der Westhuizen (1993:18) voeg hieraan toe dat rituele “ simbolies van aard is, spesifieke aksies insluit, herhalend voorkom, fisiologiese aspekte inhou wat die kreatiewe aanwending van rituele moontlik maak, die koördinering van orde en spontaneïteit inhou, aan die mistieke raak en 'n perspektief skep van iets besonders wat verby die gewone of alledaagse strek”.

9.9.1. KOMMUNIKATIEWE EN PERFORMATIEWE FUNKSIES VAN RITUELE

Volgens Joubert (1994:80) het die vroegkerklike rituele en seremonies bygedra tot die daarstelling van 'n geordende simboliese- en sosiale wêreld waar dinge sin maak en waar elke objek en persoon 'n bepaalde plek, rol en status gehad het. Gelowiges kon byvoorbeeld nou ervaar hoedat hulle deur die ritueel van die doop die grens tussen die dood en die lewe sigbaar en finaal oorgesteek het en deel verkry het aan die ewige lewe in Christus.

En tydens die vierings van die gemeenskaplike maal kon hulle herhaaldelik besef dat hulle deel was van 'n nuwe realiteit waar Christus deur sy Gees aanwesig is en waar selfsugtige individualisme vervang is deur koinonia met mekaar en met die opgestane Here.

Groepsolidariteit het uiteraard ten grondslag gelê van baie seremonies van die vroeë kerk. Deur deelname hieraan kon individue deel verkry aan die groter ruimte van die ekklesia waarbinne God op 'n besondere wyse teenwoordig was.

Die eerste Christene was aktief betrokke by die definiëring, kommunikasie en selfs verdediging van die verskillende inhoude van die nuwe werklikheid wat deur die Christusgebeure tot stand gebring is en waarvan hulle deel geword het. Kennis van hierdie fasette was noodsaaklik aangesien dit die inkleding van die verskillende

vroegkerklike seremonies en rituele wesenlik bepaal het. Dit het egter bygedra tot die daarstelling van 'n gemeenskaplike etos en 'n Christosentriese wêreldbeeld wat algemene byval gevind het in baie Christelike gemeenskappe van die vroeë kerk.

Joubert is voorts van mening dat binne die hedendaagse Christendom rituele en seremonies soos die doop en die nagmaal grootliks gestroop is van hulle kommunikatiewe funksies en verstar het tot blote uiterlike gebruike wat slegs ter wille van een of ander kerklike tradisie gekontinueer word (1994:80). Lidmate is soms meer bewus van die stryd rondom die volwassendoop en die kinderdoop as wat hulle ingestel is op die werklike betekenis van die doop in die persoonlike lewe.

Daar sal opnuut gekyk moet word na die wyses waarop en in welke mate, die hedendaagse mens in sy/haar totaliteit deur bestaande kerklike rituele en seremonies aangespreek word. Vrae soos of die bestaande rituele en seremonies in hulle bestaande vorme nog gehandhaaf kan word, sal aandag moet geniet. Daar sal selfs aandag geskenk moet word aan die vraag of daar nie bes moontlik nuwe rituele en seremonies daargestel sal moet word nie waardeur die moderne mens meer in kontak gebring kan word met die Christusgebeure.

Die uitdaging aan die adres van die kerk is duidelik. Talle roepstemme gaan op om relevansie en om 'n deurleefde spiritualiteit. Bestaande en moontlik nuwe rituele en seremonies moet funksioneer om 'n brug te bou tussen die onsienlike God en sy mense (gelowiges), en uiteraard ook tussen gelowiges onderling. Die kognitiewe, affektiewe en ook konatiewe vlakke van menswees moet op duidelik gerigte manier aangespreek word. Burger se gedagtes oor "grenservarings" wat die geboorteplek kan wees van nuwe kreatiwiteit sou in ag geneem moet word wanneer oor die moontlikheid van nuwe rituele en seremonies besin word (1995:107).

Vos en Pieterse sê (1997:122) dat ritueel en seremonie belangrike elemente is van ons aanbidding van, viering oor en herinnering aan ons Heer en die heilisdade wat Hy vir ons

verwerf het. Dit is uitdrukking van ons identiteit as behorende tot Christus en as toegewydes aan Hom en aan die kerk.

Deur die beoefening van ritueel en seremonie kom die belangrike saak van die gemeenskap van die gelowiges ook ter sprake (H Jonker 1978:132). By beide die sakramente vind daar 'n vernuwing plaas van die ek-God-verhouding, maar daarnaas is daar die verhouding met die medegelowige wat die ek-God-verhouding laat verbreed tot 'n ons-God-verhouding. In hierdie opsig wys Jonker veral op die gemeente as verbondsgemeente. God handel nie slegs in die persoonlike eksistensie nie, maar juis ook in die gesinsverband en gemeenteverband (1978:133).

Die gemeenskap van die gelowiges, die voorreg daarvan en die edifikasie daarvan in die persoonlike lewe van die gelowige, is 'n aangeleentheid wat voortdurende maar ook nuwe aandag moet kry. Die postmoderne mens is globalisties-holisties en kontekstueel-individualisties (Janse van Rensburg 2002:50). Die prediking, maar veral ook die benadering tot en inrigting van die erediens, sal hiermee rekening moet hou. In sy wese het hierdie mens tog steeds die behoefte om iewers te behoort.

Hendriks sê dat die gemeente in die erediens sigbaar en getuigend in "koinonia" teenwoordig is in die wêreld (1992:101). Die sleutelvraag is egter: Beleef mense hierdie koinonia in die erediens? Wanneer te sterk op die kognitiewe element gekonsentreer word, word slegs 'n sekere groep bereik. Dit is intellektueel selfsugtig. Die erediens moet ook op die affektiewe en die konatiewe fokus. Daar moet wils-, daad- sowel as betrokkenheidsvlakke in die erediens wees. Op hierdie wyse word koinonia verder gestig. Alle groepe word in ag geneem.

9.10. SIMBOLIEK

Die mens se eksistensiële nood en moontlikhede word meermale simbolies uitgedruk (Vos en Pieterse 1997:123). Simbole het 'n nie-linguistiese werklikheid. Die krag van simbole bestaan onder meer in die onthulling van meervoudige betekenis waaruit

verbeelding ook groei. Daar is ook altyd 'n element van misterie rondom simbole. Simbole dui op 'n werklikheid wat bestaan en ontdek kan word. Die simbool wek nie slegs nadenke nie, maar lei ook tot verstaan en daarvandaan verder tot die ervaar en beleef van die werklikheid waarna die simbool verwys.

Simbole lê 'n band tussen twee werklikhede: die menslike werklikheid en ook die ander werklikheid, die werklikheid van God. Simboliek neem mense mee na 'n werklikheid agter die simbool ((Vos 2001:141)

Simbole funksioneer as vensters wat ons 'n uitsig gee op die onuitspreeklike, die oneindige en die transendente. Simbole reageer op die behoefte van die individu en die gemeente aan iets diepers, aan dit wat anderkant ons werklikheid lê. 'n Onuitspreeklike werklikheid word aan ons gekommunikeer op 'n sinvolle wyse as onuitspreeklike werklikheid deur die funksie van simbole (Vos en Pieterse 1997:125).

Die groot waarde van simbole is dat dit die kognitiewe verstaan van die evangelie, wat broodnodig is in ons reformatoriese tradisie, aanvul met emosionele, estetiese en gemoedservaring en verstaan. Dit betrek die hele mens: die kognitiewe, die affektiewe en die konatiewe sye en spreek die mens in sy diepste wese aan.

Die gelowige ontmoet God in die godsdienstige simbool en stel hom/haar oop vir God se teenwoordigheid en invloed. In die liturgie moet daar steeds na die funksie en sin van elke ritueel en simbool gevra en gesoek word. Simbole moet in diens staan van die kommunikasie tussen God en mens en tussen mense onderling (Vos 2001:142).

Uit die voorgaande is dit ineens duidelik dat simbole 'n baie belangrike funksie vervul in die belewenis van die werklikheid van God in die persoonlike lewe van die gelowige. Simbole is ook goed geplaas om te verhoed dat daar eensydigheid sou bestaan in die belewenis van God deur die gelowige. 'n Simbool se betekenis moet beredeneer en begryp word (kognitief) en wanneer dit begryp word steek dit vas in die geheue en vandaar word toepassings gemaak in die persoonlike lewe. Die toepassings is deurgaans

emosioneel (affektief) van aard. Daar is dus 'n duidelik balans (ewewig) tussen die rede en die emosie en die balans werk mee in die rigting van groter perspektief in die lewe. Hiermee saam vind ook die kombinasie van linker- en regterbreinstrategie plaas.

9.11. ESTETIKA AS DEEL VAN KORPORATIEWE AANBIDDING

Cilliers wys daarop dat daar binne die veld van die Praktiese teologie die afgelope aantal jare ingrypende paradigmaskuiwe plaasgevind het (2003:2). Daar is beweging weg van 'n klerikale en kerklike raamwerk na 'n beklemtoning van die praxis, met aksent op bevryding, verandering en transformasie. Met die opkoms van die menswetenskaplike metodologieë, wat voortvloei uit die fenomenologiese veld van observasie, eksperimentering en ervaring, het die empiriese komponent 'n dominante faktor begin word.

Cilliers onderskei voorts vier konsepte uit die wêreld van die estetika wat implikasies het vir die liturgie van die kerk (2003:3). Hy noem dit observasie, interpretasie, antisipasie en transformasie.

9.11.1. OBSERVASIE

Waarneming is 'n sentrale konsep in estetika. Dit behels dat “waarheid en betekenis” nie alleen lê by die oorspronklike skepper of sender nie, maar ook by die ontvanger. Estetiese denke stel ons fyner in op die prosesse en realiteite van die resepsieproses.

Teologies gesproke beteken estetika om die realiteit van God, van die onvergelyklik Werksame, in die konkrete van ons bestaanswêreld raak te sien. Hierdie “in die oog” kry, hierdie estetiese observasie, word alhoemeer waardeur as 'n onmisbare element van die liturgie. Cognito, audio en visio moet saamwerk in die geïntegreerde kunswerk wat die erediens is (Kloppers 2003:83). Sien gaan aan singewing vooraf. Die kuns van liturgiese observasie lê daarin dat ons sensitief sal bly vir die mooie, vir die skoonheid van God, vir tekens van hoop en 'n skynbaar hooplose wêreld (Cilliers 2003:8).

9.11.2. INTERPRETASIE

Sien is belangrik, maar nog nie die somtotaal van die estetiese proses nie. Observasie moet oorfloei in interpretasie. Estetiese interpretasie het ook veel te make met kreatiwiteit (2003:8), dit wil sê met die vermoë om verbande te lê met wat voorheen nog nie só ingesien of begryp is nie. Kreatiwiteit help die mens om werklikhede nie net te sien nie, maar ook te transendeer en in dié sin nuwe perspektief daarop te verkry.

Dit is die unieke gawe van kreatiwiteit dat dit die mens help om 'n werklikheid te ontdek of te konstrueer wat dieper lê as die waarneembare realiteite of beelde, om die mens ook te skok tot 'n ervaring van die misterie, die verskriklikhede maar ook die skoonhede van die lewe (2003:10).

Estetiese interpretasie nooi die mens om die hernude ontmoeting tussen God en werklikheid te verwag en te beleef. Die liturgie sou dan beskryf kon word as die kreatiewe verwoording en uitbeelding (interpretasie) van God se teenwoordigheid in die openbare realiteit van die mens se bestaan (Cilliers2003:11).

9.11.3. ANTISIPASIE

Indien interpretasie slaag, wêk dit die antisipasie van 'n beter, getransformeerde werklikheid op. Antisipasie kyk die werklikheid voluit in die oë, maar verreken daarby die moontlikheid van God se alternatief (Cilliers2003:12).

'n Liturgie wat die werklikheid ernstig opneem (observeer) en wat die teenwoordigheid van God in hierdie werklikheid onderskei (interpreteer), kan nie anders nie as om tekens van 'n alternatiewe werklikheid op te rig (antisipeer). Die erediens, korporatiewe aanbidding, speel af op die markplein, in antisipasie van God se alternatief (Cilliers2003:14).

9.11.4. TRANSFORMASIE

Observasie sonder interpretasie is sinneloos. Interpretasie sonder antisipasie kan tot hooploosheid lei. Antisipasie moet uitloop op transformasie, anders bly die estetiese proses sweef in die esoteriese (Cilliers2003:14). Tussen estetika en etiek lê 'n noue verband.

Cilliers verwys voorts na die beoefening van die ikonografie. Ikone het nie gefunksioneer as media van openbaring nie, maar juis om die gelowige se geloof te bevestig en aan hom/haar insig te gee in hoe die mens getransformeer kan word na die beeld van God.

Die teologiese etiek, of anders gesê, die kuns van transformasie, vind 'n bondgenoot in die Christelike tradisie van die opstanding van Christus. Die opstanding bly die unieke simbool van antisipasie wat uitloop op transformasie.

Die erediens sal hiervoor ruimte moet skep. Liturgie het immers te make met alles van die lewe en die lelike van die lewe is deur die opstanding van Christus getransformeer in die mooie (2003:15).

9.12. LITURGIESE ESTETIKA

Kloppers wil die erediens sien as 'n kunswerk op sy eie (2003). Sy beklemtoon die belangrikheid van eenheid in die erediensgebeure. Sy toon aan hoedat die liturgiese besinning beweeg het deur verskillende fases en tydvakke en uiterstes: vanaf 'n oorbeklemtoning van die visuele in die Middeleeue na die gehoor in die Reformasie en die rasonele in die Na-Reformasie. Sy wil dan pleit vir 'n meer gebalanseerde benadering tot die erediens waarin al die sensoriese vermoëns van die mens geakkomodeer word.

Die feit dat Kloppers die erediens as 'n kunsvorm beskou word afgelei uit die feit dat die kuns verstaan word as singewende en ordeskeppende aksie (2003:80 – 81). Die liturgiese toepassing van kreatiewe geloofskommunikasie in 'n verbeeldingryke erediens, met al

die elemente van spreke, musiek, stilte en beeldkuns, moet tot 'n geïntegreerde geheel saamgevoeg word en Kloppers sluit alle kunsvorme daarby in (2003:87).

Janse van Rensburg (2006:553) wys daarop dat die verband deur Kloppers gelê tussen estetika en orde/eenheid vir die diskoers oor kuns en liturgie van groot belang is. Dié uitgangspunt kan verseker dat die estetika altyd aan die liturgiese doelwit van orde dienstig moet wees. Die begrip “ordelik” sou ook as “stigtelik” verstaan moes word. Enigiets wat nie tot stigting dien nie, voldoen immers ook nie aan die beginsel van ordelikheid nie al sou dit op 'n ordelike wyse geskied.

Tereg lig Janse van Rensburg die moontlikheid uit dat die gemoed van lidmate (erediensgangers), te midde van die ordelike verloop van die erediens, tog deur talle liturgiese rituele, gebruike en voorwerpe tot onstuimigheid gebring kan word (2006:553). Dit geld selfs ook die benutting van kuns en visuele beelde deur die elektroniese media.

As estetika die kuns van interpretasie en waarneming is, beteken dit dat die behoefte aan beleving in die erediens deur die korrekte benutting van simbole, rituele en kuns in die liturgie makliker gefasiliteer kan word. Die aanbidding word immers onder leiding en inspirasie van die Heilige Gees ervaar en beleef en gedoen as 'n ontmoetingsgebeure wat ook ná die erediens in die lewe van elke dag voortgesit behoort te word (2006:555).

Daar bestaan tans uiteenlopende standpunte oor hierdie soort vernuwing in die erediens. Daar is sterk standpuntinname teen die gebruik van simbole en ander visuele verryking van die erediens en daar is ongelukkig ook dié pragmatiese uitgangspunt dat alles wat moontlik kan werk eenvoudig maar net gebruik moet en kan word.

Die vraag wat altyd in gedagte gehou moet word is of hierdie “hulpmiddele” bydra tot die erediensganger se sterker en groter belewenis van die werklikheid van God en of die unieke karakter van die gereformeerde spiritualiteit behoue bly. Een van die positiewe erfenisstukke van die postmodernisme is dat dit ons attent maak op die feit dat ons almal vooropgestelde idees het ten opsigte van die lewe en omstandighede, maar dat die

(geloofs)lewe nog nie komplete is nie en steeds besig is om te ontwikkel in die rigting van volwassenheid (Forshaugen 1999:7).

Derhalwe sou die beginsel van liturgiese estetika sterk onder die aandag moet kom en bly en daardeur 'n weg gevind word waarvolgens die postmoderne mens sterker aangespreek sou voel deur die “absolute waarheid” van die evangelie. Op hierdie wyse blyk dit dat die momente van balans en perspektief nog meer haalbaar gemaak sou kon word tydens die geleentheid van korporatiewe aanbidding.

9.13. VERANTWOORDELIKHEID EN OMSIGTIGHEID

Janse van Rensburg wys in 'n ander verband daarop dat 'n gereformeerde liturgiese tradisie nie sonder meer gelykgestel kan word aan 'n gereformeerde liturgie en spiritualiteit nie (2004:47 – 50). Wat as liturgiese gebruike in die historiese ontwikkeling van die gereformeerde erediens gestalte gekry het, is kosbare erfgoed maar dit moet nie as onveranderlike groothede beskou word nie.

Sekerlik is daar bepaalde boustene of konstantes wat deel uit maak van die gereformeerde erediens se liturgie, maar daar sal onderskei moet word tussen funksie en vorm (Vos/Pieterse 1997:29). Die liturgiese vorm hoef dan nie noodwendig vir alle tye vas en onveranderlik te wees nie. Die handhawing van die funksie van 'n gereformeerde liturgie sal egter vereis dat aan die gereformeerde spiritualiteit, soos weerspieël deur die feit dat die Woord sentraal bly, die erediens as verbondsontmoeting beskou word en die Sola's van die Reformasie nie afgewater raak nie. Aanvullend hierby sou kuns in die erediens goed benut kon word (Janse van Rensburg 2006:564).

9.14. PRAKTIESE OORWEGINGS

Janse van Rensburg trek 'n paar belangrike lyne ten opsigte van die benutting van kuns in die erediens (2006:564):

- Die plek en wyse van die benutting van kuns in die erediens moet met groot verantwoordelikheid en omsigtigheid beplan en uitgevoer word.
- Die aard van die estetika as interpretasie moet deeglik verreken word. As die liturgie 'n postmoderne oriëntasie het, sal dit 'n wye interpretasiemoontlikheid ten opsigte van liturgiese kuns beteken. Dit word dan bes moontlik te sterk aan die waarnemer/aanbidder oorgelaat om self te bepaal wat die boodskap van die betrokke kunswerk is. Teenoor só 'n induktief-hermeneutiese benadering staan 'n meer deduktiewe benadering met miskien 'n spesifieke boodskap, hoewel dalk beperk, maar dan tog nie vatbaar vir ander interpretasie nie.
- Elektroniese media maak dit moontlik om beeldmateriaal op 'n skerm te projekteer terwyl daar gesing of gepreek word. Konsentrasie op die woordbetekenis van liedere kan hiermee in gedrang kom sowel as die meelewing met die Woordverkondiging.
- Die historiese, sosiale en gereformeerde konteks van die gemeente moet in die beplanning en die gebruik van kunsmateriaal in ag geneem word.

'n Mens kan nie anders nie as om met Hoon saam te stem wat sê (1979:69): “ *If art will subordinate its vision of Reality as Beauty to the Christian vision of God as the Holy; if art will address man not with pleasure but with that judgement and mercy that beget salvation, if art will let its love of the vitalities of existence be chastened with the paschal Life of the Gospel, then aestheticism is no problem.*”

9.15. WAAROM GAAN ONS KERK TOE?

Die moderne mens moet bewus gemaak word van die rede(s) waarom daar hoegenaamd nog kerk toe gegaan sal word al dan nie. In 'n toenemend sekularistiese tyd en met die gepaardgaande postmodernistiese invloed is erediensbesoek hoegenaamd nie meer 'n vanselfsprekende saak nie. Vos/Pieterse stip 'n paar sake aan (1997:193):

- Dit is 'n voorreg

- Dit spruit voort uit 'n honger na genade. In die erediens kan hierdie honger gestil word, alhoewel die honger na genade ook in en deur die erediens gewek kan word.
- Primêr gaan dit egter daarvoor dat ontmoeting met God gesoek en begeer word.
- Ons vier God se heil
- Ons bely ons skuld en ontvang God se genade
- Ons spiritualiteit word gevoed

9.16. BELEWING VAN DIE LITURGIESE GEBEURE EN VERSIERING

Die hele mens moet in die erediens betrek word. Dit impliseer beide breinhemisphere, maar ook die hart as die setel van menslike emosie.

Dit word ook soms verkeerdlik aanvaar dat die Reformatore teen die beleving van aanbidding in die erediens was. Die Woordbediening, sang en musiek moes hiertoe instrumenteel wees. In die lig hiervan vra Janse van Rensburg tereg die vraag of daar dan enige rede sou kon wees waarom ander middele wat die menslike sintuie kan aanspreek en beleving kan fasiliteer, nie ook in en tydens die erediens gebruik kan word nie (2004:11)

Argumente word gebou op Calvyn se afwysing van die Roomse elemente in die liturgie op grond waarvan dan herhaaldelik teen Roomse gebruike in die erediens gewaarsku word. Rituele soos die aansteek van kerse, simbole soos 'n kruis of kleure in die vorm van lappe wat tydens die lydenstyd gedrapeer word, is in die verlede as Roomse tendense beskou en met agterdog bejeën.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat Calvyn dit gehad het teen die Ou Testamentiese offergedagte wat in die misliturgie ingesluit het en die afgodiese aanbidding van beelde wat immers deur God in sy gebod verbied is.

Wanneer na konsekwentheid gestreef word sou dan selfs 'n verbod geplaas moet word op die rangskik van blomme voor die kansel, 'n stukkie estetika wat al vir baie jare deel van die erediens is en 'n besliste bydrae lewer tot afronding en bewusmaking van die wonderlikheid van die skepping en veral van die grootheid van die Skepper.

9.17. LEWENDE EREDIENSTE

9.17.1. ERVAAR GOD SE TEENWOORDIGHEID

'n Lewende erediens maak iewers in die erediens ruimte vir die ervaring van God se teenwoordigheid en misterie. 'n Praktiese manier om die gemeente bewus te maak van God se misterieuze teenwoordigheid, is deur 'n fokusmoment voor die votum te gee. Soms kan dit gewoon deur 'n oomblik van stilte wees, alhoewel stilte-momente nie 'n eenduidige fenomeen is wat altyd dieselfde doen nie. Andersins kan dit geskied deur 'n kort illustrasie of beeld. Selfs musiek of meditatiewe sang kan so 'n fokusmoment vorm (Van der Merwe 2004:6-20).

Coenie Burger praat herhaaldelik oor die belangrikheid daarvan dat daar binne die eerste paar minute van die erediens werklik iets moet gebeur wat 'n impak maak op die erediensganger (1995). Sou dit vergesog wees om te beweer dat hierdeur 'n hele ent beweeg word op die pad van balans en perspektief tydens korporatiewe aanbidding?

9.17.2. GASVRYHEID

Daar is eintlik net twee soorte eredienste (Van der Merwe 2004:9). Jy kry 'n erediens waar jy jou menswees by die deur moet los sodat jy 'n lidmaat kan word voordat jy ingaan. Dan is daar ook die ander geleentheid waar jy jou menswees met al sy donker kante maar mag saam inbring en dit kom neersit in die kragveld van die beloftes van God. Laasgenoemde is dié soort erediens waar die woorde pas wat bokant die voordeure van al Moeder Teresa se huise in die armste dele van die wêreld geskryf staan: “ *This is a house of compassion --- we forgive endlessly!*”

‘n Lewende erediens is daardie geleentheid waarin mense met oop arms ontvang word en tuiskom binne die familie van God (Burger 1997:157), dié God wat selfs ‘n totale vreemdeling oorlaai met gasvryheid.

‘n Lewende erediens is ‘n erediens waarheen ons met vrymoedigheid die volle patos van ons menslike lewens kan bring.

‘n Lewende erediens is daardie geleentheid waarin die selfopofferende God ons inbring in die kragveld van sy seënende, vergewende, helende en lewensveranderende liefde en deur sy Gees ons kan nuutmaak.

9.18. DIE KRAG VAN DIE EVANGELIE

‘n Lewende erediens het as inhoudelike die dramatiese krag van die evangelie en met name dan die sogenaamde vier Sola’s: Gratia, Scriptura, Fides en Christos.

9.19. KINDERTYD

In elke erediens is daar verskillende ouderdomsgroepe teenwoordig. Balans en perspektief sou nie net van toepassing gemaak moet word op die liturgiese momente van die erediens nie of op die mate van belewenis en ervaring van God se teenwoordigheid tydens die erediens nie. Dit sou net so goedskiks van toepassing wees op die verskillende ouderdomskategorieë in die erediens teenwoordig.

Kinders moet ook die Here ervaar en beleef. Daarom sou dit noodsaaklik wees om minstens op gereelde basis, indien dan nie by elke geleentheid nie, spesifieke aandag aan die kinders van die gemeente te gee deur middel van ‘n paar minute wat net aan hulle en hulle omstandighede afgestaan word.

9.20. RUIMTE EN OMGEWING

‘n Lewende erediens sou daardie erediens wees wat afspeel binne die ruimte en omgewing wat kreatief ingerig is om die erediensgebeure te komplementeer. Argitektuur en afwerking bring ook ‘n bepaalde manier van die verstaan en die beleef van God na vore.

Hier bestaan die probleem natuurlik dat as die verstaan en die beleef van God verander of verruim, kan die gebou waarin dit plaasvind tog nie ook telkens verander nie. Lig en kleur en glas kan tog wel ‘n rol speel in die belewenis van God as ‘n werklikheid.

9.21. MISSIONÊRE ROEPING

‘n Lewende erediens trek ook ‘n duidelike verband tussen die erediensgebeure en die gemeente se missionêre roeping in die wêreld daarbuite.

9.22. VASTE DIENSORDE

‘n Lewende erediens is ook ‘n erediens waarin daar ‘n redelik vaste diensorde bestaan en wat as sodanig veiligheid bied selfs aan ‘n vreemdeling wat dit sou bywoon. Tegelyk is ‘n lewende erediens ook weer daardie een waarbinne daar ook voldoende ruimte bestaan vir variasie en afwisseling en alternatiewe wat die ritme en vloei van die diens dien. Balans en perspektief het ook te make met die bekende en die verrassende!

9.23. LOF EN VIERING

‘n Lewende erediens is dié geleentheid waarin vreugdevolle lof en viering ‘n daadwerklike plek sou kry. Hierdie lof en viering pas miskien meer so in die tweede helfte van die erediens terwyl die eerste gedeelte grootliks in beslag geneem sou word deur die skuldbelydenis, genadeverkondiging en hernieude geloofsverbintenis. Die diens moet egter op ‘n natuurlike wyse ontplooi. Daar moet ag geslaan word op ‘n natuurlike

vloei in die erediens sodat die erediensganger verstandelik (kognitief) sowel as emosioneel (affektief) saamgeneem kan word om 'n rustige heroriëntasie te vind in die Koninkryk van God.

9.24. ENERGIEPUNT VAN DIE LITURGIE

Waaruit put die liturgie sy vermoë om lewens- en wêreldveranderend te funksioneer? Volgens Müller (2006:601) moet iets daarvan gesoek word in die erkenning van en die respons op die teenwoordigheid van die handelende God in die erediens. Die beleving van die praesentia Dei realis is die hart van die erediens.

Die hele erediens is 'n doksologiese aangrype deur en viering van hierdie Teenwoordigheid. Die krag van die liturgie om geloofsvormend, hoopgewend en transformerend te werk, lê in die aktiewe inbraak en deurbraak van die lewende God in en deur die erediens.

Die lewe en wandel voor die aangesig van God in die erediens het implikasies vir die daaglikse liturgie as 'n wandel coram Deo. In die liturgie word die geloof meer as net 'n kennis van God. Deur die liturgie kry die transformatiewe energie van God se magswerking gestalte onder mense. Korporatiewe aanbidding vind dus 'n verlengstuk in die erediens van die lewe. Die erediensganger wat dit uit die oog verloor, verloor daarmee saam ook balans en perspektief ten opsigte van sy/haar belewenis van die werklikheid van God in hulle persoonlike lewe.

9.25. VERRUIMING VAN DIE EREDIENS

De Klerk wys daarop dat die erediens ten diepste handel oor die saamkom van die gemeente om in 'n besondere vorm van diens te deel. Dié diens besit dan ook 'n besondere karakter (1985:41).

Daar is veral drie komponente wat tot hierdie diens behoort:

- Die diens word aan die mense verrig. Christus bedien deur sy Heilige Gees aan mense die versoening, wat in die Woord en sakramente verkondig word.
- Voorts word die diens deur die mens verrig. Dit is die diens van gebede, offers en dié van lofprysing.
- Die diens word egter ook deur mense aan mekaar verrig. Daar word gemeenskap met mekaar beoefen, saam gebid, saam geluister, saam gesing.

Al drie hierdie komponente moet as vertrekpunt hê dat daar diepgang in die erediens sal wees. Elke liturgiese moment moet deursigtig wees. De Klerk pleit daarby vir 'n teologiese manier van omgaan met die Woord wanneer die liturgie deursigtig gemaak word.

Só word die liturgie as die vorm en die handeling van die erediens nie slegs vanuit een teks nie, maar vanuit die geheelboodskap van die Skrif deursigtig gemaak. Die realisering van die koninkryksgebeure in die lewe van God se volk moet op 'n verbondsmatige wyse geskied.

9.26. DIE BASIS VAN LITURGIESE VERKEER

Wie van verbond praat, praat tegelyk van genade. Dit is die karakter van die verbond dat dit die genadige, behoudende en verlossende manier is waarop God met onverdienstelike mense omgaan (De Klerk 1985:42). Die basis en grond van die liturgiese verkeer tussen die Ewige God en sy volk is verbondsgenade.

9.26.1. TRINITARIESE KARAKTER VAN DIE BASIS

Dit is die ewige God en Vader en Skepper wat op vrymagtige wyse die mens tegemoet tree. Hy neem altyd die inisiatief tot die kom na Hom toe en vir die saamkom van sy gemeente.

Die verbond en die besondere verhouding waarin verlostes tot die Verbondsgod geplaas word, geskied egter nooit buite Jesus Christus, die Seun van God, om nie. Die eise van God se liefde wat verlorenes nie kon vervul nie, het Christus as Here en Hoof van die verbond vervul deur sy lyding en sterwe.

Die liturgie van die hemel, waarvan Jesus Christus die groot Bedienaar is, word op aarde in die gemeente verwesenlik en ervaar deur die werking van die Heilige Gees. Die Gees deel die rykdom van God se verbondsgenade uit in die gemeente (erediens).

9.27. DIE AFGRENSING VAN DIE LITURGIESE VERGADERING

Die gemeente is ‘n vergadering van gelowiges voor die troon van God (1985:45). Dit verleen aan hierdie groep ‘n Godgerigte diens en bestemming.

- Dit is ‘n vergadering wat op grond van God se inisiatief gekonstitueer is. God is in die erediens teenwoordig. Hy het dit immers op grond van sy genade saamgestel.
- Dit is ‘n vergadering wat bely dat hulle God se ooreenkoms (verbond) aanvaar het. Die hele erediens moet gestempel wees met hierdie belydenis van ‘n geloofsbeslissing wat reeds gemaak is. Geen erediens kan ‘n saak wees van passiewe onbetrokkenheid nie.
- Dit is ‘n vergadering wat bevestig word as geloofsgemeenskap deur die gebruik van die sakramente. Die afgrensing van die volk van God geskied deur die sakramente as tekens van die verbond.
- Dit is ‘n vergadering wat neerbuig voor God se verbondsheerlikheid. Die antwoord van die volk wat deel verkry het aan die verbondstrou en verbondsliefde van God word gekenmerk deur nederige en lofbringende aanbidding. De Klerk pleit vir stylvolheid wanneer hierdie antwoord “geformuleer” word in die erediens. Daar mag geen platvloersheid wees nie; geen mensgerigheid nie (1985:47).

9.28. DIE EIESOORTIGHEID VAN DIE VERBONDSVERKEER

- As koninkryksgebeurtenis moet dit ordelik geskied. De Klerk is van mening dat willekeurigheid eie is aan 'n omgewing waarin die mens self op die voorgrond staan (1985:48). Voorkeure van mense sou 'n vormvaste liturgie in die gedrang bring.
- As koninkryksgebeure is dit 'n dialogiese gebeurtenis. Alle verbonde het ook twee dele. Die erediens mag egter nie in 'n rollespel ontaard nie. Hier is sprake van 'n wederkerigheid met die werklike geloofsbeleving van 'n volk (gemeente) wat voor die heerlikheid van hulle Koning staan en wat op sy troonrede antwoord met gebede en lofsange wat eie is aan die Koninkryk.
- As korporatiewe gebeure geskied dit gesamentlik. Dit is 'n gesamentlike aktiwiteit van die gemeente as die liggaam van Christus. De Klerk kan geen ruimte sien vir "individueel-demonstratiewe" optrede van enkelinge nie. Die gesamentlike optrede vra egter individuele betrokkenheid.
- As pneumatologiese gebeure moet dit in Woordgebondenheid geskied. Die werk van die Heilige Gees kan nooit losgemaak word van die Woord nie.
- Dit is egter ook afwisselende gebeure. Die afwisseling van die gebeure word bepaal deur die dialogiese opset van die liturgie in die verbondsverkeer.
- Dit is ook inhoudryke gebeure. Die hemel en die aarde het met mekaar in gesprek getree.

9.29. VERBONDSWHEELDE

Vanuit die teologiese perspektiewe waarin die verbond sterk figureer, moet daar openheid wees vir liturgiese variasie.

9.29.1. ONAANVAARBARE VARIASIES

- Sakramentalistiese model: By hierdie benadering word die sakrament sentraal geplaas in die erediens. De Klerk is van mening dat die rykdom van die

verbondsverkeer deur 'n elliptiese spanning van Woord – sakrament verarm word. Die sakrament as verbondsteken kry egter 'n te sterk betekenis (1985:52).

- Spiritualistiese model: Hier val die klem op ervaring en die uiting daarvan op individualistiese wyse. Die korporatiewe karakter van die verbondsverkeer kan hiermee in die gedrang kom.
- Demokratistiese model: By die demokratisme val die aksent op die mondige mens. Die mondige mens moet self aan die woord kom in die erediens en moet self as vrye individu, sonder herinnering of inmenging, sy gang kan gaan. Die proklamatielike spreke moet wyk vir 'n gesprek met al die gevare van horisontalisme.

9.29.2. AANVAARBARE VARIASIES

- Variasie kan en mag nooit ten opsigte van die struktuur en die grondtema van die liturgie gemaak word nie. Die dialogiese opset moet behou word.
- Variasie ten opsigte van sang en gebed sou wel kon plaasvind.
- Variasie in soverre dit die wet en geloofsbelydenis betref, sou goedskiks ook kon plaasvind. De Klerk steek egter vas by die gebruik van die drie algemene geloofsbelydenisse en maak nie voorsiening vir eietydse belydenisse nie (1985:54).
- Verskillende formuliere kan en behoort afwisselend gebruik te word.

Die erediens staan onder die groot reënboog van die genadeverbond.

9.30. BEOORDELING

Die navorser het vroeër in hierdie studie reeds 'n duidelike keuse daarvoor gemaak dat die mens, antropologies gesproke, beskou moet word vanuit die verbondsverhouding en as 'n verbondswese. Die perspektiewe wat De Klerk laat val op die verbondskarakter van die erediens, die geleentheid van korporatiewe aanbidding, vind sterk aanklank. Hoewel hierdie perspektiewe steeds geldig is, hou dit ongelukkig nie voldoende rekening met die

grootskaalse verskuiwings in denke en die disposisie van die moderne mens nie. Die argument van Hendriks (1992:100) sou hier ter sprake kom naamlik dat as daar nie rekening gehou word met die behoefte van die moderne mens aan beleving in en tydens die erediens nie, dan gaan daar verstarring in die gemeentelike lewe plaasvind.

Piet Naudé (2004:158) spreek huiwering uit ten opsigte van die oorbeklemtoning van die erediens as sentraal Woordgebeure en daarmee saam die posisie van die verbondsmens voor God. Elemente bestaan hier van 'n Gereformeerde teologie wat aan die "skolastiek" herinner. Die klem val op sterk geformuleerde dogmas en formuleer en slegs variasie binne hierdie afgebakende vorme sou aanvaarbaar wees.

Die soort liturgie wat daarmee saamhang is 'n intellektuele liturgie: sterk op verstaan, maar swak in beleef. Later volg die Piëtisme en die Romantiek, die Metodisme en die hele Pentekostalistiese beweging en daarmee saam weer 'n oorhel na die ander kant, naamlik om die belewenis en die ervaring voorop te stel. Hierdie klem op die ervaring word nou ook verder versterk deur postmoderne oriëntasies wat veel maak van die beperktheid van die rede om kennis oor te dra. Mense leer deur ervaring wat hulle moeilik met blote redelikheid kon insien.

Die Bybel, die prediking, die erediens is 'n veel-sintuiglike werklikheid. 'n Gedeelte uit 1 Johannes 1:1, 3-4 (NAV) illustreer dit:

" Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak ... Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. Dit skryf ons sodat ons blydschap volkome kan wees."

Hoor, sien, aanraak, verkondig, gemeenskap (gedeelde inhoud en ervaring) wat uitloop op volkome blydschap. Hier is allermins 'n valse spanning tussen die sintuie of tussen ervaring en verkondiging (2004:159).

Hier is balans tussen rede en ervaring; tussen kop en hart; tussen kognitief en affektief. Waar die “Woord” net “kop” beteken, tree ‘n doodsheid en onbeweeglikheid in wat aan die lewende evangelie en die Gereformeerde styl vreemd is. En waar “Woord” aan die anderkant net “hart” beteken (ervaring en ‘n goeie gevoel), tree behoeftebevrediging in en só word die evangelie fragmentaries.

Die sakramente is uiters belangrik, want daardeur word geruik, geproe en gevoel wat die Woord andersyds wil bevestig. Kuns in die erediens en die dig van nuwe liederes in die taal en idioom van ons tyd; die opdiep van simbole uit die Christelike tradisie en rituele waarin die Woord ook op ‘n ander manier tot die mens spreek, is aan te moedig (Naudé 2004:160).

Die antwoord lê bes moontlik op die volgende vlak: ‘n Gereformeerde erediens stel ‘n hoë premie op die Woord in sy gepredikte of verkondigde gestalte; dit roep die tradisie en ekumene met credo’s en belydenisse (ook eietyds) in herinnering, vier die wet as reël van ‘n dankbare lewe en bemiddel ervarings primer deur Woordgestaltes wat op verantwoordelike en duidelike wyse aan die geskrewe Woord ontleen is.

Die effek kan ‘n “oper” en “wyer” erediens word as die vaste liturgie van die hoogkerklike tradisies en waarskynlik ook ‘n meer “sober” erediens as wat by die vry kerklikes die geval is.

Die Bybel wil God bekendstel. Dit moet op só ‘n wyse geskied dat mense inderdaad ‘n teofanie in die erediens beleef (Naudé 2004:161). Dit beteken dat ons as hele mens met al ons sinuïe voor God verskyn en dank en sê en beleef: Hy was daar!

Barclay (1975:136) illustreer al bogenoemde met ‘n stukkie beeldspraak van die Griekse filosoof Plato. Die mens word voorgestel as die drywer van ‘n strydwa wat getrek word deur twee perde. Die een perd kom gehoorsaam en beheerbaar voor; die ander perd is wild en rebels. Die naam van die gehoorsame perd is “rede” en die naam van die rebelse

perd is “passie”. Die lewe is ‘n konflik tussen die eise gestel deur passie en die beheer wat daarvoor uitgeoefen moet word deur die rede.

Toegepas op die erediens, die geleentheid van korporatiewe aanbidding, moet dit egter beteken dat die konflik tussen rede en passie (kognitief en affektief) moet verdwyn en vervang word met ‘n harmonie tussen die twee aspekte. Volgens die opset van hierdie navorsing beteken dit dat die perspektief wat die Woord bring, balans kan beteken in die wyse waarop die gelowige God dien en liefhet. Dit beteken om die Here lief te hê met hart en verstand; om Hom te ken en te beleef.

Janse van Rensburg (2005:436) toon uitvoerig aan dat die aanbidding wat die Ou Testamentiese tempelkultus vooraf gegaan het en in die tempelkultus ‘n neerslag gevind het, deurgaans binne die geladenheid van die verbond tussen God en sy volk plaasgevind het. Aanbidding in die gereformeerde tradisie het eweneens hierdie verbondsontmoeting erken en in die liturgie daaraan gestalte gegee. In die strewe na liturgiese vernuwing kan hierdie verbondskonteks nie losgelaat word sonder dat dit die karakter van die aanbidding ingrypend beïnvloed en verarm nie.

In die verbondsontmoeting is daar ‘n teonome resiprositeit waarsonder aanbidding in twee uiterstes kan verval. Daar bestaan enersyds die gevaar van ‘n goddelike monoloog waarin die gemeente tot algehele swygsaamheid en non-aktiwiteit gereduseer word. Waar dit gebeur lei dit tot die gevaar dat die erediens met vaste en onveranderlike vorms gereguleer word. Die responsoriese aard van die ontmoeting en spontane vryheid van aanbidding gaan verlore.

Andersyds kan ‘n miskening van die verbondsontmoeting of ‘n oorbeklemtoning van die dupleuriese aard van die verbond tot uitspattigheid en selfs breedsprakigheid oor God lei. Dan verloop die erediens eensydig op ‘n ander spoor waar die mens só aan die woord kom met lofprijsing en aanbidding dat God en sy Woord verdring word tot die periferie van die ontmoetingsgebeure.

Die teosentriese karakter van die erediens en sy liturgiese dinamiek mag nooit vir ‘n antroposentriese “happening” verruil word nie. Die teosentriese karakter beteken aan die ander kant ook weer nie dat die erediens sou ontplooi in die vorm van slegs ‘n lesing en ‘n stuk onderrig nie. Daarvoor is dit te veel van ‘n grootse gebeurtenis; ‘n aangrypende ontmoeting tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk.

9.31. BALANS EN PERSPEKTIEF

Balans en perspektief is in vele opsigte kernmomente van korporatiewe aanbidding. Balans en perspektief is volkome haalbaar wanneer en as God gehoor, gesien en gevoel kan word in die erediens (bes moontlik in hierdie volgorde) en daarby rekening gehou word met die feit dat dit steeds die Heilige Gees is wat neem uit en van die Vader en die Seun om tuis te bring in die lewe van die mens.

Die hipotese dat balans en perspektief ten opsigte van die kognitiewe en affektiewe aspekte van korporatiewe aanbidding noodsaaklik kan wees ten einde geloofsgroei tot ‘n meer volwasse geloof te laat realiseer wat nie noodwendig subjektiwisties van aard sal wees nie, word hiermee as geldig bevestig.

*Dit gaan goed met die mens en met die gemeente
wat nie agter allerhande raadgewings aanloop,
te lank stilstaan by dwaalleringe,
en sit in die kring van ligsinniges nie.*

*Dit gaan goed met die mens en gemeente
wat in die Woord van die Here
hulle vreugde vind,
en nie te haastig is om dit dag en nag te oordink nie.*

*Hulle is soos ‘n boom
wat by waterstrome geplant is,
wat op die regte tyd vrugte dra
en waarvan die blare nie verdor nie.*

*Hulle is voorspoedig in alles
wat hulle aanpak.*

*Waarlik,
die Here lei die regverdiges
op hulle pad.*

Van nou af tot in ewigheid.
(Naudé 2004:162)

9.32. DIE EREDIENS IS DAAR VIR DIE EER VAN GOD

- Die toewydingslied versamel die gemeente in nederige afhanklikheid voor God
- Die votum is 'n oproep om voor God te verskyn
- Die seëngroet is om God se welkom in genade en vrede uit te spreek
- Die lof en aanbidding is om God 'n woonplek by ons en in ons harte te gee
- Die sondebelydenis en klaag is daarop gemik om ons verhouding met God en medemens te herstel
- Ons gewete word vrygespreek om volgens die wet te gaan lewe sodat mense ons hemelse Vader in ons kan sien
- Ons credo's is roemende Godsvertellings wat ons aan die wolk van getuies rondom ons verbind
- Die prediking is God-uitleg en moet lei tot God-visualisering
- Die offer is lof- en dankoffer aan God sodat sy werk kan voortgaan en uitbrei en meer mense Hom eindelijk kan hoor, sien en beleef
- Die bediening van die sakramente in water, brood en wyn, die salwing met olie, die oplegging van hande maak God se liefde en genade konkreet, sigbaar en voelbaar
- Die uitsending is die belofte dat God saamgaan; Hy is steeds Immanuel. Hy sal jou beskerm en bewaar.

- Die Amen is ons seker rots dat God inderdaad ons lewe toevou in sy standvastigheid en trou.

Na afloop van só 'n erediens stap die mens uit en op sy/haar lippe is dit onvermydelik:

“ Ons het God gehoor, gesien en gevoel. Ons het God beleef! Ons het ontmoeting met die Here gehad!”

(Aangepas uit Naude 2004:161-162)

OPSOMMING

Dit blyk almeer dat lidmate iets totaal anders verwag van die kerk in die 21 ste eeu. Die grootste klag is dat mense die kerk as irrelevant beleef vir hulle daaglikse lewe. Daar is drie sterk basiese behoeftes by die mens wat deur godsdienstige aktiwiteite geraak word, naamlik 'n soeke na gemeenskap, betekenis en na bemagtiging vir die lewe.

Hierdie navorsing handel daaroor om 'n balans te vind tussen die rasonale en die emosionele belewenisse tydens korporatiewe aanbidding sodat die hele mens betrek sou wees daarby. Aanbidding moet 'n vormende ondervinding wees. Die vorming moet voortspruit uit 'n ontmoeting met God wat die mens noop tot nederigheid voor en gehoorsaamheid aan God. Die vorming en edifikasie moet primêr deur die Woordverkondiging plaasvind. Die aksent moet geplaas word op God-gesentreerde, Bybelse korporatiewe aanbidding. Aanbidding van God is die gelowige se belangrikste aktiwiteit.

Hierdie studie word deur die hipotese gerig dat die kognitiewe, affektiewe sowel as die konatiewe drie aspekte is van een en dieselfde mens waaraan uiting gegee behoort te word tydens korporatiewe aanbidding. Die een mag egter nooit die ander oorheers nie.

Daar is gekies vir 'n bepaalde antropologiese uitgangspunt. Die verbondsgedagte hou vir die moderne mens in die rasonale besef dat die Skeppergod dieselfde Persoon is wat op emosionele wyse tot hierdie mens se hart spreek. God kan as teenwoordig en werklik ervaar word. God belowe en stel ook in staat. Menswees is tweeledig van aard: verbondsmens en beeld van God. 'n Verbondsmens moet nie slegs "aanbid" nie, maar ook "aanbied".

Hoofstuk 3 verwys na denkpatrone en sisteme. In die Bybel kom die denke van die mens na vore as die sentrale vernuwingsbron. As die mens op 'n nuwe manier begin dink, begin hy/sy ook nuut doen. Heelbreindenke moet toegepas word om God optimaal te ervaar. Dit kom neer op integrasie van analitiese, verbeeldingryke, gestruktureerde en sensitiewe benaderings. Hiervolgens word kombinasie bereik tussen die rasonale en emotiewe; objektiewe en subjektiewe. Emosionele intelligensie vloei hieruit voort.

Hoofstuk 4 bied 'n beoordeling van die uitwerking van die Postmodernisme op korporatiewe aanbidding. Van verskillende kante word binne die spirituele denkwêreld inklusief en holisties gedink. Eksklusiwiteit het onaanvaarbaar geword. Die insigte van die Postmodernisme kan daartoe bydra dat die mens as 'n eenheidswese bereik word. Die gevare daarvan mag egter nie misgekyk word nie.

In Hoofstuk 5 kom die saak van emosie aan die orde. Dit kan nie losgemaak word van godsdiens nie. Die gelowige moet God liefhê met die hele hart, verstand, liggaam en selfs alle krag. Emosie is iets met defintiewe krag en diepte by elke mens. God én mens beskik oor gevoelens en behoeftes.

Kardinale emosies word uitgewys, naamlik berou, vreugde en vrede. Hierdie emosies vorm die onderbou vir ontmoeting met en belewenis van God tydens korporatiewe aanbidding. Buite-kultiese emosie is nie hier ter sprake nie. Refleksie word gewerp op die Bybelse emosies wat tydens korporatiewe aanbidding lewensveranderend inwerk op die gelowige.

Die begrip “spiritualiteit” word gebruik om die diepte-dimensie van menswees te omskryf. Jonker (1989:288) sê: “ Ons sou dit kon weergee met geloofsbeleving, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk. In die gereformeerde tradisie is ‘vroomheid’ miskien dié woord wat in die verlede redelik algemeen gebruik is”. Dit gaan

oor God en sy eer; aanbidning en lofprysing van God. Die erediens moet spiritualiteit voed en spiritualiteit moet die erediens stempel. Spiritualiteit is hoe die mens God beleef en daarna vir Hom leef.

Aanbidning is die kerk en die gelowige se primêre taak. Persoonlike geloof en aanbidning loop hand aan hand. Korporatiewe aanbidning is ontmoeting tussen God en sy gemeente en moet gereflekteer word in die kwaliteit van verhoudinge tussen die aanbidders onderling. As aanbidning die mens nie verander nie is dit nog nie aanbidning nie. Aanbidning is wanneer ons hele wese, rationeel en emosioneel, aangegryp word deur die realiteit van God se liefde en genade.

Die erediens is die hart van die gemeente. Oorbeklemtoning van óf die rasionele óf die emosionele lei tot eensydigheid en verskraling. Die vernuwing van die erediens lê daarin dat God in elke moment en oomblik daarvan gesoek (denke) en beleef (emosie) word. Vernuwing van die erediens is egter sekondêr aan persoonlike vernuwing by die gelowige. Die wese van die erediens lê ingebed in die verbond. Die uitdaging vir die erediens is om te bly aandag gee aan kreatiewe maniere om die aanbieder te herinner aan die werklikheid en teenwoordigheid van God. Bewustelike ontmoeting met God moet gesoek en beleef word.

Gesonde balans tussen die rasionele en die emosionele is belangrik. Hieruit vloei voort 'n gebalanseerde spiritualiteit. Die teosentriese karakter van die erediens en sy liturgiese dinamiek mag egter nooit vir 'n antropologiese "happening" verruil word nie. Netso mag die erediens nie ontplooi in die vorm van 'n lesing of onderrig nie. Dis 'n grootse gebeurtenis; aangrypende ontmoeting tussen Verbondsgod en verbondsvolk.

Balans en perspektief is haalbaar wanneer en as God gehoor, gesien en gevoel word in die erediens (bes moontlik in hierdie volgorde). Hierdie balans en perspektief is noodsaaklik vir geloofsgroei en volwasse-ording in die geloof. Dit sal subjektiewe teenwerk.

SUMMARY

It is becoming increasingly evident that church members have totally different expectations of the 21st century church. The main complaint is that people experience the church as being irrelevant in their daily lives. There are three strong basic needs which are influenced by religious activities, namely a search for fellowship, meaning and endowment for life

This research is about finding a balance between the rational and the emotional perceptions during corporate worship, so as to involve the total being. Worship should be a formative experience. The development should result from an encounter with God which would compel man to humility before and obedience to God. Spiritual development and edifying should take place primarily through preaching of the Gospel. The emphasis should be on God-centred, Biblical corporate worship. Worshipping God is the most important activity of the faithful.

This study is directed by the hypothesis that the cognitive, emotive and the conative are all three aspects of one and the same person and which should be given expression to during corporate worship. One should never dominate the other.

A specific anthropological approach has been chosen. To modern man, the covenant holds the rational belief that the Creator God is the same Person who, in an emotional manner, speaks to his heart. God can be experienced as present and real. God promises and also enables. Humanness is twofold: person of the Covenant and image of God. A person of the Covenant should not only worship but also offer.

Chapter 3 refers to thought patterns and systems. In the Bible the thoughts of man emerge as the central source of renewal. When man starts to think differently, he also starts to do differently. Whole brain thinking must be applied to optimally experience God. This means the integration of analytical, imaginative structured and sensitive approaches resulting in the combination of the rational and emotive; the objective and the subjective. From this follows emotional intelligence.

Chapter 4 presents an evaluation of the effect of post-modernism on corporate worship. Inclusive and holistic thinking takes place from different angles within the spiritual realm of thought. Exclusivity has become unacceptable. The perceptions of the post-modernism could contribute towards reaching man as an entity. The dangers involved can however not be ignored.

In Chapter 5 the issue of emotion comes up for discussion. This cannot be separated from religion. The faithful shall love God with heart, mind, body and even all strength. Emotion is something with definite power and depth in every person. God as well as man has feelings and needs.

Cardinal emotions, namely regret, joy and peace, are exposed. These emotions form the basis for meeting with and experiencing God during corporate worship. Extra-cultic emotion is not relevant here. Reflection is cast on the Biblical emotion which brings about life changes in the faithful during corporate worship.

The concept “spirituality” is used to describe the depth-dimension of humanness. Jonker (1989:288) says: “ We could translate it as religious perception, religious experience, religious study and religious practice. In the reformed tradition,

devoutness is perhaps the word which, in the past, was more generally used.” It is about God and His honour; worship and laudation of God. The church service should nourish spirituality and spirituality should be the hallmark of the church service. Spirituality is how man experiences God and thereafter lives for Him.

Worshipping is the primary task of the church and the faithful. Personal religion and worship go hand in hand. Corporate worship is a meeting between God and His congregation and should be reflected in the quality of the relationship among the worshippers. If worshipping does not affect man, it is not yet worship. True worship is when man’s entire being, rational and emotional, is captured by the reality of God’s love and grace.

The church service is the heart of the congregation. Over-emphasis of either the rational or the emotional leads to unilateralism and attenuation. Renewal of the divine service lies therein that, throughout, God is constantly sought (mentally) and experienced (emotionally). Renewal of the church service is however secondary to the personal renewal of the believer. The nature of the church service lies embedded in the covenant. The challenge is to constantly find creative ways of reminding the worshipper of the reality and presence of God. Conscious meetings with God should be sought and experienced.

A healthy balance between the rational and the emotional is important. From this follows a balanced spirituality. The theocentric character of the church service and its liturgical dynamics may however never be exchanged for an anthropological “happening”; just as the service may not unfold in the form of a lecture or teaching. It is a great event; a soul-stirring meeting between the God of the Covenant and the people of the Covenant.

Balance and perspective are attainable when and if God is heard, seen and sensed during the service (most probably in this order). This is vital for religious growth and spiritual maturity. It will counteract subjectivism.

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE

AALDERS, C

1969. Spiritualiteit – over geestelijk leven vroegen en nu.
Boekencentrum n.v. 's Gravenhage.

ABBA, RA

1975. Principles of Christian Worship.
New York: OUP.

ADAMS, Jay E

1979. More than redemption.
Baker Bookhouse Company, Grand Rapids, Michigan.

ALTEMA, A

2003. Wolken gaan voorbij ... een homiletisch onderzoek naar
mogelijkheden voor de preek in een postmodern klimaat.
Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer.

ANDERSON, RS

1982. On being human. Essays on theological Anthropology.

BARNARD, AC

1981. Die Erediens.
NG Kerkboekhandel, Pretoria.

1986. Vernuwning van die erediens.
Praktiese Teologie in SA (6): 29 – 62

BERKOUWER, GE en VAN DER WOUDE, AS (reds)

1970. Kernwoorden in het christelijk geloof.
J.H. Kock N.V. Kampen

BERKHOF, L

1969. Systematic Theology.
Banner of Truth Trust, London.

BERKHOF, H en VAN DER WOUDE, A

1970. Wat dunkt u van de Mens?.
Kok en Kampen.

BESNARD, A

1965. Grondtrekken van de tendenzen in de hedendaagse spiritualiteit in:
Internationaal Tijdschrift voor Theologie (November, Pg 28)

BEUKES, MJ du P

1987. Vernuwing van die erediens.
Praktiese Teologie in SA (3): 1 – 33

BOHREN, R

1971. Predigtlehre.
Kaiserverlag, München.

BROWNE, L

1931. Since Calvary
New York.

BURGER, C

1991. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.
Lux Verbi, Kaapstad.
1995. Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleentheid in 'n oorgangstyd.
Lux Verbi, Kaapstad.
1997. Familie van God! Waar gelowiges tuis kom in 'n koue, harde
wêreld.
Lux Verbi, Kaapstad.
2001. Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde
tradisie.
Lux Verbi BM.

BURKHART, JE

1982. Worship.
Westminster Press, Philadelphia.

CAMPBELL – JOHNSON, B

2000. Living before God.
Win. B Eerdmans, Michigan

CALLAHAN, KL

1994. Dynamic Worship (Mission, grace, praise and power)
Harper, San Francisco.

CAPPS, D

1993. The depleted self. (sin in a narcissistic age)
Fortress Press, Minneapolis.

CARSON, DA

1993. Worship: Adoration and Action.
Baker Bookhouse, Grand Rapids, Michigan.

CILLIERS, J

1999. Estetika as uitbeelding van die publieke kerk:
Liturgie op soek na beelde.
Praktiese Teologie in SA 19 (1): 1 – 18

CLINEBELL, H

1987. Basic types of pastoral counseling.
Nashville, Abingdon.

CONN, JW

1996. Women's Spirituality (2nd edition)
Paulist Press, New Jersey.

CULLMAN, O

1953. Early Christian Worship.
SCM Press Ltd.

DE KLERK, Ben

2003. Reformatoriese Spiritualiteit.
Woord en Daad (Lente): 3 – 4

DE KLERK, JJ

1982. Liturgiese Grondlyne.
NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.
1985. Verbond en Bediening.
NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

DE KLERK, WJ

1998. Die vreemde God en sy mense.
Human en Rousseau, Kaapstad.

DE VILLIERS, PGR, KOURIE, CET en LOMBARD, C (Eds)

2006. The Spirit that moves.
Acta Theologica Supplementum 8.

Die Afrikaanse Bybel – 1983 vertaling.

Die Groot Aanhalingsboek.

2004. Lux Verbi BM.

DILLISTONE, FW

1955. Christianity and Symbolism.
Collins, St James Place, London.

DOOYEWEERD, H

1972. In the twilight of Western thought.
Craig Press, Nutley, New Jersey.

DOWNEY, M

1997. Understanding Christian Spirituality.
Paulist Press, New Jersey.

DRESSEL, LC

1986. Wat is die erediens wat vernuwe moet word.
Praktiese Teologie in SA (6): 1 – 13

DREYER, Y

1999. Vroue-ervaring en spiritualiteit.
Hervormde Teologiese Studies 44 (2 en 3): 360 – 379.

DUFFY, SJ

1993. The dynamics of grace. (Perspectives in Theological
Anthropology).
Liturgical Press, Collegeville, Minnesota.

DURAND, Jaap

2002. Ontluisterde wêreld.
Lux Verbi BM, Wellington.

DU TOIT, Ben

2000. God! Geloof in 'n postmoderne tyd.
CLF-Uitgewers, Bloemfontein.

1954. Sprakeloos oor God.
ABC Boekdrukkers, Epping, Kaapstad.

FABER, H (red)

1984. Pastoraat – balans en perspektief.
JH Kok – Kampen.

FENWICK, J & SPINKS B

1995. Worship in Transition.
T + T Clark Ltd, Edinburgh.

FORRESTER, D, MACDONALD, J and TELLINI, G

1988. Encounter with God.
T + T Clark Limited, Edinburgh.

FOSTER, RJ

1998. The Path to Spritual Growth.
Harper, San Francisco.

FOSCHAUGEN, EK

1999. Worship and Spirituality as a praxis – orientated apologetic in a post modern world.
Acta Theologica (2): 1 – 31

FOURIE, CJ vd L

2001. Die rol van metafore in Spiritualiteitsvorming.
Ongepubliseerde D.Th proefskrif, Bloemfontein.

GARRETT, TS

1963. Christian Worship – an introductory outline.
London Oxford University Press, New York ,Toronto.

GIBBS, E AND COFFEY, I

2005. Church next: changes in Christian Ministry.
Intervarsity Press, Leicester, England.

GRAAFLAND, C

1990. Gereformeerden op zoek naar God.
Kampen Uitgeverij, De Groot Goudriaan.

HAHN, W

1963. Worship and Congregation.
London: Lutterworth.

HAHN, W en BONHOEFFER, D

1981. Ons Erediens (Teologiese Boekreeks nr 11).
Genadendalse Drukkery, Genadendal.

HENDRIKS, HJ

1990. Komplementerende Koinonia – verbande.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 31 (1): 99 – 108

HEYNS, JA

1964. Die Teologiese Antropologie van Karl Barth vanuit wysgerig – antropologiese oriëntering.
Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.
1967. Denkers deur die eeue.
Tafelberg Uitgewers Bpk, Kaapstad.
1971. Die nuwe mens onderweg.
Tafelberg Uitgewers Bpk.
1981. Dogmatiek.
NG Kerk Boekhandel, Transvaal.

HOLT, B

1993. Thirsty for God: A brief history of Christian spirituality.
Minneapolis Fortress.

HOON, PW

1972. The Integrity of Worship.
Nashville Abingdon.

HULLEY, LD

2000. Spirituality and Ethics. In. Kourie, C + Kretzchmar, L: The
Christian Spirituality in South Africa: 55 – 69.
Pietermaritzburg: Cluster Publications.

HUGHES, G

2003. Worship as meaning. A liturgical theology for late modernity.
Grand Rapids Michigan.

JANSE VAN RENSBURG, J

1992. 'n Kritiese ontleding van moralisme in die prediking.
Ned. Geref Teologiese Tydskrif 33 (2): 216 – 224

1996. Verbond en Pastoraat.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 37 (1): 152 – 165

1998. Regterbrein – strategieë in pastorale terapie.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 39 (1) en (2): 65 – 78

2000. Die invloed van postmodernisme op die prediking.
Ned. Geref Teologiese Tydskrif 42 (3 & 4): 340 – 347

2000. The Paradigm Shift – Introduction to postmodern thought and its
implications for theology.
Van Schaik, Pretoria.

2002. Die postmoderne mens aan wie die evangelie verkondig moet word.
Praktiese Teologie in SA (2): 39 – 59

2004. Wat is 'n gereformeerde liturgie?
Acta Theologica: Jaargang 24 (2): 45 – 66

2005. Liturgiese vernouing en Ou Testament – 'n basis – teoretiese
verkenning.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 46 (2 & 3): 424 – 434

2005. Liturgiese verryking uit die Ou Testament – praktiese oorweginge.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 46 (2 & 3): 435 – 447

2006. Estetika in liturgiese konteks – 'n Basisteoretiese diskoers.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 47 (3 & 4): 547 – 557

1955. Kuns en Liturgie – ‘n Praktyk-teoretiese refleksie op die estetika – diskoers.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 47 (3 & 4): 558 – 570
- JONES, C, WAINWRIGHT, G + YARNOLD, E (eds)
2000. Study of Spirituality.
London, SPCK
- JONKER, H
1986. Liturgiese Orientasie (2de hersiene druk).
Zomer en Keunings, Wageningen.
- JONKER, WD
1989. Die eie-aard van gereformeerde spiritualiteit.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 30 (3): 288 – 299
1992. Spritualiteit en Godsverduistering.
Ned. Geref Teologiese Tydskrif 33 (2): 170 – 178
2000. Die Paradigma verskil: Gereformeerd-Charismaties
Acta Theologica (1): 112 – 127
- JOUBERT, SJ
1994. Rituele en seremonies: Van toe tot nou.
Praktiese Teologie in SA (1): 72 – 82
- KEIFERT, PR
1992. Welcoming the stranger. A public theology of Worship and Evangelism.
Fortress Press, Minneapolis.
- KLOPPERS, E
2002. Transending van die alledaagse – die erediens as fees.
Praktiese Teologie in SA 17 (2): 61 – 74
- KOEHLER, L AND BAUMGARTNER, W
1958. Lexicon in veteris Testamenti libros.
Leiden, EJ Brill.
- KÖNIG, A
1991. Bondgenoot en Beeld.
NG Kerk Boekhandel (Edms) Bpk.
1998. Vernuwe of verdwyn.
Lux Verbi, Kaapstad.
2006. Die Groot Geloofswoordeboek.
CUM-Vereeniging.

- KOOPMAN, N EN VOSLOO, R
2002. Die ligtheid van die lig,
Lux Verbi BM.
- KOTZE, Z
2004. A cognitive linguistic approach to the emotion of anger in the Old
Testament.
Hervormde Teologiese Studies 60 (3): 843 – 863
- KOURIE, C
2000. What is Christian Sprituality? In: Kourie, E en Kretzchmar, L (eds)
Christian Spirituality in South Africa, 9 – 33.
Pietermaritzburg, Cluster Publications.
- KöVECSES, Z
1990. Emotion Concepts.
Springer Verlag, New York
- KRUGER, PA
2003. Emosie en die uitdrukking van emosie in die Ou Testament.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 44 (1 & 2): 89 – 100
- KUYPER, A
1911. Onze Eredienst.
Kampen – JH Kok
- LAUBSCHER, JA
1986. Wie vernuwe die erediens?
Praktiese Teologie in SA (6): 15 – 27
- LOMBAARD, CJS
2003. The Old Testament in Christian Spirituality.
Hervormde Teologiese Studies 59 (2): 433 – 449
2003. Four South African Proposals for a central theme to “Scriptural
Spirituality”.
Hervormde Teologiese Studies 59 (2): 140 – 150
- LOUW, DJ
1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. (Teologiese ontwerp vir ‘n
basisteorie, antropologie, metode en terapie).
Lux Verbi, Kaapstad.
1998. Die konsep “praktiese teologiese spiritualiteit binne ‘n konteks van
postmodernisme en globalisering”.
Praktiese Teologie in SA 13 (2): 16 – 25

1999. A mature faith: Spiritual direction and anthropology in a theology of pastoral care and counselling
Peeters Press, Louvain.

MAAS, R and O'DONNELL, G
1990. Spiritual Traditions for the contemporary church.
Abingdon Press, Nashville.

MACQUARRIE, J
1995. Thinking about God.
SCM Press, Bloomburgstreet, London.

MARTIN, RP
1984. The Worship of God
Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

MITCHELL, C
1994. Beeldrykheid as noodsaaklike uitdaging aan die kerk.
Praktiese Teologie in SA 9 (2): 127 – 140

MÜLLER, JC
1987. Vastheid, variasie en kreatiwiteit in die liturgie.
Praktiese Teologie in SA (3): 35 – 43
1990. Die erediens as fees.
NG Kerkboekhandel, Pretoria.
1993. Die gebruik van rituele in die pastoraat.
Praktiese Teologie in SA 8 (1): 1 – 13

NAUDE, P
2004. Drie maal een is een. 'n Besinning oor God vandag.
CUM, Vereeniging.

NEETHLING, Kobus e.a.
2001. Dink soos Jesus.
Carpe Diem Boeke, Vanderbijlpark.

NEL, M
2001. Ek is die verskil – Invloed van persoonlikheid op die prediking.
CLF-Uitgewers, Bloemfontein.

NICOL, W
1994. Die donker poort --- die mistieke ervaring van die leegte as poort na die Godserving
Ned Geref Teologiese Tydskrif Deel 35 (No 2): Pg 533 - 544
2000. Godsdiens wat werk.
Lux Verbi BM, Wellington.

2002. Gebed van die hart – Word stil en beleef God.
Lux Verbi BM, Wellington.

NOUWEN, HJM

1992. Life of the Beloved. Spiritual living in a secular world.
Hodder and Stoughton, London.
1994. In the house of the Lord (The journey from fear to love)
Darton, Longman and Todd Ltd, London.

ODENDAAL, FF

2000. HAT – Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse taal.
Perskor Uitgewers.

OUWENEEL, WJ

1986. Christelijk transcendentale antropologie
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam.
1994. Paradigms in Theology.
Acta Theologica 2: 1 – 24

PANNENBERG, W

1983. Anthropologie in theologischen Perspektive.
Vandenhoeck and Rupprecht, Göttingen.
1986. Christliche Spiritualität.
Kleine Vandenhoeck and Rupprecht, Göttingen.

PETERSON, EH

1997. Subversive Spirituality
Eerdmans, Grand Rapids, Michigan.

PIETERSE, HJC

1992. 'n Praktiese teologiese kommunikasieteorie vir die prediking.
Praktiese Teologie in SA 7 (1): 17 – 26

PLAATJIES, MA

2003. Vroue in die teologiese Antropologie van die Afrikaanse
Gereformeerde tradisie.
Doktorale Proefskrif UNISA.

POP, FJ

1964. Bijbelse woorden en hun geheim
Boekencentrum N.V. 's-Gravenhage

RAKOCZY, S

2000. Living life to the full: Christian Spirituality in South Africa.

RAYBURN, RG

1982. O Come, let us worship.
Baker Bookhouse, Grand Rapids, Michigan.

RICE, HL

1991. Reformed Spirituality.
Westminster/John Knox Press, Louisville.

RICHARDS, LO

1998. Practical Theology of Spirituality
Academic Books, Grand Rapids, Michigan.

SALIERS, DE

1996. Worship come to its senses.
Abingdon Press, Nashville.

SCHAEFFER, F

1973. True Spirituality.
Hodder and Stoughton, London.

SCHULZE, LF

1998. Hoe postmodern is die Postmodernisme?
Acta Theologica 18 (1): 10 – 28

SMALL, AJ

2004. Die gebruik van rituele en simbole binne die erediens as draers van
hoop.
M.A (Teologie) verhandeling, Pretoria.

SMIT, DJ

1999. Wat is gereformeerde spiritualiteit?
Ned Geref Teologiese Tydskrif 29 (2): 182 - 193
2000. Kan spiritualiteit beskryf word.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 30 (1): 83 – 94

SMITH, E

2004. Die make-up van kreatiwiteit.
Kruisgewys 4 (1): 49 – 50

SMUTS, AJ, VOS, CJA en NEL, M

2001. In gesprek oor die erediens.
NG Kerk Boekhandel Bpk, Pretoria.

SNYMAN, SD

1997. Spiritualiteit – 'n perspektief uit die Ou Testament.
In die Skriflig 31 (4): 375 – 387

STRAUSS, MU

1994. Die inrigting van die erediens in 'n makrogemeente binne 'n gereformeerde liturgiese tradisie.
(Ongepubliseerde D.Th proefskrif, Bloemfontein)
1999. Hoe lyk die spiritualiteit van die erediens met die draai van die millennium?.
Acta Theologica (2): 126 – 135

STRASSER, S

- 1965 Fenomenologie en empiriese menskunde.
Van Loghum Slaterus – Arnhem.

STRYDOM, WML

1994. “Sing nuwe sange, nuutgebore ...”.
Dept. Musiek (Afd Kerkmusiek) Universiteit van die Vrystaat.

TORRANCE, JB

1996. Worship, Community and the Triune God of grace.
Guernsey Press Co Ltd, Guernsey.

TURNER, V and BRUNNER, EM (eds)

1986. The Anthropology of Experience.
University of Illinois Press, Chicago.

TYSON, JR

1999. Invitation to Christian Spirituality (an ecumenical anthology)
Oxford University Press, New York/Oxford.

VAN ASWEGEN, N

2005. Die waarde van Godskonsepte vir die prediking.
Ongepubliseerde M.Th verhandeling, Bloemfontein.

VAN DER MERWE, CL

2005. 'n Ondersoek na die pastoraal-terapeutiese interaksie tussen vergifnis, selfvergifnis en spiritualiteit.
Ongepubliseerde D.Th proefskrif, Bloemfontein.

VAN DER MERWE, H

1989. Biblical Spirituality.
Ned Geref Teologiese Tydskrif 30 (4): 468 – 476

VAN DER MERWE JF en BEUKES MJ du P

2002. Die aktualisering van die gemeenskap van die gelowiges binne die erediens.Hervormde Teologiese Tydskrif 47 (3): 635 – 655

VELDSMAN, DP

1990. Religieuse ervaring: Aspoestertjie van teologiese besinning.
Hervormde Teologiese Tydskrif 46 (3): 323 – 344
2003. Remembering as socio-historic dynamic of religious experience.
Scriptura 42: 1 – 16
2004. Religieuse ervaring as herinneringsvolle verbeelding.
Scriptura 46: 50 – 65

VON ALLMEN, JJ

1965. Worship – its theology and practice.
Lutterworth Press, London.

VOS, CJA

1996. Die Volheid daarvan (Deel I).
RGN Uitgewery, Pretoria.

VOS, CJA en PIETERSE, HJC,

1997. Hoe lieflik is u woning!
RGN Uitgewery, Pretoria.
2001. Beeld- en Simbooltaal.
Acta Theologica 2: 136 – 144

WAAIJMAN, K

2000. Spirituality (Forms, Foundation, Methods)
Peeters, Bondgenotenlaan 153, Leuven.

WAKEFIELD, G

1983. The Westminster Dictionary of Christian Spirituality
Philadelphia, Westminster.

WEBBER, RE

1982. Worship – Old and new.
Zondervan Corporation, Grand Rapids, Michigan.
1985. Worship is a verb.
Word Books, Publisher Waco, Texas.
1993. The complete library of Christian Worship.
Word Book Publisher, Waco, Texas.

WHITE, JF

1980. Introduction to Christian Worship.
Abingdon Press, Nashville.

WILLIMON, WH

1980. Worship as pastoral care.
Abingdon Press, Nashville.
1983. The Service of God. How worship and ethics are related.
Abingdon Press, Nashville.

WOOTTON, Janet H

2000. Introducing a practical feminist Theology of Worship.
SCM Press Ltd.

ZOHAR, D and MARSHALL, I

2000. SQ – Spiritual Intelligence: The ultimate intelligence.
Bloomsburg Publishing, London.

ZUIDEEST, Piet

1985. People live on symbols.
The Journal of Pastoral care 39 (4): 328 – 341.

WEBADRESSE GERAADPLEEG

www.bible-history.com
www.churchandpomo.typepad.com
www.ctlibrary.com
www.importanceofphilosophy.com
www.theofframp.org/emerging
www.pubtheo.com
www.headway.org/resources
www.lighthouse-trailresearch.com/emergingchurch
www.bible.org
www.findarticles.com
www.inplainsite.org/overview-postmodernism
www.bible.ca/eo/text
www.handmaiden.org/joy
www.parablemania.ektopos.com
www.bibletools.org/index
www.perpectivism.com
www.academics.vmi.edu/psy-subjectivism
www.modernreformation.org
www.faihtnet.org/emotivism
www.wikipedia.org/emerging-church
www.reliqioustolerance.org
www.benbest.com/philo/objsub
www.answers.com/rationalism
www.opensourcetheology
www.apologeticsindex.org-emerging-church

www.ruf.org/sounds/worship
www.crosswalk.com/spirituallife/worship
www.tylernewberry.com/worship
www.allaboutgod.com/christian-worship
www.faiithacoma.org/content/nl-worship
www.wcg.org/lit/spiritual/worship
www.wpcmartinex.org/philosophy
www.wikipedia.org/christianworship
www.wikipedia.org/contemporaryworship
www.rutgers.edu/src/christianity/worship
www.britannica.com/eb/worship
www.crossroadefc.churchsites.com
www.wikipedia.org/spontaneousworship
www.wikipedia.org/alternativeworship
www.wikipedia.org/regulativeprincipleofworship